

Afrikaanse Protestantse Kerk

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Agenda vir die
4e Sinode te Parys

Vanaf Maandag 17 September
tot Saterdag 22 September '90

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

BLADSY

1. INHOUDSOPGAWE 1a en b

2. ORDEREëLINGS 2

3. DAGPROGRAM 5

4. VERSLAE

4.1 Sentrale Kerkekommissie (SKK) 11

Bylae SKK 1 oor Raad vir Kerkadministrasie 31

Bylae SKK 2 Verslag ds. Taute oor Bybelgenootskap 45

Bylae SKK 3 Vaalterreinbeplanningskommissie (VBK) 46

Bylae SKK 4 oor Vroueaksie 49

Bylae SKK 5: beswaar APK Tygerberg teen Sinodebesluit oor Chiliasme 63

Bylae SKK 6 Advies KKS i/s SKK5 67

Bylae SKK7 Beskrywingspunte 69

4.2 Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) 94

4.3 Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)

Afdeling A - 106

Afdeling B Beskrywingspunte 119

Afdeling C Nuwe Beskrywingspunte 158

Afdeling D Ander voorgestelde veranderings aan die Kerkorde en Bepalings 171

Afdeling E Ordereëls 179

Afdeling F Beskrywingspunte wat nie verandering van die K.O. of Bep. vereis nie 188

	Afdeling G Beswaarskrifte en appèlle	217
	Afdeling H Ander sake wat nie verandering van K.O. en Bep. vereis nie	223
	Afdeling I Begroting en afsluiting van verslag	244
4.4	Kuratorium	245
4.5	Kerkleer en Etiese Norme	258
	Bylae KEN1 Die Vrou in die ampte	296
	Bylae KEN2 Bevrydingsteologie	314
	Bylae KEN3 Satanisme en Demonie	327
4.6	Finansies (FK)	336
4.7	Jeug en Verbondsonderrig	356
4.8	Opvoeding en Onderwys	365
4.9	Kapelaansdienste	370
4.10	Argief	374
4.11	Sending	378
4.12	Getuienis en Dissipelskap	381
4.13	Kerksang en -musiek	397
4.14	Barmhartigheidsdienste	409
4.15	Bybelvertaling	414
4.16	Formuliere en Liturgie	419

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

V O O R W O O R D

Hiermee die agenda vir afgevaardigdes na die Vierde Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in sitting te Parys op Maandag 17 tot Saterdag 22 September 1990.

Afgevaardigdes word vriendelik gevra om

1. die inhoud van die agenda as vertroulik te beskou totdat die Sinode dit afgehandel het

2. die hele agenda vooraf aandagtig te bestudeer; die inhoud sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word

3. 'n eksemplaar van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk saam te bring na die Sinode

4. die "Ordereëls vir Kerklike Vergaderings" op bl. 31 - 33 in die Kerkorde aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree

5. onderling te reël dat na afloop van die Sinode, en na ontvangs van die Handelinge, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig

6. gereeld voorbidding vir die komende Sinode te doen.

Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die Sinode toegebid.

MC ADENDORFF
(Skriba van die SKK)

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

O R D E R E ë L I N G S

LET WEL: Elke Afgevaardigde lees die hele Agenda vóór die Sinode begin

1. Voorsittende leraar totdat Voorsitter gekies is (KO Bepaling 40:5): predikant oudste in jare: dr. J.D. Malan.

2. Waarnemende Skriba tot Skriba verkies is: Skriba van SKK: ds. M.C. Adendorff

3. Opening deur voorsittende leraar; Sang, Skriflesing en Gebed

4. Verwelkoming deur

   4.1 voorsittende leraar

   4.2 voorsitter, Kerkraad APK Parys

5. Rapport, Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe.

6. Konstituering.

7. Aanwysing van stemopnemers en stemtellers - uittredende Dagbestuur van SKK.

8. Ordereëls, Kerklike vergaderings: word as gelese beskou.

9. Verkiesing

   9.1 Voorsitter (neem stoel in)

   9.2 Ondervoorsitter

   9.3 Skriba

   9.4 Hulpskriba

   9.5 Aktuarius

10. Benoeming van Tydelike Kommissies.

11. Vasstelling van Agenda en Dagprogram.

12. Openingsrede deur Ondervoorsitter van vorige Sinode.

13. Verslae van Permanente Kommissies.

14. Nagmaal van Sinodegangers.

15. Verslae van Tydelike Kommissies vir

A Kerkregtelike Sake

B. Finansies

C. Jeug en Verbondsonderrig

D. Barmhartigheidsdienste

E. Kapelaansdienste

F. Argief

G. Formuliere en Liturgie

H. Getuienis en Dissipelskap

I. Kerkleer en Etiese Norme

J. Besluiteregister van Sinodale Besluite vir aandag van Kerkrade

K. Kerkmusiek en Kerksang

L. Mediaskakeling

M. Onderwys en Opvoeding

N. Samestelling van Permanente Kommissies

O. Ringsgroepering

P. Sending

Q. Algemene Sake

R. Verlofaansoeke

S. Notule

T. Literatuuruitstalling

U. Foto's

V. Geloofsbriewe

W. Akkommodasie

X. Administrasie en administratiewe hulpmiddels

Y. Bybelvertaling

Z. Boodskap van Sinode aan gemeentes

16. Verkiesing van 5 lede (met secundi) van SKK.

17. Ringsindeling en Konstituering van Ringe.

18. Verkiesing deur Ringsgroepe van verteenwoordigers op die SKK met secundi.

19. Verkiesing van lede van Kuratorium.

20. Konstituering en vergadering van RKA.

21. Verkiesing van 5 lede met sekundi van BRKA

22. Mosies.

23. Afsluiting: Sang, Skriflesing en Gebed deur Voorsitter van Sinode.

LET WEL: Die agenda word as gelese beskou.

LET WEL: Die Sinode is geslote vir openbare media totdat die Sinode hieroor besluit.

MAANDAG 17 SEPTEMBER 1990

09:30 - 12:00	Registrasie (A) vir sinodale vergadering (B) vir verblyf
12:00 - 13:00	Kommissie vir Geloofsbriewe stel rapport op
13:00 - 14:00	Etenspouse
14:00	Opening: Sang, Skriflesing, Gebed
	Verwelkoming
	Kommissie vir geloofsbriewe rapporteer Probleemgevalle word verwys na gekonstitueerde vergadering
	Konstituering
	Ordereëls vir kerklike vergaderings: as gelese beskou
	Aankondiging van stemopnemers en stemtellers
	Verkiesing van voorsitter
	Sinode en media: die Sinode besluit
	Verkiesing: Tydelike Kommissie vir mediaskakeling en persverklarings
	Verkose voorsitter neem stoel in
	Verkiesing van Ondervoorsitter, Skriba, Hulpskriba, Aktuarius
	Benoeming van Tydelike Kommissies
	Vasstelling van Agenda
	Verslag van SKK (1)
16:00 - 16:30	Teepouse
16:30 - 17:40	Verslag van SKK (2)

17:40 - 18:00	Verlofaansoeke; media-verslag; aankondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 20:00	Verslag van SKK (3)
20:00 - 20:45	Openingsrede
20:45 - 21:15	Teepouse
21:15	Tydelike Kommissies vergader (1)

DINSDAG 18 SEPTEMBER 1990

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 10:30	Verslag van KKS (1)
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:45	Verslag van KKS (2)
12:45 - 13:00	Verlofaansoeke; aankondigings
13:00 - 14:00	Middagete
14:00 - 15:45	Verslag van KKS (3)
15:45 - 16:00	Notule van vorige dag word uitgedeel; verlofaansoeke; aankondigings
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:45	Verslag van Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme (PKKEN) (1)
17:45 - 18:00	Mediaverslag; verlofaansoeke; aankondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 19:30	Behandeling van Notule (vorige dag)
19:30 - 20:30	Verslag PKKEN (2)
20:30 - 21:00	Tee
21:00	Tydelike Kommissies vergader (2)

WOENSDAG 19 SEPTEMBER 1990

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 09:00	Verslae van Tydelike Kommissies (1)
09:00 - 10:30	Verslag van Kuratorium
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:45	Verslag van Finansiële Kommissie (FK)
	Verslag van Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig
	Verslag Kommissie vir Argief
12:45 - 13:00	Verlofaansoeke; aankondigings
13:00 - 14:00	Middagete
14:00 - 15:45	Verslag Kommissie vir Sending
	Verslag Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap
	Verslag Kommissie vir Kapelaansdienste
15:45 - 16:00	Notule van vorige dag word uitgedeel; verlofaansoeke; aankondigings
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:45	Verslag Kommissie vir Kerksang en Kerkmusiek
	Verslag Kommissie vir Barmhartigheidsdienste
17:45 - 18:00	Mediaverslag; verlofaansoeke; afkondigings
8:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 19:30	Behandeling van notule (vorige dag)
19:30 - 20:30	Verslag Kommissie Onderwys en Opvoeding
	Verslag Kommissie Bybelvertaling
	Verslag Kommissie vir Formuliere en Liturgie
20:30 - 21:00	Tee

21:00	Tydelike Kommissies vergader (3)

DONDERDAG 20 SEPTEMBER 1990

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 09:30	Verslae van Tydelike Kommissies (2)
09:30 - 10:30	Verslae (wat oorstaan) van Permanente Kommissies
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:45	Verslag van KKS (4)
12:45 - 13:00	Verlofaansoeke; aankondigings
13:00 - 13:50	Middagete
14:00 - 15:45	Verkiesing van SKK, Kuratorium, en andere, en verslae wat oorstaan word behandel
15:45 - 16:00	Notule van vorige dag word uitgedeel; verlofaansoeke; aankondigings
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:45	Verslag van SKK oor RKA
	RKA konstitueer
	Verslag van BRKA
	Verkiesing van 5 BRKA lede met sekundi
17:45 - 18:00	Mediaverslag; verlofaansoeke; afkondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 19:30	Behandeling van notule (vorige dag)
19:30 - 20:30	Ringe konstitueer, ringsgroepe kies verteenwoordigers op SKK, Tydelike Kommissies vergader (4)
20:30 - 21:00	Tee
21:00	Permanente Kommissies konstitueer en wys (waar nodig) verteenwoordigers aan bv. op BRKA.

VRYDAG 21 SEPTEMBER 1990

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 - 09:30	Verslae van Tydelike Kommissies (3)
09:30 - 10:30	Verslae (wat oorstaan) van Permanente Kommissies
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:45	Verslag van KKS (5)
12:45 - 13:00	Verlofaansoeke; aankondigings
13:00 - 14:00	Middagete
14:00 - 15:00	Verslag van KKS (6)
15:00 - 15:45	Verslae van Tydelike Kommissies (4)
15:45 - 16:00	Notule van vorige dag word uitgedeel; verlofaansoeke; aankondigings
16:00 - 16:30	Koffiepouse
16:30 - 17:00	Verslae van Tydelike Kommissies (5)
17:00 - 17:45	Verslag van KKS (vervolg) (7)
17:45 - 18:00	Mediaverslag: verlofaansoeke; aankondigings
18:00 - 19:00	Aandete
19:00 - 19:30	Behandeling van notule (vorige dag)
19:30 - 20:30	Nagmaalsviering
20:30 - 21:00	Tee
21:00 - 21:15	Konstituering BRKA
21:15	Tydelike Kommissies vergader (waar nodig) (5)

SATERDAG 22 SEPTEMBER

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:20	Bidstond
08:20 - 08:30	Aankondinge en reëlings

08:30 - 10:30	Verslae van Tydelike Kommissies (6)
10:30 - 11:00	Teepouse
11:00 - 12:00	Mediaverslag; aankondigings
	Notule (van vorige dag) word uitgedeel, nagegaan en behandel
12:00 - 12:30	Sake wat oorstaan
12:30 - 12:45	Mosies
12:45 - 13:00	Afsluiting
13:00	Middagete

4DSINDP/wjgl/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG : SENTRALE KERKEKOMMISSIE

1. PERSONEEL

1.1 Lede deur die Derde Sinode verkies:

Prof WJG Lubbe
Dr CI van Heerden
Di MC Adendorff
A Boshoff
R Maré

Sekundi, in dié volgorde:

Di AS van Jaarsveld, OD Scheuer, JN Joubert, IA Brink.

1.2 Verteenwoordigers deur ringsgroepe benoem:

Ringsgroep	Primarius	Sekundus
Kaap de Goedehoop	Ds PR Jonker	Ds CJ Prins
Oos-Kaap	Oudl. SB Treurnicht	Diak. AL Grobbelaar
Noord-Kaap	Ds RJH Pottas	Ds PG Stans
Vrystaat	Ds JN Joubert	Ds LH Jacobs
PWV & Suid-Tvl.	Ds NJ Rautenbach	Ds AJ Taute
Wes-Tvl.	Ds JJ Venter (Jurie)	Ds JJ Venter (Koos)
Oos-Tvl.	Ds IA Brink	Oudl. WLV Fick
Noord-Tvl.	Ds AS v Jaarsveld	Dr WA Burger
Natalia	Ds AJ v Niekerk	Ds CJJ v Rensburg

1.3 PERSONEELWISSELING

Nadat ds R Marè as professor bevestig is, is sy plek op die SKK geneem deur die eerste sekundus, nl. ds AS van Jaarsveld. Ds AJ van Niekerk het verhuis uit die streek wat hy verteenwoordig het, en sy plek is gevul deur sy sekundus ds CJJ van Rensburg.

1.4 DAGBESTUUR

Die SKK het sy Dagbestuur soos volg verkies:

Voorsitter:	Prof WJG Lubbe
Ondervoorsitter:	Dr CI van Heerden
Skriba:	Ds MC Adendorff
Hulpskriba:	Ds NJ Rautenbach
Addisionele lid:	Ds IA Brink

2. VERGADERINGS

Die SKK het tot op 10 Julie 1990 agt keer vergader, benewens verskeie addisonele samesprekings, een keer saam met ander kommissies oor die Vaalterrein (20/3/90), een keer met die Dagbestuur van die Algemene Komitee van die Vroueaksie (op 20 Maart) en meermale met die KKS, o.m. oor die Vroue-aksie.

Die Dagbestuur het tot op 10 Julie 1990 dertien keer vergader.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 Inleidend

Verslag van die werksaamhede van die Dagbestuur wat gereeld skriftelik aan die SKK verslag doen, is opgeneem in hierdie verslag wat die handelinge van die SKK kursories dek vanaf 6/11/1989 tot 10/7/1990. Aan spesifieke opdragte van die Derde Sinode wat bykans 40 sake raak, is na die beste van vermoë uitvoering gegee. Die sake is die volgende:

1. Ontmoet die APK
2. Redaksie vir Teologiese Tydskrif
3. Waarnemer op SERKOS
4. Kommissie: Bepaling van dae van Verootmoediging
5. Vaalterrein
6. Onderhandelinge met Bybelgenootskap
7. Dankbetuiging aan Mev Smit
8. Gemeentes en Trustfonds
9. Riglyne aan permanente Kommissies
10. Polis-ondersoek vir predikante
11. Aanbevelings aan kerkrade t.o.v. traktement
12. Gesprek met Afrikaanse Gereformeerde Bond
13. Onsekerheid oor openbare vakansiedae
14. Reëling van Sinodeprogram
15. Keuring van leraars
16. Kerklike administrasie
17. APK-Drukpers
18. Verpakking, drukwerk, bindwerk
19. Aansoekvorm vir lidmaatskap
20. Aankoop van eiendom te Venterspos

21. SKK en reiskoste (Traktementskaal vir 1990 (Delarey))
22. Realisering van RKA saam met KKS
23. Notule van laaste sittingsdag en notule as geheel
24. Naamplaatjies
25. Brief Oudl. Treurnicht i/s keuring van predikante
26. Sinodale program en Sondag
27. Aanwysing Vertalingskommissie (plus Kuratorium)
28. Vaalterreinbeplanningskommissie
29. Ring Olifantshoek en SKK
30. Lasgewing van SKK
31. Owerheid nader oor pornografiese literatuur
32. Halaalteken, Okkulte, Dwelms
33. Telefoonkonferensies
34. Dankbetuiging aan Kapelaan-Generaal van SAP
35. L.W. Ordening en uitstuur van Sinodebesluite aan Kerkrade - Argiefkommissie
36. Deeltydse Argiefhulp
37. Verdere verdeling van Fondse (SKK, RKA, Kuratorium, FK)
38. Opstel van Sinodale Agenda

Noemenswaardige sake wat nog aandag geniet, is die Engelse vertaling van "Ontmoet die APK" (Handelinge. bl. 388), die Teologiese Blad (Handelinge bl. 390) en die polisondersoek na dekking vir gemeentes t.o.v. weduweeversorging in geval van sterfte van 'n leraar. Laasgenoemde is deur die Finansiële Kommissie ondersoek.

Die SKK het ná die goedkeuring van die notule van die derde Sinode besware teen die korrektheid van die notule op twee punte ontvang, maar geoordeel dat dit nie binne sy bevoegdheid lê om korreksies te oorweeg nadat die notule finaal in opdrag van die Sinode goedgekeur is nie. Die besware handel oor punt 5.15 op bl. 465 (dr MFM Pretorius) en punt 131 op bl. 513 (ds JA du Plessis en dr FAH van Staden) van die Handelinge van die Derde Sinode.

3.2 **Aanbeveling:**

Die Sinode besluit hoe met sodanige besware gehandel moet word.

3.3 In opdrag van die Derde Sinode is die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) tot stand gebring. 'n Konstitusie vir die RKA en 'n Reglement vir die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) is in oorleg met die KKS en verskeie ander belanghebbende kommissies en in oorleg met 'n regsadviviseur opgestel en die BRKA het daarvolgens begin

funksioneer.

3.4 Aanbevelings:

3.4.1 Die Sinode keur die inhoud van Bylae SKK 1, bevattende 'n uiteensetting van die ontstaan, funksies, samestelling, woordomskrywings, Konstitusie van die Raad vir Kerkadministrasie en die Reglement vir die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goed.

3.4.2 Die Sinode besluit dat alle eiendom waaroor die Sinode beskik, insluitende eiendom tans op naam van die Kuratorium geregistreer, op naam van die Raad vir Kerkadministrasie geregistreer moet word.

3.5 Met die goedkeuring van eersgenoemde aanbeveling hierbo, bekragtig die Sinode die totstandkoming van die RKA, en sal die RKA voortaan ooreenkomstig sy konstitusie (kyk punt 5.8 in Bylae SKK 1) funksioneer en enige wysigings aan die Konstitusie behartig.

3.6 Administratiewe personeel

Die volledige opset van die administrasie in die Sentrale Kerkkantoor word in die verslag van die BRKA aan die RKA uiteengesit.

Wat die administratiewe werksaamhede van die SKK betref, dien dit opgemerk te word dat dit in die afgelope jaar deur die Voorsitter van die SKK, die Skriba en Hulpskriba met behulp van die Sekretaresse/tiksters behartig is. Geleidelik het die Voorsitter sekere pligte wat hy as Skakeladministrateur behartig het, oorgedra aan die Direkteur van Kerkadministrasie, wat dit tans behartig in samewerking met sy Sekretaresse/tikster, mev R McDonald. Dit raak veral die notulering van vergaderings, die korrespondensie wat daaruit voortvloei, reëlings i.v.m. predikante wat na die APK oorkom, ens.

Prof WJG Lubbe konsentreer al meer op sy taak as Redakteur van "Die Boodskapper", en word benewens die redaksie, administratief gesteun deur die Sekretaresse/tikster mev A Alester, en wat verspreiding betref, deur die Versendingsklerk, mnr E Henrico. Mnr Henrico is ook op hierdie stadium verantwoordelik vir die versameling van argivalia t.o.v alle publikasies van die APK.

3.7 Nuwe gemeentes

Die volgende gemeentes is sedert die verslag aan die Derde Sinode gestig of afgestig :

Bultfontein	17/ 9/1989
Postmasburg	28/ 9/1989
Hoedspruit	26/11/1989
Wesselsbron	13/ 2/1990
Virginia	25/ 2/1990
Theunissen	25/ 2/1990
Parys	25/ 3/1990
Zululand	29/ 4/1990
Hanover	6/ 5/1990
Bloemfontein-Noord	6/ 5/1990
Wonderboom	16/ 5/1990

Die gemeentes Vaalharts-Suid en Vaalharts-Noord het kennis gegee dat hulle saamsmelt onder die naam Vaalharts-Suid sodat daar tans 185 gemeentes bestaan.

3.8 **Finansiële hulp** ten bedrae van R109 963.70 is aan 12 gemeentes gedurende die boekjaar 1989 deur die SKK verleen en gedurende 1990 tot op datum van hierdie verslag (10 Julie 1990) 'n bedrag van R61 051.48 aan 6 gemeentes.

3.9 **Predikante**

Die volgende predikante is sedert die derde sinodesitting deur die SKK of sy Dagbestuur, en deur die Kuratorium tot die bediening in die APK toegelaat:

DU PLESSIS	A	10/12/1989	
GROENEWALD	NJ	24/12/1989	
EILERS	MJ	01/01/1990	
VAN LOGGERENBERG	DT	28/01/1990	
DE JAGER	JH	07/02/1990	(Kur)
JACOBS	JA	04/03/1990	
VAN ZYL	PA	11/03/1990	
CRONJé	JM	20/03/1990	(Kur)
DE KOCK	MJ	20/03/1990	(Kur)
JACOBS	AD	21/03/1990	
LE ROUX	GG	01/04/1990	
BRITZ	RMJ	05/06/1990	(Kur)
GOUWS	SJ	05/06/1990	(Kur)
MOUW	EG	05/06/1990	(Kur)
SMIT	G	05/06/1990	(Kur)
VILJOEN Dr.	EM	05/06/1990	(Kur)
LIEBENBERG	WF	24/06/1990	
VAN DER LINDE	JJ	02/07/1990	
MALAN	DJ	09/07/1990	

Die APK beskik tans oor die dienste van 92 predikante en 4 oefenaars. Van die 92 is 10 om een of ander rede tans (10/7/90) nie aan 'n gemeente verbonde nie.

Die SKK het kennis geneem van die feit dat daar tans gemeentes is wat kan beroep, maar om bepaalde redes nie wil beroep nie

3.9.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om so spoedig hulle daartoe in staat is, oor te gaan tot die beroeping van 'n leraar. Indien 'n gemeente nie finansieel daartoe in staat is om selfstandig te beroep nie, kan een van drie weë gevolg word:

(a) beroeping van 'n leraar met beperkte opdrag (en gevolglik ooreenstemmende beperkte traktement)
(b) beroeping van 'n leraar in kombinasie of volgens diensooreenkoms met ander gemeentes
(c) indien bogenoemde moontlikhede nie prakties uitvoerbaar is nie, kan by die SKK om geldelike hulp aangeklop word, wat die aansoek onder bepaalde voorwaardes sal oorweeg.

Die SKK het verder kennis geneem daarvan dat enkele leraars laer traktemente van hulle kerkrade ontvang as waarop hulle geregtig is. So 'n praktyk benadeel 'n leraar en sy gesin nie alleen onmiddellik nie, maar ook t.o.v. pensioenuitbetalings na emeritaat. Die pensioenskaal hou direk verband met die basiese traktement. Selfs die weduwee van 'n leraar wat te sterwe kom, word op dié wyse benadeel.

3.9.2 **Aanbeveling:**

Die Sinode doen 'n dringende beroep op kerkrade om leraars omvattend te vergoed volgens die riglyne verskaf deur die Finansiële Kommissies van die Sinode.

'n Verdere knelpunt wat onder die aandag van die SKK gekom het, wentel rondom die praktyk wanneer proponente in reisende diens geneem word. Volgens tradisie in gereformeerde kerke waaruit ons lidmate afkomstig is, kan proponente nie sakramente bedien, kerkraadslede bevestig en belydenisaflegging waarneem nie. Daar is tans in die Kerkorde van die APK geen uitdruklike beletsel daarop dat proponente dit mag doen nie. Binne die geledere van die SKK is daar nie volkome eenstemmigheid oor die wenslikheid daarvan om dit toe te laat nie. Die situasie vir veral verafgeleë gemeentes vereis dit egter dat 'n leraar in reisende diens sodanige dienste moet kan lewer.

3.9.3 **Aanbeveling:**

Die Sinode besluit dat proponente eredienste kan lei, die sakramente kan bedien, kerkraadslede kan bevestig en belydenisaflegging kan waarneem.

Motivering

1. In die Gereformeerde tradisie is die Woord sentraal en daarom is Woordbediening die belangrikste bestanddeel van 'n erediens.

2. Die sakramente is nie belangriker as Woordbediening nie en behoort nie anders behandel te word nie. As iemand vertrou word om die Woord te bedien kan hy sekerlik ook die sakramente bedien en 'n erediens lei en bevestiging doen.

3.10 **Interkerklike verhoudinge**

Die Dagbestuur van die SKK het as Kommissie vir interkerklike verhoudinge, aanvanklik die Voorsitter en Ondervoorsitter afgevaardig om deel te neem aan 'n gesprek waartoe die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) die APK genooi het, en later het die hele Dagbestuur die "Raad vir Gesprek met ander Denominasies" van die NHK ontmoet. Samesprekings het veral gegaan oor die ontstaan, bestaansreg en standpunte van die APK soos uitgespel in "Ontmoet die APK".

Van die predikant vir die Diens van Barmhartigheid in Algemene Sinodale diens van die NG Kerk, dr M Nieuwoudt, is 'n uitnodiging ontvang om 'n verteenwoordiger te benoem op 'n skakelkomitee vir welsynswerk van die Afrikaanse Kerke. Die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens het ds AE vd Berg aangewys om die APK te verteenwoordig.

Afgesien van berigte van goeie samewerking op plaaslike vlak met sommige gemeentes van ander Afrikaanse Kerke, is daar geen verdere amptelike gesprek gevoer met die NG Kerk of Gereformeerde Kerke nie.

3.11 **Publikasies**

3.11.1 Die Dagbestuur hanteer in sy hoedanigheid as Publikasiekomitee tans verskeie manuskripte, onder meer twee preekbundels wat in 'n dringende behoefte sal voorsien. Alle publikasies van die APK word gereeld in "Die

Boodskapper" bekendgestel sodra dit gereed is vir bemarking.

3.11.2 "Die Boodskapper"

1. Die SKK het kragtens sy lasgewing (as riglyn) 'n Redaksie, Medewerkers en 'n Eindredakteur vir "Die Boodskapper" benoem, en die Redaksie self het 'n Kernredaksie asook portefeuljes vir sy Redaksielede aangewys. Volle besonderhede verskyn in elke uitgawe van "Die Boodskapper". Die SKK het ook toesig gehou oor die blad.

2. "Die Boodskapper" verskyn steeds maandeliks maar die uitgawes van November-Desember en van Januarie-Februarie word saamgevoeg.

3. Met 'n oplaag van 11 500 word aan elke gemeente eksemplare voorsien volgens sy bestelling, ongeag die intekengeld wat 'n gemeente betaal. Die Sinodebesluit dat "Die Boodskapper" elke besoekpunt in elke gemeente moet bereik, bly steeds die Redaksie se strewe.

4. Ruimte in die blad word verkoop aan goedgekeurde adverteerders asook aan APK-instansies wat verkies om gereeld bepaalde ruimtes in die blad te benut.

5. Oor die algemeen is Kerkrade se intekening op die blad of hul geldelike bydraes ter ondersteuning van die blad lofwaardig. 'n Aantal gemeentes wat intekening/bydrae versuim het, is vriendelik per brief op hul versuim gewys en hul reaksie word afgewag.

Aanbevelings:

5.1 Die Sinode betuig sy waardering jeens kerkrade wat ingeteken het op of geldelike bydraes gemaak het tot "Die Boodskapper".

5.2 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade wie se intekengeld/bydrae agterstallig is om dit so gou moontlik aan te suiwer.

5.3 Die Sinode versoek kerkrade en ander intekenare vriendelik om die tydperk van intekening op "Die Boodskapper" te laat

saamval met die boekjaar van die APK, naamlik van 1 Januarie tot 31 Desember.

6. Dis tekenend van ons kerklidmate se selfloosheid dat nog geen vergoeding ooit deur enige skrywer van 'n artikel of berig, of deur enige insender van 'n foto gevra of verwag is nie.

Aanbeveling:

6.1 Die Sinode boekstaaf sy waardering vir kostelose maar kosbare medewerking van lidmate om die inhoud van "Die Boodskapper" so verrykend en verheffend moontlik te maak.

7. Die Redaksie het die moontlikheid oorweeg om "Die Boodskapper" meer dikwels as maandeliks (bv. tweeweekliks) te laat verskyn, maar steeds stygende versendingskoste was tot dusver 'n struikelblok. Die moontlikhede word egter steeds oorweeg om teen dieselfde intekengeld verbeterde gehalte en diens deur ons blad te lewer.

3.11.3 **Kerkjaarboek**

'n Oplaag van 5000 is gedruk, waarvan 4568 eksemplare uitgereik is. Die Kerkjaarboek word weer vir 1991 beplan, met inagneming van wenke van lesers ontvang.

Verouderde Kerkjaarboeke, d.w.s. van vorige jare, wat nog waarde het a.g.v. die dagstukkies daarin, word teen R5 per eksemplaar verkoop.

3.11.4 **Argivalia**

Vyf eksemplare van elke publikasie van die APK word vir argiefdoeleindes bewaar, en 10 eksemplare van elke uitgawe van "Die Boodskapper". Twee eksemplare van elke APK publikasie sal ook aan die Biblioteek oorhandig word.

3.11.5 **"Ontmoet die APK"**

Dié inligtingstuk blyk baie gewild te wees en is 'n waardige bekendstelling van die APK wat allerweë waardering ontlok. 'n Eerste oplaag van 5000 is grotendeels uitverkoop, en 'n tweede oplaag van 3000 is reeds gedruk.

3.11.6 **Handelinge van die Derde Sinode**

Die Handelinge is net soos in die geval van die tweedelige Agenda netjies deur PR Drukkers gedruk en gebind teen 'n minimale koste.

3.11.7 **Aanbeveling:**

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor diaken PR Roodt vir sy offervaardigheid in verband met die druk en bind van die sinodestukke.

3.12 **Verootmoediging**

Die aankondiging van die Staatspresident, veral op 2 Februarie 1990, oor die "Nuwe Suid-Afrika" het 'n skokgolf deur die Christenskare in die RSA gestuur. In Omsendbrief 1 van 1990 het die Voorsitter van die SKK 'n duidelike getuienis daaroor laat hoor vanuit die APK, en lidmate bemoedig en opgeroep tot verootmoediging en vertroue op God, ge- paard met hernude toewyding aan ons werk in Gods Koninkryk.

Die SKK het in die tydsverloop daarna verskeie versoeke van kerkrade en individue ontvang vir die bepaling van 'n dag of uur van verootmoediging en gebed.

Gedagtig enersyds aan die besluit van die Derde Sinode dat gereelde biddae nie onnodig uitgeroep sal word nie en dat uiters diskreet daarmee gehandel moet word, (Handelinge Derde Sinode bl. 476) en andersyds bedag op die werking van Gods Gees wat lidmate lei tot bereidheid om selfondersoek te doen en tot 'n besef van diepe afhanklikheid ván en vertroue óp die Here, het die SKK dit aan sy Voor- sitter opgedra om 'n omsendbrief aan kerkrade te stuur. In Omsendbrief 19 van 1990 is gemeentes versoek om Sondag 24 Junie 1990, die Sondag naaste aan die stigtingsdatum van die APK t.w. 27 Junie), nie net as dankdag nie, maar ook as dag van verootmoediging in te rig.

3.13 **Gesprek met Staatspresident**

Na aanleiding van die Staatspresident se uitnodiging aan kerke om met hom in gesprek te tree, het die SKK 'n skrywe aan hom gerig ten einde 'n ge- spreksgeleentheid te reël. Die SKK het dit duidelik gestel dat hy met die Staatspresident wil praat oor sake waaroor 'n kerk met die owerheid behoort te praat, aan die hand van 'n memorandum wat vooraf aangebied sou word. Verder het die SKK

die Staats president versoek om by die gespreksgeleentheid alleen met die APK, d.w.s. nie saam met ander kerke nie, 'n onderhoud te voer.

Die Staatspresident het nie sy weg daartoe oopgesien nie, aangesien hy slegs met kerke in 'n groep gesprek wou voer. Die jongste aanbod van owerheidsweë was 'n uitnodiging deur dr Louw Alberts om aan 'n kerkeberaad deel te neem.

Die SKK het onder dié omstandighede afgesien van 'n gesprek met die Staatspresident, en ook besluit om nie aan die kerkeberaad deel te neem nie. Die SKK is nie bereid om die APK te laat misbruik, sy dit dan ook valslik voorgestel, as een van die kerklike vroedvroue by die geboorte van 'n wanskape "Nuwe Suid-Afrika" nie. Die SKK oorweeg nog ten tye van die opstel van hierdie verslag die moontlikheid om 'n waarnemer na die beraad te stuur.

'n Memorandum wat die getuienis van die APK bevat, is egter wel aan die Staatspresident gepos.

3.14 Registrasie as welsynsorganisasie

Die BRKA beoog om opnuut aansoek te doen vir 'n Fondsinsamelingsnommer, aangesien nie in ons eie korrespondensie of in die rekords van die Departement Gesondheid en Pensioene enige blyke gevind kon word dat daar voorheen 'n Fondsinsamelingsnommer aan die APK toegeken was nie. Die aansoek sal ingedien word sodra die Sinode die Konstitusie van die RKA en die Reglement van die BRKA goedgekeur het.

3.15 Gesprek met Afrikaanse Gereformeerde Bond

Die SKK het inligting aangevra van die APK Lichtenburg en die Ring van Lichtenburg i.v.m. die verhoudingsprobleme ondervind soos in 'n besprekingspunt aan die Derde Sinode vermeld. Uiteindelik het die SKK besluit dat daar nie genoegsame konkrete bewyse bestaan dat ingeskrewe lede van die AGB by verhoudingsprobleme betrokke is nie, en daarom is afgesien van 'n amptelike gesprek met die Afrikaanse Gereformeerde Bond (AGB) daaroor.

3.16 Privaatskool Moria te Outjo

APK Outjo het na 'n lang stryd en vele onderhandelinge daarin geslaag om van staatsweë goedkeuring te verkry vir die oprigting van 'n kerkskool. Op versoek van die kerkraad het die SKK advies gegee oor die wyse waarop die beheer

van die skool in die hande van die APK kan bly, veral waar talle nie- APK-ouers in die skool belangstel. Advies is ook gegee dat enige versoek om geldelike steun deur die APK, via die Sinodale Kommissie vir Onderwys en Opvoeding gerig moet word.

3.16.1 **Aanbeveling:**

Die afgevaardigdes van APK Outjo lig die Sinode in oor die huidige stand van sake i.v.m. die skool.

3.17 **Besoeke aan Parlementariërs**

Op uitnodiging van 'n LP wat lidmaat in sy gemeente is, het ds IA Brink, gesteun deur die SKK, 'n besoek aan Akasiapark afgelê. Hy het in sy verslag die aandag gevestig op die werksomstandighede van lidmate verbonde aan die Parlement wat besondere eise stel aan die pastorale versorging. Huisbesoek moet bv. oor naweke geskied, wat dit vir enige plaaslike bediening moeilik maak.

Op versoek van die Parlementariërs het die SKK die saak oorweeg en geoordeel dat leraars van gemeentes waarin lidmate verbonde aan die Parlement normaalweg woon, genader kan word om hiermee behulpsaam te wees, indien die plaaslike gemeente die hulp sou verwelkom. Die kerkraad van die APK Tygerberg het in 'n skrywe gedateer 12/6/90 sodanige besoeke van leraars aan hulle lidmate in Akasiapark sterk aanbeveel met die versoek dat dit net vooraf aangemeld word.

3.18 **Verteenwoordiging op die streeksrade van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap**

In die korrespondensie wat met die Bybelgenootskap gevoer is in opdrag van die Derde Sinode om inspraak vir die APK by die Bybelgenootskap te verkry, het ds S Boshoff onder meer soos volg gereageer: "Die Bybelgenootskap verwelkom die versoek wat uitgespreek is dat die Afrikaanse Protestantse Kerk formeel betrokke raak by die Bybelgenootskap by wyse van verteenwoordiging op die streekrade van die genootskap."

Die SKK het twee verteenwoordigers vir die Johannesburgse Streekraad van die Bybelgenootskap aangewys (kyk Verslag Bylae SKK 2).

3.18.1 **Aanbevelings:**

Die betrokke ringsgroepe wys tydens die

Sinodesitting twee verteenwoordigers met sekundi vir elk van die volgende streekrade aan: Kaapstad, Durban, Bloemfontein, Port Elizabeth en Johannesburg. In die geval van Durban dien ook reeds twee verteenwoordigers van die APK op die streekraad. Een verteenwoordiger van die twee wat vir elke streeksraad aangewys word, moet 'n nie-predikant wees. Die volle name, adresse en telefoonnommers van die aangewesenes word aan die Skriba besorg aan wie dit opgedra word om by die Bybelgenootskap aansoek te doen vir hulle toelating op die streeksrade.

3.18.2 Lidmate moet pertinent daarop gewys word dat individue wat fondse vir die Bybelgenootskap skenk, inkomstebelastingvoordele geniet (tot 'n maksimum van R500 p.j. vir salaristrekkers, of selfs meer vir persone met eie besighede). Sodanige lidmate moet by hulle skenking vermeld dat hulle aan 'n spesifieke APK behoort, t.w.v. statistiek. Donasies via die Gideons hou gevolglik ook geen belastingvoordele vir individue in nie.

3.18.3 Kerkrade moet daarteen waak dat verteenwoordigers van die "Gideons" gemeentes toespreek met die doel (of gevolg) dat APK-lidmate fondse vir Bybelverspreiding via die Gideons kanaliseer. Lidmate moet daarvan bewus gemaak word dat die Bybelgenootskap statistiek hou van elke kerkverband se bydraes tot Bybelverspreiding. Fondse via die Gideons benadeel dus die APK-statistiek.

3.18.4 Die Sinode neem die verslag van die Bybelgenootskap in behandeling, (tydens Sinode beskikbaar gestel) en gee aan die verteenwoordiger van die Bybelgenootskap 'n kort spreekbeurt .

3.19 **Redaksie vir die Teologiese Blad**

Die SKK het in opvolging van die besluit van die Derde Sinode om 'n redaksie vir die beplande teologiese blad saam te stel, die volgende redaksielede aangewys:

Die vier voltydse teologiese dosente (volgens Sinodebesluit - Handelinge Derde Sinode bl.389/90) nl. proff. FAH van Staden, R Marè, HS Theron en HCG Robbertze, saam met die volgende leraars: di. DR Schwartz, S Botes, MJ Eilers.

Daarbenewens is die volgende medewerkers aangewys: dr CI van Heerden, dr. WA Burger, dr. MFM Pretorius, di. JP Bezuidenhout, AS van Staden, AS van Jaarsveld, IA Brink, JJ (Koos) Venter, JH Theron.

3.20 **Waarnemer op SERKOS**

Ds MP Taute is as waarnemer op SERKOS benoem.

3.21 **Vaalterreinkommissie**

Die SKK het die volgende persone op die Vaalterreinkommissie benoem:

Di. IA Brink (sameroeper), A Boshoff, JN Joubert, mnr E Bosman en prof A Swart.

Die Verslag van die Vaalterreinkommissie met aanbevelings is aangeheg as Bylae SKK 3.

3.21.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode neem die verslag van die Vaalterreinkommissie in behandeling.

3.22 **Kommissie vir Bybelvertaling: Bykomende lede**

Bykomend by die lede deur die Sinode aangewys (Handelinge Derde Sinode, bl. 460), het die SKK in samewerking met die Kuratorium die volgende lede op die Kommissie vir Bybelvertaling aangewys:

Prof FAH van Staden, prof R Marè, prof PFD Weiss, di. MJ Eilers, DR Schwarz, MC Adendorff.

Die SKK het die Finansiële Kommissie gevra om aandag te gee aan 'n begroting vir die Kommissie vir Bybelvertaling sodat hy met sy werksaamhede kon voortgaan, aangesien die Derde Sinode nie vir dié kommissie begroot het nie.

3.23 **Korrespondensie met kerkrade**

Meer as 20 omsendbriewe is reeds vanjaar tot op datum van die opstel van hierdie verslag vanuit die Sentrale Kerkkantoor versend. Die SKK betuig graag sy dank aan elke leraar en skriba wat flink daarop gereageer het. Uit die reaksie van sommige is dit egter duidelik dat die omsendbriewe nie die nodige aandag kry nie, en dit lei tot leemtes wat moeilik later reggestel kan word. Voorbeelde van reaksies wat veel te wense oorlaat, is die volgende:

* Laat beskrywingspunte, wat nie alleen die keerdatums in omsendbriewe genoem, ignoreer nie, maar ook die riglyne vir die formulering daarvan. Volgens besluit van die Derde Sinode is sodanige beskrywingspunte nie ontvanklik nie, met gevolglike teleurstelling vir die insender en skade aan 'n saak wat soms veel meriete het.

*Slegs enkele kerkrade het afskrifte van hulle lidmaat- en doopregisters na die Sentrale Kerkkantoor gestuur, sodat daar hoegenaamd nog nie 'n sentrale register van lidmate opgestel kon word nie.

*Op sommige vorms wat maandeliks saam met die 15% oorbetalings ingedien word, ontbreek gevraagde gegewens soos die lidmatetal byvoorbeeld. Aangesien die meeste gemeentes steeds groei, sou die Sentrale Kerkkantoor graag tred wou hou daarmee t.o.v. statistiek.

3.23.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode versoek leraars, skribas en kerkrade om erns te maak met korrespondensie vanuit die Sentrale Kerkkantoor, in belang van die orde wat behoort te heers in ons kerklike administrasie as deel van Gods Koninkryk.

3.24 **Moontlike Sinodesitting te Potchefstroom**

Navraag word gedoen en verslag sal nog tydens die vierde sinodesitting gelewer word.

3.25 **Gesprek tussen SKK, KKS en Vroue-aksie**

Die SKK het ooreenkomstig die sinodebesluit in die Handelinge van die Derde Sinode, punt 131 op bl. 513 gepoog om samesprekings tussen die drie instansies te reël. Lede van die KKS het egter gemeen dat die notule van die Sinode op die punt nie korrek is nie, en die KKS was nie geneë tot sodanige gesprek nie. Die SKK het gevolglik alleen 'n gesprek met die Dagbestuur en ander lede van die Algemene Komitee van die Vroue-aksie gevoer, en by 'n later geleentheid (op 22/6/90) weer alleen met die KKS. Die KKS het hom wel bereid verklaar om die SKK en die Vroue-aksie by afsonderlike geleenthede te ontmoet.

Die uitslag van die onderskeie samesprekings is in 'n afsonderlike verslag gereflekteer. (Kyk Bylae SKK 4)

3.25.1 Aanbeveling:

Die Sinode neem Bylaes SKK 4, SKK 4.1 en SKK 4.2 oor die Vroue-aksie in behandeling.

3.26 Beswaar teen Sinodebesluit oor Chiliasme

'n Skrywe op 'n briefhoof van APK Tygerberg gedateer 27/11/89 is ontvang waarin beswaar aangeteken word teen die besluite van die Derde Sinode i.v.m. Chiliasme.

Die naam van SS van Deventer, Skriba, is onderaan die brief getik, maar die brief is nie onderteken nie. (Afskrif aangeheg as Bylae SKK 5).

Hoewel dié feit alreeds die ontvanklikheid van die skrywe in gedrang gebring het, het die SKK die brief na die KKS vir advies deurgestuur. ('n Afskrif van die advies word aangeheg as Bylae SKK 6). Die advies is op 9 Mei 1990 deurgestuur aan die Skriba van die APK Tygerberg, maar tot op datum van opstel van hierdie verslag (10.7.90), is nog geen antwoord ontvang nie.

Intussen het die SKK kennis geneem daarvan dat 'n beswaarskrif oor dieselfde saak by die KKS ingedien is deur ds CJ Prins, waaroor die KKS verslag doen aan die Sinode.

Aanbevelings:

3.26.1 **Die Sinode besluit oor die ontvanklikheid van die ongetekende brief onder die naam van die Skriba van APK Tygerberg en of dit as 'n beswaarskrif beskou moet word.**

3.26.2 **Indien die Sinode die brief as beswaarskrif ontvanklik beskou, neem die Sinode dit saam met die betrokke advies van die KKS in behandeling.**

3.27 Radio en Televisie

Die Skriba en Hulpskriba van die SKK het skrywes aan die SAUK gerig na aanleiding van 'n berig wat hulle bereik het dat daar oop kanale by die SAUK beskikbaar is vir Godsdiensuitsendings.

Dr. Josua Potgieter van die SAUK het daarná telefonies met die Skriba geskakel en die volgende meegedeel:

Op die gewone senders van die SAUK (Radio en TV) word uitsaaivoorregte vir kerke verskaf op grond van die getalle wat 'n kerk verteenwoordig. Die

APK se getalle is nog te klein. Die kleinste blanke kerk wat tans uitsaaivoorregte geniet, het 'n lidmatetal van 180 000.

Daar bestaan egter spaarkapasiteit vir Radio en TV-uitsendings vir kerke buite gewone uitsaaitye wat uitgekoop kan word.

Daar is ook die moontlikheid om saam met ander kerke van sulke uitsaaitye gebruik te maak wat dan nie so duur hoef te wees nie, maar ongeveer R600 en R800 per uur kan wees.

Die SKK het opdrag gegee aan ds MC Adendorff en ds NJ Rautenbach om verder ondersoek in te stel na Radio en TV-uitsaaimoontlikhede vir die APK, en ook hoe uitsaaimoontlikhede prakties aangepak moet word.

'n Volledige verslag van die onderhandelinge met aanbevelings sal tydens die Sinode deur die twee lede van die SKK voorgelê word.

3.27.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode neem die verslag van di. Adendorff en Rautenbach in behandeling.

4. KOMMENTAAR OP LASGEWING

Die SKK het sover moontlik volgens die konseplasgewing wat as riglyn goedgekeur is tydens die Derde Sinode (Handelinge punt 2.1.2 en 2.1.3 op bl. 462), gefunksioneer. Die lasgewing van die SKK word ter wille van duidelikheid hieronder aangehaal, met weglating van die eerste gedeelte wat algemeen op alle kommissies van toepassing is:

"Die SKK

1. stel 'n dagbestuur saam;

2. bepaal die tyd en plek van die volgende Sinode van die APK en roep die Sinode betyds op;

3. beveel by elke Sinode die tydsduur van die Sinode aan;

4. stel die konsepsakelys vir die volgende Sinode op;

5. tref alle praktiese reëlings vir die hou van 'n Sinode, bv. die reëlings van verblyf en etes van afgevaardigdes;

6. ontvang geloofsbriewe van afgevaardigdes na 'n Sinode en rapporteer ter vergadering daaroor;

7. dra verantwoordelikheid vir die publiseer en verspreiding van die handelinge van die Sinodes;

8. gaan die statistiek van ringe na (soos jaarliks na die Argief deurgestuur) en rapporteer globaal daaroor aan elke Sinode;

9. oorweeg aansoeke van persone wat predikante in die APK wil word, en wat tydens aansoek bedienaar van die Woord in ander kerkverband is; 'n persoon wat so toegelaat word, kan deur die SKK reisende diens in die kerke in kerkverband gebruik word - in sodanige geval ontvang die persoon sy opdragte van die SKK en word hy deur laasgenoemde getrakteer totdat hy 'n beroep aanvaar (lees hiermee saam die besluite oor reisende leraars);

10. dien as skakel ten opsigte van interkerklike verhoudinge, maar voer in die hoedanigheid slegs Sinodebesluite uit; alleen 'n Sinode kan besluit dat daar enger korrespondensie met 'n ander kerkverband mag bestaan;

11. wys jaarliks 'n redaksiekommissie vir "Die Boodskapper" aan; die redaksiekommissie werk onder toesig van die SKK;

12. doen aanbevelings aan kerkrade ten opsigte van nasionale dae van verootmoediging;

13. stel jaarliks 'n gemeentelike statistiekvorm vir verpligte voltooiing deur ringe op asook 'n gemeentelike verslagvorm vir vrywillige gebruik deur ringe;

14. hanteer alle voorkomende sake wat nie op die terrein van enige ander permanente kommissie val nie, en ook nie hierbo gedek is nie. Die hantering geskied egter altyd met inagneming van die volgende:

14.1 sake wat by 'n plaaslike kerk alleen tuishoort, word nie behandel nie;

14.2 sake wat by 'n ring tuishoort, word daarheen verwys;

14.3 die sweem mag nie bestaan dat die SKK as "Sinode" of as "hoofkommissie" fungeer nie;

14.4 oor kontensieuse sake word geen besluite geneem nie, maar dit word na die volgende Sinode verwys;

15. die dagbestuur van die SKK funksioneer as kommissie vir mediaskakeling;

16. behartig skakeling namens Sinodes met die owerheid ooreenkomstig Kerkorde artikel 57.5;

17. behartig interkerklike verhoudinge;

18. beskou ad hoc-opdragte wat Sinodes van tyd tot tyd aan die SKK mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

4.1 Aanbevelings:

Die Sinode keur die lasgewing finaal goed met die volgende wysigings, en met dien verstande dat verdere opdragte bygevoeg kan word ooreenkomstig punt 18 van die lasgewing:

4.1.1 Wysig punt 11 soos volg:
"stel 'n redakteur aan met 'n diensooreenkoms en wys jaarliks 'n redaksie vir "Die Boodskapper" aan; die redaksie werk onder toesig van die SKK;"

4.1.2 Skrap punt 14.3, en pas die numerering daarná aan.

4.1.3 Wysig punt 15 om so te lui: "die dagbestuur van die SKK funksioneer as kommissie vir mediaskakeling en as publikasiekomitee".

4.1.4 Verander "artikel 57.5" in punt 16 na "artikel 56.5".

4.2 Die Sinode besluit dat alle beswaarskrifte (gravamina) teen sinodebesluite, asook appèlle teen besluite van kerkrade en/of ringe, net aan die SKK gerig moet word, aangesien die lasgewing van die SKK o.m. bepaal dat hierdie kommissie die Sinode se agenda opstel. Van die SKK word verwag om die beswaarskrif (of appèl) na die betrokke/tersaaklike permanente sinodale kommissie vir bestudering en advies te verwys.

5. **BESKRYWINGSPUNTE** - (Kyk Bylae SKK 7)

5.1 Aanbeveling:

Die Sinode neem Bylae SKK 7 in behandeling.

Hiermee vertrou die Sentrale Kerkekommissie dat hy sy taak soos wat van hom verwag is, uitgevoer het.

wg. ....
VOORSITTER SKRIBA

BYLAE SKK 1

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
1.	ONTSTAAN	2
2.	FUNKSIES	4
3.	SAMESTELLING	5
4.	WOORDOMSKRYWINGS	5
5.	KONSTITUSIE VAN DIE RKA	6
6.	REGLEMENT VIR DIE BRKA	9

32

RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

1. ONTSTAAN

1.1 Die Kommissie vir Regte (KvR) het reeds in 1988 soos volg bevind:

Aangesien 'n Sinode 'n vergadering (van afgevaardigdes) van kerke (gemeentes) is wat (volgens gereformeerde kerkreg) by afsluiting van die Sinode ontbind, kan die Sinode nie aan homself regspersoonlikheid toeken nie: tussen twee Sinodes sal daar geen regspersoon wees nie.

1.2 Derhalwe het die KvR in 1988 o.m. aanbeveel:

1.2.1 Aangesien daar 'n behoefte aan 'n regspersoon bestaan, besluit die Sinode om 'n Raad vir Kerkadministrasie (RKA) in die lewe te roep en aan die Raad regspersoonlikheid te verleen, met dieselfde magte as wat die sinode sou hê volgens punt 13.1.1 - 13.1.5 van die SKK se aanbeveling 13, asook die verdere mag (as punt 13.1.6) om lenings aan te gaan.

1.2.2 Sekere administratiewe en finansiële verantwoordelikhede, asook bates en laste van die Sentrale Kerkekommissie (SKK) (en Kuratorium) word na die RKA oorgedra.

1.2.3 Al die AP kerke (gemeentes) - die wat reeds bestaan asook elkeen wat nog gestig mag word - maak lede van hierdie RKA uit.

1.2.4 Die RKA bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.

1.2.5 Elke Sinode se afgevaardigdes vorm tegelyk 'n ledevergadering van die RKA, wat onder meer die Raad se bestuurslede aanwys.

1.2.6 Die Sinode keur die stigting van die RKA in beginsel goed, soos uiteengesit, en dra aan die te benoeme SKK op om die RKA, in oorleg met die te benoeme Permanente Kommissie vir Regte en ons regsadviseur, te realiseer, die nodige reglement op te

stel, die RKA wetlik op die been te bring en volledig aan die eersvolgende Sinode te rapporteer.

1.3 Die Sinode het in 1989 (Parys, 1-7 Nov.) die volgende besluite geneem:

1.3.1 Die volgende voorstel word goedgekeur vir implementering met inagneming van die inhoud van amendemente 1 en 3.

Die Sinode keur die stigting van die RKA in beginsel goed en dra dit aan die te benoeme SKK op om die RKA, in oorleg met die te benoeme Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) en ons regsadviseur, te realiseer, die nodige reglement op te stel, die RKA wetlik op die been te bring en volledig aan die eersvolgende Sinode te rapporteer.

1.3.2 Amendement 1

Die Sinode keur die stigting van die RKA in beginsel goed en gee aan hierdie RKA in samewerking met die Permanente Regskommissie opdrag om in die reses alle besware, regsadvies en verwante sake te hanteer met rapport aan die eersvolgende Sinode.

1.3.3 Die volgende voorstelle is ook goedgekeur:

(a) Die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) bestaan uit 5 lede plus secundi deur elke Sinode uit sy afgevaardigdes aangewys, plus een lid (met secundus) uit elk van die volgende kommissies: die SKK, die Kuratorium, die Finansiële Kommissie (FK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS). Hierdie vier kommissies beveel elkeen self sy verteenwoordiger op die BRKA aan.

(b) Die Sinode besluit dat die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) se Bestuur (wat enige regshandeling verrig uit hoofde van bevoegdhede kragtens die Konstitusie) nooit uit lede mag bestaan waarvan meer as 50% van die lede geordende predikante of teologiese opleidingspersoneel is nie.

Minstens 50% van die BRKA soos vermeld moet uit lidmate wat nie deur bogenoemde beletsel geraak word nie, bestaan.

1.3.4 Amendement 3

Die Sinode besluit dat daar in beginsel goedgekeur word dat 'n regspersoon (soos die beoogde RKA waarvan besonderhede in die stukke voor die Sinode bl. 353 ev, verskyn) gestig kan word, onderworpe aan die goedkeuring van 'n finale konstitusie en reglement deur 'n volgende Sinode. Bykomende sake met betrekking tot die stigting van die beoogde regspersoon kan egter omvangryke implikasies vir die gemeentes inhou en dit is van groot belang dat gemeentes ten volle op hoogte moet wees van hul eie regsposisie met betrekking tot o.a.

1. Die aanspreeklikheid van elke lid van die Regspersoon (Rp).

2. Die toelating van nuwe lede tot die Rp.

3. Die vervreemding/beswaring van eiendom wat ooreenkomstig die konstitusie en reglement nie aan Sinodale goedkeuring onderworpe is nie.

4. Verteenwoordiging met betrekking tot en inspraak in regshandelinge wat sonder Sinodale goedkeuring uit hoofde van die konstitusie en reglement deur die regspersoon aangegaan word.

5. Vereistes wat gestel sal word ten opsigte van die aangaan van enige regshandelinge.

(A. Visagie; H.J. Claasen)

Amendement 1 word goedgekeur; amendemente 2 en 3 word nie goedgekeur nie.

1.3.5 Opdrag aan BRKA

Die BRKA doen aansoek om oorplasing van die SKK se fondsinsamelingsnommer (as welsynsorganisasie) na die RKA.

2. FUNKSIES

Die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) se funksies is beperk tot die Sentrale Kerkkantoor en behels in hoofsaak die volgende:

Behartiging van administratiewe belange, eiendomsbelange, personeelbelange. Die RKA dra sy uitvoerende magte oor aan 'n Bestuur (BRKA) wat as orgaan van die RKA, aan die RKA verantwoording doen so dikwels as die RKA vergader.

3. SAMESTELLING

3.1 Elke Sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes vorm die ledevergadering van die RKA. Die ledevergadering word gekonstitueer op 'n gekose tydstip gedurende die Sinodesitting as RKA en neem RKA-besluite.

3.2 Al die AP Kerke (gemeentes) - die wat reeds bestaan asook elkeen wat nog gestig mag word - maak lede van hierdie RKA uit.

3.3 Die RKA bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.

4. WOORDOMSKRYWINGS

Sekere afkortings en woorde wat in die hiernavolgende konstitusie en reglement gebruik word, word soos volg omskryf.

APK

Afrikaanse Protestantse Kerke in Verbond/in Sinodale Verband.

RKA

Raad vir Kerkadministrasie.

BRKA

Bestuur van die RKA.

KERKE

Die onderskeie Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes) wat by wyse van afvaardiging in die sinodale vergadering (sinode) saamkom.

KURATORIUM

Die Sinodale Kommissie wat onder hierdie naam, volgens sy lasgewing in die Kerkorde, funksioneer.

FINANSIëLE KOMMISSIE (FK)

Die Sinodale Kommissie wat onder hierdie naam, volgens sy lasgewing in die Kerkorde, funksioneer.

TEOLOGIESE SKOOL

Die opleidingsinrigting vir predikante van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos deur die Sinode opgerig en beheer.

SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)

Die Sinodale Kommissie wat onder hierdie naam, volgens sy lasgewing in die Kerkorde, funksioneer.

KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)

Die Sinodale Kommissie wat onder hierdie naam, volgens sy lasgewing in die Kerkorde, funksioneer.

LEDE

Stemgeregtigde afgevaardigdes na die Sinode is ook lede van die RKA wanneer die RKA gekonstitueer word.

BESTUUR VAN RKA (BRKA)

Die Bestuur van die RKA soos deur die RKA op sy ledevergadering aangewys.

DIREKTEUR

Die hoofadministratiewe en hoofuitvoerende amptenaar van die BRKA wat deur die BRKA aangestel is.

ADMINISTRATEUR

Die amptenaar deur die BRKA aangestel om die Direkteur in administratiewe sake by te staan.

5. <u>KONSTITUSIE VAN DIE RKA</u>

5.1 Naam

Die naam van die Raad hier betrokke is RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (RKA) van die Afrikaanse

5.2 Samestelling

5.2.1 Elke Sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes word gekonstitueer as 'n ledevergadering van die RKA op 'n gekose tydstip en volgens eie besluit tydens elke Sinodesitting.

5.2.2 Al die AP Kerke (gemeentes) - die wat reeds bestaan asook elkeen wat nog gestig mag word - maak lede van die RKA uit.

5.2.3 Die RKA bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.

5.3 Bates

Alle roerende en onroerende bates wat deur die RKA verkry en beheer word, is die eiendom van die RKA, en vaste eiendom word in naam van die RAAD VIR KERKADMINISTRASIE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK geregistreer.

5.4 Bestuur

Die Bestuur van die RKA (BRKA) as orgaan van die RKA word deur die RKA saamgestel en funksioneer soos in die Reglement vir die BRKA, deur die RKA opgestel, uiteengesit.

5.5 Regspersoon

5.5.1 Die RKA is 'n regspersoon met die samestelling, regte, bevoegdhede, verpligtinge en funksies soos in sy konstitusie uiteengesit, en kan dagvaar en gedagvaar word in sy naam.

5.5.2 Die RKA het die bevoegdheid om regte en verpligtinge te hê, te verwerf, te vervreem of oor te dra afsonderlik van die regte en verpligtinge van die lede daarvan.

5.5.3 Geen bates van die RKA mag op enige wyse hoegenaamd onder lede of werknemers verdeel word nie, en dit mag alleen vir die bevordering van die doelstellings en uitvoering van die funksies daarvan aangewend word, met behoud van 5.9 (hieronder).

5.5.4 Die domicilium citandi et executandi van die RKA is Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria.

5.6 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die RKA is die volgende:

5.6.1 die administrasie van gemeenskaplike en gesamentlike bates en fondse onder sy beheer;

5.6.2 die verlening van finansiële en administratiewe hulp en bystand met die behartiging en/of afhandeling van opdragte en funksies van kommissies deur die Sinode benoem, indien daartoe versoek;

5.6.3 die verkryging en reëling van groeps- en ander versekering/assuransie;

5.6.4 die veilige bewaring van alle tersaaklike dokumentasie in 'n brandkluis;

5.6.5 die uitvoering van sodanige verpligtinge en opdragte as wat van tyd tot tyd deur die Sinode aan die RKA opgedra word.

5.7 LEDE EN VERGADERINGS

5.7.1 Alle Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes) in Sinodale verband/in Verbond is die samestellende lede van die RKA.

5.7.2 Elke Sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes vorm die ledevergadering van die RKA. So 'n ledevergadering word gekonstitueer, op 'n gekose tydstip gedurende die Sinodesitting, as RKA en neem RKA-besluite.

5.7.3 Die ledevergadering se bevoegdhede en pligte is die volgende:

5.7.3.1 die samestelling van die BRKA ooreenkomstig bepaling 5.4 van die konstitusie;

5.7.3.2 die behandeling van en besluite oor die termynverslag;

5.7.3.3 sodanige sake wat vir afhandeling deur die BRKA na die ledevergadering verwys word;

5.7.3.4 sodanige opdragte as wat in die lig van die konstitusie en reglement nodig blyk te wees;

5.7.3.5 goedkeuring van die begroting vir die volgende termyn en die bewilliging van die nodige fondse daarvoor;

5.7.3.6 enige besluite wat vir die behoorlike uitvoering van die doelstellings van die RKA nodig mag wees;

5.7.3.7 die wysiging of uitbreiding van die konstitusie en reglement, indien nodig;

5.7.4 Die voorsitter van die Sinode tree op as voorsitter van die ledevergadering.

5.7.5 Die skribaat van die ledevergadering word behartig deur die skribaat van die Sinode.

5.7.6 Die ledevergadering tree op ooreenkomstig die Ordereëls vir kerklike vergaderings soos deur die Sinode goedgekeur.

5.8 <u>WYSIGING VAN KONSTITUSIE</u>

Hierdie Konstitusie kan slegs deur 'n besluit van 'n ledevergadering gewysig word.

5.9 <u>ONTBINDING</u>

Wanneer die RKA in opdrag van die Sinode ontbind, moet alle eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende kerke na verhouding van die getal belydende lidmate van elke kerk verdeel word, tensy die Sinode anders besluit.

40

6. REGLEMENT VIR BRKA

6.1 Samestelling

Die BRKA word saamgestel soos die RKA besluit, en wel soos volg:

6.1.1(a) Die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie bestaan uit 5 lede plus secundi deur elke Sinode uit sy afgevaardigdes aangewys, plus een lid (met secundus) uit elk van die volgende kommissies: die SKK, die Kuratorium, die Finansiële Kommissie en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake. Hierdie vier kommissies beveel elkeen self sy verteenwoordiger op die RKA aan.

(b) Die Sinode besluit dat die Raad vir Kerkadministrasie (RKA) se Bestuur (wat enige regshandeling verrig uit hoofde van bevoegdhede kragtens die Konstitusie) nooit uit lede mag bestaan waarvan meer as 50% van die lede geordende predikante of teologiese opleidingspersoneel is nie.

Minstens 50% van die BRKA soos vermeld moet uit lidmate wat nie deur bogenoemde beletsel geraak word nie, bestaan.

6.1.2 Die BRKA het die reg om, volgens behoefte, 'n kundige persoon/persone te koöpteer met adviserende stem.

6.1.3 Die Bestuur verkies 'n voorsitter en ondervoorsitter uit eie geledere.

6.1.4 Die amptenaar (Direkteur) vir Kerkadministrasie tree op as sekretaris vir die BRKA, met adviserende stem, en in sy afwesigheid 'n lid deur die Bestuur aangewys.

6.2 Verantwoording

Die Bestuur is aan die ledevergadering verantwoordelik vir die uitvoering van pligte.

6.3 Dagbestuur

6.3.1 Die Dagbestuur bestaan uit minstens drie bestuurslede, nl. 'n voorsitter, ondervoorsitter en een of meer addisionele lede.

6.3.2 By die verkiesing van die Dagbestuur neem die Bestuur in ag dat die lede binne maklik bereikbare afstand van Pretoria behoort te wees.

6.3.3 Die voorsitter van die Bestuur is ook die voorsitter van die Dagbestuur.

6.3.4 Die sekretaris van die Bestuur is ook die sekretaris van die Dagbestuur.

6.4 Vergaderings

6.4.1 Die BRKA vergader minstens twee keer per jaar en verder so dikwels as wat nodig mag wees.

6.4.2 Vergaderings van die BRKA word opgeroep deur sy Dagbestuur of wanneer minstens twee Bestuurslede skriftelik sodanige versoek rig.

6.4.3 Die kworum van die Dagbestuur is drie lede.

6.5 Bevoegdhede en pligte van die BRKA

6.5.1 Eiendomme, goedere en fondse deur die BRKA verkry asook fondse onder beheer van die RKA as geregistreerde Welsyns- en Fondsinsamelingsorganisasie, word deur die BRKA geadministreer.

6.5.2 Die BRKA is bevoeg om enige regshandeling wat met die betrokke bates verband hou, te verrig, o.m.

6.5.2.1 om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse;

6.5.2.2 om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borg te gee, of op enige ander wyse te beswaar;

6.5.2.3 om gelde onder sy beheer te belê o.m. in aandele, skuldbriewe, staats- of munisipale effekte, by geregistreerde finansiële instellings, of uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goed dink, en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel.

6.5.3 In alle regsgedinge of in dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die BRKA sonder bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend op na raadpleging van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

6.5.4 Ten einde sy opdrag uit te voer, word alle stukke onderteken deur twee lede van die BRKA wat daartoe gemagtig is.

6.5.5 Die BRKA oefen toesig en beheer uit oor die Sentrale Kerkkantoor en personeel, eiendomme, toerusting, geboue, terreine en fondse onder sy beheer geplaas en alle werksaamhede aan hom opgedra, met verantwoording aan die ledevergadering.

6.5.6 Die BRKA kan, sonder om van sy oorspronklike bevoegdhede en verantwoordelikhede afstand te doen, sy bevoegdhede en verpligtinge vermeld in 6.5.5 hierbo, volgens sy diskresie aan die volgende persone, delegeer:

6.5.6.1 Die Direkteur en personeel;

6.5.6.2 kommissies deur die Bestuur uit sy geledere benoem.

6.5.7 Personeel

6.5.7.1 Die BRKA stel 'n amptenaar (Direkteur) vir Kerkadministrasie aan en sodanige ander personeellede as wat hy nodig ag, waar nodig ook in oorleg met die betrokke kommissies.

6.5.7.2 Die BRKA skep die nodige poste soos die begroting toelaat, stel die verantwoordelikhede en werkopdragte vir die verskillende poste vas (bv. dienskontrakte volgens landswette) volgens behoeftes van die betrokke Kommissies.

6.5.7.3 Die BRKA stel die diensvoorwaardes, salarisse en ander diensvoordele van die personeel vas en hersien dit wanneer nodig, in oorleg met die betrokke Kommissies.

6.5.7.4 Die BRKA neem 'n getrouheidswaarborgpolis uit ter versekering van aanspreeklikheid vir verliese wat uit hantering van fondse deur die personeel mag voortspruit. Die koste daaraan verbonde word uit die fondse van die RKA vereffen.

6.5.8 Finansies

6.5.8.1 Die BRKA beheer en administreer alle gelde en fondse deur die ledevergadering onder sy beheer geplaas.

6.5.8.2 Die BRKA vorder sodanige gelde in as wat kragtens besluite van die sinode deur die kerke in kerkverband verskuldig is.

6.5.8.3 Die BRKA belê gelde van fondse wat deur die BRKA geadministreer word in oorleg met advies deur beleggingsdeskundiges.

6.5.8.4 Die BRKA kanaliseer alle fondse wat deur die Sinode aan permanente kommissies toegewys is.

6.5.8.5 Die BRKA raadpleeg die FK van die Sinode oor alle begrotingsaangeleenthede.

6.5.9 Beheer en administrasie van eie fondse

6.5.9.1 Die BRKA open sodanige bankrekenings as wat hy in sy diskresie nodig ag.

6.5.9.2 Die BRKA gaan sodanige uitgawes aan as wat vir die behoorlike uitvoering van die doelstellings en funksies van RKA nodig is.

6.5.9.3 Die BRKA dra sorg dat die boeke jaarliks deur 'n geoktrooieerde rekenmeester geouditeer word.

BRKAKONS.DOC/aa

BYLAE SKK 2

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG AAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE I/S BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

1. Die SKK het my en mnr P Venter benoem as verteenwoordigers van die Afrikaanse Protestantse Kerk op die Johannesburgse Streekraad van die Bybelgenootskap.

2. Vergaderings bygewoon: 1 Maart 1990

3. Vergaderings nie bygewoon nie: 26 April 1990
Rede: Siekte.

4. Mnr P Venter het die Kerk bedank en mnr G Gouws is in sy plek aangewys as Primarius, en mnr R Palm as sekundus.

5. Die Bybelgenootskap stuur gewoonlik aan Kerke 'n volledige verslag.

AJ TAUTE

BYLAE SKK 3

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE: 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG : VAALTERREINBEPLANNINGSKOMMISSIE
(hierna genoem VBK)

1. OPDRAGTE

1.1 Die Sinode besluit dat die VBK bly voortbestaan, en dat die Kommissie 'n behoeftebepaling moet doen vir voorlegging aan die volgende Sinode.

1.2 Dat 'n nuwe skenkingsakte dadelik opgestel word en dat 'n wysiging op die aansoek om onderverdeling ingedien word.

1.3 Dat mnr BJ van de Vyver kan voortgaan met registrasie van die grond.

1.4 Dat die VBK kan voortgaan met hulle beplanning t.o.v. die ontwikkeling van die terrein.

1.5 Die Sinode besluit dat die Kommissie moet begin met die beplanning van dienste, soos riolering, elektrisiteits- en watervoorsiening.

2. WERKSAAMHEDE

2.1 Die VBK het gekonstitueer met prof A Swart as voorsitter en ds IA Brink as skriba.

2.2 Opdrag is aan mnr J van de Vyver gegee om 'n nuwe skenkingsakte op te stel en weer aansoek te doen vir onderverdeling.

2.3 Die landmeter het 'n nuwe kaart opgestel en aansoek om onderverdeling is op 15 Februarie 1990 deur die Provinsiale Administrasie van die Vrystaat goedgekeur onderhewig aan die goedkeuring van die Departement Landbou.

2.4 Opdrag om oor te gaan tot registrasie is gegee deur die Direkteur van Kerkadministrasie aan die prokureur mnr BJ van de Vyver.

2.5 'n Behoeftebepaling is gedoen en as gevolg van verskeie probleme is besluit om die SKK te versoek om 'n vergadering te belê tussen die SKK, Kuratorium, Finansiële Kommissie, BRKA en die VBK ten einde saam te besin oor die behoeftes en die optrede vorentoe.

2.6 Die genoemde vergadering het plaasgevind op 20 Maart by die Sentrale Kerkkantoor.

2.7 Die vloedwaterlyn is verkry van die Departement van Waterwese en op die kaart aangebring. Dit is nodig vir die Makro-beplanning en kan veral deur APK Graniet gebruik word.

2.8 Die beplanning van dienste staan oor tot na die terreinuitleg voltooi is en daar besluit is wat waar geplaas word.

2.9 Ds JN Joubert is tans besig met 'n terreinuitlegplan.

2.10 Werklike beplanning kan nie gedoen word voor die registrasie nie afgehandel is nie. Die risiko bly altyd daar om uitgawes aan te gaan op 'n terrein wat nog nie aan die RKA behoort nie.

3. **AANBEVELINGS**

Die Sinode besluit:

3.1 dat voorkeur gegee word aan die oprigting van 'n konferensiesentrum met die nodige eetgeriewe en huisvesting;

3.2 dat die VBK twee voorleggings vir die konferensiesentrums en die nodige geriewe aan 'n volgende Sinode moet maak, een wat voorsiening maak vir 1 000 mense en een vir 200 mense;

3.3 dat die VBK steeds die samewerking van die APK Graniet sal soek t.o.v. die benutting van geriewe oor en weer;

3.4 dat die VBK 'n voorlegging aan 'n Sinode moet maak t.o.v. die totale beraamde koste, oprigting en bedryf, t.o.v. die konferensiesentrums. Die Finansiële Kommissie moet hierin saamwerk en hulle wenke en moontlike wyses van finansiering ook voorlê;

3.5 dat die samewerking van APK Kerke gesoek word deurdat hulle hul eie huise op die terrein kan oprig;

3.6 dat die VBK bestaan uit 5 lede deur die BRKA benoem met afgevaardigdes van APK Graniet. Die Kommissie besit die reg om kundiges op 'n ad-hoc basis te koöpteer;

3.7 dat die VBK kan voortgaan met die beplanning in ooreenstemming met vorige Sinodebesluite;

3.8 dat 'n paslike naam aan die terrein gegee word.

4. Die VBK vertrou dat hy hiermee sy taak uitgevoer het.

5. LEDE

Di.	A	Boshoff	
	JN	Joubert	
	IA	Brink	
	L	Jacobs	(APK Graniet)
Prof	A	Swart	
Mnr	E	Bosman	

VOORSITTER
PROF A SWART

SKRIBA
DS IA BRINK

BEGROTING - VAALTERREINBEPLANNINGSKOMMISSIE

Die volgende uitgawes word voorsien vir die komende jaar:

1.	Kartering	R1 000
2.	Administratiewe koste Prokureur Planne Dienste	R4 000
3.	Landmeter	R1 000
4.	Vergaderings	R3 000
5.	Professionele dienste Argitek Ingenieur	R2 000
	TOTAAL	R11 000

BYLAE SKK 4

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

Die Vroueaksie (VA)

1. Op die Sinode van 1989 te Parys is die hele saak rondom die VA (Agenda van Sinode (1989, pp. 338-351) wat nie deur die Sinode afgehandel kon word nie, vir bespreking na die SKK, KKS en VA verwys (Handelinge 1989, p. 513).

2. Die SKK het so 'n ontmoeting gereël vir 20/3/1990 maar die KKS het kennis van afwesigheid gegee. Die SKK en Dagbestuur van die VA se Algemene Komitee (AK) het voortgegaan met die gesprek. (SKK-lede wat ook by die KKS betrokke is, het hulself vrywillig onttrek aan die gesprek).

3. Die SKK en VA-verteenwoordigers het gesamentlik besluit

   3.1 dat die VA 'n verslag sal opstel waarin hulle reageer op KKS se verslag aan die Sinode (1989), en reageer op die KKS se onttrekking aan die samesprekings van SKK, KKS en VA;

   3.2 dat bogencemde verslag aan die SKK voorgelê sal word wat sal besluit hoe die SKK die verslag aan die Sinode (1990) gaan voorlê. (Die SKK het besluit om die verslag (effens verkort maar) ongewysig vir kennisname aan die Sinode voor te lê as BYLAE SKK 4.1);

   3.3 dat SKK sy eie verslag oor die VA aan die Sinode gaan voorlê. (Die SKK lê sy eie verslag oor die VA voor as BYLAE SKK 4 en 4.2);

4. Op 22/6/1990 het die SKK en die KKS mekaar ontmoet en die volgende besluite eenparig geneem:

   4.1 Dat die samespreking nie handel oor die meriete van sake in die verslag van die KKS aan die Sinode van 1989 nie, maar slegs oor aangeleenthede in die verslag wat ongelukkigheid veroorsaak.

   4.2 Die meriete van sake in die KKS-verslag kan slegs aangeraak word insoverre dit bydra tot ongelukkigheid.

   4.3 Die vraag of die KKS die VA gaan ontmoet word aan die KKS oorgelaat.

4.4 Na indringende gesprek besluit die vergadering eenparig dat die volgende verklaring daaroor genotuleer word:

Die KKS en SKK het op 22/6/1990 'n openhartige en indringende gesprek gevoer oor sekere belange van die APK. Die Kommissies is tevrede dat sekere misverstande uit die weg geruim is, en is dankbaar dat die gesprek kon plaasvind.

5. Die SKK lê dus BYLAE SKK 4 en BYLAE SKK 4.1 en 4.2 aan die Sinode voor sonder dat hy kennis dra van wat in die KKS se verslag oor die VA staan, en sonder dat hy kennis dra of die KKS die VA (of verteenwoordigers van die VA) ontmoet het.

6. Aanbevelings

6.1 Die Sinode betuig sy waardering vir wat vroue van die APK deur die VA, geldelik en andersins, bygedra het tot opbou van hul eie gemeentes maar ook tot bevordering van die AP Kerk as geheel en sy belange.

6.2 Die Sinode laat dit aan elke Kerkraad en gemeente oor om te besluit of die gemeentesusters by die VA wil inskakel of op 'n ander wyse hul sustersdiens wil lewer.

SKKVBY1/wjgl/aa

BYLAE SKK 4.1

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

1. REAKSIE OP KKS ONTTREKKING AAN SAMESPREKINGS MET VROUEAKSIE EN SKK

Die APK - Vroueaksie is vandag baie dankbaar vir die besondere samewerking wat daar nog altyd bestaan tussen die APK - Vroueaksie en die SKK en bedank graag die SKK dat ons vrymoedigheid kan hê om aan te klop vir raad en leiding.

Die Vroueaksie betreur die optrede van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) om nie aan die samesprekings deel te neem nie. Die Vroueaksie sou graag van dié geleentheid gebruik wou maak om enige onduidelikheid wat daar moontlik kon bestaan, uit die weg te ruim.

2. REAKSIE OP KKS SE VERSLAG AAN SINODE 1989

2.1 Algemeen

In die lig van die feit dat die KKS hom onttrek het aan die gesprekvoering, is die Vroueaksie se Algemene Komitee (AK) versoek om te reageer op die KKS-verslag aan die 1989 Sinode.

Die Vroueaksie-AK antwoord soos volg:

2.2.1. Ontstaan van Vroueaksie

Die APK - Vroueaksie het sy ontstaan te danke aan die spontane reaksie en versoek van vrouelidmate landwyd wat direk na afloop van die stigting van die APK ook graag deel wou wees van vrouelidmate landswyd.

Die Komitee vir Kerkstigting (KVK) het destyds 'n loodskomitee benoem wat die moontlikheid om susters landswyd byeen te bring moes ondersoek. Die eerste susterskonferensie vind plaas op 2-4 November 1987, tydens die eerste Sinodesitting en die amptelike opening van die Susterskonferensie word saam met die

amptelike opening van die Sinode gehou. Geen beswaar, kommentaar of kritiek oor die wenslikheid en bestaan van 'n APK - Vroueaksie (soos dit voortaan genoem sou word) is hier, geopper nie.

2.1.2 Vroueaksie gesprekvoering

Met verloop van tyd het vrae by sekere persone ontstaan oor die wese, aard en bestaansreg van die Vroueaksie in die lig van die Kerkorde. Tydens 'n APK - Vroueaksie- Dagbestuursvergadering (22 Jan. 1988) aan huis van die Voorsitter van die destydse Regskommissie (ds. A.S. van Jaarsveld) is raad in dié verband gevra. Daar was egter geen duidelikheid oor die aangeleentheid nie. Die verhoudinge tussen die Regskommissie en die Vroueaksie was op daardie stadium kerngesond.

Tydens die Sinode van 1988 se bespreking van die Vroueaksie het die Voorsitter van die Regskommissie gesê dat die Vroueaksie nie bereid was tot gesprekvoering nie. Die Vroueaksie rig, in die laaste oomblikke van die Sinode, 'n versoek tot die Sinode dat 'n regstelling aangebring sal word, aangesien die Vroueaksie oor korrespondensie beskik waar hulle vra vir gesprekvoering. Ds. A.S. van Jaarsveld antwoord in sy skrywe (13.9.1988) dat so 'n gesprek tussen die KKS en die AK van die Vroueaksie noodsaaklik is, maar nie plaasgevind het nie.

Op die Sinode van 1989 (Parys) kom die noodsaaklikheid van so 'n gesprek weer ter sprake. 'n Gespreksgeleentheid tussen KKS, SKK en die AK van die Vroueaksie word gereël maar die KKS laat weet dat hy nie teenwoordig sal wees nie. Die noodsaaklike gesprek vind dus weer eens nie plaas nie. Die Vroueaksie vind dit vreemd dat waar daar wel 'n geleentheid tot gesprekvoering geskep is, die KKS nie daarvan gebruik gemaak het nie.

Verwag ons as vrouelidmate van ons kerk wat ons kerk wil dien, te veel as ons verwag dat die KKS wat oorwegend uit predikante van ons kerk bestaan,

inisiatief sou neem tot 'n gesprek wat noodsaaklik geag word, reeds kort na die Sinode van 1988?

3. KRITIEK TEEN DIE VROUEAKSIE

Die kritiek teen die Vroueaksie en sy werksaamhede is hoofsaaklik geopper deur enkele persone wie se gedagtes en vrese - gegrond op ander kerke en kerkgenootskappe se optrede in die verlede - oorgedra is na die APK - Vroueaksie.

Die kritiek het sy beslag gevind, in die besonder in 'n enkele kommissie nl. die KKS wat van sy "reg" gebruik gemaak het om die Vroueaksie "Skriftuurlik" en "Kerkregtelik" te veroordeel. (Sien KKS verslag 1989 Sinode).

Hierdie verslag spreek van krasse woorde, 'n liefdelose gesindheid, sonder dat daar 'n enkele keer, selfs na 'n opdrag van die Sinode, met die Vroueaksie gesprek gevoer is om die ware en feitelike situasie te verkry.

Daar is in die afgelope drie jaar van die APK se bestaan geen enkele klag ingedien, by die Sinode of enige ander kerklike liggaam, teen die Vroueaksie se Algemene Komitee t.o.v. oorheersing, inmenging in gemeenteverband of voorskriftelike optrede nie.

Dit is hartseer dat selfs tydens Sinodesittings propaganda deur enkele persone teen die Vroueaksie gemaak word, terwyl die gemeentelike Vroueaksies deur entoesiasme en ywer nie alleen groot finansiële bydraes tot gemeentes gemaak het nie, maar ook meelewend in die gemeente saamwerk om "God met blydskap te dien".

2.1.4 Ten slotte

In die lig van bogenoemde mag wel gevra word op grond waarvan die APK - Vroueaksie - in sy huidige vorm - veroordeel, en na vrouelidmate as "indringers" in die gemeente verwys word. (p. 340, 65.2.6)

2.2 Reaksie op spesifieke punte van KKS-verslag (1989 sinode)

64 **AP KERK CULLINAN-RAYTON**

BESKRYWINGSPUNT 64.1.8 - 64.1.12: Die AK van die Vroueaksie antwoord soos volg.

64.1.8 In 64.1.8 word die aanname gemaak dat 'n aksie in die kerkverband oorkoepelend is

en gemeentegrense negeer. Met die Vroueaksie is dit nie so nie. In wese funksioneer die Vroueaksie binne die grense van 'n gemeente en wil onder die toesig van die Kerkraad staan met rapport van alle aktiwiteite aan die Kerkraad. Deelname aan die Vroueaksie is vrywillig en vroue sluit nie formeel aan nie.

64.1.9 Die Algemene Komitee (AK) van die Vroueaksie, gekies deur Vroueaksies wat saamkom vir 'n konferensie, ageer as reëlingskomitee wat konferensies reël, basiese opdragte uitvoer en wenke koördineer. Die Algemene Komitee het geen magte en gee hulself geen magte om by gemeentes in te meng nie. Hulle gee geen voorskrifte aan gemeentelike Vroueaksies nie en daar is nog nooit heffinge geplaas op lidmate van 'n gemeente nie. Dit staan enige vrouelidmaat te enige tyd vry om haar te assosieer met die sake wat haar na aan die hart lê en vrywillig aan so 'n aksie 'n bydrae te maak.

64.1.10 Dit is dus onwaar as daar in 64.1.10 gesê word dat "die aksie, veral die bestuur, hulself regte voorregte en bevoegdhede veroorloof". Die plaaslike Vroueaksies help slegs om vroue in die gemeente binne hulle eie aard en belangstelling te aktiveer sonder om enige gereformeerde kerkregtelike vereiste te "verkrag".

64.1.11 Omdat dit die plaaslike Vroueaksie is wat binne die gemeentegrense funksioneer en nié die Algemene Komitee van die Vroueaksie nie, is daar geensins sprake van dat daar volgens 64.1.11 'n oorkoepelende inmenging in die plaaslike gemeente is nie. Elke gemeente se Vroueaksie word georganiseer volgens die behoefte van die gemeente.

64.1.12 Volgens 64.1.12 word dubbele lojaliteit deur 'n aksie geskep. Dit is beslis nie waar in die Afrikaanse Protestantse Kerk nie. Ons mense se lojaliteit lê by ons kerk, of daar 'n Vroueaksie is of nie. Die Vroueaksie het tot dusver nog net hierdie lojaliteit teenoor die kerk aangemoedig en bevorder en daar is geen sprake van dubbele lojaliteit nie.

65. **RING VAN KLERKSDORP**

65.1 BESKRYWINGSPUNT: I/S DIE APK - VROUEAKSIE

65.1.1 Die wyse waarop die gemeente die Vroueaksie binne gemeenteverband of as "hulpdiens" vir die Kerkraad aanwend, berus totaal op hul eie behoeftes en die Vroueaksie se AK tree hoegenaamd nie tot dié terrein of verhouding van die Kerkraad tot aksies binne die gemeente toe nie.

65.1.2 Dit staan enige persoon, aksie of instansie vry om aansoek te doen vir plasingsruimte in "Die Boodskapper". Ruimte word aangekoop deur die Vroueaksie uit vrywillige Vroueaksiefondse en die Vroueaksie word presies op dieselfde wyse hanteer as enige ander APK adverteerder wat APK-sake adverteer. 'n Organisasie/ firma/individu behou die reg om te plaas wat hy wil in "aangekoopte ruimte" - onderhewig aan die goedkeuring van die Redaksie.

Alle artikels, rubrieke, advertensies en bylaes is nie vir elke leser van belang nie. Dit is elke leser se goeie reg om te lees wat hy wil - gun egter 'n ander leser om sy/haar goeie reg uit te oefen.

"Die Boodskapper"redaksie maak reeds voorsiening vir die benoeming of verkiesing van 'n Vroueverteenwoordiger wat Vrouesake landswyd hanteer. Indien die rubriek onder 'n bepaalde "naam" moet verskyn, kan so 'n versoek deur enige lidmaat skriftelik aan "Die Boodskapper"-redaksie gerig word wat daaroor sal besluit. Geen sodanige versoek is in die afgelope drie jaar ontvang nie.

65.1.3 Die reël van 'n konferensie op uitnodiging van 'n plaaslike gemeente/kerkraad in streeksverband is nog altyd aangemoedig, maar die reël van 'n Algemene landswye konferensie deur 'n kerkraad is onprakties, aangesien groot kostes en administrasie t.o.v. sprekers en reëlings vereis word. Indien 'n betrokke kerkraad die agenda moet finaliseer waaraan ander gemeentes deel sou hê, beweeg hy ook mos oor gemeentegrense heen.

65.1.4 Indien die konferensie 'n gemeente (kerkraad) sou aanwys of versoek om 'n konferensie te reël word ingemeng met huishoudelike sake en voorskriftelik opgetree. Die Vroueaksie weerhou hulle van voorskriftelike optrede en inmenging.

65.2.1 Ons antwoord:

1. Die APK-Vroueaksie word deur duisende APK-manne vertrou en kerkrade keur vooraf hulle werksprogramme goed.

2. Die Vroueaksie se ywerige werksters in 'n groot getal gemeentes gaan tot aksie oor: net in die eerste 9 maande van 1989 samel hulle R200 000 in waarvan R30 000 aan die SKK en Kuratorium oorbetaal en die res (R170 000) in die gemeentes bestee is, plus nog R2 269 wat aan die Kuratorium oorbetaal is vir onderrighulpmiddele en R1 514 vir die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds en R1 000 vir die "Uit Genade Alleenfonds". Bogemelde sluit nie die honderdduisende rand in wat die vroue saam met hulle mans en kinders ingevorder het tydens kermisse en ander funksies nie.

3. Die APK-Vroueaksie openbaar inisiatief:

   Koop orrels en ander gemeentelike benodigdhede. Help orals met gewillige hande kerke bou.

4. Die APK-Vroueaksie gee leiding:

   Deur publikasie van 'n eie nuusbrief saam met "Die Boodskapper", word leersame, goue gedagtes versprei en hulle betaal kontant R800 vir elke uitgawe.

5. APK-Vroue gee noulettend aandag aan die materiële en geestelike behoeftes van hulle gesinslede en probeer in biddende opsien tot die Here daarin voorsien. Hulle help met Verbondsonderrig en dien, waar moontlik in organisasies wat te doen het met onderwys en opvoeding om hulle goeie invloed te laat geld.

6. APK-Vroueaksie besoek siekes in hospitale en tuis, oorhandig of pos kaartjies met bemoedigende woorde, trooswoorde en woorde van vriendelike meelewing.

7. Binne en buite kerkrade word met groot agting en dankbaarheid van die aksies of werksaamhede van die Vroue-aksie in die gemeentes kennis geneem. Hulle is nie 'n bedreiging vir kerkrade nie, maar lewer onontbeerlike hulpdienste - met goedkeuring van kerkrade.

65.2.2 Die Skrif gee hom nie uit om in detail elke gemeente se werksaamhede uit te spel nie. Dit is 'n oormatige beklemtoning van Skrifgetuienis. Dan kan ons ook redeneer dat bv. die samestelling van 'n sinode nie in die Skrif voorkom nie en dat daar nie so-iets soos 'n ringsvergadering moet bestaan nie. Hierdie ordelike organisering van die kerk gaan tog om die welwese van die kerk en ook om die verskeidenheid te erken en voorsiening te maak vir die verskillende behoeftes. Dit is ook deur die jare bewys 'n ordelike werkswyse in gemeentes te wees. Dit is net prakties en het niks te doen met groepvorming nie.

Wat wel ernstige probleme in die geskiedenis gegee het, was die feit dat as die kerk nié rekening hou daarmee om vir bepaalde groepe voorsiening te maak soos bv. vir die jeug en vroue nie, dáárdie groepe uitgedryf word in verenigings wat dán ernstige dubbele lojaliteite skep.. Voorbeelde hiervan is die stryd in die verlede met die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en die A.C.V.V.

2.3 Verdere kommentaar op die verslag van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake, voorgelê aan die sinode van November 1989

65.2.3 Die KKS se bewoording onder hierdie punt vra die Sinode dat 'n geskikte ouderling die samekomste van die vrouelidmate vir advies en toesig sal bywoon. Hierop wil ons die volgende antwoord gee:

Vrouelidmate is (soos manslidmate) belydende lidmate wat hulle gewillig onderwerp het aan die leer en belydenis van die kerk en hulle gestel het onder die opsig en tug van die kerkraad. Indien dié voorstel van die KKS tot uitvoer gebring sou word, sou daarmee die indruk gewek word dat die vrouelidmate nie vertrou word nie. Watter rede is daar vir so 'n gebrek aan vertroue? Die voorstel van die KKS wek verder die skyn asof die vrouelidmate agteraf die gesag van die kerkraad ondermyn. Selfs waar die susters van tyd tot tyd as groep Bybelstudie doen aan die hand van goedgekeurde handleidings, moet die ouderling dan kom toesig hou, blykbaar om te waak teen dwaalleer!

Hierdie skynbare wantroue van die KKS in die goeie bedoelings van die vroue, vind ons teleurstellend en bedroewend. Ons het ons tot hiertoe verbind om getroue en gehoorsame lidmate van die kerk te wees en ons hulpdiens in onderworpenheid aan die kerkraad te verrig. Indien daar by lede van die Vroueaksie enige onsekerheid oor die Skrif en die kerkleer voorkom, soek ons graag die leiding van die leraar en die kerkraad.

In die Nuwe Testament lees ons ses keer van Aquila en Priscilla. Die naam van die vrou Priscilla word drie keer eerste genoem (bv. Hand. 18:18 en Rom. 16:3). Dit wek die indruk dat sy die leidende persoon was. Dit was hierdie egpaar (Priscilla óók) wat vir Apollos die evangelis, noukeuriger die weg van God uitgelê het (Hand. 18:26).

Maar ons Vroueaksie werk onder toesig van ons Kerkraad. As 'n Kerkraad dit nodig vind, kan hy te enige tyd kom toesighou waar sy vrouelidmate in die Vroueaksie byeenkom. Laat elke Kerkraad egter die vryheid geniet om self te besluit of hy by samekomste van die Vroueaksie wil kom toesig hou en - wanneer hy dit wil doen.

65.2.4 Die Vroueaksie het nog nooit vir sy bestaan n beroep gedoen op Skrif- en Belydenisgronde nie. Die aanduiding van die KKS dat die Vroueaksie in sy opset en funksionering 'n "aparte organisasie" is, is nie korrek nie. Die Vroueaksie bestaan juis binne en saam met die gemeente en die kerk om vrywillige hulpdiens te verrig. Ons wil geensins "apart" wees nie maar 'n integrale deel van die lewende gemeente! Die verdere aanduiding van die KKS dat ons 'n "oorkoepelende organisasie met eie gesagstruktuur oor alle Vroueaksies landswyd" is, is eweneens nie die waarheid nie. Die Vroueaksie bestuur het nog nooit enige dwang of gesag probeer uitoefen nie, maar nog altyd die vrywillige inskakeling en deelname beklemtoon.

Die bewering dat ons "aanmatigend" optree vind ons 'n jammerlike liefdeloosheid van die kant van die KKS. Slegs een keer het die Vroueaksie Bestuur t.o.v. 'n sinodebesluit gereageer dat dit vir ons onuitvoerbaar is. Dit het naamlik gegaan oor die besluit dat alle gelde wat deur die Vroueaksie ingesamel word, deur die SKK geadministreer moet word. As dit enigsins uitvoerbaar was, sou ons graag daaraan gehoorsaam wou wees en ons sal graag weë soek om die korrekte handeling uit te voer.

65.2.5 Die sterk taal wat die KKS gebruik as daar op skrif in 'n agenda van die sinode gestel word dat 'n "onuitwisbare indruk" geskep is dat die Vroueaksie 'n "vroue-kerkraad met allerlei seggenskap" wil wees, is vir ons 'n totaal ongegronde bewering wat seermaak en baie skade aan die werk van die Here Jesus Christus berokken het. Dit is eenvoudig net nie die waarheid dat die Vroueaksie gewoonlik bestaan uit die eggenotes van kerkraadslede nie. Oortree die KKS hier nie die negende gebod nie? Daar is talle en talle vrouelidmate wat nie eggenotes van kerkraadslede is nie, wat vrywillig en heelhartig, V.A. werksaamhede verrig. Oor die bewering dat ons ons beskou as 'n "uitgelese groepie" sal die KKS maar self aan die Koning van die Kerk verantwoording moet doen in die lig van Jak. 3.

65.2.6 Dit is wat die Vroueaksie betref 'n huishoudelike aangeleentheid en dit staan elke kerkraad vry om na goeddunke in hul situasie te handel en te besluit of vrouelidmate sittingsreg moet hê. Die A.K. van die Vroueaksie maak geen aanbevelings in dié verband aan vrouelidmate of gemeentes nie.

60.

Die "ongesonde en onskriftelike indringing van vrouelidmate op die terreine van die besondere ampte ...." is 'n growwe belediging en veralgemening na die kant van entoesiastiese meelewende vrouelidmate. Dit is verregaande om te beweer dat hierdie "situasie" nooit sou ontstaan het as daar nie 'n Vroueaksie was nie. Interessantheidshalwe: Tydens die eerste (Vroueaksie) Susterskonferensie 1987 het die vroue gevra om op 'n informele wyse te gesels oor die vrou in die amp d.w.s. leraar, ouderling en diaken. Dit mag insiggewend wees om te besef dat vrouelidmate eenparig gevoel het dat hulle nie die terreine wil betree nie! Vanwaar dan die "indringing van vrouelidmate op die terreine van die ampte?" Praktiese voorbeelde van waar dit wel al plaasgevind het is nie in die APK bekend nie

Kommentaar op "Sarie Skryf"

"Die Boodskapper", April 1989, No. 18, Sarie skryf:

"Na die ete het die Kerkraadslede na een lokaal en die vroue na 'n ander gegaan om te konfereer oor gemeentelike werksaamhede, Vroueaksiebedrywighede ens. Nadat ons vir bykans twee ure gekonfereer het, het die vroue die Kerkraad ontmoet en hulle saamgevatte gedagtes aan hulle oorgedra vir óf verwerping óf aanvaarding by die Kerkraadsvergadering wat die volgende week gehou sou word". Uit hierdie aanhaling blyk net een ding: die Vroueaksie lê hulle beplanning van werksaamhede vir verwerping of goedkeuring voor aan die hoogste gesagsliggaam van die gemeente nl. die Kerkraad. Die verwysing na hierdie "brief" van Sarie (op bl. 340) is om die minste daarvan te sê misplaas, kwaadwillig en beledigend. Voorts sal die leraar van dié betrokke gemeente die sinode kan meedeel dat die Kerkraad sonder die hulpdiens van die ywerige Vroueaksie daar nouliks kan voortgaan om hulle gemeentelike verpligtinge en kerkbouaktiwiteite wel te hou.

65.2.7 Alle advertensies, artikels, nuusbriewe ens. verdien 50% korting indien die instansie/lidmaat 'n APK lidmaat is wat APK-sake adverteer. Sien ook antwoord by 65.1.2.

65.3.3 In ons kommentaar op 65.2.3 het ons dit reeds gestel dat die Vroueaksie wil bestaan en opereer onder die gesag en toesig van die kerkraad ook wat hulle fondse aanbetref. Periodiek word daar wel aan die

Kerkraad verslag gedoen. Die bestaan van die Vroueaksie is bedoel om die werksaamhede van die vroue te reël, te inspireer en te koördineer, sodat hulle aan die kerkraad verslag sal kan doen dat dit ordelik geskied het. Om die werk van die vroue (en die Vroueaksie asook bv. die Jeugaksies) te wil dood druk soos die KKS dit wil doen, sal groot skade aan die werk van die Here in baie gemeentes tot gevolg hê en 'n groot leemte laat.

65.3.4 Kyk ons kommentaar op 65.1.3 en 65.1.4.

65.3.5 Die A.K. van die Vroueaksie beveel aan dat die status quo gehandhaaf word m.b.t. Vroueaksiewerksaamhede, aangesien die eenvoudige stelsel tans sonder probleme funksioneer.

65.3.6 Dit word reeds so deur Vrouelidmate gedoen.

ROOASMV.SKK/aa

BYLAE SKK 4.2

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

BETREFFENDE DIE VROUEAKSIE (VA) EN SY ORGANISASIE SOOS IN SY HANDLEIDING EN INLIGTINGSTUKKE (AAN SINODEGANGERS) VERVAT, IS DIE SKK OORTUIG DAT DIE VA VOLLE BESTAANSREG HET IN DIE APK

* omdat kerklike lidmaatskap soos in die Kerkorde bedoel op geen wyse aangetas word nie;

* omdat nòg die Heilige Skrif, nòg die Belydenisgeskrifte nòg die goedgekeurde Kerkorde op enige wyse aangetas word;

* omdat deelname aan die VA deur 'n gemeente volkome vrywillig is;

* omdat deelname van 'n vrouelidmaat aan die VA in 'n gemeente volkome vrywillig is;

* omdat geldelike bydraes deur 'n vrouelidmaat tot die kas van haar gemeente se VA volkome vrywillig is;

* omdat bydraes van gemeentelike Vroueaksies tot die Algemene Komitee (AK) se kas, volkome vrywillig is;

* omdat die VA en sy AK nie voorskriftelik of dwingend optree nie;

* omdat die VA en sy AK geensins inmeng in die sake van gemeentes nie;

* omdat die VA te alle tye onder toesig van die Kerkraad staan, wil staan en aan die Kerkraad verslag wil lewer van sy werksaamhede;

* omdat die VA self verklaar dat hulle as lidmate van hulle plaaslike gemeentes te alle tye aan hulle kerk en sy belange lojaal wil wees.

SKKVABY/wjgl/aa

BYLAE SKK 5

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder
blanke Afrikaners)
- TYGERBERG -

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

Posbus 126
PANORAMA
7506

27/11/1989

Die Voorsitter
SKK Dagbestuur
Posbus 4776
PRETORIA
0001

Geagte Voorsitter

SINODEBESLUIT INSAKE CHILIASME

As afgevaardigde na die onlangse sinode het ek aan die kerkraad verslag gedoen met betrekking tot aanbevelings en besluite geneem en ek het opdrag ontvang om beswaar aan te teken teen die besluit om Chiliasme as "kettery" te brandmerk en om teen leraars en lidmate wat die Chiliastiese beskouing huldig op te tree. Myns insiens was hierdie saak net voor die afsluiting van die sinode oorhaastig geneem. Alhoewel die voorsitter besprekings toegelaat het, het hy aanhoudend daarop gewys dat die sinode nie volgens tydrooster sal kan afsluit nie. 'n Saak soos hierdie wat die kerk se toekoms ernstig raak kan nie so ligtelik opgeneem word nie. Daar moet onthou word dat lidmate hulle kerke waaraan hulle baie jare behoort het na baie gebede en wroeging verlaat het om met niks 'n totale nuwe begin te maak. Die stryd, broer voorsitter wat ons hier aan die suidpunt moet stry is baie moeiliker as wat 'n stryd in die noorde is en ons is nie van plan om 'n besluit van die sinode wat ons uiters nadelig raak net so te aanvaar nie.

Indien daar na bladsy 60 van die notule van die 1988 sinode gekyk word, sal u sien dat die aanbeveling ten opsigte van Chiliasme soos volg lees:

(I) Goedgekeur.
(II) Nie goedgekeur nie.

Die volgende amendement word in plaas van (II) aanvaar.

1. Die sinode dra dit aan die permanente kommissie van kerkleer en Belydenis op om 'n deeglike of deurtastende studie van die volgende te maak:

   a) Chiliasme.
   b) Anti Chiliasme
   c) Bybelse leer daaromtrent vir 'n volledige verslag aan die volgende sinode.

2. Die sinode beveel by alle gemeentelede aan dat hulle hele lewenswandel in diens sal staan in die vermaning van ons Meester. "Waak dan en bid altyddeur sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" Lukas 21:36 C.J. Prins en F.H. Boltman.

Opmerkings:-

(1) Geen sodanige volledige verslag van die permanente kommissie van kerkleer en etiese norme aan die sinode van 1989 in die agenda van die sinode voorgekom nie.

(2) In die agenda van 1989 was daar ook nie die deeglike studie of deurtastende studies van a, b en c nie.

(3) Aangesien die permanente kommissie van kerkleer en etiese norme blykbaar nagelaat het om die opdrag van die sinode behoorlik uit te voer en die 1989 sinode slegs bedien is deur die tydelike kommissie van kerkleer en etiese norme se onvolledige verslag versoek die kerkraad van Tygerberg:

   (a) Dat revisie van die 1989 sinode se besluit oor chiliasme aangevra word.

   (b) Dat u hierdie besluit van die sinode as ongeldig sal verklaar en alle kerkrade dienooreenkomstig sonder versuim sal verwittig.

Indien daar nie aan hierdie versoek voldoen word nie maak die kerkraad en gemeente beswaar teen al die besluite van die 1989 sinode en beskou dan die hele sinodesitting as ongeldig.

Motivering:-

(I) Aangesien die sinode saamgestel word uit afgevaardigdes soos bepaal in K.O. artikel 38.1 en 38.2 en eers kan konstitueer nadat afgevaardigdes se geloofsbriewe in orde bevind is en die juiste getal stemgeregtigdes vasgestel is beweer ons dat die 1989 sinode nooit behoorlik gekonstitueer het nie. Bepaling 41:5 is dus nie behoorlik nagekom nie.

(a) Die geloofsbriewe van 'n aantal gemeentes was nog nie by die opening in orde nie. Die tydelike kommissie vir geloofsbriewe moes ten minste 'n uur voor die opening alle geloofsbriewe in orde kry alvorens konstituering kon plaasvind.

(b) Ds. F.A.H van Staden se saak moes voor die agenda uitgestuur was, al uitgemaak gewees het.

(c) Dat die werklike getal stemgeregtigdes nooit deur die sinode nóg aan die begin van die sitting vasgestel is, nóg gedurende die sitting bepaal is d.w.s. bepaling 10:2 is nie uitgevoer nie.

(d) Dat verskonings aangebied is vir geloofsbriewe wat laat ontvang is. Die ordelike weg was dat enige gemeente wie se geloofsbriewe van afgevaardigdes nie op die sperdatum ontvang was nie hulle sittingsreg verbeur het.

(2) Omdat prof. Lubbe se voorstel dat dr. van Staden se saak eers na 'n tydelike kommissie verwys moes word en dat hy slegs adviserende stem volgens artikel 38:2 het afgestem is en aan dr. van Staden wel stemreg gegee is, is alle besluite van die 1989 sinode ongeldig.

(3) Artikel 41 bepaling 10:6 ook hierdie bepaling is deur die sinode verbreek deurdat prof. Lubbe vir die derde agtereenvolgende sinode as voorsitter herkies is.

(4) In een van die eerste boodskappers het daar 'n berig verskyn waarin verklaar word dat ons die N.G. Kerk verlaat omdat ons nie meer die Herdershart daarin vind nie. Met hierdie besluit oor Chiliasme wonder die kerkraad wat van die herdershart geword het.

(5) In die verlede het die sinode nog altyd net riglyne aan gemeentes gegee en nou word hierdie besluit op ons afgedwing. Indien hierdie besluit nie herroep word nie ontstaan die vraag of gemeentes verplig kan word om uitvoering daaraan te gee.

Dit is ook nodig om oor die algemeen na hierdie saak te kyk. Chiliasme en anti-Chiliasme was ook in die N.G. Kerk 'n strydpunt maar dit is nooit op die spits gedryf nie. Min gewone gemeentelede was bewus van hierdie saak en min verstaan die verskil. Dit maak ook nie saak nie, want die kern van die saak is om seker te maak dat jy die ewige lewe gaan beërwe. Ds. Prins preek myns insiens Chiliasme maar wat hy preek staan in die Woord. Toe hy by die Afrikaanse Protestantse Kerk aansoek gedoen het, het hy een van sy boeke, nl. Hoop vir Gevreesde Môres aan prof. Lubbe gegee. Hierdie boekie omskryf myns insiens Chiliasme. Hy is egter in die Afrikaanse Protestantse Kerk aanvaar. Ds. Prins is myns insiens een van die wedergebore predikante wat mense tot bekering bring en dit is tog seker belangriker as predikante wat hulle liefdeloosheid openbaar deur ander as "ketter" te wil brandmerk. Die N.G. Kerk brandmerk mense wat aan skeiding glo as "ketters" en dit maak 'n mens hartseer dat die AP Kerk nou dieselfde doen of eintlik erger want nou word sekere mense oor geestelike sake as "ketters" gebrandmerk.

Ek het met verskeie gemeentelede wat my uitgevra het oor Chiliasme gesels. Myns insiens is daar baie min wat glo dat die duiwel gebind is en dat ons nou in die duisendjarige vrederyk verkeer. Nou ontstaan die vraag of teen hierdie mense opgetree moet word.

Aangesien ds. Prins gedeeltelik in u diens is en hierdie kerkraad en gemeente onskuldig is aan die gebeure, verwag ons leiding van u kant in hierdie verband.

Groete

S.S. VAN DEVENTER
SKRIBA

BYLSKK5/wjgl/aa

BYLAE SKK 6

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE

Posbus 30353
SUNNYSIDE
0132

Die Voorsitter SKK
Sentrale Kerkkantoor
PRETORIA

Geagte prof. Lubbe

U NAVRAAG I.V.M. APK TYGERBERG

Die KKS het op sy vergadering van 19 Maart 1990 u brief van 6 Februarie 1990 in behandeling geneem waarin u advies vra i.v.m. die brief van 27 Nov. 1989 van die skriba van die APK Tygerberg. Die KKS adviseer dat die SKK soos volg antwoord:

1. Die brief is nie onderteken nie. Dit is 'n ernstige vraag of die Kerkraad die brief woord vir woord goedgekeur het.

2. Die ultimatum wat op bl. 2 gestel word, is totaal onaanvaarbaar:

   - indien die Kerkraad sy sin kry, was die Sinode wettig;

   - indien die Kerkraad nie sy sin kry nie, was die Sinode onwettig;

   'n Dreigende gesindheid by 'n Kerkraad is die Here onwaardig.

3. Geen revisie is volgens Ordereël 26 moontlik ná 'n sinodesitting nie. Wanneer die sinode afgeloop het, is die afgevaardigdes wat moet getuig oor 'n saak nie meer byeen nie. Die Kerkraad kan egter by die volgende sinode 'n beswaarskrif teen besluite indien.

4. Geen kommissie kan uitspraak lewer oor die bewering dat die PKKEN se studie ontoereikend was en hulle verslag nie volledig

genoeg was nie. Die Kerkraad kan hom by wyse van beswaarskrif na 'n volgende sinode wend.

5. Die SKK (of enige ander kommissie) is nie by magte om uitspraak te lewer oor die beweerde "onwettige" voorsitterskap van prof. W.J.G. Lubbe, dr. F.A.H. van Staden se beweerde "onwettige" sittingsreg en die sinodebesluite oor 'n kworum en die geloofsbriewe nie. Die Kerkraad kan hom tot die volgende sinode b.w.v. beswaarskrif wend.

6. Die "gewraakte" sinodebesluite bly van krag totdat 'n volgende sinode daaraan 'n verandering mag aanbring.

Hartlike groete

DS. A.J. VAN NIEKERK
(Skriba: KKS)

PRETORIA 20/3/1990

B0089LUB.DOC/wjgl/aa

SKK-VERSLAG: BYLAE SKK 7

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

BESKRYWINGSPUNTE NA SKK VERWYS

1. APK-JAARBOEK

1.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die samestellers van ons kerk se Jaarboek. Voorsiening behoort egter gemaak te word vir óf aparte dagstukkies vir ons kinders óf die bestaande dagstukkies sodanig uit te brei en/of te vereenvoudig dat dit vir die jeug ook groter waarde kan hê.

Motivering:

Die Ring van Heilbron is van oordeel dat die bestaande Jaarboek én as prikkel én as middel moet dien om ons jeug se liefde vir en begrip van die Woord van God te begelei.

RING VAN HEILBRON

1.2 Die Ring versoek die publikasiekommissie om die dagstukkies in ons jaarboek so op te stel dat dit prikkelend maar maklik leesbaar en verstaanbaar is vir 'n gesin wat huisgodsdiens hou.

Motivering:

By die hoë waardering wat ons het vir die pragtige werk gedoen, vind ons tog dat dit dikwels te moeilik en in te diep teologiese leerstellinge geskrywe is om by huisgodsdiens waar klein kinders teenwoordig is, te gebruik.

RING VAN NABOOMSPRUIT

1.3 Aanbevelings van SKK:

1.3.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die samestellers van die Jaarboek.

1.3.2 Die Sinode versoek samestellers van Dagstukkies om al hulle stof eenvoudig en duidelik in te klee (op St. 8 vlak).

2. "ONTMOET DIE APK"

2.1 Die Ring spreek sy dank en waardering uit teenoor die opstellers van die publikasie "Ontmoet die APK" wat in opdrag van die Sinode van 1989 saamgestel is. Die Sinode word egter versoek om, wanneer "Ontmoet die APK" hersien en herdruk sal word, die amptelike Sendingbeleid van ons Kerk meer volledig daarin toe te lig en uiteen te sit sodat lesers 'n duidelike en ware beeld kan kry van hierdie belangrike saak waaroor ons Kerk dikwels kras aangeval en veroordeel word.

RING VAN MOOT-SENTRAAL

2.2 Aanbeveling van SKK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

3. VORM VIR AANSOEK OM LIDMAATSKAP

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

3.1 Aansoek om Lidmaatskap

Meyerstraat 752
WONDERBOOM-SUID
0084

Tel: (012) 702-843

1. Gebruik drukletters asseblief.
2. Vir gebruik deur enkeling of 'n gesin.
3. Skrap wat nie van toepassing is nie. In die geval van 'n weduwee of geskeide vrou moet die nooiensvan ook aangedui word.*
4. Gebruik 'n aparte vel papier vir meer as vyf kinders.

A. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1. Van/Nooiensvan*: _____

2. Voorname: _____

3. ID-nommer: _____

4. Eggenoot se van/Eggenote se nooiensvan: _____

4.1 Voorname: _____

4.2 ID-nommer: _____

5. Dooplidmaat/mate* se besonderhede:

	Van	Voorname	Geboortedatum
5.1	_____	_____	
5.2	_____	_____	
5.3	_____	_____	
5.4	_____	_____	
5.5	_____	_____	

6. My/ons woonadres (ignoreer posadres indien dit dieselfde is):

_____

_____Poskode: _____

Posadres: _____

_____Poskode: _____

7.My/ons tel nr. (huis): _____

Skakelkode: _____

(werk): _____

Skakelkode: _____

B. VERKLARING

Ek/ons verklaar hiermee in alle opregtheid dat ek/ons:

1. lidmaat/lidmate was van die gemeente (naam van gemeente en kerk):

_____

tot (datum van bedanking): _____:

2. bewys van vorige lidmaatskap hiermee, of later sal inlewer;

3. hiermee aansoek doen om lidmaatskap van APK Gemeente:

_____

4. aan die belydenis, leer en regering van die Kerk waarby ek/ons nou wil aansluit, getrou sal bly solank die leer en belydenis getrou aan Gods Woord bly;

5. aan die vermaning en tug van hierdie kerk ooreenkomstig Gods Woord sal onderwerp; en

6. God Drie-enig uit dankbaarheid vir Sy liefde en genade, met blymoedigheid sal dien volgens Sy Woord.

_____ _____

HANDTEKENING VAN APPLIKANT DATUM

_____ _____

HANDTEKENING VAN APPLIKANT (EGGENOOT/E) DATUM

_____

C. SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

1. Woon in Wyknommer: _____

2. Wykouderling: _____

3. Wykdiaken: _____

3.2 Aanbevelings van SKK:

3.2.1 Die Sinode keur die vorm goed as 'n bruikbare vorm

3.2.2 Die Sinode gee opdrag aan die Permanente Argiefkommissie om 'n standaardvorm vir aansoek om lidmaatskap op te stel en 'n voorbeeld aan elke gemeente te stuur vir gebruik na goedvinde.

4. PREEKBEURTE VIR APK DEUR SAUK

4.1 Die Sinode besluit dat die SAUK die APK ook 'n preekbeurt sal gee.

Motivering:

Ons voel daar is 'n groot behoefte daaraan op die platteland veral.

APK SUTHERLAND

4.2 Aanbeveling van SKK:

Die Sinode keur goed dat die SAUK voortdurend genader word deur die SKK om preekbeurte vir APK leraars oor sowel radio as televisie te verkry.

5. KERKLIKE EKSAMENKOMMISSIE

5.1 Die Sinode benoem jaarliks 'n Kerklike Eksamenkommissie bestaande uit nege lede om teologiese studente wat die finale eksamen by die teologiese dosente met sukses afgelê het, deeglik te ondersoek alvorens hulle finaal deur die Kuratorium tot die bediening toegelaat word.

5.2 Die ondersoek moet die volgende behels:

(a) ondersoek na die kandidaat se teologiese toerusting vir die Bediening;

(b) ondersoek na die kandidaat se regsinnigheid in leer;

(c) ondersoek na die kandidaat se voorbeeldigheid (volgens Bybelse norme) in lewenswandel;

(d) ondersoek na die kandidaat se geskiktheid vir die bediening, veral ten opsigte van sy sekerheid van geroepenheid, sy ingesteldheid teenoor die Koninkryk van God, en sy diensbaarheid aan 'n kudde van Jesus Christus.

5.3 Die Kerklike Eksamenkommissie is verantwoordelik vir finale keuring van kandidate vir die Bediening en maak die uitslag van sy ondersoek binne een dag aan die Kuratorium bekend.

5.4 Lede van die Kuratorium in die termyn wat direk aan die Sinode wat die kerklike Eksamenkommissie benoem, voorafgaan, en dosente van die Teologiese Skool, is nie op die kerklike Eksamenkommissie verkiesbaar nie.

5.5 Die kerklike Eksamenkommissie lewer verslag van sy werksaamhede aan die eersvolgende Sinode.

Motivering:

1. In ons dag en ons wêreld word pogings om 'n Kerk van Christus tot dwaling te verlei,heel eerste op sy teologiese opleiding gerig. Daarom is die APK as Kerk van Christus tot alle moontlike waaksaamheid oor sy Teologiese Skool geroepe.

2. Die ware toets of 'n Teologiese Skool en die Kuratorium wat sy belange dien, aan die vereistes van hulle Kerk voldoen, moet gestel word aan die produk wat hulle lewer, naamlik die student op die drumpel van die bediening.

3. Die Sinode en sy Kommissies dien die welwese van die plaaslike kerk (gemeente); so ook die Kuratorium en die Teologiese Skool onder sy sorg. Die vraag of 'n kandidaat geskik is vir die bediening in die gemeente moet dus in laaste instansie beantwoord word deur manne uit die gemeentes wat so 'n kandidaat daarvoor toets.

DR. W.J.G. LUBBE

5.6 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed

6. "DIE BOODSKAPPER"

6.1 Die Sinode bring dit onder die aandag van lidmate dat die korrekte naam van ons amptelike blad "Die Boodskapper" is. Dit is die enigste wyse waarop daar na ons blad in korrespondensie en amptelike stukke verwys mag word.

Motivering:

In die spreektaal word verwys na "Boodskapper" of "Boodskappers" wat slegs 'n deel van die naam van ons amptelike blad is.

6.2 Die Sinode versoek kerkrade om, in gevalle waar daar tehuise, koshuise of militêre basisse in 'n gemeente se grense val, genoeg kopieë van "Die Boodskapper" te bestel, sodat genoemde plekke ook bedien kan word met "Die Boodskapper".

RING VAN MOOT-SENTRAAL

6.3 Lys van militêre opleidingskampe in "Die Boodskapper"

Die Sinode versoek die redaksie van die Boodskapper om 'n lys van al die Militêre opleidingskampe in "Die Boodskapper" op te neem, tesame met die leraars wat gekontak kan word.

RING VAN VEREENIGING

6.4 Aanbevelings van die SKK:

6.4.1 Die Sinode keur 6.1 en 6.2 goed.

6.4.2 Die Sinode keur 6.3 goed en dra dit aan die Permanente Kommissie vir Kapelaansdienste op om die bedoelde lys aan "Die Boodskapper" te besorg.

7. APPèL NA SINODE (KO ARTT. 30 EN 55.5-6)

7.1 Die Sinode gee opdrag aan die SKK, versterk deur vyf lede vanuit en deur die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) benoem, om enige saak van appèl vir aandag van die Sinode bedoel, vóór die sitting van die Sinode grondig te ondersoek deur o.m. alle betrokke partye aan te hoor, en aan die Sinode advies uit te bring oor elke appèlsaak. Lede van so 'n ondersoek- en advieskommissie behou hulle sittingsreg en stemreg op die Sinode wat die appèlsaak behandel.

DR. W.J.G. LUBBE

7.2 Aanbeveling van SKK:

7.2.1 Die Sinode keur die beskrywingspunt goed maar besluit dat die bedoelde ondersoekkommissie sal bestaan uit vyf lede van die SKK en vyf lede van die KKS, in beide gevalle lede wat onbetrokke is by die saak wat ondersoek moet word en wat dus onpartydig kan optree.

7.2.2 Die Sinode gee opdrag aan die KKS om riglyne op te stel ten opsigte van koste-verantwoordelikheid in geval van appèlsake.

8. VOORTBESTAAN VAN SKK

8.1 Die sinode besluit om die voortbestaan van die SKK te heroorweeg in die lig van die volgende o.a.

8.1.1 Die PKA het intussen beslag gekry en die BRKA funksioneer reeds. Alle administrasie insluitende vroeëre dienslewering deur die SKK in opdrag van die sinode kan voortaan herlei word na die BRKA en die ander permanente kommissies.

8.1.2 'n Begeleidende beskrywingspunt dien by die Sinode nl. dat die keuring van alle predikante voortaan deur die Kuratorium behartig sal word. Indien aangeneem, reduseer dit die werksaamhede van die SKK nog verder.

8.1.3 Die hantering van die AK van die Vroueaksie sedert die eerste Sinode en meer pertinent in die afgelope reses laat ongelukkighede wat die optrede van die SKK onder verdenking plaas.

DS. J.A. DU PLESSIS

8.2 Aanbeveling van SKK:

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

9. TOELATING VAN PREDIKANTE

9.1 Die Sinode besluit om die toelating van alle predikante tot die APK deur die Kuratorium te laat behartig.

Motivering:

1. Dit hoort tuis by die Kuratorium.

2. Noodsaaklik t.w.v. eenvormige optrede

3. Ook die behoud van status deur uittredende leraars word deur die Kuratorium behartig.

4. Ons oordeel dat alle aansoeke met die oog op legitimasie en proponentstatus by een kommissie tuis hoort en dit is uiteraard die Kuratorium. Predikante wat in die bediening van ander kerke staan, kry by oorkom proponentstatus.

KERKRAAD VAN NABOOMSPRUIT

9.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

10. SINODE SE NOTULE OP BAND

10.1 Die Sinode besluit om die handelinge van die Sinode op band vas te lê.

Motivering:

Wanneer 'n dispuut oor die notule ontstaan, kan enige twyfel of misleiding opgeklaar en afgesny word.

KERKRAAD VAN NABOOMSPRUIT

10.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt omdat voldoende voorsiening vir korrekte notule in "Ordereëls vir Kerklike Vergaderings" (volgende op KO Artikel 61) gemaak is.

11. GOEDKEURING VAN SINODE SE NOTULE

11.1 Die Sinode besluit om ordereël 29 te handhaaf t.o.v. goedkeuring van notules en dra dit aan die SKK op om die sinodesitting op sodanige plek te reël en sodanige dienste te verkry, dat aan hierdie ordereël uitvoering gegee kan word.

Motivering:

Elke notule het sedert die ontstaan van ons kerk leemtes wat nie noodwendig aan die nalatigheid van die skriba en hulpskriba gewyt kan word nie. Indieners van voorstelle doen dit nie altyd op skrif nie, of wysig staande die voorstelle, sonder dat die voorsitter daarop aandring dat die wysiging skriftelik geskied en dan het ons nie 'n juiste weergawe nie bv. P584/584 punt 4.4 o.a. Sou die notule daagliks goedgekeur word, sou onjuiste besluite maklik reggestel kan word.

KERKRAAD VAN NABOOMSPRUIT

11.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

12. KLEREDRAG VAN LERAARS

12.1 Die Sinode besluit dat die kleredrag van leraars tydens optrede by eredienste en sakramentsbediening soos volg sal wees:

'n Swart of donker pak klere met 'n wit das.

Die Sinode besluit dat daar afgesien word van die gebruik om 'n toga te dra.

Motivering:

1. Daar bestaan geen Nuwe Testamentiese voorskrifte i.v.m. die kerklike kleredrag van ampsdraers nie en die dra van 'n toga spruit uit 'n kerklike tradisie van die verlede met die oog op kerklike deftigheid en waardigheid.

2. 'n Hele aantal leraars wat tans in die bediening in die AP Kerk is, het oorgekom vanuit kerke waar hulle nie bekend was met die gebruik om 'n toga te dra nie. Van hulle kan nie verwag word om nou togas ten duurste aan te koop nie, veral nie omdat dit geen saak van beginsel is nie.

3. Daar word tans in ons land onteenseglik op staatkundige terrein beweeg na 'n swart meerderheidsregering wat sekerlik kommunisties sal wees. Dit sal beteken dat 'n kerk soos die AP Kerk hom moet voorberei om in die nabye toekoms in 'n bedeling van vervolging voort te bestaan. Om dié rede sal die AP Kerk betyds moet loskom van gebruike wat in die verlede wel 'n plek gehad het maar tans oorbodig geword het.

DS. O.D. SCHEUER, LERAAR VAN BIESIESVLEI

12.2 Aanbevelings van die SKK:

12.2.1 Wanneer 'n leraar amptelik optree, dra hy 'n swart of donker pak klere met wit hemp en wit das.

12.2.2 Gebruik van die toga deur leraars is opsioneel.

13. DUUR VAN LERAAR SE VERBLYF IN 'N GEMEENTE

13.1 Die Sinode besluit dat leraars van die AP Kerk 'n minimum van twee jaar in gemeentes sal bly.

Motivering:

1. Leraars kan sekerlik moeilik 'n gemeente leer ken binne enkele maande. Pastorale versorging sal ernstig skade ly indien leraars kort-kort wissel.

2. Behalwe die groot kostes wat aangegaan word by die wisseling van leraars, werk die wisseling van leraars ontmoedigend in op ons lidmate en gemeentes.

3. Kerkrade word versoek om vooraf navraag te doen t.o.v. die dienstydperk van gevestigde leraars aan wie die Kerkraad dink. Wanneer die groslys opgestel word behoort 'n Kerkraad advies in te win en deur te gee t.o.v. die dienstydperk van leraars voordat die beroep uitgebring word.

RING VAN BEAUFORT-WES

13.2 Die Sinode besluit dat daar bepaal word dat leraars van die Afrikaanse Protestantse Kerk slegs beroepbaar is van een gemeente na 'n ander na 'n bedieningstermyn van twee jaar in 'n gemeente, tensy die volle reisgeld betaal word deur die gemeente wat die beroep uitoefen.

Motivering:

Kleiner gemeentes het hom vir minstens twee jaar nodig.

OUDL. R. KEULDER, ROODEPOORT

13.3 Die Sinode besluit

1. Indien 'n leraar 'n beroep aanvaar binne 12 maande nadat hy in 'n gemeente bevestig is, die gemeente wat hom beroep het die koste t.o.v. vervoer van sy meubels na die gemeente waaruit hy beroep word ten volle aan die gemeente sal terugbetaal.

2. Indien 'n leraar 'n beroep aanvaar binne 24 maande, die gemeente wat hom beroep het die koste t.o.v. vervoer van sy meubels na die gemeente waaruit hy beroep is volgens 'n glyskaal aan die gemeente sal terugbetaal.

Motivering:

Indien verhuisingskoste herhaaldelik gedurende 'n jaar of twee deur 'n gemeente betaal moet word, kan dit 'n swaar finansiële las op die gemeente plaas.

RING VAN MORGENZON

13.4 Aanbeveling van die SKK:

As 'n leraar 'n beroep aanvaar voordat hy twee jaar in 'n gemeente gearbei het, betaal die beroepende gemeente die verhuisingskoste wat hom daar gebring het, terug (aan die gemeente wat verlaat word) voordat aan die beroepe leraar demissie verleen word.

14. VERSENDINGSTYD VAN RINGSVORMS

14.1 Die Sinode besluit dat die Ringsvorms voor die einde van Februarie van elke jaar tot beskikking van die Kerkrade gestel sal word.

Motivering:

Baie Ringe ondervind probleme om hulle sittings op geskeduleerde datums af te handel vanweë vertragings in die versending van Ringstukke.

RING VAN BEAUFORT-WES

14.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode besluit dat Ringsvorms bedoel vir die eersvolgende ringsitting, kerkrade jaarliks vóór 1 Maart moet bereik.

15. JAARBOEK VAN DIE APK EN DAGSTUKKIES

Die Sinode besluit dat

15.1 Daar jaarliks direk na voltooiing van daardie jaarboek se dagstukkies met die skryf van dié van die volgende jaar se dagstukkies begin moet word.

15.2 Die dagstukkies moet aan die hand van die Kerklike jaar opgestel word.

15.3 Die Sinode gee opdrag aan die opstellers van die nuwe Kerkjaarboek om die Sinodebesluit van 1989, dat slegs die 1953 vertaling van die Bybel gebruik word, gehandhaaf word.

Motivering:

Om sodoende meer tyd tot meer leraars van die AP Kerk se beskikking te stel en aldus 'n wyer verskeidenheid van skrywers en gedagtes tydig beskikbaar te hê.

RING VAN BEAUFORT-WES

15.4 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode besluit

15.4.1 dat die Kerkjaarboek jaarliks vóór 1 Desember gedruk moet wees vir die volgende jaar en bestellers moet bereik vóór die daaropvolgende 15 Desember;

15.4.2 dat dagstukkies by die kerklike jaar aangepas moet word;

15.4.3 dat slegs die Afrikaanse Bybelvertaling van 1953 in dagstukkies aangehaal moet word en ander Bybelvertalings slegs ter toeligting aangehaal moet word.

16. DIE POSISIE VAN DIE VROUE-AKSIE IN DIE AP KERK

16.1 Die Vroueaksie het feitlik gelyktydig met die stigting van die AP Kerk tot stand gekom. Heel vroeg het daar meningsverskil oor die bestaan en funksionering van die Vroueaksie ontstaan en namate daar meer duidelikheid gekom het oor die posisie van gemeentes as outonome selfstandige kerke, het 'n sterker gevoel teen die Vroueaksie as 'n landswye kerklike organisasie wat met gemeentelike aktiwiteite kan inmeng, na vore getree.

16.2 In Deel 2 van die Agenda van die Derde Sinode wat teen die einde van verlede jaar plaasgevind het, het die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) 'n omvattende stuk aan die Sinode voorgelê met 'n aanbeveling wat daarop neerkom dat "die APK Vroueaksie in sy huidige vorm geen bestaansreg het nie en dat die voortbestaan daarvan onverwyld beëindig moet word." Die volledige aanbeveling is vervat in paragrawe 65.3.1 tot 65.3.6. Die Sinode het besluit dat die hele saak rondom die Vroueaksie vir bespreking na die SKK, KKS en die Algemene Komitee van die Vroueaksie verwys moet word.

16.3 In die lig van die feit dat elke gemeente 'n selfstandige kerk is en dat daar derhalwe nie deur 'n buiteliggaam soos die Algemene Komitee van die Vroueaksie aan sy lidmate voorgeskryf kan word nie, kan daar nie fout gevind word met die redenering van die KKS nie. Dit sou egter jammer wees as daar benewens die gewone pligte van die vrou in die gemeente onder toesig van die Kerkraad, nie ruimte vir 'n landswye vroue-organisasie binne kerkverband geskep kan word nie. Iets wat my tot kommer stem is die onderstreepte gedeelte van die aanbeveling in paragraaf 65.3.2 wat soos volg lui:

"dat die voortbestaan van die APK Vroueaksie dus onverwyld beëindig word tensy dit op maatskaplike terrein as vrye vroue-organisasie (soos die SAVF) wil voortgaan maar dan sonder die "APK" as deel van die Vroueaksie se naam."

Dit sal 'n kwade dag wees indien die vrouens van die APK sou besluit om 'n Vroue-organisasie buite die APK te begin. Dit sal die deur oop laat vir lidmate van ander kerke en selfs persone wat nie aan 'n kerk behoort nie, om lid te word van so 'n organisasie. Indien die beheer in verkeerde hande sou beland kan dit ernstige probleme tot gevolg hê.

16.4 Die doel van hierdie skrywe is nie om tot die "stryd" vir of teen die Vroueaksie toe te tree nie maar om in alle beskeidenheid sekere gedagtes voor te lê wat moontlik 'n oplossing kan bied en ook die KKS tevrede sal stel.

16.5 Gebeure in die NG Kerk die afgelope jare, het die stigting van die APK tot gevolg gehad. Dit wat tans in die land aan die gang is maak dit noodsaaklik dat dringende aandag aan, onder meer, die volgende geskenk word:

a. **Tehuise vir bejaardes**

Bejaarde lidmate van die APK is vandag aangewese op tehuise wat aan ander instansies behoort en deur hulle beheer word en dit is nie uitgesluit dat hulle toegang geweier kan word nie. Sulke inrigtings kan selfs vir alle rasse oopgestel word.

b. Kinderhuise

Dit is aangewese dat die APK voorsiening maak vir kinders uit eie geledere ten einde te verseker dat hulle die regte opvoeding ontvang.

c. Versorging van kleuters

Daar bestaan 'n groot behoefte in hierdie verband. Daar is alreeds verskeie inrigtings waar kinders van alle rasse versorg word.

16.6 Indien daar besluit sou word dat die APK daadwerklik aandag aan hierdie en verwante sake moet skenk, is vrouens die aangewese persone om dit te behartig. Daar is baie besonder bekwame en knap vrouens soos die werk wat die SAVF reeds vir baie jare doen kan getuig. Die oorgrote meerderheid van die vrouens in die APK val in hierdie kategorie - het hulle nie ter wille van beginsels by die APK ingeskakel nie?

16.7 Indien vrouens hierdie taak moet behartig, moet dit nie wees as 'n organisasie wat los staan van die kerk nie, maar een wat met die goedkeuring en onder die direkte toesig van die Sinode moet funksioneer. Die taak moet goed omskryf word en die program van aksie, breë riglyne vir fondsinsameling (in oorleg met kerkrade van gemeentes) en spesifieke projekte wat aangepak moet word, moet deur die Sinode goedgekeur word. Die Sinode moet, as skakel tussen gemeentes, 'n verteenwoordiger of verteenwoordigers op die uitvoerende komitee van die organisasie hê en by elke Sinodesitting moet die program vir die jaar goedgekeur word.

16.8 Wat die plaaslike tak van die Vroue-organisasie betref, moet daar voortdurend in oorleg met die kerkraad opgetree word en is dit aangewese dat 'n lid van die kerkraad op die bestuur dien. Dit behoort die probleme wat die KKS voorsien uit te skakel.

16.9 Indien 'n organisasie soos hierbo in die breë uiteengesit kan funksioneer, sal dit 'n diens van onskatbare waarde vir die verskillende AP Kerke en hul lidmate lewer. Die benaming kan bly soos dit is of hersien word in die lig van die voorgestelde take.

OUDL. C.C. DU PREEZ

16.10 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode neem hier kennis van die beskrywingspunt aangesien die saak in die Verslag van die SKK weer voorkom.

17. DIE WYSE WAAROP GEMEENTES KOMBINEER

17.1 Die Sinode besluit dat die SKK in oorleg met die RIngskommissies, 'n deeglike ondersoek vir die hele AP Kerk sal instel na die groepering van gemeentes wat kombinasies vorm met die oog op die bediening deur 'n leraar. Die bevindinge sal dan, waar van toepassing, na die Ringe gestuur word as aanbevelings van die SKK oor die mees praktiese en sinvolle groepering van gemeentes sodat die bediening deur die beskikbare leraars op die doeltreffendste wyse kan geskied.

Motivering:

Die kombinering van gemeentes het plaasgevind na gelang die stigting van die gemeentes plaasgevind het. Die gevolg is dat in sommige gevalle, daar nou gemeentekombinasies bestaan wat dwarsoor die gebiede van ander gemeentes gevorm is. Die weinige aantal predikante wat reeds 'n swaar werkslading moet dra, word onnodig belas met 'n bediening oor groot afstande. Gemeentes wat so naby as 20 km uitmekaar lê, het gekombineer met gemeentes wat 80 of 100 km ver verwyder is. Dit beteken 'n verspilling van kragte en reiskoste. As daar gewag moet word op kerkrade om onderling te skakel en te onderhandel op meer sinvolle kombinasies, sal niks gebeur nie. Die leiding moet van die Sinode en die SKK af kom.

KERKRAAD VAN BIESIESVLEI

17.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

18. NUWE BYBELVERTALING

RING VAN KIMBERLEY

Die stuk voldoen nie aan die vereistes wat dit ontvanklik maak nie.

19. WAARDERING VIR DIE VROUEAKSIE

19.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering teenoor die Vroueaksie van ons Kerk. Ter wille van die heil van die koninkryk van Christus sal die Sinode nie enige optrede of besluite navolg wat die ywer van die susters van ons kerk mag demp nie.

Motivering:

Sonder die susters se georganiseerde ywer en entoesiasme sou ons gemeente en die hele kerk, op alle terreine tot baie minder in staat en ook armer gewees het. Die bystand wat hulle van die Algemene komitee kry in die vorm van riglyne en die geleentheid om jaarliks 'n konferensie te kan bywoon, versterk en besiel hulle en is vir hulle van onskatbare waarde. As daar nie 'n goed georganiseerde Vroueaksie was nie, sou baie funksies wat die gemeente hou nie kon realiseer nie, sou daar baie minder entoesiasme gewees het en sou die fondse wat so broodnodig is in ons jong kerk ook nie ingesamel kon word nie.

Graag wys ons daarop dat dekades se ervaring in die kerke waaruit ons afkomstig is, getoon het dat 'n goed georganiseerde sustersbetrokkenheid onskatbare voordele vir die kerk ingehou het. Immers dit was óns wat in daardie kerke verantwoordelik was vir hierdie winspunt in Jesus se kerk en ons wil baie ernstig daarop aandring dat die Sinode nie deur onbedagte besluite of optredes die baba met die badwater uitgooi nie. Tydens 'n vorige sinodesitting is die beskuldiging na ons vroue geslinger dat dit hulle was wat verantwoordelik was vir daardie vorige kerke se afdwaling, dog ons wil daarop wys dat dit die mans was wat in die hoogste kerklike vergadering, die Algemene Sinode, daarvoor verantwoordelik was.

Die Vroueaksie het juis tydens die heel eerste konferensie wat hulle gehou het, die Sinode versoek dat die vroue van ons kerk nie op die kerkrade dien nie.

KERKRAAD VAN LINDEN

19.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode neem hier kennis van die beskrywingspunt aangesien die saak weer voorkom in die Verslag van die SKK.

20. "VROUEHULPDIENS" AS BENAMING VIR VROUEWERKSAAMHEDE IN DIE GEMEENTE

20.1 Die Sinode versoek die gemeentes om in eie geledere te praat van vrouehulpdiens om die vrouewerksaamhede binne die gemeente uit te druk.

Motivering:

1. Eenvormigheid onder APK Kerke.

2. Dit is beskrywend van die aard van die vrou se funksie in die kerk.

RING VAN NELSPRUIT

20.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode neem hier kennis van die beskrywingspunt aangesien die saak weer voorkom in die Verslag van die SKK.

21. VERSLEGTENDE VERHOUDING TUSSEN BESWAARDE NGK LIDMATE EN APK LIDMATE

21.1 Die Ring versoek die Sinode om 'n ad-hoc kommissie aan te wys om :

Indringend en daadwerklik aandag te gee aan die verslegtende verhouding tussen ons lidmate van die NG Kerk wat steeds beswaard is.

Motivering:

Ons ervaar op plaaslike vlak dat dit ons bondgenote van vroeër is wat ons nou begin beveg by bv. skole en dorpsrade. Die indruk word gelaat dat lede van die Afrikaanse Gereformeerde Bond ons as hul vyand no.1 sien. Dit veroorsaak dat hulle soms hulle tyd en asem mors om ons te beveg in plaas van die stryd te stry wat hulle behoort te stry nl. teen die verliberalisering van die NG Kerk.

RING VAN LICHTENBURG

21.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode doen 'n beroep op sy lidmate om van hulle kant te waak en te bid dat hulle verhoudinge met alle mense, ook met NG Kerklidmate, vir die Here welbehaaglik is volgens sy Woord.

22. LAE GETAL DOPELINGE

22.1 Die Ring spreek sy kommer uit oor die lae getal dopelinge wat opval in al die gemeentes van die Ring. Die Ring vermoed dat dit in ooreenstemming is met die tendens van die blanke aanwas landswyd.

Daarom versoek die Ring die Sinode om hierdie negatiewe tendens onder die aandag van die hele kerk te bring, en te wys op die uiteindelike nadelige gevolge op die uitbreiding van die AP Kerk deur natuurlike aanwas. Soos die toestand huidiglik is, is die AP Kerk weens hierdie tendens besig om te verouder, ten spyte daarvan dat die AP Kerk 'n jong kerk is.

Motivering:

Geen.

RING VAN LICHTENBURG

22.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode deel die ring se kommer en keur die beskrywingspunt origens goed.

23. KOMBINASIES IN RINGE VAN LICHTENBURG, SCHWEIZER-RENEKE EN VRYBURG

23.1 Die Ring versoek die Sinode om 'n kommissie aan te wys om indringende ondersoek te doen na kombinasies in die Ringe Lichtenburg, Schweizer-Reneke en Vryburg.

Motivering:

Daar kan deur kerkrade oorreengekom word om meer prakties-werkbare kombinasies te vorm wat die bediening deur leraars baie sal vergemaklik, nadat 'n ondersoekkommissie sy aanbevelings voorgelê het.

RING VAN LICHTENBURG

23.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien die saak reeds afgehandel is in beskrywingspunt 17.1 hierbo.

24. RING SE VERSLAGVORM - RANGSKIKKING VAN GEGEWENS

24.1 Die Ring versoek die Sinode om dit op te dra aan die verantwoordelike kommissie wat belas is met die opstel van die Ring se Verslagvorm, om dié vorm so te verander dat onder elke afdeling eers ruimte gelaat word vir 'n kort verslag, en in die tweede plek, ruimte vir probleme en wenke. As voorbeeld:

1. Kort verslag	2. Probleme en wenke .....

Motivering:

Daar is tans op die huidige vorm geen ruimte vir 'n kort verslag oor die werklike toedrag van sake in die gemeente nie. Daar word slegs gevra na Probleme en Wenke, wat buitendien die indruk wek asof ons 'n kerk vol probleme is.

24.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

25. BESTEE MINDER TYD AAN KERKORDELIKE SAKE

25.1 "Die Sinode besluit om in die vervolg minder tyd te bestee aan Kerkordelike sake sodat daar meer tyd is vir die bespreking van praktiese gemeentelike aangeleenthede".

Motivering:

Die bespreking rondom Kerkordelike sake neem soveel tyd van die Sinode in beslag dat daar werklik nie genoeg tyd is vir sake wat die Sinode se ernstige aandag verdien nie.

RING VAN GRANIET

25.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

26. SUSTERSKERKE SE STANDPUNT TEENOOR APK

26.1 Die Sinode besluit om druk uit te oefen op die susterskerke om standpunt in te neem oor die APK.

Motivering:

Geen.

KERKRAAD VAN KURUMAN

26.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode gee opdrag aan die SKK om te alle tye gesprek met ander Christelike Kerke te bevorder waar moontlik aangesien gesprek tussen Christene betaamlik is. Veral moet gesprek bevorder word met Christelike Kerke wat dieselfde belydenis as die APK het, ten einde onderlinge kerklike verhoudinge te verbeter.

27. WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

27.1 Die Sinode besluit dat die APK nie saam met ander kerke (en sg. kerke) aan die Wêreld Biddag vir vroue sal deelneem nie.

Motivering:

As selfstandige kerk behoort ons ook hierin outonoom te handel. Bepaaldelik moet ons kerk weier om ingesuig te word by die moderne tendens van die sg. eenheid van kerke spesifiek ten koste van die verskeidenheid wat God geskape het.

RING VAN HEILBRON

27.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode herinner gemeentes aan sy vorige besluit (1988) oor 'n biddag vir Christenvroue.

28. PREEKBUNDELS

28.1 Die Sinode neem kennis van die groot behoefte by herderlose gemeentes aan preekbundels en gee aandag aan die saak.

RING VAN KIMBERLEY

28.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode bring dit onder aandag van gemeentes dat etlike preekbundels geskryf deur APK leraars by ons Sentrale Kerkkantoor bestel kan word.

29. VERSORGING VAN WEDUWEES VAN AFGESTORWE LERAARS

RING VAN OLIFANTSHOEK

29.1 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode herinner aan sy besluit (Handelinge 1989, p. 395) wat alles voorsien wat die beskrywingspunt vra.

30. VAKANSIEVERLOF VAN LERAARS

30.1 Die Sinode besluit dat 'n leraar geregtig is op dertig dae vakansieverlof per jaar, plus tien dae langverlof per jaar wat geneem kan word na drie jaar diens in die APK.

RING VAN OLIFANTSHOEK

30.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode handhaaf sy besluit soos vervat in Bepaling 13.6.1 van die Kerkorde.

31. MEER BESOEKE VAN REISENDE LERAARS

31.1 Die Sinode besluit dat meer besoeke van reisende leraars op geordende grondslag deur die SKK gereël moet word.

RING VAN KIMBERLEY.

31.2 Aanbeveling van die SKK:

Die Sinode wys kerkrade wat besoek van 'n leraar verlang, daarop dat hulle te alle tye met die Sentrale Kerkkantoor kan skakel, maar dat hulle vroegtydig moet skakel.

SKKVBYL/wjgl/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE VIR DIE TYDPERK 6 NOVEMBER 1989 TOT 6 JULIE 1990

Aangesien die afhandeling van die konstitusie van die RKA en die Reglement vir die BRKA deur die SKK in oorleg met die KKS, soos deur die Sinode opgedra, eers op 8/2/90 finaal kon geskied, het die BRKA amptelik op 8/2/90 volle verantwoordelikheid vir die administrasie van die Sentrale Kerkkantoor oorgeneem (SKK notule 8/2/90 punt 10.38).

1. LEDE

1.1 Lede deur die Sinode benoem op die eerste vergadering van die BRKA gehou op 6 November 1990:

1.1.1 Primarii:
Oudl. JF van der Merwe
Oudl. JJ Prinsloo
Oudl. MP Taute
Oudl. LJ Potgieter
Diak. JEA Bester

1.1.2 Secundi:
Oudl. AJ Pienaar
Oudl. CC Joubert
Oudl. JPT Simpson
Oudl. B Mills

1.2 Lede deur SKK benoem:

Prim. Prof WJG Lubbe
Sec. Ds MC Adendorff

1.3 Lede deur Kuratorium benoem:

Prim. Ds MC Adendorff
Sec. Ds IA Brink

1.4 Lede deur Finansiële Kommissie benoem:

Prim. Ds AJ Taute
Sec. Ds CF Swart

1.5 Lede deur die Kommissie vir Kerkregtelike Sake benoem:

Prim. Ds R Maré
Sec. Ds JA du Plessis
Koöptering, kragtens Reglement 6.1.2, van mnr JPT Simpson vanaf 13/6/90.

1.6 Verkiesing van Dagbestuur:

Voorsitter: Prof WJG Lubbe
Ondervoorsitter: Ds R Maré
Skriba: Ds AJ Taute

Addisionele lede:

Diak. JEA Bester en Oudl. JJ Prinsloo

1.6.1 Ds R Marè aanvaar later die beroep as vierde professor en ds. MC Adendorff word verkies tot ondervoorsitter.

1.6.2 Ds JA du Plessis word primarius namens die Kommissie vir Kerkregtelike Sake in die plek van ds R Marè en die KKS benoem as secundus-lid oudl. AJ Pienaar.

1.6.3 Ds MC Adendorff word vanaf 1/4/90 aangestel as Direkteur van Kerkadministrasie en ds IA Brink word primarius-lid namens die Kuratorium.

1.7 Subkomitees deur die BRKA benoem kragtens Reglement punt 6.5.6.2:

1.7.1 'n Personeelkomitee
Brs. MP Taute (Voorsitter), JJ Prinsloo
Di. MC Adendorff, AJ Taute
Prof WJG Lubbe.

1.7.2 'n Gebouekomitee t.w.
Brs. JF van der Merwe (Voorsitter)
LJ Potgieter
Ds JA du Plessis.

1.7.3 'n Ad hoc-komitee,later genoem Advieskomitee, vir skakeling met die Kuratorium en die SKK oor die organisasie en dienstaakbepaling:

Oudle. JJ Prinsloo (Voorsitter), JF van der Merwe, LJ Potgieter, MP Taute en diak. JEA Bester. Oudl. JPT Simpson is vanaf 20/1/90 op die komitee gekoöpteer.

1.8 **Aanbeveling:**

Die RKA besluit dat 'n kerkraadslid op die BRKA wat uit die amp van kerkraadslid tree, as lid van die BRKA bly dien tot die volgende gewone ledevergadering van die RKA.

2. VERGADERINGS

Elf BRKA-vergaderings en twee Dagbestuursvergaderings is gedurende die tydperk van verslag tot op 6 Julie 1990

gehou. 'n Uiteensetting van die datums van hierdie vergaderings asook vergaderings van die subkomitees word in Bylae BRKA 1 verstrek.

In besonder dien vermeld te word 'n vergadering op 20 Maart 1990 saam met die Sentrale Kerkekommissie, die Finansiële Kommissie, die Kuratorium en die Vaalterrein-reinbeplanningskommissie, waartydens besin is oor die toekomstige gebruik van die Vaalterrein. Die Vaalterreinbeplanningskommissie lê aanbevelings in dié verband aan die Sinode voor.

3. PERSONEEL

3.1 Op die derde vergadering van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie gehou op 9 Februarie 1990 is besluit dat die volgende poste so gou doenlik gevul moet word:

3.1.1 Direkteur
3.1.2 Sekretaresse/Tikster vir die Direkteur
3.1.3 Administrateur
3.1.4 Manlike klerk (Hooftaak: Versending)

3.2 Vir die bekendstelling van die pos van Direkteur is 'n omsendbrief aan alle predikante gestuur. Die poste van Sekretaresse/Tikster en Manlike klerk is in omsendbriewe aan kerkrade bekend gemaak vir aansoek en posaanvaarding so gou doenlik.

3.3 Ds MC Adendorff is aangestel as Direkteur en aanvaar diens op 1/4/90. Ds Adendorff het met die kombinasie wat hy bedien, gereël dat 'n nuwe ooreenkoms opgestel word. Hy tree voortaan met beperkte opdrag in die kombinasie op en die Ring van Germiston het aanbeveel dat ds Adendorff sy status as predikant behou. Dit is ook deur die Kuratorium goedgekeur.

3.3.1 Volgens die aanvaarde Taakomskrywing, ressorteer die volgende sake onder die Direkteur van Kerkadministrasie: Personeel, Gebouekompleks, Terrein, Kommunikasie, Skakelwerk, Publikasies, Literatuurverspreiding, Argief, Sekretaris vir BRKA.

3.4 Hoewel die BRKA aanvanklik besluit het om 'n Administrateur aan te stel, is later besluit om die pos effens af te skaal na Assistent-Administrateur. Ten tye van die opstel van dié verslag word die pos per omsendbrief en in "Die Boodskapper" geadverteer, met die verwagting om dit te vul op 1 Oktober 1990.

3.5 As manlike klerk, of Versendingsklerk, is mnr EJJ Henrico aangestel wat diens aanvaar het op 1/4/90.

3.6 As Sekretaresse/Tikster vir die Direkteur is aangestel mev R McDonald wat op 1 Mei 1990 diens aanvaar het vir 'n halfdag aanvanklik, maar tans tydelik voldag.

3.7 Die Direkteur het volledige pligtestate vir personeellede opgestel. Die pligtestate is goedgekeur deur die BRKA en voorgelê aan 'n prokureur, mnr JPA Swanepoel, vir regsadvies. 'n Personeelregister, asook aansoekvorm om verlof en verlofregister is aan die BRKA voorgelê en dit is met geringe wysigings goedgekeur.

3.8 Verhoogde salarisskale.

Die BRKA het verhoogde salarisskale en gepaardgaande voorwaardes soos deur die Personeelkomitee voorgelê, goedgekeur.

Salarisskale in gebruik sien soos volg daaruit:

R19 716 x 780 - 20 496 x 1068 - 22 632
R22 632 x 1068 - 26 904
R26 904 x 1068 - 31 176
R31 176 x 1599 - 35 973

Van een skaal na 'n ander hierbo is 'n bevordering op meriete.

3.9 Ander diensvoorwaardes:

3.9.1 Personeel in die Kerkkantoor het voorheen slegs 7 uur per dag gewerk. T.o.v. nuwe aanstellings is ooreengekom op $7\frac{1}{2}$ werksure. Aan die ander personeel is 'n keuse gebied d.w.s dat hulle, die huidige damespersoneel, kan voortgaan met die bestaande struktuur, maar dan bly op die ou skaal met maksimumkerf R24 295. Personeel wat by die nuwe skale inval moet $7\frac{1}{2}$ uur per dag werk. Al die dames het laasgenoemde opsie uitgeoefen.

3.9.2 Die werksdag begin om 8:00 en eindig 16:00 met 'n halfuur etenstyd.

3.9.3 'n Proeftyd van ses maande word gestel.

3.9.4 Gewone verlof : 20 werksdae per jaar.

3.9.5 Siekteverlof: 90 dae maksimum oor 'n siklus van 3 jaar. 'n Mediese sertifikaat moet ingedien word vir meer as 2 dae agtereenvolgens afwesig.

3.9.6 Spesiale verlof: Toegestaan volgens diskresie van die BRKA.

3.9.7 Mediese skema: Personeellede kan inskakel by die Kaapse Mediese Plan waarby die APK-predikante ingeskakel is, indien die eggenoot(e) nie ingeskakel is by 'n mediese skema nie.

3.9.8 Pensioenskema: Werknemers wat daarvoor kwalifiseer, kan inskakel by die pensioenskema wat deur SANLAM geadministreer word. Die BRKA betaal maandeliks 11% en die werknemer 7½% van die geldende salaris as bydrae tot die fonds.

3.10 Uiteensetting van Administrasie in Sentrale Kerkkantoor

3.10.1 Ds Adendorff as Direkteur, (Sekretaresse/Tikster, mev R McDonald), is verantwoordelik vir alle administrasie van die BRKA en SKK.

3.10.2 Dr FAH van Staden (Sekretaresse/Tikster mev CM Barnard) hanteer die sake van die Kuratorium.

3.10.3 Mev A Alester is die algemene Sekretaresse/Tikster. Sy is verantwoordelik vir alle algemene tikwerk en kommissiewerk.

3.10.4 Mev E Booyens is Ontvangsdame. Sy hanteer pos, telefoon, liasseerwerk en ontvang besoekers.

3.10.5 Mnr E Henrico is Versendingsklerk. Hy hanteer alle versendingswerk, boekverkope en hou voorrade vir die Sentrale Kerkkantoor.

3.10.6 Die afdeling Finansies word tans hanteer deur mnre CJ de la Rey (Rekenmeester), J Scholtz (Rekenmeestersassistent) en mev S Korkie (Rekenaaroperatrise/klerk).

3.10.7 Die skoonmaakdienste van die Sentrale Kerkkantoor word behartig deur twee blanke damestudente van die Universiteit van Pretoria mejj H Pienaar en K Bezuidenhout, lidmate van die APK.

3.10.8 Mev E Brummer, is verantwoordelik vir die kombuis. Sy is ook verantwoordelik vir verversings en etes wat gratis aan persone wat vergaderings bywoon, aangebied word. Vanaf 15 November 1989 tot op 10 Julie 1990 het sy 841 maaltye voorsien.

In hierdie verband wil die BRKA graag sy dank uitspreek aan almal wat so vrylik vars groente en vrugte skenk, asook aan die Vroueaksies van gemeentes wat gereeld koekies en beskuit voorsien.

3.10.8.1 **Aanbeveling:**

Die RKA versoek voorsitters van alle kommissies om besprekings vir vergadertye en -plekke, asook vir etes en verversings deur middel van die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te doen, met vroegtydige vermelding indien sekere lede van kommissies nie van die etes gebruik sal maak nie. Etes word teen 'n bepaalde tarief per persoon teen die begroting van elke kommissie verreken, gebaseer op die volle ledetal van die kommissie, tensy minstens twee dae vooraf vir 'n lid verskoning gemaak is by die kantoor van die Direkteur.

4. KANTOORAANGELEENTHEDE

Die BRKA het deeglik kennis geneem van 'n behoeftestelling van die Kuratorium en die SKK t.o.v. ruimte en die funksionering van die BRKA.

Kantoorverdeling en personeelplasings is deur die BRKA gedoen op so 'n wyse dat die administrasie waarskynlik nog vir sowat twee jaar in die beskikbare ruimte kan funksioneer. Volmag is aan die Direkteur verleen om met die uitvoering van sy voorstelle i/s die gebou voort te gaan, waardeur genoegsame voorsiening gemaak is vir onmiddellik benodigde addisionele kantoor- en lokaalruimtes. Die Direkteur sorg ook, in samewerking met 'n argitek, vir die nodige goedkeuring van die Stadsraad vir veranderings.

4.1 Deur middel van afskortings wat nie die argitektuur van die gebou blywend bederf nie, is die eertydse komiteekamer in twee kantore verdeel wat ook as lesinglokale diens doen. Sodoende is die Teologiese Skool op die tweede vlak van die hoofgebou gehuisves. Die tiksterskantoor is op so 'n wyse verdeel dat daar 'n klein kantoortjie vir die Sekretaresse/Tikster van die Direkteur geskep is waar sy besoekers vir die Direkteur kan ontvang. Die rekenaars van die drie Sekretaresse/Tiksters is gekoppel aan een laserdrukker. Koppeling aan 'n tweede drukker waarmee proewe gedruk kan word, vlot tans nog nie na wense nie.

In die twee woonstelgedeeltes word die ruimte tans soos volg benut, vanaf die hoofgebou na agter:

'n Versendingskantoor, met 'n gedeelte afgeskort vir bergruimte, 'n personeelkamer veral vir dames, 'n kantoor vir die Redakteur van "Die Boodskapper", en 'n komiteekamer. Die gedeelte vir parkering onder die afdak sal grotendeels ingerig word as verversingslokaal, veral vir kommissies, en 'n kleiner gedeelte daarvan as kluis vir argiefdoeleindes. 'n

Argitek is tans besig om spesifikasies vir die gedeeltes op te stel.

Die Assistent-Administrateur sal in die kantoor langs die portaal waar etes tans nog aan kommissies bedien word, geplaas word.

Voorsiening vir parkering sal elders op die terrein gemaak word.

4.1 Toekomstige uitbreiding

Die BRKA het voortdurend aandag geskenk aan verskillende ander moontlikhede vir uitbreiding, soos byvoorbeeld die aankoop van 'n aangrensende erf. In die opsig mag daar volgens inligting egter beperkende munisipale regulasies bestaan, en korrespondensie daaroor word met die Stadsraad van Pretoria gevoer. Die BRKA het ten tye van die opstel van dié verslag opdrag gegee aan sy Gebouekomitee om ondersoek in te stel na 'n 2,5 hektaar hoewe met kerk en huis daarop te Montana wat te koop aangebied word teen 'n redelike prys.

Die Direkteur doen ook navraag by die Stadsraad oor moontlikhede van aanbouings aan die bestaande gebou, aangesien voldoende ruimte, veral na die volgende 2 jaar, 'n ernstige knelpunt is.

4.1.1 Aanbeveling:

Die RKA dra dit aan die BRKA op om in oorleg met die Finansiële Kommissie van die Sinode steeds alle moontlikhede vir toekomstige uitbreiding te ondersoek, en indien 'n koopgeleentheid hom voordoen wat nie volgens alle beskikbare inligting tot 'n moontlike verlies vir die RKA in geval van herverkoop sal lei nie, wel die eiendom aan te koop.

4.2 Kantoortoerusting

Die nodige rekenaartoerusting, programmatuur en meubels is aangekoop. Vanweë hoë koste daaraan verbonde, word 'n frankeermasjien egter voorlopig agterweë gelaat.

4.3 Aanwysingsbordjies na die Sentrale Kerkkantoor sal deur die munisipaliteit aangebring word op die hoek van Bond- en Kirknessstraat; Farenden- en Bondstraat en Farenden- en Parkstraat. Op die bordjies word aangedui:

APK - Teologiese Skool

Die aanbring van 'n bord voor die gebou word om

sekuriteitsredes agterweë gelaat. Slegs 'n bordjie met die volgende bewoording sal aangebring word: "Reg van toegang voorbehou."

4.4 Aandag word gegee aan die oprigting van veiligheidshekke en die beveiliging van die kantoorperseel.

5 TERREIN

5.1 Tuindiens

Die aanbod van tuindienste t.o.v die versorging van die terrein deur ds. AJB Deysel is vir drie maande aanvaar. Die diens sal weer teen die einde van Julie oorweeg word.

5.2 Parkering op terrein tydens rugbywedstryde.

Die jongmense van die APK Pretoria-Sentraal het aansoek gedoen om in belang van hulle busprojek die terrein van die Sentrale Kerkkantoor vir parkering tydens rugbywedstryde te verhuur.

Die aansoek is goedgekeur op voorwaarde dat daar aan sekere vereistes aan hulle voorgehou, voldoen moet word.

Die BRKA het dit aan sy Gebouekomitee opgedra om by die Stadsraad van Pretoria vas te stel of die belastingvrystelling aan die APK nie in die gedrang gebring word deur die heffing van parkeergelde nie. Verslag hieroor word nog afgewag.

6. 15% BYDRAES VAN GEMEENTES

Kragtens sy Reglement (punt 6.5.1 - 6.5.5) is dit die taak van die BRKA om o.m. fondse te administreer. In die hoedanigheid het die BRKA verskeie versoeke van gemeentes om uitstel van 15% bydraes hanteer. Die BRKA het die Finansiële Kommissie van die Sinode gevra om hierin leiding aan hom te gee. Ooreenkomstig die advies het die BRKA soos volg besluit:

Aansoeke om uitstel van betaling van 15% kan slegs by wyse van hoë uitsondering toegestaan word. Elke aansoek moet op meriete oorweeg word, en kan alleen oorweeg word in geval van fondse vir die bou van 'n kerkgebou, saal of pastorie. Uitstel kan rentevry vir een jaar verleen word, waarna rente volgens heersende bankrentekoerse op die uitstaande bedrag gehef word. Aansoeke moet egter sover moontlik ontmoedig word.

Uitstel volgens dié besluit is aan drie gemeentes verleen.

7. BEGROTING

Die BRKA het die finale begroting soos deur die Finansiële Kommissie vir die Sinode aanbeveel, onder oë geneem, dit bespreek en daarvan kennis geneem. Ten opsigte van die R45 000 in die begroting van die BRKA gemerk vir reiskoste vir vergaderings, het die BRKA R11 000 afgestaan vir die begroting van die Vaalterreinkommissie.

8. Konstitusie van die Raad vir Kerkadministrasie en Reglement van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie.

Aanbevelings:

8.1 Die Raad vir Kerkadministrasie neem met dank die Konstitusie vir die RKA en die Reglement vir die BRKA in ontvangs en aanvaar dit as basis vir die samestelling en funksionering van die RKA en BRKA. (Agenda pp.)

8.2 Die RKA keur die werksaamhede van die BRKA volgens die Reglement sedert totstandkoming op 8 Februarie 1990 tot op datum goed.

8.3 Die RKA keur die volgende wysigings aan die Reglement goed:

8.3.1 Punt 6.4.2 van die Reglement word gewysig om soos volg te lees: "Vergaderings van die BRKA word opgeroep deur die BRKA of sy Dagbestuur, of wanneer minstens twee Bestuurslede skriftelik sodanige versoek rig."

8.3.2 Punt 6.5.6.2: "Kommissies" word vervang deur "Subkomitees".

8.3.3 Punt 6.5.7.1-3: voeg in "Sinodale" voor "Kommissies".

8.3.4 Punt 6.1.4 word aangevul met: "Die BRKA kan dit ook aan 'n ander personeellid (bv. die Administrateur) opdra om die Direkteur hierin by te staan."

9. PENSIOENAANGELEENTHEDE

Mnr CC du Preez en die Finansiële Kommissie is ten tye van die opstel van hierdie verslag nog in onderhandeling met SANLAM oor verskeie pensioenaangeleenthede, waaroor hopelik nog tydens die Sinode verslag gelewer sal word.

T.o.v. navrae aan leraars en kerkrade waar leraars arbei, oor die wenslikheid daarvan om die dertiende tjek van leraars pensioendraend te maak, is nie bevredigend gereageer nie.

Na vier briewe, een reeks telefoonoproepe en ook persoonlike navrae aan leraars tydens kommissievergaderings, is slegs 29 positiewe antwoorde ontvang en 14 het nog nie besluit nie of staan negatief daarteenoor. Aangesien administrasie intens bemoeilik word as alle leraars en betrokke kerkrade nie inskakel nie, is die implementering uitgestel in afwagting van 'n finale besluit deur die Vierde Sinode. Kerkrade word daarop gewys dat hulle 11% bydrae vir die 13e tjek op die topkerf van 'n leraar se traktement maar R445.50 per jaar sal bedra, of R37.13 per maand.

Aanbeveling:

9.1 Ten einde gedeeltelik te vergoed vir verliese t.o.v. pensioen wat leraars wat na die APK oorgekom het, gely het, besluit die RKA dat alle betrokke kerkrade en leraars deelneem aan die skema waarvolgens die dertiende tjek van leraars pensioendraend word. Die skema tree in werking vanaf 1 Oktober 1990, en kerkrade en leraars wat vantevore reeds daarvoor bygedra het, sal daarvoor krediet ontvang.

10. **BESONDERE DONASIES**

'n Bedrag van R1000 is van APK Memel ontvang vir die stigting van 'n APK-weeshuisfonds, asook 'n bedrag van R250 vir Bybelverspreiding onder blankes.

Die aangeleenthede word na die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens verwys, om t.o.v. die APK-weeshuisfonds die Sinode met 'n voorstel te dien, en t.o.v. die donasie vir Bybelverspreiding om Bybels vir behoeftige blankes aan te koop.

11. **KAAPSE MEDIESE PLAN - APK VERTEENWOORDIGER**

Ds AJ Taute is deur die SKK benoem om die APK by die Kaapse Mediese Plan te verteenwoordig. Die SKK het sy verslag na die BRKA verwys, en dit word vir kennisname hierby aangeheg as Bylae BRKA 2.

12. **VAALTERREIN**

Die ontwikkeling van die Vaalterrein sal voortaan onder die BRKA ressorteer. Vir die huidige word die verslag van die Vaalterreinkommissie aan die Sinode voorgelê (as Bylae SKK 3 by die SKK-verslag) wat oor die aard van die ontwikkeling moet besluit.

Hiermee vertrou die BRKA dat hy sy taak tot bevrediging van die RKA behartig het.

....

VOORSITTER SEKRETARIS

HANDELINGE V.D. BRKA in KRONOLOGIES ORDE : 6·11·89 — 6·7·90

Nº	Genotuleerde Vergaderings: BRKA	Dagbestuur	Ad hoc Komitee	Personeelkomitee	Ander aksies: Geboukomitee, Terreinkomitee en ander take
1	Ma 6·11·89 (Eer Sinode)				
2		Ma 6·11·90 (Eer Sinode)			
3	Vr 21·1·90 (09:30)				
4					Vr 12·1·90 Terreinkom. — Opdrag
5					Vr 12·1·90 Kuratoriumbehoeftes ← (1)
6			Sat 20·1·90 (08:00)		
7		Ma 29·1·90 (14:00)			
8					Do 8·2·90 Skk-Lasgewing. (2)
9					Vr 9·2·90 SKK - "Opdrag" ←
10	Vr 9·2·90 (13:45)				
11					Vr 9·2·90 Geboukom - Opdrag; o.a. Oordrag van Vaste eiendom
12					Sat 10·2·90 Terreinkom: Skoonmaak, opruim.
13					Sat 17·2·90 Terreinkom: Wegry v take ens.
14		Vr 23·2·90 (14:00)			
15			Sat 24·2·90 (09:00)		
16					Ma 26·2·90 Grondplan 3963/77 Erf 1339 Opdragte: Gebou- en Terreinkom
17	Wo 28·2·90 (14:00)				
18			Ma 5·3·90 (Etensuur)		
19	Di 6·3·90 (14:00)				
20					Di 6·3·90 Geboukom berou Bootkamer
21				Do 8·3·90 (m 30)	(3)
22					Di 20·3·90 Vaal-v Terrein konferensie
23	Vr 23·3·90 (13:30)				
24					Ma 26·3·90 Kuratoriumbehoeftes ← (3)
					SKK - "Opdrag" Predikant ←
25				Ma 26·3·90 (14:30)	
26				Vr 30·3·90 (14:00)	(E)
27					Sat 1·4·90 Direkteur aangestel, neem sekere take oor. Versendingskiek aangestel. neem sekere take by Retream oor.
28			Di 3·4·90 (16:00)		
29	Do 5·4·90 (16:00)				(4)
30					Sat 21·4·90 Afvaardiging na Kaapstad Stin
31				Ma 30·4·90 (14:00)	Kuratoriumbehoeftes ... ← (3)
					SKK - Direkteur ... ←
32					Di 1·5·90 Sakkantoor vir Direkteur aangestel - "Secretary"
33	Do 3·5·90 (16:00)				Geboukomitee = (= 4 Verg's)
34	Do 17·5·90 (16:00)				Terrein Komitee: (= 5 Verg's)
35			Sat 2·6·90 (09:00)		Ander take: = (7) Take
36				Wo 13·6·90 (14:30)	
37	Wo 13·6·90 (16:00)				"Mandae" besluit.
38	Di 26·6·90 (14:00)				"Predikante" 66
39	Vr 6·7·90 (10:00)				"Kerkraadsiede" 85
					"Direkteur" 9
	12	3 (2)	5	5	760

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG : KAAPSE MEDIESE PLAN - AJ Taute

1. Die SKK het my benoem om die Afrikaanse Protestantse Kerk te verteenwoordig by die Kaapse Mediese Plan. Die Kaapse Mediese Plan het my laat weet, op 15 Junie 1989 dat ek op die Kaapse Mediese Plan se Adviseskomitee benoem is.

2. Vanaf die laaste Sinode het ek een byeenkoms nie kon bywoon nie en dit was die afsluitingsvergadering einde 1989.

2.1 Die volgende vergaderings het ek wel bygewoon:

2.1.1 Op 15 Februarie 1990
2.1.2 Op 23 Mei 1990

Die volgende vergadering is op 15 Augustus 1990.

3. Sake bespreek:

3.1 Kommentaar en aanbevelings van lede; oor geamendeerde regulasies

3.2 Kantooradministrasie

3.2.1 Terrein
3.2.2 Kantoortoerusting.

3.3 Personeel

3.4 Finansies

3.5 Uitbreiding te Johannesburg en nuwe aanstellings.

3.6 Die stand van die Kaapse Mediese Plan.

3.7 Bydraes deur lede: Daar is 'n moontlikheid van 'n verdere verhoging gedurende die jaar maar alles word gedoen om dit te verhoed.

Hiermee aanvaar ek dat ek my taak wat aan my opgedra is, gedoen het.

Seën met u werksaamhede.

w.g. AJ TAUTE

AFDELING A

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE

1. PERSONEEL

Prof dr FAH van Staden (Voorsitter)
Ds JA du Plessis (Ondervoorsitter)
Ds AJ van Niekerk (Skriba)
Ds JH Swart (Hulpskriba)
Drs E Friis
Prof R Marè
Oudl AJ Pienaar
Oudl PR Pretorius
Ds AS van Jaarsveld
Ds Jurie J Venter
Diak A Visagie
Oudl Jac du Plessis (Sekundus)

2. VERGADERINGS

Die kommissie het nege keer vergader, tw op 6 November 1989, 8 Januarie, 7 Februarie, 19 Maart, 30 April, 7 Junie, 22 Junie, 29 Junie en 4 Julie 1990. 'n Tiende vergadering moet nog in Augustus gehou word om die susters van die Vroue-aksie te ontmoet.

2.1 Aanbeveling

Die Sinode keur dit goed dat 'n laat-ingekome stuk as addendum tot die KKS-verslag in verband met die Vroue-aksie by die Sinode mag dien.

2.2 Motivering

Die KKS het besluit om die verslag in verband met die Vroue-aksie wat in 1989 moes dien, te wysig ná die ontmoeting met die susters in Augustus 1990.

3. AFGEHANDELDE SAKE IN OPDRAG VAN DIE SINODE

3.1 Die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls tesame met Bylaes soos goedgekeur, het in druk verskyn.

3.2 Insette is deur die KKS gelewer by die SKK met betrekking tot die konstitusie van die RKA en die reglement van die BRKA.

3.3 'n Reisattestaat-vorm is aan die BRKA oorhandig om te laat druk.

3.4 Advies is aan die Kuratorium deurgegee oor DIE KERKREGTELIKE POSISIE VAN TEOLOGIESE DOSENTE. Aanbevelings in hierdie verband sal deur die Kuratorium voorgelê word.

3.5 Die KKS en SKK het op 22 Junie 1990 'n openhartige en indringende gesprek gevoer oor sekere belange van die APK. Die kommissies is tevrede dat sekere misverstande uit die weg geruim is, en is dankbaar dat die gesprek kon plaasvind.

4. OPSKORTING VAN KO-ARTIKEL 61 EN BEPALINGS 61.1 - 61.3

4.1 Aanbeveling:

Die Sinode skort art 61 en bepalings 61.1 - 61.3 op vir die duur van die vergadering.

4.2 Motivering

Indien hierdie artikel nie opgeskort word nie, kan geen wysiging aan die KO en Bepalings aangebring word nie, behalwe deur behandeling van 'n beskrywingspunt of beswaarskrif nie. Dit impliseer dat geen voorstelle van kommissies en/of afgevaardigdes, wat wysiging van die KO en Bepalings vereis, op 'n ander manier ter tafel geneem kan word nie.

5. PRIORITEITSLYS EN VORM VAN HIERDIE VERSLAG

Om te verseker dat finaliteit by die Sinode gekry word oor die KO, word hierdie verslag verder soos volg aangebied:

5.1 AFDELING A: BEPALINGS IN DIE KO WAT TOT HIERTOE NET AS RIGLYNE DIEN.

5.1.1 Bepalings 40.1 - 40.6 : Werksaamhede van die Sinode.

5.1.2 Bepalings 42.1 - 42.3 : Sakramentsbediening.

5.1.3 Bepalings 43.1 - 43.4 : Verbondsonderrig.

5.1.4 Bepalings 55.1 - 55.4 : Opsig en Tug.

5.2 AFDELING B: BESKRYWINGSPUNTE UIT DIE 1989 VERSLAG OOREENKOMSTIG ART 61 VAN DIE KO.

5.3 AFDELING C: NUWE BESKRYWINGSPUNTE OOREENKOMSTIG ART 61 VAN DIE KO.

5.4 AFDELING D: ANDER VOORGESTELDE VERANDERINGS AAN DIE KO EN BEPALINGS.

5.5 AFDELING E ORDEREëLS.

5.6 AFDELING F: BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERANDERING VAN DIE KO EN BEPALINGS VEREIS NIE.

5.7 AFDELING G: APPèLLE EN BESWAARSKRIFTE.

5.8 AFDELING H: ANDER SAKE WAT NIE VERANDERING VAN DIE KO EN BEPALINGS VEREIS NIE.

5.9 AFDELING I: BEGROTING.

6. ONAFGEHANDELDE DEEL VAN DIE 1989-VERSLAG VAN DIE KKS

6.1 Die Sinode 1989 het soos volg besluit:

"Die Sinode besluit:

dat die onafgehandelde deel van die verslag na die permanente KKS terugverwys word om dit, gewysig of ongewysig, by die eersvolgende Sinode weer ter tafel te lê".

6.2 Afgevaardigdes sal bemerk dat sake wat lank reeds oorgestaan het, sover moontlik eerste in die verslag aan die orde kom.

6.3 Die onafgehandelde deel van die 1989-verslag is só geïntegreer dat alle aanbevelings, beskrywingspunte, ens. in behandeling geneem word wanneer 'n spesifieke artikel of bepaling ooreenkomstig art 61 van die KO aan die orde kom.

6.4 Waar na artikels en bepalings van die KO verwys word, het die Kommissie dit so verander dat na die 1989 KO verwys word.

AFDELING A: BEPALINGS IN DIE KO WAT TOT HIERTOE NET AS RIGLYNE DIEN.

1. Waar die bepalings aan die orde gestel word, word ook eers die betrokke artikel, en terselfdertyd artikels en/of bepalings wat daarmee verband hou, aan die orde gestel.

2. Voorstelle en beskrywingspunte uit die 1989 - verslag, sowel as nuwe beskrywingspunte word by elke betrokke artikel aan die orde gestel - ook wanneer afdelings B, C, D en E voor die Sinode dien.

3. Numerering van artikels en bepalings is volgens die 1989-KO. Wanneer afdelings B, C, D en E voor die Sinode gedien het, sal die numerering van die artikels aangepas moet word.

4. Artikel 40 - Bewoording in KO

Werksaamhede

Die werksaamhede van die sinode is:

40.1 Die aanwysing van 'n Bybelvertaling(s) vir amptelike gebruik;

40.2 die vasstelling van die Belydenisskrifte;

40.3 die vasstelling van die Kerkorde en ander bepalinge vir sy werksaamhede in ooreenstemming met die Kerkorde;

40.4 die opleiding van evangeliedienaars;

40.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie by hom tuishoort of by wyse van appèl voor hom gebring word (vgl ook artikel 23.2).

BEPALING 40.1

Die Sentrale Kerkekommissie besluit oor die plek, datum en tydsduur van 'n sinodale vergadering met minstens drie maande kennisgewing aan kerkrade, met dien verstande dat die Sentrale Kerkekommissie 'n buitengewone vergadering binne drie weke kan saamroep met skriftelike kennisgewing aan elke kerkraad.

BEPALING 40.2

Die sinode kies 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba, hulpskriba en aktuarius wat per groslys met volstrekte meerderheid van stemme volgens die stemprosedure by die beroeping van 'n predikant of verkiesing van kerkraadslede verkies word.

BEPALING 40.3

Vir gewone vergaderings van die sinode moet 'n kerkraad die geloofsbriewe van afgevaardigdes minstens veertien dae voor die aanvang van die sinode aan die sentrale kerkkantoor deurstuur.

BEPALLING 40.4

Afgevaardigdes na 'n buitengewone sinode verskyn met geloofsbriewe en handel die sakelys af.

BEPALING 40.5

Die afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering totdat die voorsitter verkies is.

BEPALING 40.6

Niemand mag vir meer as twee agtereenvolgende sinodes as voorsitter optree nie.

4.1 RINGE VAN VEREENIGING, MEMEL EN NEWCASTLE

Beskrywingspunte i/s: Voorsitter van die sinode 1989-verslag van KKS)

4.1.1 Vereeniging

Die sinode besluit dat elke vergadering sy eie voorsitter kies ongeag enige dienstermyne as voorsitter. Hierdie beskrywingspunt moet voor die sinode dien voordat die ampsdraers vir die sinode aangewys word.

Motivering

Die ring was eenparig in sy siening dat elke vergadering outonoom is en dus vry is om sy voorsitter te kies ongeag enige vorige dienstermyne as voorsitter. Die ring versoek dus die Permanente Kommissie vir Regte om voor te stel dat die Kerkorde dienooreenkomstig gewysig word.

4.1.2 Memel

Bepaling 41.6 (KO 1988) by art 41 moet geskrap word.

Motivering

1. Daar is geen sodanige beperking op die kerkraad as hy 'n voorsitter kies nie. Waarom moet die beperking op 'n meerdere vergadering gelê word om sodoende 'n baie bekwame en vaardige voorsitter te diskwalifiseer? Dit is net tot nadeel van die vergadering. Om voorsitter van 'n sinode te wees, sit nie in elke man se broek nie. So 'n voorsitter moet ook ingroei in die omvattende werk van die kerk, en hierdie beperking beroof die vergadering van kontinuïteit en van 'n man wat ryp geword het in insig, en 'n wye oorsig van al die werksaamhede van die kerk ontwikkel het oor die loop van die jare.

2. Die klaarblyklike bedoeling is dat daar vrees is dat een man die kerk kan manipuleer vanuit daardie posisie as voorsitter, as hy jare tot die amp verkies word. Dit is tog belaglik! Op die sinode verkeer die voorsitter onder sy gelykes, en geen meerdere vergadering sal hom laat oorheers deur een man nie. Waar bestaan die grootste moontlikheid om as dominee 'n vergadering te oorheers as juis in 'n kerkraadsvergadering? Laat die sinode vry om sy voorsitter in verantwoordelikheid uit sy ampsdraers te kies.

4.1.3 **Newcastle**

Verander (KO 1988) Bepaling 41.6 om te lees: "Niemand mag vir meer as twee sinodes as voorsitter optree en daarna as ondervoorsitter dien nie".

Motivering:

Geen.

4.2 **Aanbeveling van KKS**

Die sinode besluit dat Bepaling 40.6 onveranderd goedgekeur word, en dat dit by die volgende Sinode terugwerkend sal geld.

4.3 **Motivering van KKS:**

Die geskiedenis van die voorgestelde bepaling spreek van 'n beperking of uitskakeling van hiërargiese neigings deur verskeie Gereformeerde Kerke. Die beginsel is in (ou) artikel 4 van ons Kerkorde vervat, nl dat by die uitoefening van hulle roeping geen ampsdraers oor ander ampsdraers heerskappy mag voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof van sy kerk is. Art 31 van die NGB stel dit soos volg: "Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ookal mag wees, een en dieselfde mag en gesag...". Van die begin af het die APK die beginsel gehandhaaf, onder andere deurdat die amp van voorsitter van die sinode eindig met die ontbinding van die sinode. Bepaling 41.6 gee hieraan verdere beslag.

4.4 **Aanbeveling:**

Die Sinode besluit dat Bepalings 40.1 tot 40.5 goedgekeur word.

5. Artikel 42 - BEWOORDING IN KO

SAKRAMENTSBEDIENING

42.1 Die heilige doop word in 'n erediens deur 'n bedienaar van die Woord bedien.

42.2 Die heilige nagmaal word so gereeld moontlik, maar minstens vier keer per jaar gedurende 'n erediens gelei deur 'n bedienaar van die Woord, in elke gemeente gevier.

BEPALING 42.1

Die heilige doop word aan die kinders van belydende lidmate, wat nie onder sensuur is nie, bedien. Indien ouers hulle kinders in 'n ander gemeente wil laat doop, moet hulle skriftelik toestemming van die kerkraad verkry, met dien verstande dat die plaaslike leraar en wyksouderling namens die kerkraad mag handel in spoedeisende gevalle.

BEPALING 42.2

Voornemende doopouers is verplig om die verbondsgesprek, soos deur die kerkraad bepaal en gereël, by te woon. Besoekende doopouers moet bewys lewer dat die verbondsgesprek in die eie gemeente afgehandel is.

BEPALING 42.3

Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die kerkraad kan besoekende belydende lidmate uit ander gemeentes, of uit gemeentes van ander erkende Gereformeerde Kerke, toegelaat word tot deelname mits hulle vooraf by die kerkraad aansoek gedoen het.

5.1 <u>Ring van Klerksdorp: Beskrywingspunt i/s die Heilige Doop (Art 42.1 - KO 1989) - 1989 - Verslag van die KKS</u>

Die ring beveel by die sinode aan dat Art 43.1 van die Kerkorde (1988) gewysig word om te lees: "Die Heilige Doop word so gereeld moontlik in 'n erediens deur 'n bedienaar van die Woord bedien".

5.2 **Motivering**

1. Die besnydenis is vervang deur die doop. Die besnydenis is op die 8ste dag voltrek - so gou moontlik (nie 1 keer per maand nie).

2. Daar bestaan geen Skrifgetuienis dat die sakramentsbediening om enige rede vertraag is nie.

3. Die praktiese probleem wat in groot kerke bestaan (dit wil sê groot lidmatetalle) dat daar gedurig kindertjies gebore word - wat die sakramentsbediening amper Sondag na Sondag sou noodsaak - bestaan nie by die AP kerke nie en behoort nie maklik te ontstaan nie as gevolg van die beleid om getalryke gemeentes deur afstigting te voorkom.

5.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt.

5.4 Motivering

Die ring wil die woorde "so gereeld moontlik" by art 42.1 ingevoeg hê - soos reeds die geval is by art 42.2.

5.5 Aanbeveling 1989-verslag van KKS)

Art 42.2 word taalkundig verbeter: "Die Heilige Nagmaal word so gereeld moontlik in elke gemeente gevier, maar minstens vier keer per jaar, gedurende 'n erediens gelei deur 'n bedienaar van die Woord".

5.6 Aanbeveling:

Die Sinode besluit dat Bepalings 42.1 tot 42.3 goedgekeur word nadat die volgende veranderings aangebring is:

5.6.1 Bep. 42.1 word gewysig deur "gemeente" te vervang met AP kerk of erkende kerk".

5.6.2 Bepaling 42.3 word gewysig om so te lui: "Die Heilige Nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die kerkraad kan besoekende, ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes) of uit gemeentes van ander erkende Gereformeerde kerke, tot deelname toegelaat word mits hulle vooraf by die kerkraad daarom aansoek gedoen het".

5.6.3 Bepaling 42.2 word gewysig deur "toestemming van die kerkraad" te vervang met: "toestemming van hulle eie kerkraad".

6. Artikel 43

VERBONDSONDERRIG

Die kinders van die gemeente asook buitekerklikes wat begeer om belydende lidmate van die gemeente te word, moet onder toesig van die kerkraad in die Woord van God en die leer en geskiedenis van die kerk onderrig word met die oog op die aflegging van belydenis van geloof, waardeur hulle tot volle lidmaatskap van die gemeente toetree ná approbasie deur die gemeente, met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde.

BEPALING 43.1

Sondagskool strek van sesjarige tot elfjarige ouderdom, katkisasie van twaalfjarige tot veertienjarige ouderdom, met een finale jaar belydenisklas voordat op sestienjarige ouderdom tot toelating van aflegging van geloofsbelydenis deur die kerkraad toegestem kan word. Volwassenes moet by die belydenisklas inskakel tensy die kerkraad anders reël.

BEPALING 43.2

'n Doopseël as bewys van gedoop te wees, moet ingelewer word vóór toelating tot aflegging van geloofsbelydenis. Indien die katkisant nie gedoop is nie, of geen bewys van doop gelewer kan word nie, moet die katkisant na belydenisaflegging gedoop word.

BEPALING 43.3

Die kerkraad het die roeping om 'n katkisant met onvoldoende kennis van die Bybel en van die leer van die kerk, of wie se lewenswandel nie met die Skrif en belydenis in ooreenstemming is nie, van belydenisaflegging te weerhou totdat aan die vereistes voldoen word.

BEPALING 43.4

Belydenis van geloof moet afgelê word binne drie maande na toelating met dien verstande dat belydenisaflegging in 'n ander gemeente kan geskied met die skriftelike toestemming van die toelatende kerkraad aan die kerkraad van die ander gemeente.

6.1 **RINGE VAN NEWCASTLE EN KLERKSDORP**

Beskrywingspunte i/s: Verbondsonderrig en belydenisaflegging (KO Art 43 en Beps 43.1 - 43.4) - 1989 VERSLAG VAN DIE KKS

6.1.1 **NEWCASTLE**

Vervang 14-jarige" in Bepaling 44.1 (KO 1988) met "15-jarige".

Motivering

Geen.

6.1.2 **KLERKSDORP**

Die ring beveel by die sinode aan dat Bepaling 44.3 van die Kerkorde (1988) soos volg gewysig word: "Die kerkraad het die roeping om toe te sien dat katkisante genoegsame kennis van die Bybel en die leer van die kerk moet bekom, met inagneming van hul verstandelike vermoëns, alvorens hulle belydenis van geloof aflê. Verbondskinders wie se lewenswandel nie in ooreenstemming is met die Skrif en belydenis nie, sal weerhou word van belydenisaflegging totdat aan die vereistes voldoen is".

Motivering

Die huidige bewoording van die Bepaling maak nie voorsiening vir die oordeel van 'n spesifieke kerkraad in gevalle waar katkisante 'n beperkte verstandelike vermoë het nie. Dit is ongelukkig 'n feit dat daar wel sodanige persone is, en deur die voorgestelde wysiging word gepoog om hierdie mense nie van lidmaatskap van die gemeente uit te sluit nie.

6.2 Aanbeveling van KKS:

Die sinode besluit:

6.2.1 **Die voorgestelde wysiging van Bepaling 43.1 word verwys na die Tydelike Jeugkommissie vir 'n aanbeveling tydens die sinode.**

6.2.2 **Die voorgestelde wysiging van Bepaling 43.3 word aanvaar soos voorgestel deur die ring van Klerksdorp.**

6.3 Aanbeveling van KKS ten opsigte van Art 43 en Bepalings

Die art met sy meegaande bepalings (behalwe 44.4) word gewysig soos in 1988 aanbeveel deur die Tydelike Kommissie vir Regte en verbeter deur die KKS in 1990:

ARTIKEL 43

Die dooplidmate van die gemeente asook buitekerklikes wat begeer om belydende lidmate van die gemeente te word, moet onder toesig van die kerkraad in die Woord van God en die leer en geskiedenis van die kerk onderrig word met die oog op die aflegging van belydenis van geloof, waardeur hulle tot volle lidmaatskap van die gemeente toetree na approbasie deur die gemeente, met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde.

BEPALING 43

43.1 Verbondsonderrig word in twee afdelings verdeel, te wete 'n junior afdeling wat strek vanaf ses/sewejarige tot elf/twaalfjarige ouderdom, asook 'n senior afdeling wat strek vanaf twaalf/dertienjarige tot vyftien/sestienjarige ouderdom, gevolg deur een finale jaar in die belydenisklas, voordat hulle by die kerkraad aansoek mag doen om geloofsbelydenis af te lê.

Volwassenes wat nog belydenis van geloof moet aflê, word verkieslik afsonderlik onderrig, tensy die kerkraad anders reël.

43.2 'n Doopseël of ander bevredigende getuienis van wettige doop moet ingelewer word voor toelating tot aflegging van geloofsbelydenis. Indien die kandidaat nie gedoop is nie, moet hy/sy na belydenisaflegging gedoop word.

43.3 Die kerkraad het die roeping om 'n voornemende lidmaat met onvoldoende kennis van die Bybel en van die leer van die kerk, of wie se lewenswandel nie in ooreenstemming met Skrif en belydenis is nie, van belydenisaflegging te weerhou totdat aan die vereistes voldoen word.

43.4 Dit bly dieselfde soos in die Kerkordeboekie.

6.4 RING VAN SUIDKUS

6.4.1 Beskrywingspunt i/s: Bepaling 43.1 van KO 1989

Die sinode besluit:

Dat die bepaling gewysig word om te lees: "Sondagskool strek van sesjarige tot elfjarige ouderdom, katkisasie strek van twaalfjarige tot sestienjarige ouderdom".

6.4.2 Aanbeveling van KKS:

Die sinode verwys die ring na die voorgestelde formulering van bepaling 43.1 in die voorgestelde hersiene KO - Kyk ook punt 7.2.1 hierbo.

6.5 Opmerking deur Skriba KKS

6.5.1 Die voorgestelde wysigings van bep 43.3 by punte 6.2.2 en 6.3 hierbo is teenstrydig.

6.5.2 Die bepalings by Art 43 moet nog deur die Sinode goedgekeur word.

7. BEPALING 55.1 - 55.4 - TUG

7.1 BEPALING 55.1

'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie. kan by 'n kerkraad en/of ring skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat(e) of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met kennisgewing aan die aange klaagde.

BEPALING 55.2

By die kennisname deur 'n lid of lede van 'n kerkvergadering van 'n verspreidende nadelige gerug of gerugte aangaande diegene wat aan sy opsig en tug onderworpe is, vind 'n tugondersoek plaas.

BEPALING 55.3

'n Kerklike vergadering wat in die eerste instansie 'n klag of gerug hanteer, moet volgens die bepalings van die Kerkorde optree, ondersoek instel, die aangeklaagde 'n regverdige geleentheid tot verweer bied en sy bevinding skriftelik formuleer en oordra aan die klaer en aangeklaagde. Die betrokke kerkvergadering besluit verder oor die tugstappe indien van toepassing.

BEPALING 55.4

Geen regspraktisyn of pleitbesorger mag namens enige party optree nie met dien verstande dat die aangeklaagde getuienis mag voorlê en getuies mag roep in belang van sy verweer. Dieselfde geld vir die betrokke kerklike vergadering.

7.2 Aanbeveling:

Die Sinode besluit dat Bepalings 55.1 tot 55.4 goedgekeur word, met skrapping van die woorde "en/of ring" by Bepaling 55.1.

AFDELING B: BESKRYWINGSPUNTE UIT DIE 1989-VERSLAG VAN DIE.KKS OOREENKOMSTIG ART 61 VAN DIE KO

1. Waar nuwe beskrywingspunte oor dieselfde artikel en/of bepalings ontvang is, word dit terselfdertyd by elke betrokke artikel en/of bepaling aan die orde gestel. Ook aanbevelings uit die 1989-verslag is terselfdertyd by elke betrokke artikel bygewerk.

2. Artikel 3

2.1 **LIDMAATSKAP**

Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom 10:9-10), wat die belydenis, leer en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk onderskryf en bely, kan lidmaatskap van 'n kerk (gemeente) verkry.

BEPALING 3.1

Die kerkraad hou 'n doop- en lidmaatregister. Die name van alle belydende lidmate van 'n nuut-gestigte gemeente moet na die lidmaatregister oorgedra word.

BEPALING 3.2

'n Attestaat, wat drie maande geldig bly, word aan 'n belydende lidmaat by vertrek uit die gemeente uitgereik vir oordrag aan sy nuwe gemeente. Na ses maande ná vertrek uit 'n gemeente word geen attestaat meer uitgereik nie, maar 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap.

BEPALING 3.3

'n Verouderde attestaat dien as 'n sertifikaat van lidmaatskap.

BEPALING 3.4

Aan 'n belydende lidmaat onder sensuur word by vertrek uit die gemeente 'n sertifikaat van lidmaatskap uitgereik, terwyl 'n inligtingsbrief aan die kerkraad gestuur word met besonderhede van die geval.

BEPALING 3.5

'n Attestaat of bewys van lidmaatskap wat verlore geraak het mag met 'n duplikaat, gemerk "duplikaat", vervang word.

BEPALING 3.6

Indien 'n lidmaat se bewys van lidmaatskap onopspoorbaar blyk te wees, kan die kerkraad òf op die getuienis van 'n bloedverwant òf van 'n belydende lidmaat òf van 'n ampsdraer òf van die betrokkene self, met vermelding van die gemeente waar, die betrokke predikant en naastenby wanneer belydenis afgelê is, die lidmaat van die nodige dokumentasie voorsien.

BEPALING 3.7

'n Belydende lidmaat wat hom in 'n gemeente vestig, maar weier om sy attestaat of bewys van lidmaatskap aan te vra of in te dien, moet deur die kerkraad aangemaan word. Indien hy volhardend weier, word hy as afgeskei van die gemeente geag.

BEPALING 3.8

'n Akte van demissie dien as attestaat.

BEPALING 3.9

'n 'Reisattestaat' word deur 'n kerkraad gegee aan 'n lidmaat (doop of belydend) wat vir 'n tyd lank reisend sal wees en dus nie vooraf weet by watter kerk/kerke hy hom sal bevind nie, bv projekwerkers, diensplichtiges, e.a. Die reisattestaat stel hom bekend aan enige kerk in kerkverband en versoek dat die kerke waar hy aandoen, op die reisattestaat sal getuig waar en wanneer Woord- en sakramentsbediening aan die reisende gelowige bedien is. (Kyk Bylae 5 agter in die KO-boekie).

2.2 **KERKORDE ARTIKEL 3: BESKRYWINGSPUNT: RING VAN VEREENIGING:**

2.2.1 **Inhoud van beskrywingspunt:**

Die Sinode besluit om die volgende nuwe artikels in die kerkorde op te neem:

SAMESTELLING VAN DIE KERK/GEMEENTE

Elke kerk/gemeente bestaan uit:

1. die belydende lidmate woonagtig binne die bepaalde grense van die kerk/gemeente, wie se lidmaatskap deur die kerkraad goedgekeur en aangeteken is;

2. die gedoopte kinders van belydende lidmate woonagtig binne die grense van die kerk/gemeente (dooplidmate) sowel as die dooplidmate wat die kerk/gemeente as domisilie het;

3. die ongedooptes wie se ouers belydende lidmate is wat binne die grense van die kerk/gemeente woonagtig is sowel as die ongedooptes wat die kerk/gemeente as domisilie het.

2.2.2 **Motivering deur insender**

Geen motivering is voorsien nie.

2.3 3. **KKS se Kommentaar**

Indien goedgekeur, sou die inhoud van die beskrywingspunt as Bepalings onder Artikel 3 opgeneem kan word. Die beskrywingspunt veronderstel 'n besluit oor grense wat nog nie deur die sinode geneem is nie.

2.2.4 **Aanbeveling:**

Die sinode skenk oorweging aan die beskrywingspunt nadat 'n besluit oor gemeentegrense geneem is.

2.3 <u>BESKRYWINGSPUNTE PROF WJG LUBBE SOOS IN DIE 1989-VERSLAG VAN DIE KKS</u>

2.3.1 **1988-KO Bepaling 32.1/1989-KO Bepaling 3.1**

2.3.1.1 Wysig die eerste sin na: "Die kerkraad lê 'n doop- en lidmaatregister aan en hou dit op datum".

2.3.1.2 **Aanbeveling van KKS:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van nuwe voorgestelde Bep 4.1.

2.3.2 **1988-KO Bepaling 32.2/1989-KO Bepaling 3.2**

2.3.2.1 Wysig die Bepaling om soos volg te lees:
"'n Attestaat word aan 'n belydende lidmaat by vertrek uit sy gemeente ná skriftelike aansoek by die kerkraad met goedkeuring van die kerkraad uitgereik vir oordrag aan 'n nuwe gemeente. So 'n attestaat is vir slegs drie maande na datum van uitreiking geldig, waarna by die betrokke kerkraad aansoek vir 'n nuwe uitreiking gedoen moet word".

2.3.2.2 **Aanbeveling van KKS:**

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van voorgestelde nuwe Bep 4.3.

2.3.3 **1988-KO Bepaling 32.3/1989 KO Bep 3.3.**

2.3.3.1 Skrap die bepaling.

2.3.3.2 Aanbeveling van KKS

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van voorgestelde nuwe Bep 4.4.

2.3.4 1988-KO Bepaling 32.4/1989-KO Bep 3.4.

2.3.4.1 Wysig die bepaling om aldus te lees:
"Aan 'n belydende lidmaat wie se lidmaatskap deur een of ander beswaar of vorm van tug belas is, reik die kerkraad by vertrek uit die gemeente 'n attestaat met 'n toepaslike aantekening daarop uit, stuur 'n soortgelyke attestaat aan die kerkraad onder wie se toesig die vertrekkende lidmaat gaan val sodra laasgenoemde kerkraad bekend is, en maak 'n toepaslike aantekening in sy lidmaatregister. Die uitreikende kerkraad kan, as hy dit goedvind, ook 'n verduidelikende brief aan die lidmaat se aanstaande kerkraad stuur".

2.3.4.2 Aanbeveling van KKS

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van nuwe voorgestelde Bep 4.5.

2.3.5 1988-KO Bepaling 32.5/1989-KO Bep 3.5.

2.3.5.1. Skrap: "of bewys van lidmaatskap".

2.3.5.2 Aanbeveling van KKS:

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van 1989 KO Bep 4.6

2.3.6 1988-KO se Bepaling 32.6/1989 KO Bep 3.6.

2.3.6.1 Vervang "bewys van lidmaatskap" in reël 1 met "attestaat"; vervang ook "met vermelding... voorsien" in reël 4 met "na navraag oor die gemeente en die predikant voor wie en naastenby wanneer belydenis afgelê is, die lidmaat 'n beëdigde verklaring voor die kerkraad laat aflê en daarna, met toepaslike aantekening in die lidmaatregister, so 'n persoon as lidmaat registreer".

2.3.6.2 Aanbeveling van KKS:

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van voorgestelde nuwe Bep 4.7.

2.3.7 1988-KO se Bepaling 32.7/1989-KO Bep 3.7.

2.3.7.1 Skrap "of bewys van lidmaatskap" in reël 2, en vervang in reël 4 "word hy... geag" met "verklaar die kerkraad voor die gemeente dat so 'n persoon nie lidmaat is nie".

2.3.7.2 Aanbeveling van KKS

Nie aanvaar nie - kyk redaksie van voorgestelde nuwe Bep 4.8.

2.4 Aanbevelings deur KKS by Sinode 1989 (met geringe byvoegings deur huidige KKS).

2.4.1 KO art 3 lui dan so:

"Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes) onderskryf en bely, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n kerk (gemeente) verkry.

2.4.2 Voeg na art 3 'n nuwe art 4 in onder die opskrif: VERKRYGING VAN LIDMAATSKAP, in aansluiting by die werkwoord "verkry" in art 3. (Dit sluit aan by 1988-KO se artikels 33 en 34, wat verskuif moet word om nou ná art 4 te volg.)

VERKRYGING VAN LIDMAATSKAP

KO art 4:

"Lidmaatskap is net aan 'n kerk (gemeente) verbind en word verkry deur:

4.1 aflegging van belydenis van geloof deur 'n dooplidmaat of 'n ongedoopte persoon na verbondsonderrig onder leiding van, toelating deur en toesig van die kerkraad (na approbasie deur die gemeente);

4.2 opname deur die kerkraad op grond van attestate of bewys (verklaring) van lidmaatskap deur 'n ander Afrikaanse Protestantse kerk (gemeente), en goedkeuring van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap (na approbasie deur die gemeente);

4.3 opname na goedkeuring deur die kerkraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke in sake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap (na approbasie deur die gemeente), wat deur belydende lidmate vanuit ander erkende Gereformeerde (of Gereformeerdgesinde) kerke as aansoek om lidmaatskap ingelewer is".

2.4.3 Bepalings 3.1 - 3.9 word onder artikel 4 geplaas en soos volg gewysig:

Elke kerkraad moet 'n doop- en lidmaatregister hou, waarin die name van alle doop- en belydende lidmate aangeteken moet word. Die kerkraad hou ook 'n doopregister. In die geval van afstigting, moet die kerkraad die name van die nuwe gemeente se belydende en dooplidmate na 'n eie lidmaatregister oordra.

Bep 4.2 ('n Nuwe bepaling).

Belydende lidmate wie se name deur die kerkraad in die lidmaatregister aangeteken is en wat nie onder sensuur is nie, het stemreg by die kerkraadsvergadering waartoe die gemeente vir deelname opgeroep is.

Bep 4.3 (ou Bep 3.2).

'n Attestaat, wat drie maande lank geldig bly, word aan 'n belydende lidmaat of dooplidmaat by vertrek uit die gemeente uitgereik vir indiening by sy nuwe gemeente, of dit kan desnoods direk aan die nuwe kerkraad gestuur word. Na drie maande na vertrek uit 'n gemeente word geen attestaat meer uitgereik nie, maar 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap.

Bep 4.4 (ou Bep 3.3).

'n Verouderde attestaat dien as 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap, indien die ontvangende kerkraad 'n bevredigende verklaring van die houer van die attestaat verkry vir die versuim vir inlewering daarvan.

Bep 4.5 (ou Bep 3.4).

Ten opsigte van 'n belydende lidmaat onder sensuur word by vertrek uit die gemeente 'n attestasie (met aantekening daarop) uitgereik, met 'n inligtingsbrief aan die betrokke kerkraad.

Bep 4.6 (ou Bep 3.5).

'n Attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap wat verlore geraak het, mag met 'n duplikaat, gemerk "duplikaat", vervang word, met dien verstande dat 'n verlore attestaat na drie maande ná uitreiking vervang word met 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap.

Bep 4.7 (ou Bep 3.6).

Indien 'n lidmaat se lidmaatskap onopspoorbaar blyk te wees, kan die kerkraad, op getuienis van 'n bloedverwant, 'n belydende lidmaat, 'n ampsdraer of van die betrokkene self, met vermelding van die gemeente en die betrokke predikant waar en naastenby wanneer belydenis afgelê is, 'n dusdanige lidmaat se aansoek om as belydende lidmaat aanvaar te word, goedkeur en sy/haar naam in die lidmaatregister aanteken.

Bep 4.8 (ou Bep 3.7).

'n Belydende lidmaat wat hom/haar in 'n volgende gemeente vestig, maar weier om sy/haar attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap aan te vra of in te dien, moet deur daardie kerkraad aangemaan word. Indien volhardend geweier word, moet hy/sy as kerkloos geag word.

3. Artikel 21

3.1 DIAKENS

Die opdrag van die diaken is:
die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het; die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is;
die diakonale dienste wat vereis word tydens die erediens en die nagmaal.

3.2 BESKRYWINGSPUNT PROF WJG LUBBE.

1988-KO art 19/1989-KO art 21.

3.2.1 Voeg by ná "nodig is" (in reël 5): "die insameling van middele, soos die kerkraad besluit vir die onderhoud van die gemeente".

3.2.2 Aanbeveling van KKS

Dit word nie aanvaar nie.

3.2.3 Motivering

Dit behoort nie tot die wesenlike diakonale amp nie.

4. ARTIKEL 22

4.1 Verkiesing en bevestiging

22.1 Die verkiesing van ouderlinge en diakens geskied tydens 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word om deel te neem.

22.2 Die name van verkose ouderlinge en diakens word by die daaropvolgende erediens vir approbasie aan die gemeente bekend gemaak.

22.3 Alleen manlike belydende lidmate van die gemeente wie se name in die lidmateregister van die gemeente opgeteken is en wat onberispelik in leer en wandel is, is verkiesbaar.

4.2 BESKRYWINGSPUNT PROF WJG LUBBE

4.2.1 1988-KO art 20.3/1989-KO art 22.3

4.2.1.1 Voeg in voor "lidmate": "manlike" en voor "verkiesbaar": "as ouderlinge en diakens".

4.2.1.2 Aanbeveling van KKS:

Goedgekeur, behalwe dat "as ouderlinge en diakens" gewysig word na: "as ampsdraers" (kyk by KO art 23.3).

4.2.3 Verdere aanbevelings KKS

4.2.3.1 Art 22 word art 23 en word soos volg gewysig:

Art 23.1. Die verkiesing van ouderlinge en diakens geskied tydens 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word.

Art 23.2. Die name van verkose ouderlinge en diakens word by die daaropvolgende twee Sondae vir approbasie aan die gemeente bekend gemaak.

Art 23.3. Alleen manlike belydende lidmate van die gemeente wie se name in die lidmateregister van die gemeente opgeteken is en wat onberispelik in leer en wandel is, is as ampsdraers verkiesbaar.

4.2.3.2 'n Nuwe Art 23.4 word bygevoeg, wat soos volg lui:

"Die bevestiging van ouderlinge en diakens geskied tydens 'n erediens wat deur 'n APK-leraar waargeneem word".

5. Artikel 23

5.1 Dienstermyn

Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal met behoud van die beginsel van gereelde uittrede.

BEPALING 23.1

Die verkiesing van kerkraadslede geskied volgens artikel 22 van die Kerkorde.

BEPALING 23.2

In die geval van 'n nuutgestigte gemeente geskied die verkiesing van die eerste kerkraadslede deur die aanwesige lidmate. Die bevestiging geskied so spoedig doenlik.

BEPALING 23.3

Indien so verkies, kan vir elke vakante wyk afsonderlik verkies word.

BEPALING 23.4

'n Groslys word vooraf saamgestel soos die kerkraad bepaal. Elke belydende lidmaat en elke kerkraadslid mag ooreenkomstig die aantal vakatures name op die groslys plaas. Die kerkraad finaliseer voor die verkiesingsvergadering die groslys met inagneming van artikel 22.3. Daarna volg die verkiesing. Elke stemgeregtigde stem per geslote stembrief vir soveel name as wat verkies moet word.

Diegene wat 'n volstrekte meerderheid verkry het, is verkies. Vir die ontbrekendes word gestem tussen die oorblywende name totdat die benodigde aantal persone met volstrekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme met die finale stemming staak, word na gebed met die lot beslis.

BEPALING 23.5

'n Kerkraadslid wat na verstryking van 'n dienstyd nie herkies word nie, bly in diens tot 'n plaasvervanger bevestig is, tensy die kerkraad anders besluit, terwyl 'n aansoek om losmaking van krag word sodra die kerkraad dit bewillig.

BEPALING 23.6

Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg van beswaar teen enige verkosene of onreëlmatigheid by die verkiesing. Die beswaar moet skriftelik by die voorsitter ingelewer word, nie later nie as sewe dae na die afkondiging van die name.

BEPALING 23.7

'n Beswaar teen 'n verkose persoon of onreëlmatigheid by die verkiesing word deur die kerkraad ondersoek en afgehandel, met dien verstande dat as dit gegrond is, die verkiesing nietig verklaar moet word soos in die geval van 'n beroepe predikant en met verdere optrede deur die kerkraad na gelang van omstandighede volgens die bepalinge van die Kerkorde.

5.2 BESKRYWINGSPUNTE PROF WJG LUBBE

5.2.1 1988-KO Bepaling 21.2/1989-KO art 23.3.

5.2.1.1 "so spoedig doenlik" wysig na: "onmiddellik na verkiesing".

5.2.1.2 Aanbeveling van KKS:

Goedgekeur (kyk by KO Bep. 24.2).

5.2.2 1988-KO Bepaling 21.3/1989-KO Bepaling 23.3.

5.2.2.1 Vervang bestaande met:

"Die kerkraad besluit of daar vir elke vakante wyk afsonderlik gestem word of vir alle vakante wyke gelyktydig met toewysing van elke wyk na die verkiesing".

5.2.2.2 Aanbeveling van KKS:

Dit word nie aanvaar nie.

5.2.3 1988-KO Bepaling 21.6/1989-KO Bepaling 23.6.

5.2.3.1 Wysig "die reg van beswaar" na "reg van beswaar"; voeg in reël 3 "beswaar" in voor "wat": vervang in reël 4 "na die afkondiging van die name" met: "nadat die naam/name vir approbasie aan die gemeente bekend gemaak is".

5.2.3.2 Aanbeveling van KKS:

Dit word goedgekeur, maar in reël 3 is 'n nuwe sin geskep.

5.2.4 1988-KO onder art 21:/1989-KO art 23.

5.2.4.1 'n Bepaling 21.8 word toegevoeg, wat aldus lui:

"By die stigting van 'n gemeente word die groslys vir 'n ampsdraer(s) aan die gemeente voorgehou en geleentheid vir beswaar per geslote stembrief aan stemgeregtigdes gegee. 'n Naam op die groslys waarteen beswaar ingebring word, word verwyder en die kerkraad (na bevestiging van ampsdraers) ondersoek die grondigheid van die beswaar so spoedig moontlik".

5.2.4.2 Aanbeveling van KKS:

Dit word vir studie verwys na die Tydelike KKS.

5.3 Verdere aanbevelings KKS:

5.3.1 Bepalings 23.1 tot 23.7 word Bep. 24.1 tot 24.7 met die volgende wysigings:

5.3.1.1 In Bep. 24.1 moet "art. 20" gewysig word na "art. 23".

5.3.1.2 In Bep. 24.2 word die laaste sin gewysig na: "Die bevestiging geskied onmiddellik na verkiesing."

5.3.1.3 In Bep. 24.4 moet "art. 20.3" gewysig word na "art. 23.3".

5.1.3.4 In Bep. 24.5 verander die laaste sinsdeel vanaf "terwyl" na: "terwyl losmaking van krag word sodra die kerkraad 'n aansoek daartoe bewillig".

5.1.3.5 In Bep. 24.6 word "het die reg van beswaar gewysig na: "het reg van beswaar". In Bep. 24.6 word die laaste sin gewysig na: "Die beswaar moet skriftelik by die voorsitter ingelewer word, nie later nie as sewe dae nadat die naam/name vir approbasie vir die tweede keer aan die gemeente bekend gemaak is.

6. Artikel 25

6.1 Karakter van kerkvergaderings

25.1 In kerkvergaderings word slegs met kerklike sake op kerklike wyse gehandel.

25.2 'n Sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n ring of kerkraad na hom verwys is of wat nie deur 'n ring of kerkraad afgehandel kan word nie.

6.2 BESKRYWINGSPUNTE PROF W.J.G. LUBBE

6.2.1 1988-K.O. art. 23.1/1989 K.O. art. 25.1.

6.2.1.1 Wysig "kerkvergaderinge" na "kerkvergaderings".

6.2.1.2 Aanbeveling van KKS:

Goedgekeur.

6.2.2 1988-K.O. art. 23.2/1989 K.O. art. 25.2.

6.2.2.1 Vervang "Dieselfde geld ... kerkraad" met:

23.3 'n Ring neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n kerkraad na hom verwys is of wat nie deur 'n kerkraad afgehandel kan word nie.

6.2.3.2 Aanbeveling van KKS:

Nie aanvaar nie (kyk voorgestelde nuwe redaksie van art. 25.2)

6.3 Verdere Aanbeveling 1989 KKS (Voorgestelde nuwe redaksie)

Art. 25.2 word so gewysig: 'n Sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n ring, of kerkraad via 'n ring, na hom verwys is omdat dit nie deur die ring afgehandel kon word nie. Dieselfde geld vir 'n ring met betrekking tot 'n kerkraad.

7. ARTIKEL 29

7.1 Funksie

Die regering van, die opsig en die tug in die kerk, is die funksie van die vergaderings ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde.

7.2 BESKRYWINGSPUNT PROF WJG LUBBE

1987-K.O. art. 27/1989 K.O. art. 29

Vervang die artikel se bewoording met: "Aan kerklike vergaderings is regering, opsig en tug opgedra soos kerkordelik aan elkeen toegewys is".

7.3 Aanbeveling van KKS:

Dit word nie aanvaar nie. (Kyk redaksie van 1988-K.O.)

8. ARTIKEL 30

APPèL EN BESWAARSKRIF (GRAVAMEN)

Die besluit van 'n vergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif, die belydenisskrifte, die kerkorde en die Gereformeerde kerkreg, kan hy appelleer na 'n meerdere vergadering of 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat 'n besluit geneem het, ter motivering vir die vergadering van die besluit.

8.1 BESKRYWINGSPUNT PROF. WJG LUBBE

1988-K.O. art. 28/1989-K.O. art. 30

8.1.1 Wysig reël 3 om te lees: "die Skrif en/of die Belydenisskrifte en/of die Kerkorde en/of ('n) ander sinodale besluit(e) kan hy appelleer ..." (m.a.w. skrap ook "en die Geref. Kerkreg").

8.1.2 Aanbeveling van KKS:

Goedgekeur, maar met skrapping van "en/of ('n) ander sinodale besluit(e)" en terugplasing ven "en die Geref. Kerkreg".

8.2 BESKRYWINGSPUNT: RING VAN MEMEL (NUWE BESKRYWINGSPUNT)

8.2.1.1 Inhoud van beskrywingspunt:

1. Rojeer "en die Gereformeerde Kerkreg".

2. Voeg die Ordereëls net na hierdie artikel in die Kerkorde.

8.2.1.2 Motivering deur insender

Watter Kerkreg word bedoel? Daar is 'n variasie en verskillende vertolkings deur Kerkregtelikes.

8.2.2 KKS SE KOMMENTAAR:

8.2.2.1 Die APK is 'n Gereformeerde kerk in sy eie reg en verbind hom nie aan sekere kerkregtelikes se vertolking van die Gereformeerde Kerkreg nie. Die APK volg ook nie 'n sekere "variasie" binne die Gereformeerde tradisie na nie. Daarby het die APK hom ondubbelsinnig gestel op die belydenisgrondslag soos uitgedruk in artikel 1 van die Kerkorde, Artikel 30 handel oor: appèl en beswaarskrif en die woorde wat die beskrywingspunt wil uithaal, is klaarblyklik bedoel om die APK se verbondenheid aan die Gereformeerd-kerkregtelike beginsels in hierdie geval uit te druk soos vervat in die Drie Formuliere van Ewigheid.

8.2.2.2 Die Ordereëls geld vir alle kerkvergaderings en nie net vir appèlle en beswaarskrifte nie.

8.2.3 **Aanbeveling:**

8.2.3.1 **Behou Art. 30 onveranderd.**

8.2.3.2 **Die beskrywingspunt rakende die Ordereëls onder Artikel 30 word nie goedgekeur nie.**

9. **ARTIKEL 32**

9.1 Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens. Die ouderlinge en diakens kan, waar nodig, afsonderlik vergader om besondere werksaamhede betreffende die onderskeie ampte te behartig.

9.2 <u>BESKRYWINGSPUNTE PROF WJG LUBBE</u>

9.2.1 **1988-K O. art. 30/1989-K.O. art. 32.**

9.2.1.1 **Voeg in reël 2 na "diakens" in: "van die plaaslike gemeente".**

9.2.1.2 **Aanbeveling van KKS:**

Nie aanvaar nie: onnodig.

9.2.2 **1988-K.O. art. 30/1989-K.O. art. 32.**

9.2.2.1 **Vervang "om besondere werksaamhede betreffende die onderskeie ampte te behartig" met: "die ouderlinge om sake wat die ouderlingsamp raak, en die diakens om sake wat die diakensamp raak, afsonderlik te behandel".**

9.2.2.2 **Aanbeveling van KKS:**

Nie aanvaar nie - kyk nuwe redaksie van art. 32.

9.3 Nuwe redaksie van Art. 32

9.3.1 Die aanbevelings in die verslag van 1989 is ongewysig en lui soo volg:

Art. 32 word art. 33 en word soos volg gewysig:

9.3.2 "Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Die ouderlingeraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge. Die diakonie bestaan slegs uit die diakens. Die ouderlingeraad en die diakonie vergader ook afsonderlik om besondere werksaamhede betreffende die onderskeie ampte te behartig".

9.3.3 'n Nuwe bepaling word onder art. 33 (bestaande art.32) bygevoeg:

9.3.3.1 BEPALING 33.1:

Die kerkraad (as ouderlingeraad) handel oor alle sake wat die kerkregering, opsig en tug raak (vlg. "nuwe" Art. 21) sonder dat enige diaken op die vergadering teenwoordig is. Dit behels onder andere die volgende:

- behandeling van attestate; aansoeke om lidmaatskap;
- doopaansoeke; aansoeke om as gaste saam nagmaal te gebruik;
- verbondsonderrigaangeleenthede, sustersaangeleenthede; kerkjeugaangeleenthede;
- erediensaangeleenthede;
- verslae van die Diakonie;
- ouderlinge-wyksverslae;
- hantering van alle aanklagte teen lidmate en teen ampsdraers;
- hantering van besware teen beroepe en teen verkose ampsdraers;
- verkleining van groslyste;
- hantering van alles wat met tug te doen het (w.o. vermaning t.o.v. kerklike bydraes.)

Motivering

9.3.3.2 Tans is dit nie vir kerkrade duidelik wat presies op die terrein van die amp van die ouderling val en watter sake by die vergadering van die ouderlinge en diakens gesamentlik hoort nie. Kerkrade weet nie altyd wat die praktiese toepassing van Arts. 18 en 52 (K.O. 1988) is nie.

9.3.3.3 Dat kerkregering, opsig en tug by die ouderlinge alleen tuishoort, blyk uit die volgende tekste:

* Mt. 28:12 - die owerpriesters vergader saam met die ouderlinge om teen Jesus op te tree (daar was toe nog nie diakens nie);

* Hd. 4:8 - Petrus rig hom tot die regeerders van die kerk: "owerstes ... en ouderlinge ..." (daar was nog nie diakens nie);

* Hd. 11:30 - daar word besluit om hulp (finansieel) na Judea te stuur. Dit word aan die ouderlinge gestuur (nou het die diakensnamp reeds bestaan - maar die hulp word nie aan hulle gestuur nie);

* Hd. 15:2 - toe daar oor die besnydenis beslis moes word, word ouderlinge (nie diakens nie) gestuur. Daarna het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit (vs. 22). Dat die amptelike besluit dié van die apostels en ouderlinge was (en nie ook van die gemeente nie - blykbaar is die gemeente tog in die saak geken), blyk uit vs. 23 waar eintlik staan: "die apostels en broeders ouderlinge", of "die apostels en ouderlinge as broeders" - vgl. Groshelde in Korte Verklaring (hier is NAV beter as OAV);

* Hd. 16:4 - Paulus en Silas gee die verorderinge van die ouderlinge deur op hulle reis; dit is die ouderlinge wat dus "verorden" - nie die diakens of saam met die diakens nie;

* Hd. 20:17 - as Paulus 'n amptelike verteenwoordiging van Efese wil ontmoet, vra hy vir die ouderlinge en nie die ouderlinge en diakens nie. Waarom? - omdat die ouderlinge die kerkraad vorm;

* Hd. 21:18 - slegs die ouderlinge figureer namens die gemeente;

* Hd. 22:5 - Paulus noem die raad van ouderlinge sy getuies;

* Titus 1:5 - dis belangrik dat ouderlinge van stad tot stad aangestel word waar kerke tot stand kom.

GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat die ouderlinge namens die gemeente optree, 'n raad vorm, gewigtige besluite neem, verordeninge daarstel, en aangestel moet word
sodra 'n gemeente gestig is. In die Bybel is die "kerkraad . (ouderlingeraad) dus die vergadering van die ouderlinge, sonder die diakens.

9.3.3.4 Regering en tug is werk van die ouderlinge:

* 1 Tim. 5:17 - daar is twee groepe ouderlinge: die wat regeer (ouderlinge) en die wat arbei in woord en leer (bedienaars van die Woord);

* Tit. 1:9, 10, 11 - die ouderlinge moet vermaan volgens/met die gesonde leer (vs. 9). Hulle moet teen die tugteloses optree (dus: tug) (vs. 10), en hulle die mond stop (vs. 11);

* 1 Pt. 5:1-3 - die ouderlinge moet toesig hou oor die kudde, alhoewel nie as heersers nie;

* 1 Ts. 5:12, 13 - die gemeente moet diegene wat hulle vermaan (dus die bedienaar van die Woord en die ouderlinge - vgl. al die ander tekste hierbo) erken en hoogag;

* Hd. 20:28 - die Heilige Gees stel self ouderlinge aan om opsieners te wees oor die kudde, asook herders om die gemeente te versorg;

* Hd. 24:1 - Ananias kla Paulus aan en gebruik daartoe o.a. die ouderlinge.

In geeneen van hierdie tekste word die diakens eers genoem nie.

* 1 Tim. 3 :4, 5 - Ouderlinge moet eie huise én gemeente goed regeer (sorgdra), maar diakens (vs. 12) hoef slegs eie huise goed te regeer.

GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat die ouderlinge regeer, vermaan, tug, toesig hou, opsieners is en met aanklagte werk. Diakens word nooit aan hierdie take gekoppel nie. Ons bevestigingsformuliere sluit hierby aan.

9.3.3.5 Verhouding van Skrif, belydenis en praktyk:

Alhoewel die kerkraad deur art. 30 NGB beskryf word as die vergadering van die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens, moet die volgende in gedagte gehou word:

9.3.3.5.1 die belydenisskrifte is Skriftuurlik gefundeerd;

9.3.3.5.2 die Heilige Skrif onderskei tussen die bevoegdhede en funksies van die drie onderskeie ampte;

9.3.3.5.3 net nadat die NGB die 3 ampte in die kerkraad saamgroepeer, stel hy in die sin wat onmiddellik daarop volg, die onderskeie bevoegdhede en funksies van die ampte afsonderlik; verder wys die NGB dan eksplisiet na die voorskrifte van 1 Tim. 3 (vgl. laaste teks hierbo);

9.3.3.5.4 ons eie Kerkorde bepaal reeds van die eerste sinode af (kyk artikels 18 en 19 van K.O. 1988) dat alle onderskeie ampte ook onderskeie bevoegdhede en funksies behels;

9.3.3.5.5 Juis op grond van die feit dat die Skrif die diaken by die kerkregering uitsluit, het die Gereformeerde canonici (ou kerkregtelikes) oor die eeue heen tussen die sg. "smal" en "breë" kerkraad onderskei.

9.3.3.5.6 Een van die basiese eienskappe van 'n Calvinis - en dus van Gereformeerde kerke, soos die AP kerke - is dat hy staan en val by wat God se Woord leer. Wanneer dit blyk dat 'n gebruik/tradisie geyk geraak het, maar nie met die Skrif ooreenstem nie, moet daardie gebruik/tradisie reggestel word. Die praktyk moet dus met die beginsel ooreenstem, en nie andersom nie.

9.3.3.6 Samevattende gevolgtrekkings:

9.3.3.6.1 Die amptelike verteenwoordigers van die kerk (gemeente) is die ouderlinge.

9.3.3.6.2 Die ouderlinge is wesenlik die enigste raad van die kerk, dus behoort die "kerkraad" eintlik net uit ouderlinge te bestaan.

9.3.3.6.3 Hierdie kerkraad handel oor alles wat met regering van die gemeente en tug te doen het.

9.3.3.7 Al die sake in die nuwe Bepaling 33.1 het met regering, opsig en (minstens potensiële) tug te doen.

9.3.4 'n Tweede nuwe bepaling word onder art. 33 (bestaande art. 32) bygevoeg:

BEPALING 33.2

Die ouderlingeraad vergader, indien moontlik, minstens 4 keer per jaar (voor elke Nagmaal) om elke ouderling se wyksverslag aan te hoor, aansoeke van besoekers te oorweeg om as gaste saam nagmaal te vier, en oor ander sake te handel wat met hulle ampswerk volgens 1988-K.O. artikels 18, 43, 44, en 50-56 te doen het.

MOTIVERING

9.3.4.1 Die ampswerk van die ouderlinge kan nie tot sy reg kom as die ouderlinge nie gereeld vergader en verslag doen nie.

9.3.4.2 Art. 18 (KO 1988) reël dat die ouderlinge "gereeld huisbesoek moet doen. Deur te bepaal dat hulleminstens vier keer per jaar verslag moet doen, word aan hierdie "gereeld" van die huisbesoek inhoud gegee.

9.4. TEENSTEMME DI AJ VAN NIEKERK EN JH SWART GENOTULEER

Ds. AJ van Niekerk het skriftelik aan die kommissie te kenne gegee dat hy nie met die voorstelle onder punt 9.3 saamstem nie en die kommissie is tevrede dat hy 'n ander standpunt by die Sinode mag stel. Ds. J.H. Swart het die brief van ds. van Niekerk mede-onderteken en het versoek dat ook sy teenstem aangeteken word.

9.5 BESKRYWINGSPUNT: KERKORDE ARTIKEL 32: RING VAN MEMEL:

9.5.1 Vir Kennisname

Inhoud van beskrywingspunt:

Die Sinode besluit om artikel 32 te handhaaf soos die vorige Sinodes besluit het. Die artikel bly onveranderd.

9.5.2 **Motivering deur insenders:**

1. Die algemene belange van die gemeente bring mee dat ouderlinge en diakens saamwerk om die geestelike en stoflike belange van die gemeente te behartig.

2. Histories het die sitting van diakens in die Kerkraad noodsaaklik geblyk in klein gemeentes. Daarom het die gewoonte ontstaan om ook in groter gemeentes die diakens as deel van die kerkraad te beskou. In beginsel sal hierteen geen onoorkomelike beswaar ingebring kan word nie, en vir die voorspoedige uitvoering van die kerklike regering is die saam vergadering van die ouderlinge en diakens bevorderlik - aldus prof. B. Keet.

3. Besluite van die diakens moet nog altyd deur die kerkraad as geheel goedgekeur word.

4. Daar is verskillende standpunte oor die plek van die diaken.

4.1 Geen sittingsreg.

4.2 Diaken word 'n sekere tyd toegelaat.

4.3 Volle sittingsreg vir hele sakelys.

5. Oorwegings vir volle sittingsreg van die diakens:

5.1. Die werk van die diaken is nie net die insameling en uitdeling van gawes nie.

5.2 Die ampte kan nie in waterdigte kompartemente ingedwing word nie. Die diaken is ook betrokke by die geestelike welsyn van die gemeente. Hy word ook geroep tot pastorale werk wat nou verbonde is aan dié van die leraar en ouderling.

5.3 In die erediens het die diaken 'n bydrae te lewer.

5.4 Die diakenamp kan nooit minderwaardig beskou word nie. Sy werk is gelykwaardig met die ander. Ampte staan in diens van Christus. In Hom is die amp één, alhoewel dit in verskeidenheid uitdrukking kry.

5.5 Uit Fil. 1:1 en Hand. 6 is die diakenamp soos dié van die ouderling 'n blywende en besondere en selfstandige amp in die Kerk van Jesus Christus. Hy het sy plek ingeneem in die regeerliggaam van die gemeente - soos vroeëre Kerkgeskiedenisse en die huidige Kerkgeskiedenis bewys.

5.6 Die diakens moet hulle beywer dat die kerkraad en gemeente 'n diakonale hart en gevoel vir die mens in nood ontwikkel. Om dit te bereik moet die stemme van die diakens in die kerkraad gehoor word. Hulle behartig en verteenwoordig 'n besondere aspek van die kerkregtelike dienswerk.

5.7 Die diaken lewer op besondere wyse sy diens in die kerkraad. Hulle mag nie oorvrymoedig meespreek oor sekere aspekte van die kerkraad se werk nie, maar duidelike geluide moet laat hoor word in die kerkraad wat betref hulle dienswerk.

5.8 Die belangrike kenmerk van die ampte is dat hoewel verskillende mense in verskillende ampte gestel word, mag hierdie ampte nooit heeltemal van mekaar geskei word nie. In Christus is hulle één en daarom moet daar altyd die nouste samewerking e nondersteuning tussen verskillende ampsdraers wees.

9.5.3 KKS SE KOMMENTAAR

Die beskrywingspunt en motivering wysig nie die bestaande artikel 32 nie en gevolglik is die sin en doel van die beskrywingspunt onduidelik.

9.5.4 Aanbeveling

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

10. ARTIKEL 33

10.1 Die Kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van 'n voorsitter wat uit eie geledere vir 'n termyn gekies is.

BEPALING 33.1

Gewone kerkraadsvergaderings word gehou na afkondiging by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae.

BEPALING 33.2

Buitengewone kerkraadsvergaderings word belê, met opgawe van reeds, deur die voorsitter of die kerkraad of wanneer minstens vyf kerkraadslede skriftelik daarom vra, met behoorlike kennisgewing aan al die lede deur die skriba of iemand anders deur die kerkraad aangewys.

BEPALING 33.3

Kerkraadsvergaderings waartoe die gemeente ingevolge artikels 10 en 22.1 van die Kerkorde tot deelname opgeroep word, word gehou na afkondiging by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae.

BEPALING 33.4

Buitengewone kerkraadsvergaderings waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word, word belê indien die gemeente of ten minste tien belydende lidmate, met opgaaf van redes skriftelik daarom vra.

BEPALING 33.5

Dit staan die kerkraad vry om, ná kennisgewing, die gemeente te enigertyd na 'n kerkraadsvergadering uit te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee. Die kerkraad kan so 'n vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate, of die gemeente (indien die gemeente uit minder as tien lidmate bestaan).

BEPALING 33.6
In die kerkraadsvergadering waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word, het belydende lidmate wie se lidmaatskap deur die kerkraad erken en aangeteken is, en wat nie onder kerklike sensuur verkeer nie, stemreg in die uitvoering van artikels 10 en 22.1 van die Kerkorde.

10.2 <u>BESKRYWINGSPUNTE PROF. WJG LUBBE</u>

10.2.1 1988-K.O. Bepaling 31.1/1989-K.O. Bepaling 33.2.

10.2.1.1 Voeg in reël 4 ná "kerkraad" in : "of die voorsitter van die kerkraad".

10.2.1.2 **Aanbeveling van KKS:**

Nie aanvaar nie. Kyk nuwe redaksie van bep. 33.2 (K.O. 1989).

10.2.2 1988-K.O. Bepaling 31.2/1989-K.O Bepaling 33.4.

10.2.2.1 Wysig "tien" in reël 5 na "tien persent" belydende lidmate.

10.2.2.2 **Aanbeveling van KKS:**

Nie aanvaar nie weens praktiese redes.

10.3 KERKORDE ARTIKEL 33.3: NUWE BESKRYWINGSPUNT: BESKRYWINGSPUNT: RING VAN NABOOMSPRUIT:

10.3.1.1 **Inhoud van beskrywingspunt:**

Die Ring van Naboomspruit versoek die Sinode om die gedeelte van Artikel 31.2 wat lees: "kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word ..", soos volg verander moet word: "Gemeentevergaderings waartoe die gemeente opgeroep word ..."

10.3.1.2 **Motivering deur insender:**

Aangesien 'n kerkraad regspersoonlikheid en ook meer besluitnemingsmagte as 'n gemeentevergadering het, is dit ons mening dat indien 'n gemeentevergadering ook as 'n kerkraadsvergadering bekend staan, dit ook dieselfde magte en verantwoordelikhede moet hê as die kerkraad.

10.3.2 KKS SE KOMMENTAAR

Die uitbreiding van 'n algemene keurstem na alle lidmate is 'n vorm van kerkregering wat uit en uit net by die Kollegialisme en Independentisme tuishoort en gaan ook mank aan Skriftuurlike begronding. 'n Vorige sinode het reeds hieroor gehandel en 'n besluit geneem in ooreenstemming met die APK se belydenisgrondslag.

10.3.4 3 Aanbeveling:

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

10.4 KERKORDE BEPALING 33.4:
BESKRYWINGSPUNT: PROF DR FAH VAN STADEN:

10.4.1 Vir kennisname:

10.4.1.1 Inhoud van beskrywingspunt:

Die Sinode skrap Bepaling 33.4 van die Kerkorde.

10.4.1.2 Motivering deur insender:

1. Volgens die Kerkorde word net vir twee geleenthede voorsiening gemaak vir kerkraadsvergaderings waartoe die gemeente opgeroep word vir deelname, te wete vir die uitbring van 'n beroep van 'n predikant (Artikel 10) en die verkiesing van kerkraadslede (Artikel 22.1).

2. Dit waarvoor Bep. 33.5 voorsiening maak, is NIE 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word vir deelname nie, dog net vir advies en inligting, sonder enige voorsiening vir stemming.

3. Art. 10 en Art. 22.1 reël ordelik die uitbring van 'n beroep en die verkiesing van kerkraadslede. Daar bestaan geen goeie rede waarom 'n buitengewone kerkraadsvergadering daarvoor hoef aangevra en/of belê te word nie.

4. Indien 'n kerkraad om welke rede ook al die uitbring van 'n beroep of die verkiesing van kerkraadslede sodanig sou vertraag dat dit gemeentelede sou aanspoor tot optrede, kan geen buitengewone vergadering, wat altyd impliseer 'n spoedeisende tussenin vergadering, daarvoor gereël word nie, aangesien 'n dusdanige buitengewone vergadering nie die voorskrifte van artikel 10 gelees met bep. 10.1 of art. 22.1 kan verbygaan of ophef nie.

10.4.2 Aanbeveling:

Die beskrywingspunt word goedgekeur.

10.5 ART. 33 - VOORSTEL DEUR DIE KKS IN 1989-VERSLAG

Dit lui ongewysig soos volg:

10.5.1 Dit word art. 34, met as opskrif: "VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD".

10.5.2 Die bewoording van die artikel word verander om soos volg te lui:

34.1 Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van 'n voorsitter;

34.2 die voorsitter van die kerkraad is 'n leraar van die gemeente;

34.3 'n ouderling word as ondervoorsitter aangewys.

10.5.3 Motivering

10.5.3.1 Die beginsel is hier dat alle kerklike vergaderings (kerkraad, ring , sinode) deur die Woord gelei moet word. Daarom moet die persoon wat die amp van die bedienaar van die Woord beklee, die vergadering lei.

10.5.3.2 Die argument dat die predikant die vergadering kan manipuleer as hy die voorsitter is, gaan nie op nie, want

10.5.3.2.1 alleen onmondige ouderlinge en diakens sal hulle laat manipuleer;

10.5.3.2.2 As die ouderlinge en diakens onmondig is, is nie een van hulle in elk geval bevoeg om die vergadering te lei nie;

10.5.3.2.3 as die ouderlinge en diakens onmondig is, kan die predikant hulle in elke geval manipuleer, of hy voorsitter is of nie.

10.5.3.3 In die kort geskiedenis van ons geliefde kerk het dit reeds geblyk watter onhoudbare kerkregtelike flaters begaan is omdat kerkrade nie die regte kerkregtelike leiding ontvang het nie. Predikante kan ook kerkregtelik fouteer, maar die moontlikheid daarvoor is kleiner omdat hulle in die Kerkreg opleiding ontvang het.

10.5.3.4 Daar is sekere take wat nét by die predikant hoort, bv. om te preek. Ouderlinge mag nie preke maak en preek nie - ongeag of hulle daartoe bevoeg is, al was 'n ouderling voorheen self 'n predikant. Hulle mag nie preek nie, omdat hulle nie die amp van bedienaar van die Woord beklee nie. Net so hoort dit tot die amp van die predikant dat hy vergaderings met die Woord moet lei. As hy dit nie reg sou doen nie, moet die kerkraad hom vermaan.

10.5.3.5 Ons is Gereformeerde kerke. Die gedagte dat iemand anders as die predikant voorsitter is, is totaal vreemd aan die Gereformeerde kerkreg en kerkregering.

10.5.3.6 Ons moet waak om nie uit reaksie teen ongelukkige ervaringe in 'n vroeëre kerkverband, 'n groot kerkregtelike afdwaling te begaan en aldus die kind met die badwater weg te gooi nie. die eintlike probleem (toerusting van ouderlinge en diakens) moet aangespreek word.

10.5.3.7 Indien geoordeel word dat ons van dominokrasie ontslae geraak het deur ander persone in die voorsitterstoel te plaas, het ons die saak nie goed deurdink nie. Die probleem lê nie daar nie - dominokrasie is alleen moontlik as die ouderlinge en diakens nie toegerus is nie. Bowendien weeg die nadele van 'n bevoegde voorsitters nie op teen enige vermeende wins as die predikant nie voorsitter is nie. Indien 'n dominee nie so heel goed preek nie, word hy tog nie weggeskuif en deur 'n ouderling of diaken as prediker vervang nie. Hy word vermaan of liefdevol verdra en aanvaar. Dieselfde hoort te geld t.o.v. sy voorsitterskap.

Hierdie saak is 'n beginselsaak. Daarom moet dit nie gesien word as gebrek aan waardering vir ouderlinge (en diakens?) wat tog uitnemende voorsitters mag wees nie.

11. ARTIKEL 35

11.1 Ringsvergadering

Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee kerkraadslede per predikantspos, van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Elke afvaardigende kerkraad moet afgevaardigde(s) van 'n geloofsbrief voorsien

11.2 RING VAN NABOOMSPRUIT

BESKRYWINGSPUNT I/S : SAMESTELLING VAN DIE RING 1989 K.O.-ART. 35

11.2.1 Daar word by die sinode: 1989 aanbeveel dat art. 36 K.O. (1988) gewysig word om daarvoor voorsiening te maak dat waar 'n gemeente met een of meer gemeentes in kombinasie is, en 'n gemeente nie amptelik deur die kombinasie se predikant op die ring verteenwoordig word nie, so 'n gemeente drie ouderlinge kan afvaardig in plaas van die twee soos tans kragtens art. 36 die gebruik is.

11.2.2 **Motivering**

11.2.2.1 'n Gemeente wat in kombinasie met ander gemeentes saam een predikant afvaardig, mag homself met net twee stemme bevind, terwyl die gemeente wat amptelik deur ook die predikant verteenwoordig word, oor drie stemme beskik.

11.2.2.2 As die voorgestelde wysiging aanvaar word, sal elke afvaardiging dus gelyke verteenwoordiging in 'n meerdere vergadering hê - wat 'n meer regverdige stemkrag sal aanbring.

11.2.2.3 'n Wysiging wat sou meebring dat die predikant die amptelike afgevaardigde van elk van die gekombineerde gemeentes sou wees, kan die uitvoering daarvan bemoeilik omdat die stemming telkemale vasgestel sal moet word saam met watter gemeentes 'n predikant kan stem.

Die voorgestelde gewysigde art. 36 lees dan soos volg:

36.1 Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes:
bedienaar(s) van die Woord en [illegible] ouderlinge per gemeente.

36.2 Waar twee of meer gemeentes in kombinasie verkeer, kan 'n gemeente wat nie amptelik deur die ('n) predikant op 'n meerdere vergadering verteenwoordig word nie, 'n addisionele ouderling afvaardig.

36.3 Gemeentes wat nie 'n predikant het nie word deur drie ouderlinge verteenwoordig.

36.4 Elke afvaardigende kerkraad moet sy afgevaardigde(s) van 'n geloofsbrief voorsien.

11.3 **Aanbeveling van KKS:**

Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt.

11.4 **Motivering:**

Dit is slegs op ringe van toepassing en nie op sinodes nie (in lg. geval sou getalle en onkostes probleme kon veroorsaak).

12. BESKRYWINGSPUNT KERKRAAD VAN MOLOPO : BESKERMING VAN BYBELVERTALING EN DIE BELYDENISSKRIFTE

12.1 KO Art 40 word soos volg aangevul:

12.1.1 Die amptelike Bybelvertaling (1933/53-vertaling van die Woord van God) mag slegs verander, hersien, aangepas of vervang word indien die sinode by wyse van 'n tweederde meerderheidstem daartoe beslis, nadat 'n twee derde meerderheid ringe by wyse van 'n twee derde meerderheidstem daartoe beslis het.

12.1.2 Die Belydenisskrifte in ou vertaling kan slegs vertaal, gewysig, verander, toegevoeg, hersien of vervang word indien die sinode by wyse van 'n twee derde meerderheidstem daartoe beslis, nadat 'n twee derde meerderheidstem daartoe beslis het.

12.1.3 Die sinode mag, met uitsondering van artikels 41.1.1 en 41.2.1, die Kerkorde se artikels en bepalings wysig of aanvul by wyse van 'n twee derde meerderheidstem.

12.2 **Motivering:**

Daar is geen wyse waarop die amptelike Bybelvertaling en belydenisskrifte in die huidige Kerkorde beskerm word teen willekeurige verandering nie. Hierdie beskermingsbeginsels vind reeds in die Kerkorde van Dordt (1618/19) art. 86 gestalte.

12.3 **Aanbeveling van KKS:**

Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

12.4 **Motivering:**

1. Beide die amptelike Bybelvertaling(s) en Belydenisskrifte word onderskeidelik reeds gedek deur art. 41.1 en 41.2 van die Kerkorde (1988). (Ou) arts. 26 en 28 handhaaf, in lyn met Gereformeerde Kerkordes., die gesag van die onderskeie kerkvergaderings.

2. Die motivering van die beskrywingspunt is dus verkeerd as beweer word dat in die huidige Kerkorde daar geen wyse van beskerming teen willekeurige verandering bestaan nie. Die besluite van kerkvergaderings, en dus die Kerkorde dra bindende gesag.

3. Die beskrywingspunt kom daarop neer dat die afwesigheid van 'n twee derde meerderheidstem, reeds by die ringe, die sinodale vergadering blokkeer in die uitvoering van bestaande art. 41.1 en 41.2. 'n Mens kan vra of die implikasies daarvan behoorlik deurdink is en waarom art. 41.1 en 41.2 hiervoor uitgesonder word, terwyl ander Kerkorde-arts. bv. (ou) 1, 2 en 3 nie ter sprake is nie?

4. Die stelling dat hierdie beskermingsbeginsels, nl. twee derde meerderheidstem, reeds vanaf die ring tot by die sinode in die Dordtse Kerkorde art. 86 gestalte vind, is nie waar nie. Art. 86 van die Dordtse Kerkorde (1618/19) word gevolglik volledig aangehaal en lui soos volg:

   "86. Deze artikelen, de wettelÿke ordening der kerken aangaande, sijn alzoo gesteld en aangenomen met gemeen accoord, dat zij (zoo het profÿt der kerken anders vereischte) veranderd, vermeerderd of verminderd mogen en behooren te worden. Het zal nochtans geene bizondere gemeente, classe of synode vrÿstaan zulks te doen, maar zulle naarstigheid doen om die te onderhouden, totdat anders van de generale of nationale synode verordende worde" (vgl. A.D. Pont: "Historiese agtergronde van ons kerklike reg", 1981, p. 186, en F. Biesterveld en H.H. Kuyper: "Kerkelijk Handboekje", 1905, pp. 249, 250).

5. Die beskrywingspunt stel 'n art. 41.6 voor wat daarop neerkom dat die sinode 'n bepaalde Bybelvertaling moet kanoniseer en dat toetsing van Belydenisskrifte aan Skrifbesinning byna onmoontlik gemaak word. Dit kan nie as in lyn met Gereformeerde kerktradisie gesien word nie en neig eerder na Rooms Katolieke wyse van doen. Die kopiereg laat nie hersiening van die bestaande vertalings toe nie.

13. **RINGE VAN DERBY EN DENDRON**

13.1 **BESKRYWINGSPUNTE I/S: KATEGISMUSPREDIKING (ART. 41-K.O. 1989)**

13.1.1 **Derby:**

Die ring versoek die sinode om art. 42.5 (K.O. 1988) so te wysig dat "minstens 18 keer per jaar aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word en wel so dat die hele kategismus in drie jaar behandel word" sal lees: "sover moontlik 18 keer per jaar aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word. Die ideaal is dat die hele Kategismus in drie jaar behandel sal word ..."

Motivering:

Met die voorgestelde wysiging sal leraars wat in kombinasiegemeentes staan en meer as een diens per Sondag moet behartig (wat meebring dat geen aanddienste waargeneem word nie), bogenoemde artikel van die Kerkorde kan nakom. Waar geen aanddienste voorkom nie, en oggenddienste die enigste geleentheid is om Voorbereidings-, Nagmaals-, Doop- en ander dienste volgens kerkjaar in te rig, is daar haas net 18 Sondae oor vir kategismusprediking.

13.1.2 **Dendron:**

Die sinode besluit om die eerste sin van [illegible] (1988) art. 42.5 soos volg te wysig: "Daar word minstens 18 keer per jaar aan die hand van die Heidelbergse Kategismus óf gepreek óf Bybelstudie gedoen, en wel so dat die hele Kategismus in drie jaar behandel word".

Motivering:

Vir sommige gemeentes is dit besonder moeilik om aan hierdie artikel uitvoering te gee. Baie gemeentes het net een erediens per Sondag, m.a.w. 52 preekgeleenthede per jaar. Sou 18 keer aan die hand van die Kategismus gepreek word, beteken dit dat 34,6% van 'n gemeente se preke Kategismuspreke is. 'n Gemeente soos Weipe het net 24 amptelike eredienste per jaar. Word die voorskrif hier toegepas, beteken dit dat 75% van die preke in die gemeente Kategismuspreke is.

13.2 Aanbeveling van KKS:

Die sinode gee gevolg aan die beskrywingspunte deur art. 41.5 te wysig om soos volg te lees: "Daar moet sover moontlik agtien keer per jaar aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word. Die ideaal is dat die hele Kategismus in drie jaar behandel word. So dikwels doenlik moet ook die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls bygehaal word".

14. ARTIKEL 54

'n Amsdraer, te wete evangeliedienaar, ouderling, diaken, proponent, emeritus- en teologiese dosent, wat hom skuldig maak aan afdwaling in leer en lewe, val onder die tug van die ring waaronder hy ressorteer, met dien verstande dat die reg van die kerkraad om as klaer op te tree, veronderstel word.

14.1 RING VAN MEMEL

BESKRYWINGSPUNT I/S: TUG OOR AMPSDRAERS (K.O. ART. 54 - 1989)

14.1.1 Die Ring van Memel stel voor (betreffende 1988-K.O. art. 55): Ampsdraers ..... val onder die tug van die ring. Die oorspronklike bewoording van Art. 55, soos hier genoem, moet behoue bly.

14.1.2 **Motivering:**

14.1.2.2 Die tug oor ampsdraers moet gesien word vanuit die faset dat die aard van hulle werk in die gemeente anders is. In hulle geval is die toepassing van tug soveel ernstiger omdat hulle mettertyd ook in hulle amp geskors word. Dit is ondenkbaar dat 'n ampsdraer wat onder sensuur staan, nog kan voortgaan om in sy amp te dien. Vir hulle, sowel as die gemeente, hou die sensuur veel meer in as vir die gewone lidmaat. Vir die bedienaar van die Woord beteken dit selfs verlies van lewensonderhoud, om nie eers van die geestelike skade te praat wat die gemeente ly nie. Daarom sal met die oog op die besondere posisie van die ampsdraers, as leiers van die gemeente, in hulle geval strenger gehandel word as in geval van 'n gemeentelid.

14.1.2.3 Terselfdertyd sal daar met groter versigtigheid gewaak moet word teen alle ligsinnige aanranding van hulle amp en eer deur die verspreiding van ongegronde gerugte.

14.1.2.4 As gevolg van dit alles is dit alleen noodsaaklik dat die tug oor ampsdraers nie deur die gemeente uitgeoefen word nie, maar deur die ring en sinode; die hele verband van die kerk is daarmee gemoeid.

Dit geld reeds by 'n <u>beskuldiging</u> wat teen 'n ampsdraer ingebring word. Hieromtrent skryf Paulus in 1 Tim 5:19: "Moenie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuienis van twee of drie". Daar moet gewaak word teen die behandeling van ongegronde klagtes en los gerugte juis omdat voorgangers in die gemeente so maklik belaster kan word; daarom moet selfs 'n beskuldiging nie in behandeling geneem word voordat dit deur meerdere (?....) bevestig is nie. Dan, as dit in behandeling geneem word, kan die kerkraad nie self daaroor oordeel nie, maar die ring, om sover moontlik alle partydigheid in die uitspraak te voorkom.

14.1.2.5 Die verdere goeie redes waarom die tug oor ampsdraers aan die ring opgedra is, is:

14.1.2.5.1 Omdat kerkraadslede dikwels meer direk by 'n klag teen 'n ampsdraer betrokke is, is die moontlikheid van 'n onpartydige uitspraak deur die ring soveel beter. Die medewerking van die kerk<u>verband</u> is nodig om die "sonde van onjuiste sensuuroefening te voorkom".

14.1.2.5.2 Die kerkverband het belang by die afsetting van ampsdraers uit die amp, veral waar dit 'n bedienaar van die Woord geld. Hy is deur die kerkverband in die amp gestel, en dis alleen logies dat hy ook weer deur die kerkverband daaruit onthef kan word. Die regsbevoegdheid is dan dat in die AP kerke die ring 'n direkte bevoegdheid het om uit te oefen oor ampsdraers. 'n Klag teen hulle word by die ring ingebring, en nie by die kerkraad nie.

14.1.3 **Aanbeveling van KKS:**

Die sinode adviseer afgevaardigdes uit die ring van Memel om die inhoud van hierdie beskrywingspunt tydens sinode: 1990 te stel wanneer art. 54 K.O. ter sprake kom.

14.1.4 **Motivering:**

Die beskrywingspunt wysig nie die bestaande Kerkorde-artikel nie en spruit moontlik voort uit die Kommissie vir Kerkregtelike Sake se verslag voor die sinode van 1988. Genoemde verslag is nie tydens die sinode van 1988 of 1989 afgehandel nie en dien vanjaar weer.

14.2 <u>AANBEVELING VAN KKS T.O.V. ART. 54</u>

14.2.1 <u>Art. 54</u> word Art 55.

Die bewoording word vervang soos in 1988 deur die KKS aanbeveel en verder deur die KKS verbeter: "<u>Wanneer 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, ondersoek sy kerkraad die saak. Die kerkraad mag hom by skuldigbevinding hoogstens tydelik in die amp stuit. Indien die kerkraad oordeel dat hy afgesit moet word, beslis die Ring daaroor</u>".

14.2.2 <u>'n Nuwe K.O. art 56</u> word bygevoeg betreffende predikante: "<u>Wanneer 'n predikant, insluitend emeritus en teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, behartig sy kerkraad die voorlopige ondersoek. Indien die kerkraad oordeel dat hy tydelik in die amp gesluit moet word, geskied dit in oorleg met die ringskommissie. Indien geoordeel word dat hy geskors of afgesit moet word besluit die volle Ring daaroor. Die Ring kan 'n naburige ring raadpleeg. Die Kuratorium het die reg om in die geval van teologiese dosente as klaer op te tree</u>.

14.3 OPMERKINGS DEUR SKRIBA VAN KKS

14.3.1 Kyk ook verslag van die Kuratorium wat ook moontlik 'n aanbeveling t.o.v. Art. 54 bevat.

14.3.2 Die verandering van die numerering van art. 54 soos aanbeveel, by punt 14.2.1 is slegs van toepassing indien 'n voorgestelde nuwe artikel 4 in Afd. C. van hierdie verslag aanvaar word.

14.3.3 Aangesien art. 54 deel vorm van artikels 40 tot 55 onder die hoofopskrif OPSIG EN TUG, is dit sinvol indien dit in die lig van al die aanbevelings i.v.m. OPSIG EN TUG beoordeel word, en word gevolglik verslag gedoen oor al die aanbevelings vanaf art. 49 tot 55.

14.3.4 Di JH Swart en AJ van Niekerk het kennis gegee dat hulle van die aanbevelings van die kommissie verskil en het verlof om 'n ander standpunt by die sinode te bepleit.

15. ARTIKEL 49

OPSIG EN TUG

49.1 Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen tot eer van God, tot heil van die gemeente, en tot behoud van die sondaar,

49.2 volgens die voorskrifte van die Woord van God en die Kerkorde en aanverwante bepalinge.

15.1 **Aanbeveling KKS:**

15.1.1 **Art. 49 word art. 50.**

15.1.2 Voeg net na die opskrif die volgende verduideliking in:

"(Vir die doeleindes van art. 50 tot art. 55 word met "kerkraad" bedoel: die vergadering van die predikant saam met die ouderlinge, d.w.s. die opsieners)".

15.1.3 Aangesien art. 50.1 en 50.2 een sin is, word hulle saamgevoeg sodat art. 50 voortaan soos volg lees:
"Kerklike opsig word gehou en kerklike tug geoefen tot eer van God, tot heil van die gemeente en tot behoud van die sondaar, volgens die voorskrifte van die Woord van God, die Kerkorde en aanverwante bepalinge".

16. Artikel 50 word art. 51, ongewysig.

17. Artikel 51 word art. 52, ongewysig.

18. Artikel 52 word art. 53 en bly onveranderd, behalwe dat die teksverwysing gewysig word na Mat.18:15-20 i.p.v. slegs vs. 15-16.

19. Art. 53 word art. 54 ongewysig.

20. Art. 54 - kyk punt 14 van hierdie verslag.

21. Art. 55. Toepassing van tug
(Kyk bl. 25-26 van die K.O.)

22.1 Aanbevelings KKS:

22.1.1 Dit word art. 57.

21.1.2 Art. 57.2.1 word gewysig om te lees (sien KKS: 1988): " 'n bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad, indien moontlik in teenwoordigheid van die ouers van die dooplidmaat en indien nodig ook gerig aan die adres van die ouers/voogde.

21.1.3 Art. 55.3.1 - 55.3.3 word 57.3.1 - 57.3.3 met byvoeging van "en/of" na Ring en "of" na berou is.

21.1.4 Art. 55.4.2 - 55.4.3 word 57.4.2 - 57.4.3 en word soos volg gewysig:

"57.4.2 skorsing wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement en behuisingsvoordeel, maar met verlies van ander toelaes; of

57.4.3 afsetting uit die diens ooreenkomstig art. 56, wat nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente".

21.1.5 Bepalings 55.1 - 55 hoort onder KO Art 57.

21.1.6 Art 55.5 en 55.6 word 'n selfstandige art 58.1 en 58.2 onder sy opskrif "REG TOT APPèL".

21.1.6.1 By die opskrif moet 'n kruisverwysing aangebring word na art 30 (1989 KO).

21.1.6.2 Art 55.5 word Art 58.1 en word gewysig om te lees:

"'n Aangeklaagde wat hom deur die uitspraak van 'n kerkvergadering beswaard voel, het die reg tot appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde".

21.1.6.3 Voeg 'n nuwe Art 58.3 by wat soos volg lui:

"'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit geneem is, met opgaaf van redes skriftelik by 'n meerdere vergadering ingedien word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het".

21.1.7 Art 55.7 word 'n selfstandige art 59, en veranderd tot by art 55.7.1.1 wat 59.1 word.

21.1.7.1 Art 55.7.1.2 word art 59.1.2 en bly onveranderd, behalwe dat die laaste sinsdeel vanaf "wat insluit aflegging..." vervang word deur "en ooreenkomstig art 6.3" (soos voorgestel).

21.1.7.2 Art 55.7.2 word art 59.2, ongewysig.

21.1.7.3 Art 55.7.3 word art 59.3, ongewysig tot by 59.3.2.

21.1.7.4 Art 55.7.3.3 word art 59.3.3 en word soos volg gewysig:

"In die geval van ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, moord, meineed, growwe diefstal en wat verder deur die sinode as sodanig beskou mag word, mag net die sinode verlof tot herstel in die amp verleen Sodanige gevalle kan alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die sinode in sitting oorweeg word".

21.1.7.5 Art 55.7.3.2 word art 59.3.2 en word uitgebrei deur ná "Colloquium Doctum" 'n nuwe sin by te voeg: "Indien die afsetting of bedanking die gevolg was van 'n growwe sonde, dit is 'n sonde wat openbare aanstoot gegee het, neem die Kuratorium bewustelik die heil van al die kerke in kerkverband in ag".

21.2 BESKRYWINGSPUNT: RING VAN NABOOMSPRUIT (UIT 1989 - VERSLAG)

21.2.1 Beskrywingspunt i/s: Besware teen besluite (1989 KO-Art 55)

Die sinode voeg onder KO Art 58.5. twee nuwe bep toe:

Nuwe bep 58.5.1:

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n beswaarskrif of appèl aanhangig maak.

58.5.1 Beswaarskrif
'n Beswaarskrif moet

- skriftelik wees
- die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal
- ingedien word by die kerkraad as dit handel oor 'n besluit van die kerkraad
- ingedien word by die ring (sinode) as dit handel oor 'n besluit van 'n vorige ring (sinode)
- duidelike gronde vir die beswaar aanvoer
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word

'n Beswaarskrif kan te enige tyd oor enige besluit ingedien word.

Die betrokke kerkraad of meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

Nuwe bep 58.5.2:

58.5.2 Appèlskrif
'n Appèlskrif moet

- skriftelik wees
- die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal
- ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n ring

- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waarin in stryd met die Skrif, ens., besluit is (vgl art 31)

- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

Appèl kan alleen aangeteken word binne 3 maande nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is, met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke kerkraad of ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die kerkraad of die ring wat 'n besluit neem, kennis gee van appèl, in welke geval die kerkraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer sal moet voorberei.

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèl deur na te gaan of aan bg formele vereistes voldoen is.

Wanneer 'n appèl teen 'n kerkraadsbesluit by 'n ring dien, moet die afgevaardigdes van daardie kerkraad, asook die appellant(e), by die beslissing buite stemming bly.

Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, moet die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, ascok die appellant(e), by die beslissing buite stemming bly kragtens die beginsel
dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie.

21.2.2 **Aanbeveling KKS**

21.2.2.1 **Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee.**

21.2.2.2 **Voeg by na "aanhangig maak": "Dieselfde geld vir 'n kerkraad/ring ten opsigte van 'n besluit van 'n meerdere vergadering".**

21.2.2.3 Die driemaande-tydperk waarbinne geappelleer kan word, word gewysig na 21 dae.

21.2.2.4 Voeg in kruisverwysing by opskrifte van artikels 30 (KO-1989).

22. **RING VAN SUIDKUS**

22.1 <u>Beskrywingspunt i/s: Toelating by grafnisse</u>

Die ring van Suidkus versoek die sinode om te besluit dat die volgende bepaling in die Kerkorde opgeneem sal word:

Kerkrade behou die reg om self te besluit of hulle by besondere geleenthede, soos by begrafnisse, anderskleuriges in die kerk sal toelaat. Die eenheid in die gemeente moet gehandhaaf word.

22.2 **Motivering**

Gemeentes se omstandighede verskil van plek tot plek, daarom kan daar nie 'n bepaling vir alle gemeentes geld wat dieselfde is nie. Geleenthede en omstandighede verskil ook van tyd tot tyd.

22.3 **Aanbeveling KKS**

Die ring word verwys na bl 64 van die Acta van die sinode van 1987, art 104, waar o.a. genotuleer is: "Die outoriteit van kerkrade kan nie herroep word nie, aangesien dit in die stigtingsakte van die Kerk bepaal word. Indien bywoning van 'n anderskleurige 'n steuring in die gemeente sal veroorsaak, moet dit afgekeur word. Die besluit moet dus eenparig aanvaar word deur die gemeentelede."

23. **RING VAN LICHTENBURG**

23.1 <u>Beskrywingspunte i/s: Bywoning van eredienste en spesiale geleenthede deur anderskleuriges</u>

Die sinode versoek kerkrade om oorweging daaraan te verleen dat anderskleuriges nie deur lidmate uitgenooi word na eredienste of spesiale geleenthede nie. Waar die bywoning van anderskleuriges gebeur, word lidmate versoek om ook op te tree in die gesindheid van naasteliefde.

23.2 **Aanbeveling van KKS**

Die ring word verwys na Acta Sinode 1987, Art 104, p 64. Kyk ook besluit by beskrywingspunt 33 hierbo (in sake toelating by begrafnisse).

AFDELING C : NUWE BESKRYWINGSPUNTE OOREENKOMSTIG ART. 61 VAN DIE K.O.

1. Hierdie afdeling bevat slegs daardie nuwe beskrywingspunte wat nie saam met ou beskrywingspunte en ander sake in Afdeling A en B aan die orde gekom het nie.

2. Die betrokke dele uit die KKS se verslag wat deur die Sinode van 1989 verwys is, word ook aan die orde gestel by elke afsonderlike beskrywingspunt waar van toepassing.

3. NAAM VAN KERK:

3.1 BESKRYWINGSPUNT APK VREDE

3.1.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die drie beskrywingspunte lui soos volg, sonder enige motivering:

1. Artikel 1. Die Sinode besluit om die vorige Sinodes se besluit in sake die naam van die Kerk onveranderd te handhaaf.

2. Artikel 4. Voeg by artikel 4.1: Elke Christen staan in die algemene amp van die gelowige (H.K. 32 NGB Artikel 25).

3. Artikel 2. Onderverdeel artikel en bind Kom uit in 2.4.

3.1.2 KKS se kommentaar

Die beskrywingspunte kan, weens die gebrek aan motivering, nie verder beoordeel word nie.

3.1.3 Aanbeveling:

Die Sinode besluit dat die beskrywingspunte in hulle huidige vorm en inhoud nie ontvanklik is nie.

3.2 BESKRYWINGSPUNT : RING VAN MEMEL

3.2.1 Inhoud van die beskrywingspunte

Die Sinode besluit om die vorige Sinodes se besluit insake die naam van die Kerk onveranderd te handhaaf naamlik -

Afrikaanse Protestantse Kerk
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

3.2.2 Motivering deur insenders

3.2.2.1 Kerkverband is 'n vrywillige assosiasie van selfstandige gemeentes om die algemene welsyn te bevorder.

3.2.2.2 Asonderlike kerke gaan vereniging in kerkverband vooraf.

3.2.2.3 Daar rus op die plaaslike kerk die stellige verpligting om as gevolg van die kerk se geestelike eenheid in Christus tot die verband toe te tree. Daar is net één verband. Dit is die APK.

3.2.2.4 'n Sinodale vergadering is geen kerk in die eintlike sin nie, maar omdat die Sinode die kerk verteenwoordig, handel die Sinode asof dit een kerk is wat handel. Voetius het gesê: "quasi ecclesis una." Byvoorbeeld die een see met sy oseane. 'n Eenheid van homogene en gelyksoortige dele.

3.2.2.5 Vgl. Artikel 32 NGB "Intusser glo ons, alhoewel dit nuttig en goed is da die regeerders van die Kerk onder mekaar sekere ordenansies instel en bevestig tot instandhouding van die liggaam van die Kerk." Dus: hier word gepraat van die Kerk as geheel in institutêre sin. Die Kerke vorm saam 'n Corpus, 'n Liggaam. Dit is geen nuwe vorm van kerk wat in wese verskil van die plaaslike kerk nie.

3.2.2.6 Die unio-ecclesiarum is nie 'n eenheid waarin die bestaan van die plaaslike kerke opgelos word nie. Dit is 'n verband van gelykwaardige, saamstellende eenhede. Die Kerkverband is 'n eenheid in korporatiewe sin. Vgl. Hand. 8:3. Gal. 1:3.

3.2.2.7 Deur saam te kom in verband met mekaar verloor die saamstellende eenhede nie hulle identiteit of selfstandige bestaan nie. Dit is 'n combinatio ecclesiarum van homogene eenhede.

3.2.2.8 Die afsonderlike kerke behou hulle selfbestuur in sover dit nie in botsing kom met die algemene belange van die Kerk as geheel nie.

3.2.2.9 Die saamverbonde gemeentes vorm 'n eenheid in institutêre sin, sodat ons van die verskillende en in een Kerkverband saamgevoegde kerke mag spreek in die enkelvoud as hierdie of daardie Kerk - daarom Afrikaanse Protestantse Kerk (enkelvoud).

3.2.2.10 Die Sinode is nie die Kerk nie, maar hy is die orgaan van die Kerkverband. Die Kerk tree op deur middel van sy orgaan. Die besluite en handelinge van die Sinode mag dus met reg bestempel word as die besluit en handelinge van die Kerk. (Geldenhuys p. 157)

3.2.3 <u>KKS se kommentaar</u>

Die Kerkorde en gevolglik die naam van die Kerk soos dit daarin neerslag vind, is die gemeenskaplike akkoord van die kerke (gemeentes) in kerkverband. Die Kerkorde is dus ook die regsgeldige dokument in die geval van alle sake wat moontlik vir 'n beslissing aan die uitspraak van geregshowe onderwerp mag

word. Twee oorwegings is van deurslaggewende belang, naamlik eerstens die formulering van die Kerkorde en dus ook die naam van die kerk so getrou as wat menslik moontlik is aan wat die Skrif te sê het oor kerk en kerkverband. Tweedens moet die formulering, in geval van 'n geregshofuitspraak die belange van die plaaslike kerke (gemeentes) beskerm. Die beskrywingspunt hou verband met die opdrag van die Sinode 1989 aan die KKS, naamlik "om regsadvies daaroor in te win hoe die Kerkorde sodanig gewysig kan word dat geen misverstand daaroor sal bestaan nie dat:

17.3.1 alle eiendom van 'n plaaslike kerk (gemeente) die uitsluitlike eiendom van daardie plaaslike kerk is en bly, ten spyte van die kerkverband;

17.3.2 wanneer 'n plaaslike kerk, met meerderheidstem van die kerkraad, (nadat die gemeente ook met meerderheidstem so geadviseer het) uit die kerkverband tree, sy eiendom sy eie bly, maar hy nie die naam (byvoorvoorbeeld) "AP. Kerk Soetdoring" mag behou nie".

Hierdie regsadvies is deur die KKS aangevra en is eers ter vergadering op 22 Junie 1990 ontvang en kan dus nie indringend behandel word nie.

17.2.4 Aanbeveling:

In die lig van die 1989 Sinode se opdrag aan die KKS oor regsadvies word die inhoud en motivering van die beskrywingspunt verwys na die nuwe KKS om die volgende Sinode met 'n aanbeveling te dien.

17.3 AANBEVELING UIT DIE KKS SE VERSLAG VAN 1989

Die Sinode keur goed dat die volgende wysigings aan die Kerkorde aangebring word (gewysigde dele word onderstreep waar prakties moontlik):

17.3.1 Die opskrif lees voortaan: "Kerkorde en Bepalinge van die Afrikaanse Protestantse Kerke (Gereformeerde kerke van Christus onder blanke Afrikaners)".

MOTIVERING

17.3.1.1 Die Heilige Skrif gebruik die woord "kerk" slegs in twee betekenisse, nl.
- die plaaslike kerk (gemeente)
- die onsigbare kerk, bestaande uit die ware gelowiges van Adam af tot by die wederkoms.

17.3.1.2 Nêrens is daar in die Bybel sprake van 'n land se gemeentes tesame as "kerk" nie.

17.3.1.3 As die Kerkorde (K.O.) dié is van die APKerk (enkelvoud), kom die volgende vrae na vore:

- waar is daardie "kerk"?

- wie is daardie "kerk" se predikant?
- waar is sy ouderlnge en diakens?
- waar hou daardie "kerk" Sondae eredienste?
- wanneer vind daardie "kerk" se kerkraadsvergaderings plaas?
- hoe hou daardie "kerk" toesig oor sy lidmate?
- wie is hulle? Het daardie "kerk" attestate t.o.v. sy lidmate ontvang?
- doop daardie "kerk" verbondskinders?
- ens. ens.

3.3.1.4 Die K.O. is die gesamentlike ordereëlings van al die AP-gemeentes wat vrywillig in 'n verband met mekaar getree het. Die gemeentes wil één wees in diens, leer en tug. Daarom kom hulle ooreen op gemeenskaplike belydenisskrifte en 'n gemeenskaplike Kerkorde. Maar dit bly die K.O. van die gemeentes (kerke).

3.3.1.5 Die Artikels en Bepalinge moet toegepas word. Wie anders as die plaaslike kerk

- laat mense as lidmate toe (Art. 3)
- kies ampsdraers (Art. 4, K.O. 1988)
- beroep predikante (Art. 8, K.O. 1988)
- bevestig ouderlinge en diakens (Art. 20, K.O.
- 1988)
- ens. ens.

3.3.1.6 Wanneer

- bedienaars opgelei moet word (Art. 7, K.O.
- 1988)
- belydenisskrifte vasgestel moet word (Art.
- 4.1.2 K.O. 1988)
- besluit moet word oor die datum van 'n sinode
- (Bepaling 41.1, K.O. 1988)
- ens. ens.

dan is dit nie 'n landswye "kerk" wat dit doen nie, maar vergaderings of kommissies wat die kerke (gemeentes) in hulle samekoms in 'n vergadering (sinode) daartoe aangewys het om dit vir hulle te doen en daaroor aan hulle (die kerke byeen in 'n volgende sinode) te rapporteer.

3.3.1.7 Die uitgangspunt van die presbiteriale kerkregeringstelsel is juis die plaaslike kerk. Maar elke plaaslike kerk kan tog nie sy eie K.O. hê as hy in 'n kerkverband met ander plaaslike kerke tree nie. Die kerke (gemeentes) wat saam een kerkverband vorm, kom ooreen om 'n gemeenskaplike K.O. daar te stel, maar dan word dit nie die K.O. van 'n ongedefinieërde sg. "Kerk" (êrens in die lug?) nie - dit bly K.O. van die kerke (gemeentes).

3.3.1.8 Wanneer ons wil praat van al die APKerke (gemeentes) oor die land heen, noem ons hulle

-die kerke wat een kerkverband vorm; of

-die kerke wat in kerkverband getree het; of -
-korter:
-die kerke in kerkverband.

3.3.1.9 Wanneer ons Sondae bely: "Ek glo aan 'n (een) heilige, algemene, Christelike kerk", praat ons nie van die plaaslike kerk of van die kerke in ons land nie, maar van die onsigbare/universele kerk (die ware gelowiges van Adam af tot by die wederkoms - dit is één kerk, enkelvoud). (Kyk Son. 21 H.KAt., vr. en antw. 54).

3.3.2 In die Kerkorde (K.O.) word "kerk" en "kerke" voortaan deurgaans met 'n kleinletter geskryf. Wanneer daar van die kerke oor die land gepraat word (Art. 9, K.O. 1988), moet van "kerke in kerkverband" gepraat word. Die KKS kry opdrag om die K.O. na hierdie sinode, voor publikasie, dienooreenkomstig te wysig.

MOTIVERING

3.3.2.1 "Kerk" word alleenlik met hoofletter geskryf as daar van 'n spesifieke gemeente gepraat word - en dit word nêrens in die K.O. gedoen nie. Die K.O. praat wel van individuele gemeentes, maar nêrens van bv. Die APKerk Dendron nie. As die K.O. na so 'n gemeente sou verwys sou "Kerk" met hoofletter geskryf word.

3.3.2.2 Die universele/onsigbare kerk kon dalk (so kan geredeneer word) met 'n hoofletter geskryf word, maar geen artikel in die K.O. dui op die universele kerk nie. Selfs (1988 K.O.) Artikels 4, 5, 44, 57.2, 57.2, 57.3, 57.4, 58, 59.1, 59.2 60.1, 62.1 het te doen met òf plaaslike kerke òf met kerke in kerkverband. Slegs art. 44 (K.O. 1988) kan probleme lewer, maar die geskiedenis van die kerk is tog maar die geskiedenis van bepaalde kerkverbande/denominasies. Hierdie art. 44 kan nie opgevat word as die geskiedenis van die onsigbare of universele kerk nie, saangesien geen mens by magte is om sy geskiedenis te beskryf nie. Die K.O. handel oor die plaaslike kerk en oor plaaslike kerke in kerkverband.

3.3.2.3 Waar die Apostolicum sê: "Ek glo aan 'n ... kerk", dui dit op die universele/onsigbare kerk (dis dan die algemene kerk) en selfs dan word "kerk" steeds met 'n kleinletter geskryf.

4. KERKORDE ARTIKEL 2

4.1 BESKRYWINGSPUNT : RING VAN MEMEL:

4.1.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die Ring van Memel stel voor dat die artikel as volg lui:

DIE ORDE VAN DIE KERK:

2.1 Die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan. (1 Kor. 14:40).

2.2 Daarom word die volgende artikels en bepalings gegee vir die lewe en werk van die kerk met die oog op die uitvoering van sy taak en roeping ooreenkomstig die Woord van God en die Belydenisgeskrifte.

2.3 Hierdie artikels en bepalings handel oor die volgende in die kerk:
- die verkryging, beëindiging en herstel van lidmaatskap;
- die ampte
- die werksaamhede;
- die tug;
- die regering;
- ordereëls en
- betrekkinge na buite.

2.4 Kerkvergaderings, ampsdraers en lidmate behoort volgens die riglyne van hierdie Kerkorde en Bepalings die kerkregering waar te neem en behoort daarvolgens op te tree.

4.1.2 Motivering deur insender:

Die artikel is net onderverdeel om die formulering duideliker te laat uitkom. Die binding aan die kerkorde moet ook geformuleer word, daarom 2.4.

4.1.3. KKS se kommentaar

Die beskrywingspunt wysig die artikel en is nie slegs 'n onderverdeling nie.

4.1.4 Aanbeveling:

Die beskrywingspunt word na die volgende KKS verwys vir besinning.

4.2 AANBEVELING UIT DIE KKS-VERSLAG 1989

4.2.1 K.O. art. 2 moet lees:

"Om die goeie orde in die kerk van Christus, volgens die eis van die Woord van God dat alles welvoeglik en ordelik in die gemeente moet toegaan (1 Kor. 14:40), te onderhou, word die volgende neergelê betreffende lidmaatskap van die Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes), die ampte in, die vergaderings van, die werksaamhede van, die opsig en tug in, en die betrekkinge van die kerke (gemeentes) na buite.

4.2.2 MOTIVERING

4.2.2.1 Die artikel gaan vanaf "die kerk van Christus" sonder enige nadere bepaling oor na "in die gemeente" en daarvandaan oor na "lidmaatskap van die Kerk", ens. Die veronderstelling is "die Afrikaanse Protestantse kerk" of dan "kerke" (gemeentes). Dit lyk gewens om van die algemene stelling na aanleiding van 1 Kor. 14:40 meer duidelik oor te gaan na die spesifieke vermelding van watter "Kerk" of dan "kerke" (gemeentes) bedoel word deur die invoeging van die naam "Afrikaanse Protestantse".

4.2.2. Dit lyk of die gedurige herhaling van die woorde "die Kerk", veral as dit verander sou word na "die kerke", gerieflik vermy kan word deur dit aan die einde eenmalig te doen as 'n aanduiding dat dit alles betrekking het op die kerke in die verband.

5. KERKORDE ARTIKEL 6

5.1 BESKRYWINGSPUNT RING VAN MEMEL

5.1.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die opskrif by artikel 6 word: Ampte, en, voeg by:

6.1 Elke Christen staan in die algemene amp van die gelowige. (Heidelberg. Kat. vr. en antw. 32 en NGB Artikel 28.)

6.2 Christus, Hoof van Sy Kerk, het vir die dienswerk in Sy kerk, die volgende besondere ampte ingestel ...

5.1.2 Motivering deur insender:

Die basiese amp waaruit alle ander ampte uit voortkom is die amp van die gelowige.

5.1.3 KKS se kommentaar:

5.1.3.1 Die terminologie "amp van die gelowige" is vatbaar vir misverstand. Die vereistes vir lidmaatskap van die APK soos omkryf in Artikel 3, staan alreeds logies korrek voor artikel 6. Verder: Ons woord en begrip amp is afkomstig van die woord ambag en beteken 'n openbare betrekking (H.A.T. 1970), 'n posisie, status van openbare belang. Die begrip diakonia in die Bybel dui op diens en nie op 'n betrekking of 'n posisie wat 'n doel in homself is of mag wees nie. Die amp (diakonia = diens) is 'n middel tot 'n doel, naamlik die opbou van die liggaam van Christus, die gemeente, die kerk. Christus roep gelowiges vir 'n bepaalde diens en lê in die Skrif vir hierdie bepaalde diens(te) sekere vereistes neer en dui hulle taak (bv. kerkregering) aan. Tereg hoort dié dienste onder

aparte artikel in die Kerkorde, in onderskeiding van al die ander lidmate wat kragtens Kerkorde Artikel 3 ook gelowiges is.

5.1.3.2 Die motivering hierbo gee ook nie die Skriftuurlike en kerkordelike toedrag van sake korrek weer nie. Die besondere ampte (dienste) kom nie voort uit die amp van die gelowige nie, maar kom tot stand deur die roeping van Christus, met die verkiesing, approbasie en bevestiging as die Skriftuurlike en ordelike weg. Die huidige hantering deur die kerkorde van die besondere ampte gee duidelik hieraan uitdrukking.

5.1.4 **AANBEVELING:**

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

6. ARTIKEL 11

Kennisgewing van approbasie.

Die beroepende vergadering gee dadelik kennis van die beroep aan die beroepene, berig daaromtrent vir publikasie in die amptelike blad van die kerk; en versend na approbasie die beroepsbrief wat deur die kerkraadslede onderteken is.

BEPALING 11.1

Die naam van die beroepene word by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente bekend gemaak vir approbasie.

BEPALING 11.2

Die beroepsbrief word onmiddellik na approbasie versend. Indien 'n beswaar ontvang word, word daarmee gehandel ooreenkomstig artikel 12.

BEPALING 11.3

'n Beroepe predikant moet by die eerste openbare erediens na ontvangs van 'n beroep sy kerkraad en gemeente daaromtrent inlig.

BEPALING 11.4

'n Beroepe predikant/proponent moet nie later nie as die derde Sondag na die beroep uitgebring is, sy antwoord aan die voorsitter (konsulent) of skriba bekend maak en daarna skriftelik bevestig, tensy hy weens gegronde redes van die beroepende kerkraad verdere uitstel verkry.

BEPALING 11.5

Alvorens 'n predikant 'n beroep aanvaar, raadpleeg hy sy kerkraad.

BEPALING 11.6

Wanneer 'n beroep aanvaar is, kondig die gemeente waarheen hy beroep is, dit dadelik af.

6.1 **BESKRYWINGSPUNT : RING VAN NABOOMSPRUIT:**

6.1.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die Ring van Naboomspruit besluit om by die Sinode aan te beveel dat Artikel 9 van die Kerkorde gewysig word om soos volg te lui:

"Die beroepende vergadering gee dadelik kennis van die beroep aan die beroepene, berig daaromtrent vir publikasie in die amptelike blad van die Kerk en versend so gou moontlik die beroepsbrief wat deur die kerkraadslede geteken is."

Bepaling 9.2

Die beroepsbrief word onmiddellik aan die beroepene versend. Indien daar 'n beswaar ontvang word, word daarmee gehandel ooreenkomstig Artikel 10.

Bepaling 9.4

'n Beroepe predikant/proponent moet na die approbasie tydperk, maar nie later as die derde Sondag na die beroep uitgebring is, sy antwoord aan die voorsitter (konsulent) of skriba bekend maak ... ens.

6.1.2 Motivering deur insender

Die praktyk het bewys dat die week na die approbasie tydperk te kort is vir versending van die beroepsbrief en antwoord van die beroepene. Die beroepene wil ook graag gouer ingelig wees omtrent die ooreenkoms wat gaan ontstaan tussen hom en die beroepende kerkraad. Die beroepene mag net nie antwoord voordat die approbasietydperk verloop het nie.

6.1.3 Aanbeveling:

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na sy Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake om die Sinode met 'n aanbeveling te dien.

6.2 **KERKORDE BEPALING 11.1: BESKRYWINGSPUNT: R MARÈ**

6.2.1 Inhoud van beskrywingspunt:

Kerkorde bepaling 11.1 word gewysig om te lui:

Die naam van die beroepene word by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente bekendgemaak vir approbasie. Indien die beroep op 'n Sondag uitgebring is, moet die kennisgewing aan die gemeente op die daaropvolgende twee Sondae geskied.

6.2.2 Motivering deur insender:

Gemeentes beroep dikwels op Sondae. Indien die Sondag waarop die beroep uitgebring is, reeds as die eerste kennisgewing - Sondag beskou word, het gemeentelede slegs een week om te approbeer.

6.2.3 Aanbeveling:

Die beskrywingspunt word goedgekeur, soos gewysig deur die KKS in die volgende punt.

6.2.4 Aanbeveling:

Art. 11 word soos volg gewysig:

6.2.4.1 Dit word Art. 12

6.2.4.2 Die opskrif moet wees: "Kennisgewing en Approbasie"

6.2.4.3 Bepaling 11.1 tot 11.6

Dit word Bep. 12.1 - 12.6. Die beskrywingspunt na prof Marè word goedgekeur met invoeging van die woorde "na die dag waarop die beroep uitgebring is" na "agtereenvolgende Sondae".

6.2.4.4 Bepaling 12.6 (die bestaande 11.6) word gewysig om te lees: "Sodra 'n beroep aanvaar of bedank is kondig die gemeente waarheen hy beroep is, dit dadelik af. Die antwoord van die beroepene moet (ook) skriftelik gegee word."

7. KERKORDE BEPALING 13.6

7.1 BESKRYWINGSPUNTE : RING VAN LICHTENBURG

7.1.1 Inhoud van beskrywingspunt:

Die Sinode besluit dat slegs twee weke per jaar van 'n leraar se agterstallige verlof oordraagbaar of uitbetaalbaar sal wees, tot 'n maksimum van 100 dae.

7.1.2 Motivering deur insender:

Die Ring oordeel dat dit onbillik sou wees om van 'n kerkraad te verwag om by die vertrek van 'n leraar na etlike jare diens in een gemeente, aan hom vir 'n lang tydperk se agterstallige verlof te moet uitbetaal. Hy kon van dié verlof gebruik gemaak het. Die oordraagbare of uitbetaalbare verlof behoort beperk te word, soos in die beskrywingspunt voorgestel.

7.1.3 KKS se kommentaar

Slegs ten opsigte van langverlof onder Bepaling 13.6.1.3 is daar sprake van oploopbaarheid en uitbetaling. Indien die beskrywingspunt goedgekeur word sal dit die implikasie hê dat kerkrade wat toelaat

dat langverlof oploop, nie demissie kan verleen voordat die leraar sy opgehoopte langverlof minus die twee weke wat uitbetaal word, geneem het nie.

7.1.4 **Aanbeveling:**

Die beskrywingspunt is onduidelik en daarom nie ontvanklik nie.

7.2 Die kommissie se aanbevelings t.o.v. Art. 13 en bepaling word in Afd. D gedoen.

8. **ARTIKEL 14**

OPDRAG

Die opdrag van die bedienaar van die Woord is: die verkondiging van die Woord van God en die diens van die gebede;
die bediening van die sakramente;
die leiding van die erediens;
die behartiging van die verbondsonderrig;
die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek;
die behartiging van die herderlike sorg van die gemeente;
die leiding van kerkraadsvergaderings en vergaderings van die kerkraad.

8.1 <u>Beskrywingspunt prof WJG Lubbe</u>

8.1.1 KO Art. 14: skrap die woorde: "die leiding van kerkraadsvergadering van die kerkraad waartoe die gemeente opgeroep is".

8.1.2 <u>Motivering</u>

Die aangehaalde woorde is strydig met KO Artikel 33.

8.1.3 **Aanbeveling KKS:**

Die Sinode besluit

8.1.3.1 dat die beskrywingspunt nie aanvaar word nie;

8.1.3.2 dat die Gereformeerd-kerkregtelike beginsel soos in art. 14 (1989 K.O.) gehandhaaf word en dat artikels 10 en 33 gewysig word om daarby aan te pas.

9. **KERKORDE ARTIKEL 18:**

9.1 **BESKRYWINGSPUNT R MARè**

9.1.1 <u>Inhoud van beskrywingspunt:</u>

Die Sinode 1990 gee dringend aandag aan die wysiging van Artikel 18 Kerkorde en besluit om dit so te verwoord (die onderstreepte gedeeltes is byvoegings by die bestaande artikel):

> Indien 'n bedienaar van die Woord, of 'n kerkraad, oordeel dat hy nie langer tot stigting in

die gemeente/kerk kan dien nie, oordeel die ring na behoorlike ondersoek daaroor wat insluit dat die ring hom vergewis daarvan dat die saak nie in werklikheid onder die tugartikels behandel moet word nie, en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente losgemaak moet word. Indien die ring besluit dat die band losgemaak moet word, vergewis die ring hom daarvan dat daar billike voorsiening vir die bedienaar gemaak is. Indien die predikant in 'n kombinasie dien, word hy van al die gemeentes in die kombinasie losgemaak en word die kombinasie ontbind. Dit staan die betrokke gemeentes/kerke vry om 'n nuwe kombinasie na eie goeddunke te vorm.

Die ring moet dan aan die kerke in kerkverband onmiddellik kennis gee dat die betrokke bedienaar vry is om beroep afwag.

Verder besluit die Sinode: 1990 dat Bepaling 18.1.1 soos volg gewysig word:

Die gemeente(s) waarvan die bedienaar losgemaak is, is slegs verantwoordelik vir huisvesting, water en ligte, die betaling van die basiese traktement, mediesefondsbydraes en pensioenfondsbydraes (waar van toepassing) aan die bedienaar solank as wat hy nog nie 'n beroep ontvang het nie, tot 'n maksimum tydperk van 3 maande - dit sluit reiskoste/vervoertoelae, telefoontoelae en alle ander moontlike toelaes uit.

(Die res van die betrokke bepaling bly onveranderd.)

9.1.2 Motivering deur insender:

Die probleme wat in die praktyk ondervind word noodsaak hierdie veranderings.

9.1.3 Aanbeveling:

9.1.3.1 Die beskrywingspunt word goedgekeur met die volgende invoeging: Na die volgende woorde "Indien die predikant in 'n kombinasie dien" voeg in: "wat gesamentlik beroep".

9.1.3.2 Die wysiging van Art. 18 word goedgekeur met invoeging van die woorde "daarna opnuut" tussen "om" en "'n nuwe kombinasie".

9.1.3.3 Die wysiging van Bep. 18.1.1 word goedgekeur nadat die woord "slegs" vervang word met "net" en met invoeging van "of behuisingstoelaag" na "huisvesting".

9.2 Addisionele aanbevelings i.v.m. Artikel 18 en Bepalings

9.2.1 Dit word Art. 19.

9.2.2 Voeg by aan die einde na "afwag" "en aan die bedienaar 'n dokument gee dat hy volgens K.O. Art. 19 losgemaak is. Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van 'n akte van demissie dien."

9.2.3 Bepalings 18.1 - 18.2

9.2.3.1 Dit word Bep. 19.1 - 19.2

9.2.3.2 Die laaste sinsnede van Bep. 19.2 word gewysig om te lees: "...sonder aanspraak op huisvestig en verdere traktering ..."

10. **KERKORDE ARTIKEL 38.2: BESKRYWINGSPUNT: RING VAN MEMEL**

10.1 Inhoud van beskrywingspunt:

Kerkorde artikel 38.2 moet ook van toepassing wees op dosente wat met beperkte opdrag diens doen in gemeentes.

10.2 KKS se kommentaar

Die aangeleentheid van die kerkregtelike posisie van dosente is na die Kuratorium en KKS verwys en vind neerslag in die verslag van die Kuratorium.

10.4 Aanbeveling:

Die Sinode oorweeg die saak by die behandeling van die verslag van die Kuratorium.

AFDELING D: ANDER VOORGESTELDE VERANDERINGS AAN DIE KERKORDE EN BEPALINGS

1.. Hierdie afdeling bestaan hoofsaaklik uit aanbevelings soos in die KKS se verslag aan die Sinode van 1989.

2. Aanbeveling ten opsigte van KO Art 1.

2.1 KO Art 1 lui voortaan: "Die Afrikaanse Protestantse kerke (plaaslike kerke/gemeentes) tree met mekaar in kerkverband, met as grondslag die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerke (gemeentes) as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel bely, is vervat in die Formuliere en Eenheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus én die vyf Dordtse Leerreëls. Verder word die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Atanasius as algemene belydenisskrifte aanvaar.

Die kerke (gemeentes) word ingerig en geregeer volgens die Gereformeerde stelsel van kerkregering met die Dordtse Kerkorde, 1618 - 1619, as grondslag vir die eie Kerkorde".

2.2 MOTIVERING

2.2.1 Vir vervanging van "Kerk" met "kerke", kyk motivering by punte 3.3.2.1 - 3.3.2.3 in AFD C.

2.2.2 "Verbond van plaaslike kerke" word vervang met "tree met mekaar in kerkverband". Dit is waar dat die woord "verbond" in die sekulêre gebruik bloot (o.a.) "ooreenkoms" beteken. Ons moet egter onthou dat "verbond" in die teologie, in die Bybel en in die ekklesiologie 'n gelade begrip is. Dit word gebruik vir 'n ooreenkoms tussen God en sy Verbondsvolk, en by name sy geroepenes individueel, met die duidelike aanduiding dat God, die HERE, die inisiëerder van die ooreenkoms is, bv in die werkverbond, die genadeverbond, die doopverbond.

"Verbond" in die sin van "ooreenkoms" roep voor die gees die suserein (oppervors) en sy vasalstate (ondergeskikte state). Dit behaag hom om in ontferming 'n ooreenkoms met sy ondergeskiktes aan te gaan. So is die HERE ook die Oppervors wat met sy ondergeskiktes (verbondsvolk) uit genade 'n "ooreenkoms" aangaan (waarin daar nie van gelyke "vennote" sprake is nie).

Daar is by die sluiting van 'n ooreenkoms tussen al die AP kerke geen sprake van 'n opperkerk en ondergeskikte kerke nie. Al die kerke (gemeentes) is totaal gelyk. Die groter gemeente is nie meer of beter liggaam van Christus as die heel kleinste een nie. Gelyke kerke kom dus ooreen om in verband met mekaar te tree.

2.2.3 In die presbiteriale kerkregeringstelsel en in die Gereformeerde Kerkreg word kerkverband nêrens en nooit "verbond" genoem nie. Mens sou nog kan sê (as gereformeerde terminologie met sekulêre terminologie vermeng word): "Die AP kerke gaan 'n verbond aan om een kerkverband te vorm". Kerkverband is nie dieselfde as "verbond" nie. Art 1 wil sê daar bestaan kerkverband tussen die gemeentes (kerke).

2.2.4 In die Kerkreg het "verbond" met die doop en die nagmaal te doen en nie met kerkverband nie. Daarom is die gebruik van "verbond" in art 1 te sterk, en nie 'n korrekte weergawe van wat werklik plaasvind nie.

3. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN ARTIKEL 4

3.1 Dit word art 5 en word soos volg verbeter en uitgebrei:

BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Aangesien lidmaatskap net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is, word lidmaatskap deur die kerkraad beëindig en aan 'n gemeente bekend gemaak wanneer 'n lidmaat:

5.1 met attestasie uit die gemeente vertrek, met dien verstande dat hy lidmaat van die gemeente waaruit hy vertrek, bly totdat hy in 'n nuwe gemeente opgeneem word. Indien hy nie binne 3 maande opgeneem word nie, verval sy lidmaatskap aan die gemeente waaruit hy vertrek;

5.2 lidmaatskap skriftelik opsê;

5.3 en/of oorgaan na 'n ander erkende kerkverband met verwittiging aan die kerkraad;

5.4 en/of by 'n nie-erkende kerkverband of sekte aansluit;

5.5 en/of deur die kerkraad afgesny word na die nakoming van die vereistes vir opsig en tug.

3.2 Die bestaande artikel 4.4 verval en word geskrap.

4. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN ARTIKEL 5

KO art 5 word art 6 en moet lees:

HERSTEL VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van die gemeente word deur die kerkraad herstel wanneer 'n persoon as 'n belydende lidmaat

6.1 (bestaande 5.1)

met attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap aansoek doen om terug te keer vanuit 'n erkende kerkverband en deur die kerkraad, na approbasie deur die gemeente, aanvaar is.

6.2 (bestaande 5.2)

aansoek doen om terug te keer vanuit 'n nie-erkende kerkverband of sekte en, na approbasie deur die gemeente, deur die kerkraad toegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof na verbondsonderrig;

6.3 (bestaande 5.3)

se ekskommunikasie deur die kerkraad opgehef is en, na approbasie deur die gemeente, tot aflegging van belydenis van geloof hertoegelaat is.

5. KO ARTIKEL 9

5.1 KO art 9 word art 10;

5.2 Die volgende aanbeveling van die 1989 verslag word slegs vir kennisname gestel:

5.2.1 geen wysigings aan art 10.1 en 10.2 nie:

5.2.2 Art 10.3 word aangevul om volledig so te lees: "stel 'n Kuratorium aan wat alle belange ten opsigte van opleiding, Colloquium Doctum en toekenning van status aan proponente en persone wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het, behartig".

5.2.3 'n Nuwe art 10.4 word aanbeveel: "dra aan die Sentrale Kerkekommissie op om die toekenning van status as predikant in die AP kerke, aan persone wat tans die amp van predikant in 'n ander erkende kerk van Gereformeerde belydenis beklee, te behartig".

5.3 Kyk verder na die aanbeveling in die verslag van die Kuratorium betreffende 5.2.3.

6. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 10

6.1 KO art 10 word art 11 en word soos volg gewysig: "Die beroeping van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word".

6.2 Die woord "onder leiding van 'n voorsitter deur die vergadering aangewys" word geskrap.

6.3 Bepaling 10.1 tot 10.5

Die aanbeveling van 1989 KKS (punt 4.16) word gewysig om te lees:

6.3.1 Bepaling 10.1 tot 10.5 word bep 11 tot 11.5 en word soos volg gewysig:

6.3.2 Bepaling 11.1 (bestaande bep 10.1) lees:

"Die beroeping van 'n predikant vir 'n gemeente geskied op 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente vir deelname opgeroep is, wat op twee afsonderlike Sondae by 'n openbare erediens afgekondig is met vermelding van die doel daarvan. Die beroeping kan reeds op die tweede Sondag waarop die tweede afkondiging gedoen word, geskied.

5.13.1.2 Die res van die bestaande bep 10.1 vanaf "indien 'n beroep bedank is", word geskrap.

6.3.3 By bep 11.2.1(a), (d) en (e) (bestaande 10.2.1(a), (d) en (e)), word "gekombineerde" geskrap.

6.3.4 By bep 11.2.2 (bestaande 10.2.2) word bygevoeg: "Die ring moet dit so gou moontlik afhandel".

7. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 12 EN BEPALINGS 12.1 - 12.4

7.1 Artikel 12. Dit word art 13 en bly onveranderd.

7.2 Bepalings 12.1 - 12.4

7.2.1 Dit word bep 13.1 - 13.4.

7.2.2 Bep 13.3 (bestaande 12.3) word gewysig om te lees: "Indien die kerkraad nie die bevoegdheid het om self die beswaar af te handel nie (vergelyk tugartikels), verwys hy dit na òf die Kuratorium in die geval van 'n proponent, òf die kerkraad van die beroepene. Indien die beswaar geldig is, word aan die beroepene daarvan kennis gegee".

7.3 Kyk ook aanbevelings by die verslag van die Kuratorium.

8. AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN KO ARTIKEL 13 EN BEPALINGS

8.1 Dit word art 14.

8.2 Voeg by art 14.1 (bestaande 13.1):

"Die datum van losmaking word gereël deur die leraar, sy huidige kerkraad en die beroepende kerkraad.

8.3 Voeg in na "attestaat" by art 13.2: "en ondertekende ondertekeningsformulier.

8.4 Bepalings 13.1 tot 13.6

8.4.1 Dit word bep 14.1 - 14.6.

8.4.2 Bepaling 14.6.1 word soos volg verander:

"'n Predikant is geregtig op -

14.6.1.1 vakansieverlof van twee en veertig dae per jaar,
wat nie meer as 6 Sondae insluit nie, en wat net oploopbaar is met die instemming van die kerkraad.

8.4.3 Voeg in by bepaling 13.6.2 aan die begin:

"'n Predikant behoort sy vakansieverlof te neem voordat hy demissie ontvang.

9. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO-ARTIKEL 15

9.1 Dit word art 16 en word so gewysig:

"'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander AP kerk (gemeente) sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie.

10. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO-ARTIKEL 27

10.1 Dit word art 28 en word soos volg gewysig:

"Elke vergadering moet 'n voorsitter hê, asook 'n skriba wat die handelinge van die vergadering opteken, opdragte uitvoer en opdragte deurgee. Die skriba word uit die kerkraadslede gekies.

10.2 Ds JH Swart het versoek dat sy teenstem aangeteken word teen die byvoeging van die laaste sin hierbo sodat hy by die Sinode teen die aanbeveling van die kommissie mag praat.

11. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO-BEPALING 36.6

11.1 Bep 36.6 word 37.6.

11.2 Bep 37.6 word uitgebrei ten einde die taak en posisie van die konsulent behoorlik te omskryf, nl:

37.6.1 Die ring benoem 'n konsulent vir elke gemeente binne sy ressort en wel op so 'n wyse dat die predikante van verskillende gemeentes/kombinasies nie oor en weer mekaar se konsulente is nie.

Motivering

As die predikante van gemeentes A en B mekaar se konsulente is, en albei gemeentes raak vakant, het nie een van hulle 'n konsulent nie.)

37.6.2 Die taak van die konsulent is om

1. die tydelike bediening van die vakante gemeente(s) te behartig soos ooreengekom tussen sy eie kerkraad(e) en die kerkraad(e) van die vakante gemeente(s);

2. as voorsitter by kerkraadsvergaderings van die vakante gemeente(s) op te tree. Wanneer die kerkraad(e) van vakante gemeentes oor 'n saak moet besluit wat nie uitgestel kan word tot 'n vergadering waarby die konsulent as voorsitter teenwoordig kan wees nie, besluit daardie kerkraad(e) daaroor onder leiding van die ondervoorsitter, en na die vergadering word die saak in oorleg met die konsulent afgehandel.

3. as voorsitter in sy konsulentgemeente(s) op te tree wanneer daar 'n klag teen die predikant van die konsulentsgemeente gelê word.

37.6.3 Die vakante gemeente(s) betaal traktement en reiskoste aan die konsulent vir sy tydelike bediening.

37.6.4 Die ondervoorsitter van die kerkraad(e) van vakante gemeente(s) hou die konsulent op hoogte van sake wat die vakante gemeente betref, ten einde advies en leiding te ontvang.

37.6.5 Die konsulent het nie keurstem in die vergaderings van die kerkraad(e) van vakante gemeente(s) nie, en hy word ook nie by die kworum gereken nie.

Motivering by 37.6.1 - 37.6.5

Tans het die konsulent in die AP kerke geen bevoegdhede en geen take nie. Hulle hande is totaal afgekap om hulp te verleen waar hulle bemerk dat sake in vakante gemeentes skeefloop.

12. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO-ARTIKEL 46

12.1 Dit word art 47.

12.2 Die artikel word gewysig om soos volg te lees:

"Ooreenkomstig die opdrag van Christus, die Hoof van die gemeente, is sendingwerk in eerste instansie die roeping van elke lidmaat van die gemeente. Indien wyer belange van die sending dit vereis, kan naburige AP kerke (gemeentes) met mekaar skakel".

13. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN KO-ARTIKEL 47

13.1 Dit word art 48.

13.2 Die volgende klein wysigings word aangebring: "kerk" word elke keer voor "gemeente" ingevoeg en "gemeente" word telkens tussen hakies geplaas: "die plaaslike kerke (gemeentes)".

14. KO ARTIKELS 56 TOT 61

14.1 Die aanbeveling dat die numerering verander is net van toepassing indien die nuwe artikels goedgekeur is.

14.2 Aanbeveling van KKS

14.2.1 Art 56 word art 60.

14.2.1.1 Art 56.1 word art 60.1, gewysig om te lees: "Die kerke, plaaslik sowel as in verband, vind die grond van hulle bestaan nie in die wilsuiting van hulle lede nie, maar in die vrymagtige raadsbesluit en welbehae van die drieënige God, en is in bestaan en voortbestaan soewerein in eie kring".

14.2.1.2 Art 56.2 word 60.2 en die aanhef word gewysig om te lees: "Elke kerk as instituut ...".

14.2.1.3 Art 56.3 word 60.3, en word gewysig: "Kerk" word vervang met "kerke". en "sy onvervreembare reg" met "hulle onvervreembare reg".

14.2.1.4 Art 56.4 word 60.4 en word gewysig: "Kerk" word "kerke", en "sy" en "hy" word "hulle".

14.2.1.5 Art 56.5 word 60.5 en word gewysig: "moet dit deur die...".

14.2.2 KO art 57 word art 61.

14.2.2.1 In art 61 word "Die Kerk" telkens vervang met "Die kerke", en "sy medewerking" word "hulle medewerking".

14.2.3 KO art 58 word art 62 (62.1 en 62.2).

14,2,3,1 In art 62.1 word "Die Kerk" telkens vervang met "Die kerke", en "sy" telkens met "hulle".

14.2.3.2 In art 62.2 word "Die Kerk sal hom..." vervang met "Die kerke sal hulle...".

14.2.4 KO art 59 word art 63 (63.1 en 63.2).

14.2.4.1 In art 63.1 en 63.2 word "Kerk" telkens vervang met "kerke".

14.2.5 KO art 60 word art 64 (64.1 - 64.4.)

14.2.5.1 Art 64.1 word gewysig om te lees: "Die <u>kerke in kerkverband</u>... behou, veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan". Vervang verder "hom" met "hulle".

14.2.5.2 Art 64.2 word gewysig om so te lui: "Met kerke van Gereformeerde belydenis <u>binnelands en buitelands</u> word, sover <u>wenslik</u>, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen. <u>Immigrante van Gereformeerde belydenis</u> word <u>in die plaaslike kerke</u> met attestasie ontvang nadat die vereistes vir die KO met betrekking tot lidmaatskap nagekom is".

14.2.5.3 Art 64.3 bly onveranderd, behalwe dat "moontlik" gewysig word na <u>"wenslik"</u>.

14.2.5.4 Art 64.4 bly onveranderd.

14.2.6 Art 61 word art 65, ongewysig.

AFDELING E: ORDEREëLS

1. ORDEREëL 1

1.1 **BESKRYWINGSPUNT: PROF DR FAH VAN STADEN**

1.1.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die sinode skrap ordereël 1 van die Ordereëls vir Kerklike Vergaderings en ook alle woorde in ordereël 7 na die woord "kworum".

1.1.2 **Motivering deur insender**

1. Die Kerkorde maak geen voorsiening vir 'n sogenaamde "gemeentevergadering" nie en dit is suiwer in ooreenstemming met die Gereformeerde Kerkreg, vgl ook artikel 24.

2. Vir die uitvoering van artikels 10 en 22.1 word die gemeente opgeroep na 'n "kerkraadsvergadering", dus 'n oop of. publieke kerkraadsvergadering. Dit is en bly 'n kerkraadsvergadering. Die aanwesigheid van gemeentelede omskep dit nie in 'n sogenaamde "gemeentevergadering" nie.

3. Aangesien dit 'n kerkraadsvergadering is, bepaal net die kerkraadslede die kworum en NIE die getal aanwesige lidmate nie.

4. Ordereëls 1 en 7 vanaf die woorde "uitsonderd" tot "uitmaak" reël 'n nie-bestaande vergadering en 'n kworum wat nie bestaan nie. Vir die uitvoering van artikels 10 en 22.1 word geen kworum ten opsigte van die aanwesige gemeentelede vereis nie, vgl ook bep 33.5.

5. Hierdie irrelevante ordereëls skep net onnodige verwarring by kerkrade en ander gemeentelede.

1.1.3 **Aanbeveling**

Die sinode keur die beskrywingspunt goed.

1.2 **Die volgende aanbeveling is egter ook deur die kommissie goedgekeur:**

1.2.1 **Reël 1 het as opskrif: STEMREG".**

1.2.2 Die bewoording word gewysig om so te lui: "Op 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente tot deelname opgeroep is vir die verkiesing van kerkraadslede of die beroeping van 'n leraar, het slegs belydende lidmate van die betrokke gemeente, wat nie onder sensuur is nie, keurstem.

2. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN ORDEREëLS 2 TOT 28

2.1 Reël 2 tot 5 bly onveranderd, onder die een opskrif:

"GESLOTE EN OOP VERGADERINGS".

2.2 Reël 6 kry die opskrif: "AFWESIGHEID BY VERGADERINGS".

2.2.1 Die bewoording verander om soos volg te lees:

"Van 'n lid van 'n vergadering word verwag om die vergadering by te woon. Van 'n kerkraadslid wat onvermydelik afwesig moet wees, word verwag om vooraf, met opgaaf van rede(s), by die skriba of 'n lid van die vergadering verskoning te maak" - (die woorde "behalwe 'n lid van 'n 'gemeentevergadering'" is dus geskrap).

2.3 Reël 8 word reël 7 omdat dit met afwesigheid te doen het: "Geen lid mag 'n vergadering sonder verlof van die vergadering verlaat nie".

2.4 Reël 7 word reël 8, onder die opskrif: "Kworum".

2.4.1 Die woorde "uitgesonderd... uitmaak" word geskrap.

2.5 Reël 9 kry die opskrif: "OPENING EN AFSLUITING".

2.6 Reël 10 se opskrif is "SAKELYS" en in die bewoording word "agenda" vervang met "sakelys".

2.7 Reël 11 bly onveranderd en lui soos volg:

"Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde in die volgorde wat hy die geskikste ag, en gee toeligting na goeddunke en wanneer hy daarom gevra word" - die drukfout in die 1989 KO by reël 11 moet slegs reggestel word.

2.8 Reël 12 se opskrif is "SPREEKBEURTE".

2.9 Ordereël 13

RING VAN NEWCASTLE

2.9.1 Beskrywingspunt i/s: Ordereël 13 (reg op repliek)

Voeg by Ordereël 13 die volgende by: "Elke persoon wat 'n amendement indien, het ook die reg op repliek".

2.9.2 **Motivering**

Geen.

2.9.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

2.9.4 **Motivering**

Die beskrywingspunt wil aan voorstellers van amendemente reg van repliek toeken. Wanneer die reg van repliek aan die orde kom, het 'n vergadering reeds sy kosbare tyd aan beredenering van die voorstel en amendemente gewy. Die vergadering verkeer dan in 'n stadium waar besluitneming moet plaasvind. Repliek is dan 'n laaste geleentheid, begryplikerwyse slegs aan die voorsteller toegeken, om argumente en bewerings wat tydens die beredenering gemaak is, te weerlê of te beaam. Die voorsteller is nie verplig om die reg uit te oefen nie; indien hy dit wel doen, moet hy hom beperk tot argumente en bewerings wat reeds gemaak is, anders is dit nie meer repliek nie.

2.10 **Reël 14 bly dieselfde.**

2.11 **Reël 15 kry as opskrif: "VOORSTELLE EN AMENDEMENTE", en word uitgebrei: "... wat die voorstel wysig maar nie tot niet maak nie. KYK OOK BESKRYWINGSPUNT BY PUNT 2.24.**

2.12 Ordereël 16

2.12.1 **RING VAN MEMEL**

2.12.1.1 Beskrywingspunt i/s: Ordereël 16 (Voorstel en amendemente)

Ou redaksie:

"'n Voorstel en amendemente moet..., met dien verstande dat indien 'n voorstel teruggetrek word, die eerste amendement in die plek van die voorstel tree".

Die Ring van Memel stel voor dat in die plek van die laaste sinsnede die volgende sal voorkom: "alle amendemente dan ook sal verval".

2.12.1.2 Motivering

'n Amendement beoog weglating/invoeging/vervanging van woorde, of verandering van woordorde in die voorstel. Dit beoog die wysiging, nooit die vervanging van 'n voorstel in taal of inhoud nie.

'n Amendement amendeer 'n voorstel op enkele punte en daarom is 'n korrekte amendement altyd van kleiner omvang en inhoud as die voorstel. Om hierdie rede is dit totaal onmoontlik vir 'n korrekte amendement om sonder meer die plek van 'n teruggetrekte voorstel in te neem. As 'n voorstel met die nodige toestemming teruggetrek word, dan verval al die amendemente omdat lg geen eie been het om op te staan nie.

Indien 'n voorsteller verlof vra om sy voorstel ten gunste van 'n amendement terug te trek, dan is hy (tensy 'n reglement van orde so iets toelaat), dadelik buite orde. Met so 'n versoek word gepoog om sy voorstel van die tafel te kry, om 'n amendement tot voorstel te verhef, om dus 'n gewysigde voorstel vanuit die vergadering te kry nadat baie tyd aan bveredenering van die oorspronklike voorstel gewy is, en om die oorblywende amendemente (tot die oorspronklike voorstel) nou amendemente vir die nuwe voorstel te maak.

So 'n versoek behoort nooit toegelaat te word nie, en waar dit wel beproef is, het 'n ongenoeglike tegniese warboel gewoonlik gevolg.

2.12.1.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt.

2.12.1.4 Motivering

Die beskrywingspunt wil verwarring voorkom. Dit wil voorkom of Ordereël 16 se reëling dat die eerste amendement in die plek van die voorstel tree, indien laasgenoemde met verlof van die vergadering teruggetrek word, wil verseker dat 'n belangrike saak se beredenering en besluit daaroor nie geblokkeer word nie. Hierdie moontlikheid word egter genoegsaam gedek deurdat teen die terugtrekking van die voorstel gestem kan word.

2.12.2. DS E FRIIS

2.12.2.1 Beskrywingspunt i/s: Ordereël 16

Die sinode word versoek om punt 16 van die ordereëls vir vergaderings so te wysig dat dit slegs vir meerdere vergaderings geld deur die woorde "meerdere vergaderings" in te voeg waar dit tuis hoort.

2.12.2.2 Aanbeveling van KKS

Reël 16 word gewysig om te lui: Op meerdere vergaderings moet voorstelle en amendemente skriftelik en gesekondeer ingedien word... dat indien 'n voorstel teruggetrek word, alle amendemente dan ook sal verval. 'n Nuwe voorstel kan dan desnoods ingedien word".

2.13 Ordereël 17

2.13.1 Aanbeveling

2.13.1.1 Reël 18 word reël 17, bewoording ongewysig.

2.13.1.2 Reël 17 word reël 18, met as opskrif: "ORDEDMOSIE", sonder wysiging in die bewoording behalwe om "aan die oordeel van die voorsitter gelaat" te wysig na "aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat".

2.13.2 'n Laat ingekome beskrywingspunt van die kerkraad van die APK Naboomspruit oor Ordereël 17 tesame met die verslag van die Tydelike Kommissie moet egter ook nog voor die Sinode dien - Kyk Bylae 1.

2.14 Reël 19 kry die opskrif "BESLUITE" en "meerderheid" word "meerderheidstem".

2.15 Reël 20 se opskrif is: "BUITE STEMMING.

2.16 Reël 21 se opskrif is: "STAKING VAN STEMME.

2.17 Reël 22 se opskrif is: "STEMMING".

2.18 Reël 23 se opskrif is: "ADVISEURS".

2.19 Reël 24 se opskrif is: "AANGETEKENING VAN TEENSTEM".

2.20 Reël 25 se opskrif is: "HERSIENING VAN BESLUIT (REVISIE)".

2.21 Reël 26 bly onveranderd.

2.22 Reël 27 se opskrif is: "PERMANENTE EN TYDELIKE KOMMISSIES".

2.23 Reël 28 se opskrif is: "NOTULES".

3. ORDEREëLS 15 EN 16

Beskrywingspunt as voorstedl voor die sinode: Dr MFM Pretorius

3.1 Inhoud van die beskrywingspunt

Die Sinode besluit dat 'n beskrywingspunt wat na die sinodale vergadering gestuur word, die voorstel voor die vergadering sal wsees. Die betrokke permanente sinodale kommissie se aanbeveling oor die beskrywingspunt mag hoogstens 'n amendement op die voorstel (beskrywingspunt) wees.

3.2 **Insender se motivering**

3.2.1 Dit beteken dat die insender van 'n beskrywingspunt eers geleentheid sal kry om die voorstel toe te lig en nadat daar bespreking was, sal die insender weer reg op repliek hê voordat oor die beskrywingspunt gestem word.

3.2.2 Die insender van 'n beskrywingspunt word benadeel as die sinodale kommissie in werklikheid sy beskrywingspunt "oorneem" en die kommissie nie met die beskrywingspunt saamstem nie. Indien die voorstel deur die sinode aanvaar word sal die insender (of dit nou 'n lidmaat, kerkraad, ring of sinodale kommissie is) die volle geleentheid hê om sy saak voor die vergadering te stel. Op die oomblik is dit moontlik dat 'n goeie saak skipbreuk lei as beskrywingspunte deur sinodale kommissies "oorgeneem" word. Indien die sinodale kommissie se aanbeveling die aanname van die beskrywingspunt voorstel, moet dit aan die insender van die beskrywingspunt oorgelaat word om te besluit of die kommissie se aanbeveling die voorstel voor die vergadering mag wees. Dit gaan dus daaroor of hy sy eerste praat en repliek reg wil handhaaf en of hy dit aan die kommissie wil afstaan. Dit sal voorkom dat ons weer 'n sinodokrasie word en die reg van die individuele lidmaat of gemeente sal beter gehandhaaf word.

3.2.3 **KKS se kommenteer**

'n Voorstel en amendemente kan alleen as sodanig hanteer word deur 'n wettig gekonstitueerde vergadering. Daar moet aan die vereistes van ordereël 16 voldoen word. Die besluit wat soms geneem word, dat die aanbevelings van kommissies outomaties die voorstel van die vergadering is, moet ontmoedig word. 'n Beskrywingspunt is nog nie 'n voorstel nie, maar 'n ordelike weg om 'n saak ter tafel te kry en vooraf geleentheid te bied vir deeglike besinning. Verder moet in gedagte gehou word dat repliek nie beteken 'n nuwe beredenering met nuwe argumente en feite nie, maar 'n laaste geleentheid is tot weerlegging of beklemtoning van argumente en bewerings tydens die beredenering. Indien dit gebeur dat 'n aanbeveling van 'n kommissie die voorstel voor die vergadering word, moet aan die insender(s) van die beskrywingspunt, wanneer laasgenoemde as amendement voorgestel word, voldoende geleentheid gegee word vir beredenering.

3.2.4 **Aanbeveling**

Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

AFDELING E - BYLAE 1

AFDELING 1: BESKRYWINGSPUNT KERKRAAD VAN NABOOMSPRUIT - (LAAT INGEKOME STUK BY DIE SINODE VAN 1989)

1. Hierdie laat ingekome stuk van die kerkraad van Naboomspruit stel 'n wysiging voor van Ordereël 17. Die aanbeveling van die Tydelike KKS - 1989-Sinode, het nie aan die orde gekom nie.

2. INHOUD VAN DIE BESKRYWINGSPUNT

2.1 Daar word voorgestel dat Bepaling 17 van die Ordereëls vir Kerklike vergaderings, gewysig word deur die skrapping van die sin wat begin met die woorde

"Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter gelaat..."

2.2 MOTIVERING

2.2.1 Hierdie bepaling hoort nie in die Kerkreg van die APK nie, gedagtig aan die wyse van vrye spraak van lede, wat reeds eie van die APK is.

2.2.2 Die bepaling plaas die voorsitter van 'n vergadering in 'n diktatoriale posisie.

2.2.3 Die voorsitter van 'n kerkvergadering, hetsy 'n meerdere vergadering al dan nie, behoort hom tê laat lei deur die vergadering, wat uit die lede bestaan. Hy mag nie sy wil op die vergadering afdwing nie.

2.2.4 Die beslissing of 'n ordemosie gehandhaaf word al dan nie, behoort by die vergadering te berus. Die voorsitter se posisie is op daardie stadium van nul en gener waarde, behalwe in soverre hy 'n gewone stem het wat hy laat uitbring soos elke lid van die vergadering.

2.2.5 Die implikasie van die beswaar in (4) hierbo is inderdaad dat die voorsitter nie eens kommentaar mag lewer oor 'n ordemosie nie, weens dié gevaar van 'n onredelike beïnvloeding van die lede.

2.2.6 Daar is 'n inherente gevaar verskuil in hierdie onbeperkte magtiging wat aan 'n voorsitter verleen word om man alleen 'n mosie van die res van die vergadering te stuit, eenvoudig omdat die voorsitter se persoonlikeid só 'n belangrike rol kan speel dat dit 'n hele vergadering se wil kan dwarsboom.

2.2.7 Die vrese om 'n persoon weens 'n enkele persoonlike tekortkoming as voorsitter aan te stel word, deur hierdie voorgestelde wysiging die nek ingeslaan, sonder om afbreuk te doen aan die ander bepalings wat steeds die ordelike gang van 'n vergadering kan verseker.

3. AANBEVELING VAN DIE TYDELIKE KKS

Die Sinode besluit dat die laaste sin van ordereël 17 gewysig word om te lees:

"Dit word egter aan die oordeel van die vergadering oorgelaat om die mosie te weier as die vergadering van mening is dat die mosie aangewend word om 'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom".

4. BESLUIT VAN DIE KKS

Die beskrywingspunt in geheel en die aanbeveling van die Tydelike Kommissie (1989 Sinode) word onveranderd verwys na die Agenda vir die 1990 Sinode.

AFDELING F: BESKRYWINGSPUNTE WAT NIE VERANDERING VAN DIE KO EN BEPALINGS VEREIS NIE.

OPMERKING:

Vanaf punt 1 tot punt 39 is beskrywingspunte wat oorgestaan het uit die KKS-verslag van 1989. Daarná volg nuwe beskrywingspunte. Alle verwysings na die KO, tensy anders aangedui, is na die 1989-uitgawe. Die Kommissie het die verwysings wat in beskrywingspunte na die 1987- of na die 1988-KO gemaak is, waar moontlik, almal gewysig om na die 1989-KO te verwys.

1. PROF DR FAH VAN STADEN

1.1 Beskrywingspunte i/s: Bepalings betreffende werknemers van permanente sinodale kommissies

Die sinode besluit in beginsel:

1.1.1 dat geen lid van die sinode (gemeentelike afgevaardigde), wat in diens van die Kuratorium is, of in diens van die Sentrale Kerkekommissie of in diens van enige ander kommissie van die sinode, hetsy hy 'n salaris of 'n honorarium as vergoeding ontvang of gratis die diens lewer, deur die sinode as lid van die Kuratorium in wie se diens hy is; as lid van die Sentrale Kerkekommissie in wie se diens hy is; of as lid van enige ander sinodale kommissie in wie se diens hy mag staan, verkies mag word nie;

1.1.2 dat geen persoon, wat in diens van die Kuratorium is, soos onder punt 1 gestel, deur die Kuratorium as lid met keurstem gekoöpteer mag word nie; dat geen persoon, wat in diens van die Sentrale Kerkekommissie is, soos onder punt 1 gestel, deur die Sentrale Kerkekommissie as lid met keurstem gekoöpteer mag word nie; en dat geen persoon, wat in diens van enige ander sinodale kommissie is, soos onder punt 1 gestel, deur 'n dusdanige sinodale kommissie as lid met keurstem gekoöpteer mag word nie;

1.1.3 dat die Kuratorium, die Sentrale Kerkekommissie of enige ander sinodale kommissie enige persoon in sy diens, soos onder punt 1 gestel, as skriba mag kies, met dien verstande dat die persoon nie deur sy verkiesing tot skriba keurstem ontvang nie.

1.2 Motivering

Geen.

1.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode aanvaar die beskrywingspunt met die

volgende voorbehoude:

1.3.1 dat reël van punt 1 nl "dat geen lid van die sinode (gemeentelike afgevaardigde)" verander word na: "dat geen persoon wat as werknemer in diens is...";

1.3.2 dat "as skriba mag kies" in punt 3 verander word na "tot skriba mag verkies";

1.3.3 dat in punt 4 bygevoeg word: "dat wanneer 'n lid van enige permanente kommissie later deur 'n permanente kommissie as werknemer aangestel word, dieselfde beginsels as in 1.1.1 - 1.1.3 hierbo gestel, onmiddellik van krag is".

1.4 Motivering

Die onderliggende beginsel is dat daar, volgens die gemenereg, geen botsing van pligte en regte mag wees nie. 'n Werknemer kan dus nie in die liggaam dien wat ook oor hom toesig moet hou nie.

2. **RING VAN DERBY**

2.1 <u>Beskrywingspunt i/s: Verandering van die term "tug".</u>

Die ring versoek die sinode om vanweë die misverstand wat daar reeds by lidmate omtrent die term "tug" bestaan, 'n ander term te formuleer sonder dat die oorspronklike bedoeling en inhoud van die term "tug" verlore gaan.

2.2 Motivering

Geen.

2.3 <u>Aanbeveling van KKS</u>

Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

2.4 Motivering

Die term "tug" is ontleen aan die Oud-Nederlandse woord TICHEN = trek, optrek, ophelp of reghelp. Tug het die geykte woord in Gereformeerde kringe geword ondanks ander terme wat gebruik is soos: kerklike dissipline, sensuur, geestelike regspraak en kerklike vermaning. Misverstand by lidmate behoort eerder <u>reggestel</u> te word deur die betekenis van artikels 49 tot 55 van die Kerkorde onder hulle aandag te bring.

3. **RING VAN MEMEL**

3.1 Beskrywingspunt i/s: Godsdienstige handelinge tydens sinodesitting

Die Ring van Memel stel voor:

1. Skriflesing, gebed en sang by sowel die opening as sluiting van die sinode.

2. Elke oggend Skriflesing, gebed en sang.

3. Sang wanneer geleentheid hom voordoen.

4. 'n Toespraak by die opening deur 'n lid wat deur die SKK aangewys word.

5. 'n Broederlike bespreking oor die onderwerp, wat saamhang met die werksaamhede van die kerk.

6. Die bediening van Nagmaal die laaste aand voor die sinode verdaag.

3.2 Motivering

Alhoewel hierdie handelinge by die vorige 2 sinodesittings gegeld het, oordeel die ring van Memel dat dit in die Kerkorde opgeteken behoort te word.

3.3 Aanbeveling van KKS

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

3.4 Motivering

Artikel 26 maak reeds voorsiening vir die gebruiklike opening en sluiting van kerkvergaderings. Verder moet in gedagte gehou word dat die sinode 'n vergadering is wat 'n agenda moet afhandel. Elke kerkvergadering kan self besluit oor 'n rede deur die uittredende voorsitter, sanggeleenthede en 'n broederlike onderhoud. Of dit wenslik is om alle sinodesittings so te bind deur dit verpligtend vir alle vergaderings te maak, is 'n ernstige vraag. Sodanige reëling, indien so besluit, sal òf onder die Bepalings tuisgebring moet word òf deur 'n sinodebesluit gehandhaaf kan word, wat nie noodwendig 'n aanvulling van die Kerkorde en Bepalings vereis nie. Die vereistes vir sakramentsbediening moet gehandhaaf word soos vereis deur artikels 41 en 42 van die Kerkorde. 'n Kerkvergadering is nie 'n erediens nie en hoogstens kan 'n plaaslike gemeente onder leiding van die kerkraad lede van 'n sinode uitnooi na so 'n geleentheid.

4. AP KERK VILLIERS

4.1 Beskrywingspunt i/s: Besluite van kerkraad en "gemeentevergadering"

Dat sinode dit vir ons duidelik sal uitspel watter besluite weeg die swaarste of is bindend: die van die gemeentevergadering of van die kerkraad, omdat daar baie onduidelikheid oor hierdie saak is.

4.2 Motivering

Geen.

4.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode oordeel dat hierdie beskrywingspunt om 'n interpretasie van die Kerkorde vra en besluit soos volg:

4.3.1 Die grondliggende Skrifbeginsel is dat Christus sy kerk direk regeer deur die ampte wat Hy daarvoor verorden het. Volgens die Kerkorde van die APK bestaan daar nie 'n gemeentevergadering wat selfstandig kan handel nie, behalwe volgens artikel 24 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente vir deelname opgeroep kan word kragtens artikels 10 en 22.1. Besluite wat op sodanige wettig saamgestelde vergaderings geneem word, is bindend. Teenstrydigheid tussen besluite van 'n gewone kerkraadsvergadering en 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente vir deelname opgeroep is, behoort nie te bestaan nie omdat die kerkraad met homself in stryd sou tree. In geval van besware teen besluite van kerkraadsvergaderings moet volgens artikels 30 of 55.5 van die Kerkorde gehandel word.

4.3.2 Die kerkraad van die APK Villiers word aangeraai om die Kommissie vir Kerkregtelike Sake te nader vir advies oor onduidelikhede wat nog mag bestaan.

5. RING VAN HEILBRON

5.1 Beskrywingspunt i/s: Status en outonomie van plaaslike kerkraad

Die ring versoek die sinode om hom uit te spreek oor die status en outonomie van die kplaaslike kerkraad, spesifiek met betrekking tot die plaaslike gemeente. (Gevaar: dat die stert die hond swaai!).

5.2 Motivering

Geen.

5.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie. Die ring word verwys na punt 4.3 hierbo en na punt 5.4 hieronder.

5.4 Motivering

Die Skrifbeginsel dat Christus sy kerk direk regeer deur die ampte wat Hy daarvoor verorden het, het neerslag gevind in die Kerkorde van die APK, onder meer artikels 10, 11, 22, 30 en 32. Die stemreg van ander belydende lidmate word beperk deur artikels 10 en 22.1 en deur bep 33.5. Daar bestaan slegs een regeerliggaam wat bindende besluite op plaaslike gemeentevlak kan neem, naamlik die plaaslike kerkraad (vgl ook Nederlandse Geloofbelydenis artikel 30). Die Kerkorde bepaal duidelik die status van die plaaslike kerkraad.

6. DS JA DU PLESSIS / OUDL JG KRUGER

6.1 Beskrywingspunt i/s: Suiwering van terminologie

Die sinode besluit dat die APK se kerklike terminologie gesuiwer word van begrippe wat vreemd is aan Skrif, belydenis en Kerkorde, byvoorbeeld saakgelastigde, portefeuljes, aksies en andere. (Terminologie in die Kerkorde moet ook reggestel word, bv kategese, sondagskool).

6.2 Motivering

Die APK is 'n kerkverband met 'n uitgesproke Gereformeerde karakter en daarom moet ons terugbeweeg na suiwer Gereformeerde terminologie soos deur die eeue geyk en gebruik.

6.3 Aanbeveling van KKS

6.3.1 Die sinode doen 'n algemene oproep dat gehou sal word by terme soos dit verskyn in die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls.

6.3.2 Die sinode versoek die voorsteller en sekondant om spesifieke voorbeelde te identifiseer vir aandag van die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme.

6.4 Motivering

Kerklike terminologie omvat 'n groot verskeidenheid begrippe. Die beskrywingspunt impliseer 'n ondersoek na welke begrippe aan die vereistes van Skrif en Belydenis beantwoord. In Gereformeerde kerke wêreldwyd is daar verskeie begrippe in gebruik, terwyl ander reeds in onbruik verval het, byvoorbeeld praeses en assessor. Die AP kerke

het reeds sekere begrippe eiesoortig aangepas, bv. "Verbondsonderrig". Dis ook 'n vereiste dat kerklike terminologie duidelik verstaanbaar sal wees vir die lidmate wat dit gebruik. Spesifieke kerklike terme waarteen daar beswaar is, behoort by wyse van 'n voorstel, met alternatiewe terme, voor die sinode te dien.

7. RING VAN MIDDELBURG

7.1 Beskrywingspunt i/s: Oefenaar as huweliksbevestiger

Dat 'n oefenaar die reg sal hê om as huweliksbevestiger op te tree waar hy in gemeenteverband werksaam is.

7.2 Motivering

Ons het begrip vir die feit dat sakramente nie bedien kan word nie. Die amp van huweliksbevestiger is egtger 'n bekragtiging wsat deur die staat gedoen word. Dit is ook 'n feit dat sektepredikers, leke, landdroste, ens., huwelike bevestig. As gevolg van die vertrouensverhouding wat tussen 'n oefenaar en sy gemeente ontstaan, wil ons dat liewer lhy as die landdros die huwelik bevestig.

7.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode handhaaf die praktyk dat alleen leraars met volle status amptelik vir registrasie as huweliksbevestigers aanbeveel word.

7.4 Motivering

Die status van 'n oefenaar in die APK is die van 'n teologiese student, aan wie, deur die amp van ouderling, sekere vergunnings verleen is met betrekking tot diens in die gemeente. Die bestaande praktyk is dat alleen leraars met volle status aanbeveel word vir registrasie as huweliksbevestigers.

8. RINGE VAN BLOEMFONTEIN, GRANIET, ROODEPOORT, DENDRON EN NELSPRUIT ASOOK KERKRAAD VAN AP KERK RANDFONTEIN

8.1 Beskrywingspunte i/s: Bedieningstermyn van predikante en kostes

8.1.1 Ring van Bloemfontein

Die sinode besluit dat 'n leraar ten minste drie jaar in 'n gemeente moet arbei voordat hy weer beroepbaar is.

Motivering

Geen.

8.1.2 **Ring van Graniet**

Die sinode besluit om die Kerkorde sodanig te wysig dat predikante vir ten minste drie jaar in 'n gemeente werksaam moet wees voordat 'n beroep na 'n ander gemeente aanvaar kan word.

Motivering

Dit is die oortuiging van die ring van Graniet dat die reaksie in die APK geweldig ver strek nadat 'n predikant 'n beroep aanvaar het. Dit lei tot 'n kettingreaksie binne die APK en kan ook lei tot die vertroebeling van gesindhede tussen die gemeentes wat betrokke sou wees by die verloor en by die verkry van 'n leraar. Die saak sou kon verander indien die predikant verplig was om vir ten minste drie jaar te bly, want dan sou die gemeente meer gevestig kon raak.

8.1.3 **AP kerk Randfontein**

Die kerkraad wil voorstel dat leraars van die Afrikaanse Protestantse Kerk vir ten minste drie jaar in 'n gemeente of kombinasie van gemeentes sal diens doen.

Motivering

Gemeentes is almal jonk en is besig om gemeente te bou, om strukture en administrasie waarby finansies ingesluit is, te bou en het daarvoor die leiding van die leraars nodig vir gemeentes om te groei: ook op die geestelike akker is so 'n reëling essensieel.

8.1.4 **Ring van Roodepoort (vir lidmaat RJ Keulder)**

Die sinode besluit dat 'n bepaling bygevoeg word tot artikel 10 van die Kerkorde wat soos volg lui:

Dat 'n leraar wat reeds 'n AP kerk (gemeente) bedien, slegs beroepbaar sal wees na 'n bedieningstydperk van 2 jaar in die gemeente.

Motivering

Dit sal 'n kleiner gemeente swaar tref indien hulle leraar beroep word deur 'n finansieel sterker gemeente voordat twee jaar van sy bediening in die swakker gemeente verstryk het. Ek glo dat dit die Here se beskikking is dat 'n predikant 'n beroep na 'n bepaalde gemeente aanneem en dat dit dus nie Sy wil is dat die leraar al weer in 'n kort tydperk die gemeente wat

hom nodig het, moet verlaat om 'm meer welaf gemeente te gaan bedien nie.

8.1.5 **Ring van Dendron**

Die sinode besluit om 'n wenslike minimum verblyftyd van predikante in 'n gemeente aan te dui.

Motivering

By artikels 10 - 13 van die Kerkorde word nêrens van so 'n tydperk melding gemaak alvorens 'n predikant beroepbaar is nie. Met die tot nog toe tekort aan leraars het een leraar in die ring bv binne 9 maande 5 beroepe ontvang. Daar mag verskuiwings van predikante plaasvind na 'n aantal maande of 'n jaar se bediening in 'n gemeente wat sowel verhoogde vervoerkoste vir gemeentes meebring asook konstruktiewe bediening in 'n gemeente benadeel. Ons kan geeneen hiervan bekostig nie.

8.1.6 **Ring van Nelspruit**

Die ring beveel aan dat wanneer leraars beroep word binne 'n tydperk van twee jaar nadat 'n beroep aanvaar is, moet die gemeente verhuisingskostes pro-rata deel; verder dat die beroepende gemeente die volle koste dra indien beroep binne een jaar aanvaar word.

Motivering

Geen.

8.2 <u>Aanbeveling van KKS</u>

Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunte onder punt 8 nie, maar volstaan met die inhoud van bepaling 11.5 van die KO.

8.3 **Motivering van die KKS**

Bepaling 11.5 van die Kerkorde en Bepalings lui: "Alvorens 'n predikant 'n beroep aanvaar, raadpleeg hy sy kerkraad". Die bedoeling van die bepaling is dat 'n leraar nie eensydig 'n beroep kan aanvaar nie, maar eers met sy kerkraad daaroor in gesprek moet gaan. Die belangrike gedagte hier is dat die leraar ook sal vra na die leiding van die Heilige Gees deur raadpleging met sy kerkraad. Deur 'n minimum tydperk in die Kerkorde en bepalings neer te lê, word 'n rigiede standpunt gereël. Die toepassing van bepaling 11.5 behoort ten minste sommige van die probleme aan te spreek. Die praktiese implikasie van 'n beperkende bepaling is dat 'n groot aantal vakante gemeentes tans nie 'n beroep sal kan uitbring nie.

9. RING VAN MEMEL

9.1 Beskrywingspunt i/s: Beroepstelsel

(Dat bestaande KO) artikel 10 soos volg gewysig moet word:

9.1.1 Ten tye van 'n vakature moet die hele gemeente opgeroep word tot gebed waarin die leiding van die Heilige Gees in ootmoed, oorgawe en opregtheid gesoek word in die voorsiening van 'n leraar.

9.1.2 Die kerkraad vra in die amptelike blad van die APK aansoeke vir die betrokke vakature sonder dat die diensvoorwaardes bekend gestel word.

9.1.3 'n Groslys bestaande uit al die aansoeke (asook nominasies uit die vergadering) word aan die gemeente voorgelê.

9.1.4 Die verkiesing geskied met geslote stembrief en met volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes uit die groslys soos in 9.1.3.

9.1.5 Geen propaganda mag ten gunste van 'n aansoeker gemaak word nie, dog inligting met betrekking tot kwalifikasies, ervaring en belangstellingsvelde kan aan die stemgeregtigdes beskikbaar gestel word.

9.1.6 Word behou soos in Bepaling 10.5 op bl 7 van die kerkorde.

9.2 Motivering

Met hierdie stelsel van beroeping stel die gemeente homself in diepe verootmoediging, oorgawe en opregtheid onder die leiding van die Heilige Gees om te voorsien in die behoefte van die gemeente.

In die tweede plek kry al die leraars van die kerk die geleentheid om aansoek te doen vir 'n vakature. Dit is van die uiterste belang dat so 'n leraar, alvorens hy aansoek doen vir die vakante leraarspos, hom ten volle onder die leiding van die Heilige Gees sal stel.

By die huidige beroepstelsel is daar geensins 'n bekendstelling met betrekking tot kwalifikasies en ander belangstellingsvelde van leraars nie, en dit lei dikwels daartoe dat met agteraf propaganda ten gunste van 'n bekende leraar, die onbekendes uitgeskakel word. Inligting wat deur die leraars in hulle aansoeke voorsien word, kan 'n heilsame uitwerking hê deurdat dit getoets kan word aan die behoeftes van die gemeente. So 'n bekendstelling van kandidate moet steeds in toewyding aan en in verootmoediging voor die Here geskied.

Hierdie stelsel skakel ook die moontlikheid uit dat sommige leraars nooit beroep word nie, maar vergete bly en leraars nooit beroep word nie, maar vergete bly en gevolglik in die groef van belangeloosheid verval. Deur aansoek te doen vir 'n vakature, dien tot 'n positiewe motivering en nuwe werkywer. Die huidige stelsel werk in die hand dat talentvolle predikante uiters gesog is en oorval word deur beroepe wat daartoe kan lei dat die behoeftes van die gemeente uit die oog verloor word, en die begaafdhede van 'n persoon voorop gestel word.

9.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode verwys die beskrywingspunt na die KKS vir besinning en verslag aan die eersvolgende sinode.

9.4 Motivering

Die beskrywingspunt impliseer ingrypende veranderings in die bestaande beroepstelsel. Vir sinvolle oorweging daarvan is deeglike ondersoek en besinning oor die implikasies en wenslikheid van die voorstelle nodig.

10. RING VAN NEWCASTLE

10.1 Beskrywingspunt i/s: Alternatiewe beroepstelsel

Die ring van Newcastle versoek die sinode om die beroepstelsel te ondersoek en alternatiewe te oorweeg. Plaaslike gemeentes van die APK moet geraadpleeg word wanneer leraars van die omgewing wil oorkom na die APK.

10.2 Motivering

Geen.

10.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode verwys die beskrywingspunt na die KKS vir besinning en verslag aan die eersvolgende sinode.

10.4 Motivering

Behalwe die raadpleging van plaaslike gemeentes van die APK wanneer leraars na die APK wil oorkom, word geen verdere motivering vermeld nie.

11. DR MFM PRETORIUS

11.1 Beskrywingspunt i/s: Tentmakersbediening

Die sinode word versoek om die Kerkorde art 16 so te wysig dat 'n leraar nie sy status verloor

indien hy saam met sy predikantswerk ook nog 'n ander (deeltydse) beroep beoefen nie, dws die kerk keur die tentmakersbediening goed.

11.2 Motivering

11.2.1 Dit is reeds praktyk in ons kerke met leraars wat 'n ander inkomste het en leraars met beperkte opdrag is.

11.2.2 Die groot tekort aan leraars roep om so 'n maatreël.

11.2.3 Daar is 'n groot aantal klein gemeentes wat nie 'n volle predikantspos kan dra nie.

11.2.4 Die feit dat daar voltydse leraars is, laat lidmate neig om onaktief, passief en selfs onmondig te word.

11.2.5 Tentmakersbediening word nêrens in die Bybel afgewys nie.

11.3 Aanbeveling van die KKS

11.3.1 Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

11.3.2 Die sinode versoek die KKS om na raadpleging met die Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme by die volgende sinode verslag te lewer oor die prinsipe van en die vereistes vir 'n moontlike deeltydse Woordbediening in die APK as tydelike maatreël.

11.4 Motivering

11.4.1 Met tentmakersbediening word bedoel dat 'n leraar met volle status in sy gemeente aanbly maar toegelaat word om nie-kerklike werk te verrig met die oog op 'n bykomstige inkomste. Die posisie kan dus wees dat hy of deeltydse diens in 'n gemeente verrig of deeltyds in 'n ander betrekking nie-kerklike werk verrig, in albei gevalle met behoud van status in die betrokke gemeente.

11.4.2 Skrifgegewens dui oorwegend op die leraarsamp as 'n voltydse diens. Slegs in die geval van Paulus (Hand 18:3, 1 Kor 4:12, 1 Tess 2:9 en 2 Tess 3:8) blyk 'n ander moontlikheid onder bepaalde omstandighede, naamlik dat Paulus ook sy ambag as tentmaker benut het ten einde die finansiële verpligting van gemeentes te verlig. Maar ook by Paulus swaai die skaal na die kant van die voltydse kerklike diens in sy voorskrif bv aan Timotheus (2 Tim 4:1-5).

11.4.3 Gereformeerde Kerkordes handhaaf ook oorwegend die leraarsamp as voltydse amp. So ook (ou) artikel 14 van die Kerkorde van die APK. Dit wil voorkom asof die Nederduitsch Hervormde Kerk voorsiening

maak vir 'n bykomstige inkomste deur in 'n bepaling van die Kerkwet en bepalings die volgende te sê: "'n Predikant wat 'n werk wil aanvaar waaraan besoldiging verbonde is, verkry die toestemming van die kerkraad en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daarvoor".

11.4.4 Die volgende faktore vereis verdere en deeglike besinning met die oog op 'n moontlike tentmakers-bediening, nl.: die beroepsbrief of kontraktuele ooreenkoms tussen die leraar en die kerkraad; welke kerklike werk as van essensiële aard beskou word en die tyd daarvoor vereis; die beskikbaarheid van die leraar vir dringende pastorale werk; en die moontlik nadelige uitwerking ten opsigte van die opbou van die gemeente. Verder is van belang of dit as permanente reëling (deur die Kerkorde) of as tydelike maatreël moet geld, bv in die geval van leraars met beperkte opdrag, soos tans in praktyk in die APK.

11.4.5 Die behoeftes in die beskrywingspunt geïdentifiseer, nl tekort aan leraars, groot aantal klein gemeentes en neiging tot passiwiteit by lidmate, kan ook vertolk word as 'n roepe na meer voltydse leraars wat onverdeeld hulle aandag aan kerklike werk kan gee.

12. **KERKRAAD VAN AP KERK POTCHEFSTROOM**

12.1 <u>Beskrywingspunt i/s: Lidmaatskap en attestasie</u>

Die kerkraad versoek die sinode om in belang van die kerke, in hulle gemeenskaplike belang tot heil van die kerke en tot eer van die Here, bepaling 3.7 van die Kerkorde uit te brei om die volgende orde te skep in verband met lidmaatskap:

12.1.1 Lidmaatskap is <u>altyd</u> verbonde aan die plaaslike kerk.

12.1.2 Lidmaatskap van studente moet opgeklaar word (moontlik, en verkieslik, waar hulle studeer vir die duur van die studie).

12.1.3 Diensplig tige moet voorsien word van 'n reisattestaat wat so opgestel kan word dat dit agter in die Bybel of Gesangeboek ingeplak kan word en wat geldig is vir nie langer as die twee jaar van diensplig nie.

12.1.4 Lidmate wat vir korter of langer periodes weg van hul huis af werk, en tussenin vaste verblyf het, ontvang 'n reisattestaat wat verkieslik elke ses maande hernu moet word, indien nodig.

12.2. **Motivering**

Geen.

12.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode beskou die saak as afgehandel - vergelyk bep 3.2-3.9 en art 4 KO.

13. **RING VAN MEMEL**

13.1 Beskrywingspunt i/s: Benoeming van sinodale kommissies

'n Nuwe bepaling word bygevoeg, nl.:
"Die sinode benoem lede vir die verskillende kommissies van die sinode".

13.2 **Motivering**

Dit is 'n baie belangrike taak, en by die vorige sinode was daar 'n Kommissie vir Kommissies wat aanbevelings gemaak het. Dit is net een van die normale take wat in 'n bepaling vasgelê word.

13.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode gee nie aan die beskrywingspunt gevolg nie.

13.4 **Motivering**

Die KKS beveel aan dat die Kommissie vir Kommissies tydens sinodes uit die voorsitters van die vorige Permanente Kommissies wat wel afgevaardig is, moet bestaan. As dié kommissie so saamgestel word, sal die kundiger broeders op die onderskeie terreine benoem word.

14. **RING VAN MOOT-SENTRAAL**

14.1 Beskrywingspunt i/s: Toelating tot die Nagmaal

Die sinode word versoek om die praktiese uitvoering van Bepaling 42.3 in die KO duidelik te spel.

14.2 **Motivering**

Daar is groot verwarring oor wie tot die Nagmaal toegelaat moet word, en die rol van die kerkraad wanneer dit kom by besoekers.

14.3 Aanbeveling van die KKS

Die sinode adviseer dat die ring van Moot-Sentraal die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake tydens die sinodesitting op hoogte stel van die probleme wat ondervind word, sodat die kommissie 'n aanbeveling aan die sinode kan doen.

14.4 **Motivering**

Dit is nie uit die beskrywingspunt duidelik wat die ring se probleme met die betrokke bepaling is nie.

15. **RING VAN LICHTENBURG**

15.1 Beskrywingspunt i/s: Kerkvisitasie

Die sinode beveel aan dat kerkrade jaarliks deur verteenwoordigers van 'n ringsgemeente se kerkraad besoek word en dat tydens die besoek 'n onderwerp (deur die ringsvergadering bepaal) behandel word. Die besoekende kerkraad doen skriftelik verslag by die eersvolgende ringsvergadering.

15.2 **Motivering**

Geen.

15.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode verwys hierdie saak na alle ringe om in 1991 daaroor te besin en betyds hulle bevindinge aan die KKS deur te gee. Die kommissie moet dan by die Sinode: 1991 'n aanbeveling doen.

16. **AP KERK WATERBERG**

16.1 Beskrywingspunt i/s: Visitasie vs gemeentelike verslagvorm

Die sinode besluit dat die gemeentelike verslagvorm voortaan nie die werk van die visitatore sal oorvleuel nie.

16.2 **Motivering**

16.2.1 Een van die werksaamhede van die ring is om kerkvisitasie te doen (KO, artikel 36.1, bep 36.7 stel dat "die ring besluit in verband met die wyse van kerkvisitasie".

16.2.2 Dit beteken dat die ring visitatore benoem, die kerke wat besoek moet word, aanwys, bepaal hoedanig die verslag moet wees, ens.

16.2.3 Die Dordtse Kerkorde het bepaal dat visitatore deeglike visitasie moet doen. Dit het sake soos vervat in ons huidige verslagvorm behels. Toe dit gebeur dat die gemeentes in SA klein en ver uitmekaar geleë is en dat die predikante min was, het die ring algaande op sy vergadering self die visitasie begin doen.

16.2.4 Dit kan dus goedskiks gereël word dat die ring intensiewe vrae, soos in ons verslagvorm vervat, aan visitatore oorlaat en dat laasgenoemde slegs

baie globaal aan die volgende ring rapporteer. Die ring kan daarbenewens een enkele aspek per jaar neem (bv prediking of evangelisasie, ens) en daaroor 'n intensiewe vraelys opstel.

16.2.5 Indien die werkwyse van 16.2.4 hierbo gevolg word, kan die visitatore plaaslik en terstond baie intensiewe aandag en hulp verleen waar nodig. Dan hoef probleme nie onnodig op die ringstafel te kom nie. Hulle kan opgelos word sonder dat dit aan die groot klok gehang word.

16.2.6 Indien ons met die huidige verslagvorm voortgaan, het dit seker nie veel sin om nog visitatore ook te benoem nie.

16.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode verwys hierdie saak na alle ringe om in 1991 daaroor te besin en dan hulle bevindinge betyds aan die KKS deur te gee. Die kommissie moet dan by die sinode van 1991 'n aanbeveling doen.

17. RING VAN NABOOMSPRUIT

17.1 Beskrywingspunt i/s: Bestemming van gemeentelike verslagvorm

Die sinode besluit dat die "gemeentelike verslagvorm aan die ring" nie ook aan die Sentrale Kerkekommissie deurgestuur word nie.

17.2 Motivering

Op bl 1 van die gemeentelike verslagvorm word gemeld dat 'n kopie na die Sentrale Kerkekommissie gestuur moet word. Dit is kerkregtelik verkeerd:

17.2.1 'n Meerdere vergadering behandel slegs sake wat nie deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie (vgl art 25.2).

Hierdie verslagvorm kan deur die ring afgehandel word. Dit mag wel nodig wees om die gegewens van bl 1 en 2 (adresse en statistieke) aan die kerkkantoor deur te stuur. Die res van die verslagvorm gaan slegs die ring aan.

17.2.2 In die presbiteriale kerkregeringstelsel is daar nie een landswye groot "kerk" waarvan die verskillende gemeentes takke is wat aan die "kerk" of "hoofkantoor" verslag moet lewer nie.

17.2.3 Elke plaaslike kerk (gemeente) is selfstandig, alhoewel nie onafhanklik nie. Deur die verslae na 'n permanente kommissie van 'n sinode deur te stuur, wek dit die indruk dat die kerkrade onmondig is en eintlik rekenskap aan 'n hoër gesag (anders as God) verskuldig is.

17.3 Aanbeveling van KKS

Die kommissie beveel aan dat die beginsel soos vervat in hierdie beskrywingspunt en motivering aanvaar word. Die Sentrale Kerkekommissie kan wel van elke gemeente adresse en statistiek aanvra. (Die saak het intussen tot sy reg gekom).

18. AP KERK MORGENZON

18.1 Beskrywingspunt i/s: Opdrag van leraar

Die ring versoek die sinode om die leraar se opdrag volledig in die KO te omskryf met betrekking tot die bevestiging van nuwe lidmate en kerkraadslede.

18.2 Aanbeveling van KKS

Daar word nie gevolg gegee nie.

19. RING VAN KLERKSDORP

19.1 Beskrywingspunt i/s: Bevoegdheid van vergadering waartoe die gemeente opgeroep is

Die ring van Klerksdorp versoek die sinode om hom duidelik uit te spreek oor die bevoegdheid van die kerkraadsvergadering waartoe die gemeente uitgenooi is ten opsigte van besluite wat deur die kerkraad geneem is. Veral besluite in verband met die aanwending van die gemeente se gelde lewer probleme.

19.2 Aanbeveling van KKS

Die ring word verwys na bepalings 10.1, 33.5 en arttikels 10 en 22.1 KO. Die gemeente het dus slegs mede-beslissende stem ten opsigte van die uitbring van 'n beroep op 'n predikant en ten opsigte van die verkiesing van ampsdraers. Oor alle ander sake beslis die kerkraad alleen. Die kerkraad kan oor sekere sake die gemeente se advies vra.

20. AP KERK BOSVELD

20.1 Beskrywingspunt i/s: Vergaderings SKK

Die sinode besluit dat die SKK maandeliks vergader en die dagbestuur slegs in uitsonderlike gevalle, sodat alle ringsgroepe oor die hele land deel kan hê in die besluitnemingsproses.

20.2 Motivering

Aangesien die SKK nie op 'n gereelde basis vergader nie, word die besluitneming deur die Dagbestuur gedoen, wat nie verteenwoordigend is

nie. Dit kan 'n ongesonde toestand skep waarin te veel bevoegdhede aan 'n paar persone gegee word.

20.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode verwys die kerkraad na die lasgewinge vir die SKK soos voorgelê aan die Sinode: 1990.

21. RING VAN NABOOMSPRUIT

21.1 Beskrywingspunt i/s: Herstel van status

Herstel van status van predikante: die sinode besluit dat gemeentes waar so 'n persoon laas gewoon het, in hierdie saak geken moet word.

21.2 Aanbeveling van KKS

Die ring word verwys na art 55.7.3.2 wat herstel in die amp reël.

22. RING VAN NABOOMSPRUIT

22.1 Beskrywingspunt i/s: Amptenare

Op die gemeentelike verslagvorm moet nie van "amptenare" (predikant, ouderling en diaken) gepraat word nie, maar van "ampsdraers".

22.1 Aanbeveling van KKS

Kennis word geneem (die saak is intussen reggestel).

23. RING VAN NABOOMSPRUIT

23.1 Beskrywingspunt i/s: Gemeentelike verslagvorm

Daar word nie deur middel van die gemeentelike verslagvorm aan die "kerk" verslag gelewer nie, maar aan die ring.

23.2 Aanbeveling van KKS

Kennis word geneem (die saak is reeds reggestel).

24. AP KERK SUIDKUS

24.1 Beskrywingspunt i/s: Goedkeuring van ringsverslae

Die sinode besluit dat ringsverslae deur 'n gemeentevergadering goedgekeur moet word.

24.2 Aanbeveling van KKS

Die kerkraad is verantwoordelik vir die verslag. Die kerkraad kan die verslag vir kennisname en/of advies in sy geheel of gedeeltelik aan die gemeente voorlê, indien die kerkraad dit verkies.

25. RING VAN MOOT-SENTRAAL

25.1 Beskrywingspunt i/s: Besluit teen KO, ens, te goeder trou geneem

Die sinode besluit dat:

Indien daar tot en met hierdie sitting van die sinode deur kerkrade van ons kerk so opgetree is dat dit beskou kan word as 'n oortreding van die Kerkorde of ander verordeninge van die kerk, en indien dit gevind word dat sulke optredes te goeder trou begaan is, dan sal sulke optredes nie aangevoer kan word as rede waarom besluite van kerkrade, ringe of die sinode onwettig beskou moet word nie.

25.2 Aanbeveling van KKS

Nie aanvaar nie. Sodanige besluite in goeder trou geneem, moet òf herroep word òf daar moet by die betrokke meerdere vergadering gevra word vir kondonering.

26. RING VAN MOOT-SENTRAAL

26.1 Beskrywingspunt i/s: Jaarlikse wisseling van voorsitters e.a.

Die sinode besluit:

Die Afrikaanse Protestantse Kerk moet daarop ingestel wees om nie rondom persone gebou te word nie. Gemeentes moet dus daarop ingestel word om figure soos hoofouderling en hoofdiaken en ander voorsitters jaarliks te laat verwissel.

26.2 Motivering

Die kerk is nie op mense gebou nie.

26.3 Aanbeveling van KKS

Daar mag geen hiërargie in die kerk van Jesus Christus wees nie. As dit in 'n kerkraad of ring na vore begin tree, moet die kerkraad en ring self die saak regstel.

Die sinode kan egter nie hieroor voorskriftelik wees nie. Bep 36.9 in die KO is wel 'n maatreël om hiërargie in die ring te probeer voorkom. Dit mag egter in gevalle noodsaaklik wees dat 'n persoon as voorsitter van die kerkraad of diakonie of 'n kommissie herkies word weens sy kundigheid. As dit egter nie noodsaaklik is nie, is dit 'n gesonde praktyk om te verwissel.

Die benaminge "leierouderling' en "leierdiaken" soos in die praktyk aangetref, is eintlik nie

ooreenkomstig art 6 van die KO verantwoordbaar nie. Dit is suiwerder om van die "voorsitter" van die kerkraad, die voorsitter van die ouderlingevergadering en van die "voorsitter" van die diakonie te praat.

27. AP KERK WATERBERG

27.1 Beskrywingspunt i/s: Wyse waarop beskrywingspunte op tafel van meerdere vergaderings kan kom

Die sinode besluit dat:

27.1.1 beskrywingspunte voortaan alleen op die volgende wyse op die tafel van 'n sinode mag kom:

27.1.1.1 Wanneer 'n individu (predikant, ouderling, diaken, lidmaat) 'n beskrywingspunt op 'n sinode wil laat dien, wend hy hom tot sy kerkraad wat sy gesekondeerde beskrywingspunt kan aanvaar en gewysigd of ongewysigd na die eersvolgende ring deurstuur met die versoek om dit as beskrywingspunt voor die eersvolgende sinode te lê. Indien die ring die beskrywingspunt ook aanvaar, stuur hy dit gewysigd of ongewysigd na die sinode deur. Sodanige suksesvolle beskrywingspunt word dan dié van die kerkraad en eventueel van die ring.

27.1.1.2 Indien 'n kerkraad of ring 'n voorgestelde beskrywingspunt nie aanvaar nie, kan die opsteller van die gesekondeerde beskrywingspunt sy beskrywingspunt laat vaar, of trapsgewys teen daardie besluit (nl om die beskrywingspunt nie te aanvaar nie) appèl aanteken tot by die sinode. Op hierdie wyse kom die beskrywingspunt dan wel op die sinode. Die opsteller sal dan 'n appèl volgens die voorgeskrewe appèlvereistes moet indien.

27.1.1.3 Indien die kerkraad 'n beskrywingspunt gewysigd na die ring wil deurstuur, besluit die aanvanklike opsteller of hy die wysiging aanvaar. As hy dit nie aanvaar nie, kan hy teen die kerkraadsbesluit appelleer. Dieselfde geld vir 'n beskrywingspunt van die kerkraad by die ring.

27.1.1.4 'n Kerkraad kan besluit om 'n beskrywingspunt op te stel en via 'n ring na 'n sinode stuur. Dan geld dieselfde beginsel as punt 2 hierbo.

27.1.1.5 'n Ring kan self 'n eie beskrywingspunt oor sake wat by hom tuishoort, opstel en aan 'n sinode deurstuur.

27.1.1.6 Permanente kommissies van 'n sinode kan beskrywingspunte wat met hul kommissiewerk direk verband het, direk aan die volgende sinode voorlê.

27.1.2 Elke ring of sinode ten opsigte van elke beskrywingspunt oordeel of die regte prosedure gevolg is. Indien bevind word dat dit nie gedoen is nie, is die beskrywingspunt onontvanklik.

27.2 Motivering

27.2.1 Motivering ten opsigte van 27.1.1.1 hierbo:

27.2.1.1 Die kerkregtelike beginsel dat sake wat op 'n mindere vergadering afgehandel kan word, nie op 'n meerdere vergadering mag dien nie, word so gehandhaaf.

27.2.1.2 Op hierdie wyse word die insig van die persoon wat die beskrywingspunt aanvanklik opgestel het, deur sy kerkraad en 'n ring getoets en kan onnodige tydsverkwisting op die sinode uitgeskakel word.

27.2.1.3 Indien hierdie prosedure gevolg word, kan die saak deeglik nagevors en gewysig word voordat dit op die sinode dien.

27.2.2 Motivering ten opsigte van 27.1.1.2 hierbo:

27.2.2.1 'n Kerkraad en 'n ring sal 'n beskrywingspunt slegs om gewigtige redes nie aanvaar nie. Die opsteller sal hom dan opnuut behoorlik daarvan moet vergewis of sy beskrywingspunt van soveel kardinale belang is en werklik op beginsels gegrond is dat dit op 'n sinode moet dien.

27.2.2.2 'n Kerkraad en ring kan help voorkom dat sake wat reeds deur 'n vorige sinode gereël is, weer op die sinodetafel dien.

27.3 <u>Aanbeveling van KKS</u>

1. **Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt.**

2. **Hierdie beskrywingspunt word as 'n sinodebesluit volledig agter in die KO-boekie opgeneem.**

28. **RING VAN LICHTENBURG**

28.1 <u>Beskrywingspunt i/s: Beroepingstelsel</u>

Die ring versoek die sinode om die huidige beroepingstelsel vir leraars grondig te ondersoek, hom oor die beginsels daaromtrent te verantwoord as standpunte deur die APK onderskryf. Indien nodig, kan aanpassings gemaak word.

28.2 <u>Aanbeveling van KKS</u>

Die beskrywingspunt word na die te benoeme permanente KKS verwys.

29. **DS E FRIIS**

29.1 Beskrywingspunt i/s: Samestelling van die SKJK

Die sinode word versoek om in die Kerkorde die SKK se samestelling te bepaal.

29.2 Aanbeveling van KKS

Daar word nie gevolg gegee nie.

30. **DS E FRIIS**

30.1 Beskrywingspunt i/s: Erkenning van status

Die sinode spreek hom uit dat geen predikant of emeriti uit ander kerke se status erken word alvorens hul deur die eksaminatore en regskommissie gekeur is nie.

30.2 Aanbeveling van KKS

Daar word gevolg gegee, maar "eksaminatore en regskommissie" word vervang deur "SKK" of "Kuratorium" soos wat die Sinode: 1990 mag reël.

31. **DS E FRIIS**

31.1 Beskrywingspunt i/s: Keuring van predikante

Die sinode spreek hom uit oor die metode wat gevolg word in verband met die keuring van predikante.

31.2 Aanbeveling van KKS

Daar word nie gevolg gegee nie.

32. **DS E FRIIS**

32.1 Beskrywingspunt i/s: Kommissie van eksaminatore

Die sinode benoem 'n kommissie van eksaminatore bestaande uit kundige predikante om predikante deeglik te keur. Die grootte van die kommissie moet 'n minimum van ses wees.

32.2 Aanbeveling van KKS

Daar word nie gevolg gegee nie.

33. **RING VAN SUIDKUS**

33.1 Beskrywingspunt i/s: Afgevaardigdes na sinode

Die ring besluit eenparig om by die gemeentes aan te beveel dat naas 'n ouderling daar ook 'n diaken as afgevaardigde na die sinode oorweeg sal word.

33.2 Aanbeveling van KKS

Nie aanvaar nie - kyk bewoording van KO artikel 37.1.

34. RING VAN NELSPRUIT

34.1 Beskrywingspunt i/s: Onderwerping aan sinode-besluite

Die ring versoek die sinode om riglyne te gee ten opsigte van die bindingskrag van besluite van die sinode.

34.2 Motivering

34.2.1 Na aanleiding van die optrede deur die Vroue-aksie tydens die Vroue-konferensie waar besluite van die sinode geïgnoreer is, ontstaan die vraag of enige besluite van die sinode bindingskrag het.

34.2.2 Sou dit beteken dat lidmate hiermee kan besluit om nie 15% aan die sinode oor te betaal nie?

34.2.3 Die chaos wat so iets vir die hele kerk kan meebring, is voor die hand liggend.

34.3 Aanbeveling van KKS

Die sinode verwys die ring na die KKS-studierapport in verband met die bindingskrag van besluite van meerdere vergadedrings.

35. RING VAN NELSPRUIT

35.1 Beskrywingspunt i/s: Toelating tot lidmaatskap

Die ring voel dat voornemende lidmate meer selektief tot die kerk toegelaat behoort te word. Die ring beveel aan dat 'n eenvormige stelsel daargestel word ten opsigte van die toelating van nuwe lidmate. Die volgende punte kan in aanmerking geneem word:

(a) Wat die motivering van die voornemende lidmaat is.

(b) Of die persoon saamstem met die leerstellinge van die APK.

(c) Daar moet pertinent vasgestel word of die voornemende lidmaat onder tug is en of daar tugmaatreëls teen hom/haar hangende is. Hierdie laaste punt kan op die aansoekvorm bygevoeg word.

35.2 Aanbeveling van KKS

Die sinode wys daarop dat lidmaatskap 'n saak van die plaaslike kerk is. Plaaslike kerke moet met die aangeleentheid erns maak. Die ring word verwys na artikels 3, 4 en 5 van die KO.

36. RING VAN NELSPRUIT

36.1 Beskrywingspunt i/s: Toelating van predikante

Die ring versoek dat die aanstelling van nuwe predikante binne die APK deeglik aandag moet geniet.

36.2 Aanbeveling van KKS

Die sinode oordeel dat die SKK en die Kuratorium die toelating van predikante met groot verantwoordelikheid hanteer.

37. RING VAN NELSPRUIT

37.1 Beskrywingspunt i/s: Ontstaan van die APK

Ons moet aan ons kinders duidelik maak dat die APK geensins 'n politieke kerk is soos deur die NG Kerk beweer word nie, maar dat ons staan by wat die Afrikaner deur die eeue geglo het, nl 'n plek vir elke volk en ras in hierdie land, met sy grense vir elkeen, tot voordeel en seën vir elkeen.

37.2 Aanbeveling van KKS

Die sinode onderskryf hierdie oortuiging en bring KO artikel 43 opnuut onder die aandag van kerke (gemeentes): die kerk moet ook die geskiedenis van die kerk onderrig. As die ware feite aan die verbondsjeug geleer word, sal die waarheid seëvier.

38. AP KERK CULLINAN-RAYTON

Beskrywingspunt i/s: 'n Aksie of vereniging in die AP kerkverband

Dit word behandel in die Addendum-verslag. Kyk punt 2.1 op die eerste bladsy van die KKS-verslag.

39. RING VAN KLERKSDORP

Beskrywingspunt i/s: Die APK Vroue-aksie

Dit word behandel in die Addendum-verslag. Kyk punt 2.1 op die eerste bladsy van die KKS-verslag.

40. ERKENNING VAN LIDMAATSKAP UIT ANDER KERKE: RING VAN GRANIET

40.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die sinode gee riglyne aan plaaslike kerke ten opsigte van die erkenning van lidmaatskap van persone uit ander kerke en denominasies. Riglyne ten opsigte van veral AGS, PPK en die E Gereformeerde Kerk word verlang.

40.2 KKS se kommentaar

Die Sinode van 1989 het reeds 'n besluit in die verband geneem soos dit verskyn in die Kerkordeboeke onder Bylae 2.

40.3 Aanbeveling

Die sinode volstaan met die bestaande riglyne soos vervat in Bylae 2 van die Kerkorde en bepalings 1989.

41. KERKLIKE TUG: BESKRYWINGSPUNT: RING VAN VEREENIGING

41.4 Inhoud van beskrywingspunt

Die ring versoek die sinode se Kommissie vir Kerkregtelike sake om 'n reglement vir die uitoefening van kerklike tug in ons kerkorde op te neem, na sinodale goedkeuring.

41.2 Aanbeveling

Die sinode gee opdrag aan die KKS om 'n handleiding vir die uitoefening van kerklike tug voor te berei en aan die eersvolgende sinode voor te lê vir goedkeuring.

42. HANDLEIDING VIR VISITATORE: BESKRYWINGSPUNT: RING VAN VEREENIGING

Vir kennisname.

42.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die ring versoek die sinode om aan die Kommissie vir Kerkregtelike Sake opdrag te gee om 'n handleiding vir visitatore volgens Gereformeerde beginsels op te stel, en deur te stuur aan die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap om hulle kommentaar by te voeg vir voorlegging aan die sinode.

42.2 Aanbeveling

Die sinode gee opdrag aan die KKS om 'n handleiding vir visitatore ooreenkomstig Gereformeerde kerkregtelike beginsels aan 'n volgende sinode voor te lê vir goedkeuring, nadat kommentaar

ingewin is van die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap.

43. GEMEENTEGRENSE: BESKRYWINGSPUNT: NIGEL APK

43.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die sinode neem 'n finale besluit oor gemeentegrense.

43.2 Motivering

Om die Kerkorde te handhaaf.

43.3 KKS se kommentaar

Aangesien gemeentegrense primêr 'n plaaslike aangeleentheid is, behoort die finale besluit daaroor by kerkrade en ringe te berus. In geval van 'n dispuut wat nie deur die ring afgehandel kan word nie, kan na die sinode geappelleer word vir finale uitsluitsel. Dat gemeentegrense wel omskryf en gefinaliseer word is 'n beginselbesluit wat op die werksterrein van die sinode lê.

43.4 Aanbeveling

Die sinode besluit in beginsel dat gemeentegrense vasgestel word en versoek kerkrade en ringe om daaraan uitvoering te gee.

44. BESLUITE WAAR FAMILIEBELANG BY BETROKKE IS: KERKRAAD VAN NABOOMSPRUIT

44.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die sinode besluit dat by geen saak waar familie by betrokke is, 'n lidmaat sitting sal neem nie.

44.2 Motivering

Geen.

44.3 KKS se kommentaar

Prejudisering hoort deur elke vergadering na die eise van omstandighede hanteer te word. In die geval van tugsake is die suiwering van die vergadering in geval van moontlike prejudisering wel gebiedend. 'n Algemene dwang, soos die beskrywingspunt voorstel sal moeilik gehandhaaf kan word en veronderstel prejudisering sonder dat dit op meriete hanteer is.

44.4 Aanbeveling

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

45. BESKRYWINGSPUNT: KERKRAAD VAN NABOOMSPRUIT

45.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die sinode besluit om alle besluite wat ultra vires is, reg te stel in die lig van artikel 23... "'n sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n kerkraad na hom verwys is of wat nie deur 'n ring of kerkraad afgehandel kan word nie".

45.2 Motivering deur insender

Daar is reeds besluite deur die sinode geneem wat deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word. Dit moet uitgelig, onder die aandag van die sinode gebring word om of mee te handel in die lig van die Kerkorde. Sou die besluite so gelaat word, sou dit in elk geval geen bindingskrag hê nie en net verwarring skep. So byvoorbeeld besluit P 395 Handelinge Derde Sinode 1989 insake Basiese traktement vir 6 maande aan die weduwee van 'n afgestorwe predikant. 'n Kerkraad beroep, verbind hom met ander kerke tot pensioen en 'n sinode kan nie hier inmeng in die reëling van 'n plaaslike kerk nie.

45.3 KKS se kommentaar

Klaarblyklik word verwys na artikel 25, Kerkorde 1989. Hierdie artikel verwoord 'n belangrike beginsel in die Gereformeerde kerkregering wat hiërargiese optrede by die wortel wil afsny. Die weg vir 'n beslissing oor die vraag of 'n vergadering buite sy bevoegdheid gehandel het, word in artikel 30 van die Kerkorde gegee. Alle kerkvergaderings behoort natuurlik voortdurend te waak teen die oortreding van Kerkorde Artikel 25.

45.4 Aanbeveling

45.4.1 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

45.4.2 Die sinode besluit dat vir sy eie werksaamhede daar noukeurig aandag gegee sal word aan die vereistes van Kerkorde artikel 25 en versoek kerkrade en ringe om dieselfde te doen.

45.4.3 Geleentheid word aan die insenders van die beskrywingspunt gegee om die saak te verduidelik.

46. ANDER RASSE BY KERKDIENSTE: BESKRYWINGSPUNT: RING VAN NABOOMSPRUIT

46.1 Inhoud van die beskrywingspunt

Die ring besluit

(a) om by die eerskomende sinode aan te beveel dat duidelike riglyne neergelê moet word oor wie eredienste en kerklike byeenkomste van die Afrikaanse Protestantse Kerke (APK) mag bywoon.

(b) Om die volgende beskrywingspunt aan die 1990 sinode vir oorweging voor te lê:

Die sinode besluit dat geen ander rasse toegelaat word by eredienste, begrafnisdienste, huweliksbevestigings of enige ander kerklike byeenkoms van die APK nie.

46.2 **Motivering deur insender**

(a) Dit is inkonsekwent om iemand by eredienste en ander kerklike byeenkomste toe te laat, maar dan die persoon op grond van sy ras te verbied om lidmaat van 'n kerk te word.

(b) Dit is nodig dat die kerke/gemeentes duidelik met mekaar ooreenkom wie by eredienste en ander kerklike funksies toegelaat word sodat byvoorbeeld besoekers aan ander gemeentes presies sal weet wat hulle daar te wagte gaan wees, anders kan dit gebeur dat kerkraad A besluit dat geen anderskleuriges dienste mag bywoon nie, maar kerkraad B besluit dat anderskleuriges dienste mag bywoon. Sou iemand dienste in 'n ander gemeente bywoon waar anderskleuriges toegelaat word, kan dit tot groot ongelukkigheid aanleiding gee.

(c) Hierdie is dus nie net 'n saak vir die plaaslike kerkraad nie, maar raak al die kerke in kerkverband. Dit is dan ook die rede waarom gevoel word dat hierdie saak die aandag van die sinode moet geniet.

46.3 **KKS se kommentaar**

By elke sinode tot dusver is aan hierdie saak aandag gegee en die motivering skep die indruk dat onder andere die sinodebesluite 1989 in hierdie verband moontlik nie aandag geniet het nie.

46.4 <u>Aanbeveling</u>

Die sinode volstaan met sy vorige besluite oor hierdie aangeleentheid.

47. **REGSGELDIGHEID VAN KERK: APK KEETMANSHOOP**

47.1 <u>Inhoud van beskrywingspunt</u>

Regsgeldigheid van kerk onder nuwe bedeling.

47.2 KKS se kommentaar

Geen motivering word voorsien nie en dit is gladnie duidelik wat met die beskrywingspunt bedoel word nie.

47.3 Aanbeveling

Die sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik in sy huidige vorm nie.

48. HERSIENING VAN KERKORDE: BESKRYWINGSPUNT: PROF DR FAH VAN STADEN

48.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die sinode besluit om by die sinode 1991 die Kerkorde volledig te hersien en gee opdrag aan die Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake om die Kerkorde daartoe te hersien en volkome in ooreenstemming te bring met die Gereformeerde Kerkreg en waak teen alle oorbodige bepalings.

48.2 Motivering

1. Die kerkorde is van wesenlike belang vir die kerkinrigting en kerkregering en as akkoord van die kerkverband.

2. Dit is essensieel dat die Kerkorde derhalwe sodanig saamgestel is dat dit die mins moontlike wysiginge in die toekoms moet ondergaan.

3. Die Kerkorde-artikels en -bepalings nog nie deur 'n sinode as 'n eenheid in behandeling geneem en oorweeg is nie met gevolglike leemtes wat in die praktiese toepassing daarvan probleme skep.

48.3 Aanbeveling

Die beskrywingspunt word goedgekeur met wysiging van "by die Sinode 1991" na "algaande".

49. LEESDIENSTE: BESKRYWINGSPUNT: KERKRAAD VAN KATHU

49.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die sinode beveel aan dat 'n leesdiens in die AP Kerke waargeneem mag word deur 'n bevoegde oukerkraadslid of dienende kerkraadslid in AP kerk wat deur die plaaslike kerkraad daartoe versoek word - welke geval hy moet gebruik maak van 'n preekbundel wat amptelik deur die APK goedgekeur is, of van 'n geskrewe preek van 'n leraar van die AP kerk.

49.2 **KKS se kommentaar**

Geen motivering word gegee nie en wat die beskrywingspunt vra, word reeds gedek deur 'n sinodebesluit - kyk KO-1989, Bylae 1, p 33 vv.

49.3 Aanbeveling

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie. Die sinode wys die kerkraad op Bylae 1, bl 33 vv in die KO-1989.

50. **LIDMAATSKAP: VRYMESSELAARS: BESKRYWINGSPUNT: APK KURUMAN**

50.1 Inhoud van beskrywingspunt

Die sinode beveel aan dat vrymesselaars wat steeds aktief betrokke is by die organisasie nie lid mag word van die APK nie.

50.2 **KKS se kommentaar**

Geen motivering word gegee nie en die aangeleentheid is reeds by die 1989 Sinode na die KKS verwys vir ondersoek. (1989 Acta pt 5.2.3 p 466). Die ondersoek is nog nie afgehandel nie.

50.3 Aanbeveling

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

AFDELING G: BESWAARSKRIFTE EN APPELLE

1. BESWAARSKRIF WJ VAN DER MERWE

1.1 Inhoud van beswaarskrif

Eerwaarde Voorsitter en broeders

Ondergetekende wil hiermee volgens artikel 30 KO 'n beswaarskrif indien teen die bewoording van punt 1 van bylae 2 in die KO wat 'n besluit is van 'n vorige sinode.

Die bewoording waartee- beswaar gemaak word is die volgende:

1. In die geval waar iemand met attestaat uit 'n ander AP kerk/gemeente met die oog op opname aanmeld:

1.1 alvorens die persoon as lidmaat opgeneem word, en nog voordat die attestaat afgelees word, word hy deur die predikant of 'n ouderling besoek met die oog op 'n gesprek;

1.2 in die gesprek moet die predikant of ouderling hom daarvan vergewis of die persoon hom met die inhoud van KO Artikels 1, 2 en 3 vereenselwig;

1.3 die predikant/ouderling rapporteer aan die kerkraad terug en doen 'n aanbeveling;

1.4 die kerkraad besluit of die attestaat by die erediens afgelees moet word;

1.5 indien daar na afkondiging van die attestaat geen beswaar teen opname van die persoon ontvang word nie, sal hy na sewe dae as volle lidmaat aangeteken en verwelkom word. Indien 'n beswaar teen sy opname ontvang word, handel die kerkraad na bevind van sake.

Die voorgestelde bewoording lui soos volg:

In die geval waar iemand met attestaat uit 'n ander AP kerk aanmeld word sodanige lidmaat, in ag genome die getuienis in die attestaat, onvoorwaardelik as lidmaat opgeneem, en die naam van die lidmaat word aan die gemeente onmiddellik bekend gestel.

1.2 Motivering deur insender

1. 'n Attestaat is 'n getuienis van een AP kerk aan 'n ander dat 'n lidmaat suiwer is in leer

en lewe. Met ander woorde 'n getuigskrif van die kerkraad van AP kerk - A aan AP kerk - B dat 'n lidmaat Die Heilige Skrif, die Drie Formuliere van Eenheid en die AP Kerk Kerkorde aanvaar en onderskryf.

'n Persoon is nie ipso facto lidmaat van 'n kerk waarheen hy/sy verhuis nie/maar bring amptelike getuienis saam dat hy/sy alles van die AP Kerkleer onderskryf en daarvan 'n meelewende getuie is.

2. Punte 1.1 tot 1.5 is irrelevant, aangesien dit die prosedure is dat iemand uit 'n ander kerkverband aansoek doen om lidmaatskap.

Daarom het ondergetekende geen beswaar teen punt 2 en 3 van die sinodebesluit nie.

3. Indien 'n kerkraad 'n attestaat sou gee waar nie getuig word van die suiwerheid in leer of lewe van 'n persoon nie, is punt 2 of 3 uiteraard van toepassing.

4. Die AP kerke in die RSA staan tog met mekaar in kerkverband wat beteken dat daar gemeen akkoord bestaan tussen al die AP kerke. Dit sou in dat die Skrifbeskouing, kerkbeskouing, sakramentsbeskouing ens. en veral die aanvaarding van die Kerkorde, juis ook artikels 1 tot 3, deur alle belydende en dooplidmate eenders is en onderskryf word respektiewelik.

1.2 Aanbeveling van KKS

Die sinode besluit dat punt 1 van bylae 2 van die Kerkorde vervang word met die voorgestelde bewoording van die beswaarskrif, wat soos volg lui:

In die geval waar iemand met attestaat uit 'n ander AP kerk aanmeld, word sodanige lidmaat, in ag genome die getuienis in die attestaat, onvoorwaardelik as lidmaat opgeneem, en die naam van die lidmaat word aan die gemeente onmiddellik bekend gestel.

2. GRAVAMEN DS CJ PRINS

2.1 Inhoud van die gravamen:

06 Maart 1990

GRAVAMEN - SINODEBESLUIT 1989 - CHILLIASME PUNTE 122 - 127:

Hiermee dien ek my Gewetensbeswaar ten opsigte van bogenoemde Sinode -besluit oor die Chilliasme- by u as Kommissie vir Kerkregtelike Sake in: Gepaard met hierdie

gravemen wil ek dan ook Revisie vra dat bogenoemde Besluit herroep word en na die PKKE terug verwys word vir 'n deeglike of deurtastende studie van (a) Chilliasme (b) Anti-Chilliasme en (c) die Bybelse Leer daaromtrent te doen - soos die Sinode van 1988 dit aan die destydse PKB opgedra het.

Motivering

1. Die belangrikste rede vir hierdie gewetens beswaarskrif teen bogenoemde besluit is omdat die sterk besluit deur die 1989 Sinode geneem is; ondanks die feit dat die opdrag van die 1988 Sinode oor dieselfde aangeleentheid nie deur die PKKE uitgevoer is nie:

   Handelinge van die Sinode: 1988- Bls. 60 -61: Notule 1988

   70.19 Chilliasme : aanbeveling

   (i) Die Kommissie beveel aan dat die aangeleentheid, terug verwys word, na u kommissie vir 'n volledige verslag, en

   (ii) dat Leraars nie oor die standpunte van Chilliasme sal preek nie, altans vir die huidige.

   (i) **Goedgekeur**

   (ii) **Nie aanvaar nie**

   Die volgende amendement word i.p.v. (ii) aanvaar

1, Die Sinode dra dit aan die Permanente Kommissie van Kerkleer en Belydenis op om 'n deeglike of 'n deurtastende studie t.o.v. die volgende te maak:
   (a) Chilliasme
   (b) Anti-Chilliasme
   (c) Bybelse Leer daaromtrent; vir 'n volledige verslag aan die volgende Sinode

2. Die sinode beveel by alle gemeentelede aan dat hulle hele lewenswandel in diens sal staan in die vermaning van ons Meester: Waak dan en bid altyddeur sodat julle waardig geag mag word, om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug, en voor die Seun van die mens te staan.

(C.J. Prins, F.H. Boltman)

Die PKKE -soos dit nou heet- het hierdie uiters sensitiewe en belangrike besluit en opdrag van die 1988 Sinode; nie eens in die eerste 5 van sy prioriteitslys in sy verslag aan 1989 Sinode ingesluit nie; maar rapporteer in sy verslag aan die Sinode; in punt 3; bls 146 van die Agenda soos volg:

"Die volgende prioriteitslys van sake wat voor die

kommissie gedien het, is opgestel en daar is besluit om weens die omvang daarvan, vir hierdie verslag slegs die eerste 5 af te handel:

1. Beskrywingspunt: " Ter helle neergedaal"

2. Lasgewing van Permanente kommissies.....

3. Campus Crusade

4. Geheime Organisasies

5. Okkultisme

Chilliasme is 9 de op die lys geplaas en val dus nie onder die eerste 5 nie

In dieselfde verslag op bls. 169 word vervolg:

10. Chilliasme en Anti- chilliasme

10.1. **Aanbeveling:**

Die Sinode verwys die saak na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme om na die bestudering van die Verslae en beskrywings punte wat ontvang is, die Sinode te dien met 'n aanbeveling.

Blykbaar het die PKKE hierdie belangrike Leerkwessie en die opdrag van die sinode daaromtrent as van minder belang as al ander sake beskou; derhalwe het hulle so 'n studie as oodig gereken en die sinodale opdrag eenvoudig ignoreer en dit met die verskriklike gevolge aan die Tydelike Kommissie op die Sinode sitting oorgelaat.

Vanweë die feit dat in die geval van a en b en c standpunte, dit om die hermeneutiek - d.i. die uitleg- of inlegkunde- die wetenskap van Bybelse eksegese - gaan ; was dit heeltemal onregverdig om die Tydelike kommissie , sonder die nodige studiestukke , op te saal met so 'n belangrike saak. Trouens dit was vir die Tydelike kommissie onmoontlik om in die kort bestek van 'n sinode sitting sonder ons kerk se eie studiestukke oor die aangeleentheid aan hierdie sensitiewe en belangrike Leerkwessie reg te laat geskied. Altans die ontbrekende studies word dan ook in die Meerderheids Verslag weerspieëlen dit is miskien die rede waarom hulle nie in die aanbevelings verder kon vorder as die dwaalleer van die Anti-chilliaste; asook die powere weerlegging van die Chilliasme sodat hulle nie eens kon raak aan die Bybelse Leer daaromtrent nie.

Omdat die Here God vir my geroep het om Sy Woord te verkondig en om alle dwaalleringe wat met Sy Woord in stryd is te verwerp- immers dit het alle Bedienaars van die Woord by hulle Legitimasie en by hulle bevestiging in 'n gemeente belowe- het ek in die 19 jaar van my bediening nog altyd die dwaalleringe van die Anti-Chilliasme en sekere dwalinge van die Chilliasme verwerp as in stryd met die Goddelike Woord. Deur Sy liefde en genade verkondig ek nog die hele Bybel- die ou Afrikaanse Bybel - as die Woord van God en verwerp nog steeds alle dwalinge wat met hierdie Woord in stryd is. Om hierdie rede wil ek vra dat u hierdie revisie van so 'n besluit sal toestaan.

2. Verder bestaan my ernstige gewetensbeswaar teen die woord "Ketter" wat deur die sinode toegedig word aan diegene wat die Chilliasme aanhang.
   Die woord "ketter" was nog altyd in die verlede deur die Valse Kerk te wete, die Rooms Katolieke Kerk, gebruik teenoor die Protestant wat die valse leer van die R K K verwerp het. 'n Sodanige Protestant wat volgens die Valse Kerk van sy leer afvallig geword het, was dan ook deur die R K K geasosieer met boosheid; verdorwenheid; geslepenheid en leuenagtigheid!

My gewetensbeswaarskrif gaan dus oor die feit dat dit net 'n Valse Kerk is wat diegene van ketterty beskuldig wat hardnekkig die valse leer van daardie Kerk verwerp! Het die A P K dan ook nou 'n Valse Kerk geword?

Tweedens is die woord ketter dan ook gebruik vir die protestant wat geweier het om die valse leer van die Valse Kerk te aanvaar wat hy deur sy sinodes op die lidmate afgedwing het. So byv. het 'n sinode te Londen uiteindelik Wiclif as ketter veroordeel.

Die feit dat die Sinode van 1989 die meerderheidsverslag aangeneem het- wat m.i. die Anti- Chilliasme se dwaaldogma aanhang en daarmee gepaard dan die aanhanger van die Chilliasme as 'n ketter veroordeel en sodoende hierdie besluit op die gemeentes en die Leraars afdwing; het die sinode juis die vryheid wat die Afr. Kaanse Protestantse lidmate duur gekoop het, weer van hulle ontneem en juis die teenoorgestelde gedoen as wat die Ned. Geloofs- Belydenis ons leer

"Intussen glo ons, alhoewel dit nuttig en goed is, dat die regeerders van die Kerk-(Leraar, ouderlinge en diakens)- onder mekaar 'n sekere orde (vir die plaaslike Kerk) -instel en bevestig tot instandhouding van die liggaam van die Kerk; dat hulle nogtans op hul hoede moet wees, om nie af te wyk van wat Christus ons enigste Meester vir ons ingestel het nie! En daarom verwerp ons alle menslike vindinge en alle wette - (ook sinodale besluite wat op lidmate afgedwing word)- wat mense sou wil invoer om God te dien, om daardeur , hoe ook al die gewetens te bind en te dwing....."(Lees asb. die hele XXX11
Ek het dus 'n baie ernstige Beswaar teen die Anti-Chilliasme se leer wat nie die Leer van Christus is nie. Al sou die Sinode ook die Chilliasme se leer aanvaar het,

dan sou ek net so beswaar maak , want u en ek staan in 'n Geref. Kerk waarin een van die kenmerke is:
Die suiwer verkondiging van die Woord van God. Daarom vra ek weer laat hierdie drie standpunte bestudeer word; sodat ons almal kan kom tot die suiwer verkondiging van die Woord van God in die APK en laat ons ophou met hierdie soort Kettery!

Ek dank u en bid u almal die seën van onse Here Jesus toe

Hartlike groete

(Get.) DS C.J.PRINS V D M

2.2 Aanbeveling KKS

Geen. Die gravamen word hiermee deurgestuur aan die Sinode.

3. APPELLE

3.1 Die volgende appelle moet voor die Sinode dien:

3.1.1 Appèl ds SW van Wyk teen 'n besluit van die Ring van Morgenzon.

3.1.2 Lidmate van die APK Belfast teen die Ring van Middelburg.

Die KKS het dit aan subkommissies opgedra om die implikasies, veral die koste-implikasies, onder die aandag van die appellante te bring en deeglik ondersoek te doen sodat 'n volledige verslag met advies deurgegee kan word na die Sinode. Die alternatief van 'n broederlike gesprek om die sake op te los, word ook deur die subkommissies aan die appellante voorgehou.

3.3 Aanbeveling

3.3.1 Die Sinode besluit om 'n addendum tot die verslag van die KKS i/s appelle as laat-ingekome stuk in ontvangs te neem en verwys dit na die tydelike KKS om die Sinode met die nodige advies te dien.

3.3.2 Die Sinode reël dat die bewysstukke in verband met die appelle ter insae is by die tydelike KKS.

AFDELING H: ANDER SAKE WAT NIE VERANDERING VAN DIE KERKORDE EN BEPALINGS VEREIS NIE

1. AFGEVAARDIGDES WAT VERGADERING VERLAAT HET:

1.1 Sinode 1989: (Acta pp 450-451, p 576)

1.1.1 Tydens die Sinode van 1989 het die afgevaardigdes van die gemeentes Vryburg, Louwna, Bosrand en Molopo die vergadering sonder verlof verlaat. As rede is aangevoer die Sinode se hantering van die saak van die Bybelvertalings.

1.1.2 Die Sinode van 1989 het die saak na sy Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake verwys, wat in sy tweede verslag daaroor sou rapporteer. Hierdie tweede verslag is nie deur die Sinode van 1989 afgehandel nie.

1.1.3 Genoemde Tydelike Kommissie het bevind dat die betrokke afgevaardigdes in stryd met Ordereël 8 gehandel het. Hulle verweer was dat hulle in opdrag van hulle gemeentes gehandel het. Die Tydelike Kommissie het verder bevind dat die afgevaardigdes besef dat hulle verkeerd gehandel het en berou het daaroor. Daar is aanbeveel dat die saak as afgehandel beskou word.

1.2 Censura morum

Hierdie aangeleentheid word in die Gereformeerde kerkregtelike tradisie gedek deur 'n Skrifgebonde gebruik, bekend as censura morum. Ooreenkomstig Dordtse Kerkorde artikel 43 is aan die einde van 'n meerdere vergadering ondersoek ingestel om o.m. vas te stel of iets strafwaardigs in die vergadering gedoen is. Indien daar rede was vir optrede, is oorgegaan tot die onderlinge vermaning soos deur die Skrif vereis.

1.3 Indien die aanbeveling van genoemde Tydelike Kommissie sonder meer aanvaar sou gewees het, kom dit daarop neer dat die onderlinge vermaning in die volle vergadering nie tot sy reg gekom het nie.

1.4 Aanbeveling van KKS

1.4.1 Die Sinode besluit om alle kerkrade en alle afgevaardigdes se aandag daarop te vestig dat eerbiediging van die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls gehoorsaamheid beteken aan Fil 1:27: "Alleenlik, gedra julle waardig die Evangelie van Christus", en beskou die saak daarmee as afgehandel.

1.4.2 Die KKS kry opdrag om by die volgende Sinode 'n aanbeveling te doen oor òf en hóé die saak van censura morum in die KO gereël kan word.

2. STANDPUNTE NIE IN OOREENSTEMMING MET SINODEBESLUITE: (Agenda 1989 pt 3.14.2.4, p 37 en Acta 1989 pt 3.14.2.4 p 399 en pt 3.3 p 571).

2.1 Na aanleiding van 'n beskrywingspunt van die Ring van Migdol het die volgende aanbeveling van die SKK voor die Sinode van 1989 gedien:

"3.14.2.4 Die Sinode beskou dit voorts as sy verantwoordelikheid om die uitdra van standpunte wat nie in ooreenstemming met sinodebesluite is nie, te repudieër en die oortreder(s) tot orde te roep. (Die gevaar verbonde aan openbare getuienis is nie daarin gelee DAT iemand namens die sinode praat nie maar in WAT hy namens die sinode sê. Aan die WAT is 'n tweeledige gevaar verbonde: 1. Is dit wat gesê word in ooreenstemming met die amptelike standpunt van die sinode soos in sy notules opgeneem. 2. Is die amptelike standpunt van so 'n aard dat dit nie verleentheid vir die kerk meebring nie".)

2.2 Hierdie aanbeveling van die SKK is deur die Sinode 1989 na sy Tydelike KKS verwys, saam met die volgende wysigings:

(a) Verander "gevaar" na "vraag"

(b) Voeg by ná eerste sin:

"Indien 'n saak baie spoedeisend is, word van die betrokke kerkrade/ringe verwag om onverwyld self op te tree".

2.3 Hierdie saak is nie afgehandel nie en ressorteer onder sake verwys na die betrokke permanente kommissie vir voorlegging van die volgende sinode.

2.4 Die volgende opmerkings behoort in die formulering van 'n finale besluit, in ag geneem te word.

2.4.1 Repudiëring is nie 'n tughandeling nie, maar 'n ontkenning, of kan 'n regstelling impliseer met die oog op die ware feite of ware toedrag van sake. "Oortreder(s) tot orde roep" is egter wel 'n tughandeling wat impliseer dat die orde van die kerk deur die optrede versteur is.

2.4.2 Dit is moontlik dat die oortreding van so 'n ernstige aard kan wees dat dit wel 'n tughandeling byvoorbeeld 'n vermaning, regverdig.

2.4.3 Tugbevoegdheid oor lidmate word deur die Kerkorde en Bepalings gereël. 'n Sinode se tugbevoegdheid oor lidmate se optrede buite die sinodale

vergadering is beperk tot sake wat voor die sinode gebring word kragtens KO artikels 25.2, 40.5, 55.4, 55.5 en 55.6.

2.5 Aanbeveling van KKS

2.5.1 Die sinode versoek alle lidmate, kerkrade, ringe en permanente kommissies van die Sinode om noulettend daaroor te waak dat die Kerkorde en besluite van alle meerdere vergaderings van die APK duidelik en korrek weergegee word.

2.5.2 Die sinode versoek verder dat, in geval optrede vereis word, dit onverwyld sal geskied deur die betrokke kerkraad, ring of permanente kommissie van die sinode.

2.5.3 Die sinode wys daarop dat die volgende vraag steeds met die nodige erns in ag geneem sal word, naamlik: Is dit wat gesê word in ooreenstemming met die amptelike standpunt van die sinode soos in sy notules opgeneem?

2.5.4 Die sinode wys verder daarop dat duidelik onderskeid gemaak moet word tussen 'n persoonlike opinie en 'n standpunt soos in besluite van kerkvergaderings bewoord.

3. DOKUMENTE INSAKE: "ORDEMOSIE": (Acta 1989 pp 421 en 513)

3.1 Vir kennisname

3.1.1 Van die volgende punte van 'n ordemosie ingedien deur dr CI van Heerden en gesekondeer deur JJ Brits, is voorlopig kennis geneem op die Sinode van 1989, met die volgende besluit daarby: "Die res van die ordemosie sal later behandel word":

"1.1.1 Die Sinode besluit om die Kerkorde vanaf artikel 32 in hersiening te neem;

1.1.2 Die Sinode besluit om net vandag aan die behandeling van die verslag af te staan;

1.1.3 Die Sinode besluit dat die verkeerde gebruik van die naam van die Kerk in die voorwoord van die Kerkorde en in die verslag in 'n baie ernstige lig gesien word, en dat geen kondonasie (goedkeuring) vir die onordelike optrede van die kommissie verleen word nie, en die Sinode versoek dat dit reggestel word."

3.1.2 Op die genoemde ordemosie is gereageer deur lede van die KKS in 'n dokument wat deur ds IA Brink, aan die Sinode van 1989 voorgelê is op die laaste sittingsdag. Hierdie dokument is nie deur die

Sinode 1989 in behandeling geneem nie, maar die volgende besluit is deur die Sinode 1989 geneem:

"'n Ordemosie word egter aanvaar dat die dokument na die KKS verwys word, met die oog op voorlegging van die volgende Sinode."

3.1.3 Lede van die KKS 1988/9 en wat ook tans lede is van die KKS wat hierdie verslag aan die sinode voorlê, wil daarop wys dat die motivering van dr CI van Heerden met die indien van sy ordemosie, en wat uiteraard nie in die Acta 1989 verskyn nie, bygedra het tot 'n diep ongelukkigheid oor beskuldigings wat gemaak is teen die KKS 1988/89, sonder dat die geleentheid aan die lede gebied is om hulle te verweer en met feitelike gegewens 'n regstelling te maak. Die dokument moet as verweer in hierdie lig beoordeel word.

3.1.4 Die dokument word vervolgens volledig weergegee in die vorm waarin dit opgestel is, onderteken deur: Di R Marè, IA Brink, MJ Hartzenberg, JA du Plessis, JJ Venter en AS van Jaarsveld.

A. <u>BEREDENERING EN VERANTWOORDING</u>

1. Ons reageer op die, na ons oordeel, venynige aanval op die KKS met 'n gesindheid van: ons wil die ander wang ook draai.

2. As ons voor die Here gesondig het deur moedswilligheid of deur ons boekie te buite te gegaan het, vermaan ons dan. Maar as u oordeel dat ons in verantwoordelikheid voor die Here ons kerkverband probeer dien het, verwerp dan die ordemosie.

3. **Die Sinode moet oordeel:**

3.1 is dit billik om ons te verwyt dat ons rapport 110 bladsye lank is, terwyl die Bepalings sedert die Sinode van 1987 oorgestaan het, die 1988-Sinode die KKS se rapport nie afgehandel het nie en die grootste deel daarvan nogeens moes oorstaan? Is dit billik, terwyl die SKK se rapport op die vorige Sinode heeltemal afgehandel is en sy rapport op hierdie sinode 97 bladsye beslaan? 'n Skrale 13 bladsye minder as die van die KKS!;

3.2 is dit billik om ons te verwyt dat ons 6 vergaderings gehou het, terwyl die volle SKK ook 6 keer vergader het en sy Dagbestuur 15 keer?;

3.3 is dit billik om ons 'n lang rapport te verwyt as daar soveel sake op ons tafel gekom het?;

3.4 is dit billik om ons te verwyt dat ons 6 keer met groot opoffering laat-aand ure gewerk het om hierdie rapport daar te stel, as u as sinode meer as 'n halfuur gepraat het oor een enkele puntjie in ons verslag?;

3.5 is dit billik voor die Here om in 'n gees van meerderwaardigheid en vegtery 'n Kommissie aan te val voor sy rapport aan die orde kom, met die duidelike bedoeling om die Kommissie en sy werk by die Sinode verdag te maak en die Sinode te prejudiseer?;

3.6 is dit billik om die Kommissie met voorbedagte rade vals te beskuldig dat hy hardnekkig teen 'n vorige Sinodebesluit opgetree het deur in die voorwoord by die Kerkorde van 1988 drie keer ons Kerk se naam te verander het? Die Kommissie het dit nie gedoen nie. Op die buiteblad en titelblad het die Kommissie die naam van ons Kerk presies korrek laat druk (kyk daar). In die voorwoord praat die Kommissie aldrie kere van die AP-kerke - meervoud. Maar die bedoeling is tog duidelik. Hier word nie die naam van die Kerk (soos op die titelblad gebesig), gebruik nie, maar word van die gemeentes gepraat. Dit staan dan selfs by die eerste gebruik van die uitdrukking in die Voorwoord, tussen hakies.

Ons sê in die voorwoord:

1. die sinode het die artikels in die Kerkorde vir al die gemeentes goedgekeur;

2. wanneer die gemeentes kerkregtelik wil optree, vind hulle hul basis in die Kerkorde;

3. ons bid dat die Kerkorde die gemeentes sal help dat hulle die Here kan vereer. Deur elke keer "kerke" (meervoud en met 'n kleinletter) te gebruik het, het ons van gemeentes gepraat en gevolglik nooit die naam van ons Kerk probeer verander nie. As ons die naam van ons Kerk sou verander, sou ons skryf A.P. Kerke (hoofletter Kerke en sonder byvoeging van "gemeentes" tussen hakies). Is dit billik, veral as in die SKK se eie rapport foutiewelik gepraat word van die APKerke (meervoud en hoofletter - sien P 37 pt 3.14.2.2. Agende 1989).

B. VERSOEK

In die lig van alles wat hierbo gestel is, versoek die Kommissielede:

1. dat die Sinode opdrag gee dat die valse beskuldigings teruggetrek word;

2. dat die broeder wat die Kommissie aangeval het, in die vergadering verskoning vra. Ons sal aanvaar as hy erken dat hy ons misverstaan het;

3. dat die Sinode 'n beroep doen op al ons afgevaardigdes om nie 'n gees van antagonisme teen die KKS te openbaar nie, aangesien ons net soos u almal, eerlik voor die Here na sy wil soek in die regering van sy kerk. Ons moet almal saam beginsels uit die Bybel soek wat vir die kerkregering van toepassing is. As die Kommissie na die oordeel van die Sinode van iets 'n beginsel maak wat dit nie is nie, kan ons saam daaroor besluit, sonder om mekaar te byt en op te eet;

4. dat die Sinode oordeel of hy rede het om dank te betuig aan die Kommissie wat harde en groot werk gedoen het in biddende afhanklikheid van die Here.

C. SLOT

Die KKS het niks te wen deur enigiets op die Sinode af te probeer forseer nie. Ons trag om, met die lig wat ons telkens van die Here afsmeek, eerlik diensbaar aan die Koning van die Kerk en ons gemeentes te wees. Aanvaar hierin ons bona fides.

3.2 Aanbeveling van KKS

Die Sinode 1990 spreek hom oor hierdie aangeleentheid uit.

4. LIDMATE VAN DIE APK WAT VERHUIS NA 'N ANDER GEMEENTE

4.1 Na aanleiding van 'n beskrywingspunt het die 1989 Sinode die volgende aanbeveling van die SKK goedgekeur:

1. Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake om allereers uitsluitsel te kry oor die volgende vrae

1.1 Moet 'n lidmaat van die APK wat verhuis na 'n ander gemeente;

(a) amptelike bedank uit die gemeente waarvandaan hy vertrek (vergelyk bepaling 33.1);

(b) weer amptelik aansoek om lidmaatskap doen by die nuwe gemeente;

(c) op 'n voorgeskrewe vorm?

1.2 Het die nuwe gemeente die reg om lidmaatskap te weier in geval van

(a) 'n lidmaat wat met attestaat oorkom (Bep 32.2)

(b) 'n lidmaat wat met verouderde attestaat of slegs 'n sertifikaat van lidmaatskap oorkom (bep 32.3 en 32.4)

1.3 Het 'n tugwaardige lidmaat wat verhuis en slegs 'n sertifikaat van lidmaatskap ontvang, daarmee sy lidmaatskap verloor sonder enige verdere tughandeling?

2. Die Sinode dra dit aan die SKK op om in die lig van die antwoorde van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake die moontlike akkommodeerbare gedeeltes in die beskrywingspunt te oorweeg en dienooreenkomstig 'n aansoekvorm om lidmaatskap op te stel.

4.2 Die verslag van die Tydelike Kommissie het nie voor die Sinode gedien nie en is verwys na die KKS.

4.3 <u>Besluit van die KKS</u>

Die KKS het besluit om te volstaan met die verslag van die Tydelike Kommissie wat soos volg lui:

By
1.1(a) Indien 'n lidmaat vanaf die AP kerk Aberdeen (A) na die APK kerk Bloemhof (B) verhuis, hoef hy nie amptelik as lidmaat van A te bedank nie. Wanneer hy van sy vertrek na die nuwe gemeente kennis gee en tegelyk om 'n attestaat (getuigskrif) aansoek doen, gee hy daarmee kennis van aanstaande verbreking van sy gemeenskap met A, waarvan hy lid is. Sy lidmaatskap word beëindig wanneer hy die gemeentegrense met attestasie na B verlaat.

Let Wel:
(i) 'n Attestaat is nie 'n oorplasingsertifikaat nie en 'n lidmaat "kom" nie met 'n attestaat "oor" nie - dit sou suiwer kollegialisties wees. Die kerk is nie 'n vereniging met 'n klomp takke, wat met gewone ledekaarte en oorplasings funksioneer nie.

(ii) 'n Attestaat is 'n getuigskrif en nie 'n bewys van lidmaatskap nie (hoewel dit in effek as bewys daarvan dien dat die lidmaat aan die gemeente wat getuienis gee, behoort het).

By 1.1(b) 'n Lidmaat wat vanaf die AP kerk Aberdeen na die AP kerk Bloemhof verhuis, hoef nie weer amptelik om lidmaatskap aansoek te doen nie. Deur sy attestaat (getuigskrif) by B in te handig, verklaar hy dat hy hom as lidmaat by die nuwe gemeente wil voeg. Sy attestasie is dus telegelyk sy aansoek om opname.

Indien hy só lank gelede al uit A vertrek het dat die kerkraad nie meer met 'n skoon gewete oor hom kan attesteer (getuig) nie - sien 1988 KO Bep 32.3 - word slegs 'n bewys van lidmaatskap (= verklaring/sertifisering van lidmaatskap) deur A uitgereik. In daardie geval behoort die indiening van bg "bewys" by die kerkraad gepaard te gaan met 'n amptelike aansoek om opname.

By 1.1(c) Dit sou raadsaam wees om die goedgekeurde/gebruiklike vorm vir "aansoek om opname" daarvoor te gebruik, te wete van eenvormigheid en gepaste bewoording.

By 1.2(a) Gemeente B het nie die reg om sy opname as lidmaat te weier nie indien

- die lidmaat 'n gunstige attestaat ingedien het en
- die gemeente approbasie verleen het deur sy aansoek om opname (by wyse van afkondiging van die attestaat) stilswyend goed te keur en

die kerkraad, op grond van 'n vooraf gesprek met die lidmaat, oortuig is van die korrektheid van die attestaat se getuienis.

Indien die attestaat ongunstig oor die lidmaat se leer en/of lewenswandel getuig, kan die KR wél sy opname as lidmaat in uitsonderlike gevalle weier (bv as hy sekere Bybelgedeeltes of belydenisstukke verwerp of bevraagteken) totdat die kerkraad oortuig is van sy meelewing/instemming/opregtheid/berou/bekering, ens - na gelang van omstandighede.

By 1.2(b) Die kerkraad het wel die reg om, in sekere omstandighede, lidmaatskap te weier indien die lidmaat met 'n verouderde attestaat of slegs 'n bewys van lidmaatskap opgeneem wil word. Die Kr kan vereis dat die aansoeker eers sy meelewing asook vroom ledwenswandel moet bewys. Die gemeente se approbasie moet in elk geval ook verkry word. Die kerk is immers 'n vergadering van almal wat waarlik in Christus glo. Die aansoeker se geloof moet ook uit sy werke sigbaar wees.

By 1.2(c) 'n Tugwaardige lidmaat wat by vertrek uit sy gemeente slegs 'n bewys/verklaring/sertifikaat van lidmaatskap ontvang, verloor nie sy lidmaatskap op grond van die "bewys" in plaas van 'n attestaat nie, maar op grond van sy vertrek. Hy is immers nie lidmaat van "die APK" nie, maar slegs van die AP kedrk Aberdeen binne wie se gemeentegrense hy woonagtig is. Die oomblik wanneer hy die gemeentegrense verlaat, is hy nie meer onder opsig en tug van daardie KR nie en is hy in effek kerkloos totdat hy hom laat opneem in die gemeenskap van die AP kerk Bloemhof, en wel op grond van indiening van 'n gunstige getuigskrif (attestaat) of 'n aansoek om opname (op die vorm).

Die KR van A sou egter ernstig fouteer deur 'n bewys van lidmaatskap aan hom te oorhandig. Ook 'n tugwaardige lidmaat is op 'n attestaat geregtig, maar dan word ongunstige getuienis daarop aangebring of per begeleidende brief daaraan vasgeheg.

Die KR oorweeg opname nadat die gemeente approbasie verleen het. Die KR neem daarby die Skrif se vereistes vir lidmaatskap deeglik in ag.

5. <u>DIEN VAN TEOLOGIESE DOSENTE OP KURATORIUM</u>

5.1 Die volgende aanbeveling het in die verslag van die Kuratorium by die 1989-Sinode gedien.

<u>Aanbeveling 9</u>

9.1 <u>Die sinode besluit</u> dat indien 'n lid van die Kuratorium 'n beroep as dosent aan die Teologiese Skool aanvaar, hy nie langer as lid van die Kuratorium mag dien nie.

9.2 <u>Die sinode besluit</u> dat hierdie beginsel ook vir enige lid van enige ander sinodale kommissie geld, naamlik dat indien 'n lid van die sinodale kommissie as amptenaar in diens van sy kommissie tree, hy nie langer lid van daardie kommissie bly nie.

5.2 Punt 9.1 van Aanbeveling 9 is deur die sinode goedgekeur, maar punt 9.2 het oorgestaan totdat die verslag van die KKS behandel sou word, wanneer 'n beskrywingspunt van prof dr FAH van Staden oor dieselfde saak sou dien.

5.3 Aanbeveling KKS

Die sinode besluit oor punt 9.2 in die lig van sy besluit oor die beskrywingspunt by punt 1 in afd F van hierdie verslag van die KKS.

6. LASGEWING VAN KKS

6.1 Benewens die algemene 10 punte wat vir alle permanente kommissies geld, het die PKKEN die volgende by die 1989 Sinode aanbeveel as die spesifieke lasgewing van die KKS:

6.1.1 Die Kommissie adviseer sinodes oor enige beskrywingspunt, beswaar of versoek wat met die Kerkorde, bepalings, ordereëls, vergadering-prosedures en ander kerkregtelike sake te doen het;

6.1.2 adviseer sinodes by die hantering van appelle en by kondoneringsake;

6.1.3 adviseer lidmate (insluitende kerkraadslede), kerkrade, ringe en permanente kommissies ten opsigte van kerkregtelike sake sledgs indien advies gevra word;

.4 lewer insette ten opsigte van die kerkregtelike korrektheid van kerklike dokumente (bv briefhoofde, doopsertifikate, attestate, aktes, ens);

6.1.5 kan gebruik maak van 'n regsadviseur wat deur 'n sinode goedgekeur is;

6.1.6 dien sinodes met advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde, bepalings van die Kerkorde, ordereëls en besluite van 'n vorige sinode;

6.1.7 doen aanbevelings aan sinodes ten opsigte van die hersiening van die Kerkorde, bepalings van die Kerkorde en ordereëls vir kerklike vergaderings. Die kommissie behartig die redaksionele versorging van genoemde stukke asook die spoedige publisering daarvan na 'n sinodale vergadering;

6.1.8 gee voorligting waar 'n lid van die moderamen van 'n sinode of 'n lid van 'n tydelike en/of 'n permanente kommissie van 'n sinode of amptenaar van die kerkkantoor of Teologiese Skool as gevolg van sy/haar ampspligte betrokke raak by gemeenregtelike sake of 'n hofgeding;

6.1.9 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die KKS mag gee as deel van hierdie lasgewing.

6.2 Aanbeveling

Die sinode keur die lasgewing van die KKS goed, soos voorgestel deur die PKKEN onder punte 6.1.1 tot 6.1.9 hierbo, met byvoeging van die volgende:

6.2.1 By punt 6.1.5: "of een wat in buitengewone omstandighede deur die KKS aangewys is".

6.2.2 By punt 6.1.7 ná die woord "vergaderings": "insluitend wysiging aan verdere artikels, bepalings en ordereëls wat meegebring word deur die wysiging van 'n KO-artikel, bepaling of ordereël.

7. OOR DIE VRAAG WIE SE BESLUITE BINDEND IS - DIÉ VAN DIE KERKRAAD OF DIÉ VAN DIE GEMEENTE

7.1 Na aanleiding van die verslag van die Tydelike Kommissie vir Finansies, oor 'n beskrywingspunt van die kerkraad van die APK Villiers, het die 1989 Sinode besluit dat die KKS 'n uitspraak moet gee. (Acta 1989, bl 496, punt 3.3).

7.2 Die betrokke beskrywingspunt lui:

BESKRYWINGSPUNT: 1989: KERKRAAD VILLIERS

Die sinode beveel by kerkrade aan dat die duidelik gestel moet word watter besluite bindend is: die van die Gemeente of die Kerkraad.

Motivering

Om verwarring uit te skakel en om eenvormigheid asook duidelikheid oor die saak te kry.

7.3 Aanbeveling KKS

7.3.1 Die sinode wys die kerkraad op bepaling 33.6 wat so lui:

"In die kerkraadsvergadering waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word, het belydende lidmate wie se lidmaatskap deur die kerkraad erken en aangeteken is, en wat nie onder kerklike sensuur verkeer nie, stemreg in die uitvoering van artikels 10 en 22.1 van die Kerkorde".

Dit beteken:

7.3.1.1 daar is nie so-iets as 'n "Gemeentevergadering" nie. Dit bly 'n kerkraadsvergadering, maar in hierdie bepaalde gevalle is die gemeentelede uitgenooi om daaraan deel te neem;

7.3.2.1 die gemeentelede mag slegs in die volgende gevalle saam met die kerkraad besluite neem:

7.3.1.2.1 die verkiesing van 'n voorsitter vir daardie vergadering (art 10);

7.3.1.2.2 die beroeping van 'n predikant (art 10);

7.3.1.2.3 die verkiesing van ouderlinge en diakens (art 22.1).

In al hierdie gevalle is die besluit van daardie vergadering (nl van die kerkraad, saam met gemeentelede) beslissend en finaal. Die kerkraad mag daardie besluite nie agterna verander of herroep nie.

7.3.2 Verder wys die sinode ook op bepaling 33.5 van die KO:

"Dit staan die kerkraad vry om, na kennisgewing die gemeente te enigertyd na 'n kerkraadsvergadering uit te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee.

Die kerkraad kan so 'n vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate of die gemeente (indien die gemeente uit minder as 10 lidmate bestaan".)

Dit beteken:

7.3.2.1 oor alle ander sake as dié in KO art 10 en art 22.1 genoem, het <u>die kerkraad alleen besluitnemingsbevoegdheid;</u>

7.3.2.2 die kerkraad <u>kan</u> (hy hoef nie, hy is nie verplig nie) die gemeentelede uitnooi na 'n kerkraadsvergadering om inligting te gee, of advies te vra. Nadat die gemeentelede hulle advies gegee het, <u>besluit die kerkraad alleen</u> daaroor.

7.3.3 Die sinode vestig ook die aandag op NGb art 30 wat o.m. lui dat die gemeente deur <u>die kerkraad geregeer</u> word.

7.3.4 Dit is dus duidelik die kerkraad (wat 'n regspersoon is) neem alle besluite in die gemeente, behalwe die uitsonderings in art 10 KO en art 22.1 KO genoem.

7.3.5 Verder kan gemeentelede (as lidmate, en nie as 'n gemeente nie) optree ingevolge KO

- Bepaling 11.1 (approbasiereg)
- Art 12 (beswaar indien teen 'n beroep)
- Bepaling 23.4 (name vir groslys deurgee)
- Bepaling 23.6 (beswaar indien teen die verkiesing van 'n ouderling of diaken)
- Art 30 (Appèl indien)
- Bepaling 33.2 ('n buitengewone kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep moet word, kan aangevra word onder sekere voorwaardes)
- Bepaling 36.1.2 (tweederdes van die lidmate moet 'n afstigting bewillig)
- Art 55.5 (Reg tot appèl)
- Bepaling 55.1 ('n lidmaat mag 'n klag indien onder sekere voorwaardes).

8. VERBONDSONDERWYSER AS AMP

8.1 Tydens die behandeling van die verslag van die PKKEN aan die 1989 is die volgende beskrywingspunt van die Ring van Newcastle na die KKS verwys (Acta bl 469, punt 13.4.6.2):

"Die ring versoek die sinode om aandag te skenk aan die moontlikheid om die verbondsonderwyser as amp te aanvaar en wel om die volgende redes:

(a) Omdat die verbondsonderwyser(es) so 'n geweldige verantwoordelike taak het moet hy/sy getuienis voor die gemeente aflê oor sy/haar roepingsbewustheid.

(b) Omdat die verbondsonderwyser 'n amp is wat by uitstek ingerig is volgens die beginsels en doelstellings soos uiteengesit in Efes 4:11 en verder met ander woorde lering, verbondsbegeleiding en verskansing teen dwaallering.

(c) Omdat volgens Efes 4:11, Christus nie net 3 ampte ingestel het nie, maar die Heilige Gees gee daardie dienste na sy behoefte.

Die Sinode van 1989 het van die beskrywingspunt kennis geneem en dit na die KKS verwys".

8.2 Aanbeveling KKS

Die sinode besluit om te volstaan by drie ampte: herder en leraar (predikant), ouderling en diaken.

8.3 **Motivering**

8.3.1 Ons maatstaf vir die organisering en inrigting van die plaaslike kerk is die Heilige Skrif. Verder

bevat ons belydenisskrifte, wat op die Skrif gebaseer is, vir ons aanduidinge ten opsigte van die ampte.

8.3.2 Wat die Skrif betref:

8.3.2.1 Ef 4:11 is nie 'n opsomming van die ampte (dienste) nie.

Die eerste drie wat hier genoem word, is buitengewone ampte: apostels, profete en evangeliste. Hulle was nie uitsluitlik aan 'n bepaalde plaaslike kerk verbonde nie - hulle het 'n meer algemene roeping gehad (Greijdanus Korte Verklaring). Die Here het hulle gebruik om die kerk te vestig. Hulle ampte was tydelik.

Dan bly in Ef 4:11 net die "herders en leraars" oor. Hierdie amp is blywend. Wanneer iemand opgehou het om in die amp te dien, is 'n ander daarin verkies. 'n Herder en leraar is één amp - die predikant.

Die beginsel is dus: die eintlike Leraar is Jesus Christus (dis Hy wat géé aan die gemeente). Hy gebruik die herder en leraar om in die gemeente te onderrig. Die predikant is gevolglik die eintlike verbondsvoog in diens van die Here in die plaaslike kerk. Omdat dit meestal nie prakties uitvoerbaar is dat hy alle klasse waarneem nie, maak die kerk van hulpkragte, die verbondsonderrigleerkragte, gebruik. Maar die predikant is die eintlike verantwoordelike persoon. In beginsel moet die predikant in elke gemeente die verbondsonderrighoof wees.

Ef 4:11 meld niks van ouderlinge en diakens nie, want dit wil nie 'n opsomming gee van al die ampte in die kerk nie.

8.3.2.2 Nie elke lidmaat wat een of ander diens in 'n gemeente lewer, staan in 'n besondere amp nie. Ons lees in 1 Kor 12:28 o.m. van gawes van gesondmaking, van helpers, allerhande tale. Dit het God in daardie gemeente vir die gemeente gestel. Tog is daar geen sprake daarvan dat daar 'n blywende "amp van talegawe", ens. was nie.

'n Lidmaat wat in 'n gesprek êrens 'n ander persoon leer wat die Bybel sê, stel homself nie daarmee in 'n besondere amp nie. Hy doen dit in sy amp as gelowige. Net so: die susters wat 'n onontbeerlike diens in die gemeente lewer, beklee nie vanweë hulle arbeid 'n besondere amp nie. Wanneer die kerkraad 'n lidmaat opdrag gee om 'n bepaalde taak vir die gemeente te verrig, stel die kerkraad hom nie daarmee in 'n besondere amp nie.

8.3.2.3 Ons lees dat die Skrif vereistes stel aan ouderlinge (insluitend die leer-ouderling of

predikant) en aan diakens, bv in 1 Tm 3. Nêrens word voorskrifte ten opsigte van enige ander besondere "amp" gegee nie.

8.3.2.4 Wanneer Paulus gemeentes stig, is in elke gemeente ouderlinge gekies (Hd 14:23).

8.3.3 Wat die belydenisskrifte betref:

Uit die Nederlandse Geloofsbelydenis arts 30, 31 en 32 blyk duidelik dat die besondere ampte in die kerk slegs die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en diakens is.

8.3.4 In die presbiteriale kerkregeringstelsel is verbondsonderrigleerkragte nog nooit as 'n amp gesien nie.

8.3.5 Dit is nie 'n geldige argument om te sê dat aangesien verbondsonderrigleerkragte 'n verantwoordelike taak het, hulle voor die gemeente getuienis van hul roepingsbewustheid moet aflê nie. As verantwoordelikheid 'n maatstaf is, sou dit ook geld vir ouers, vir lidmate wat by Bybelstudie leiding neem ens - met ander woorde moet hulle ook voor die gemeente in ampte gestel word.

9. AKTE VAN DEMISSIE

9.1 Die kommissie bring dit onder die aandag van die sinode dat paragraaf 2 van die Akte van Demissie (Bylae 3 in KO) in ooreenstemming gebring moet word met art 13.1.

9.2 Aanbeveling

Die sinode besluit dat paragraaf 2 van die Akte van Demissie gewysig word om te lees:

"Hierdie losmaking tree in werking op ..... soos ooreengekom deur die predikant en hierdie kerkraad ooreenkomstig bepaling 13.1 van die Kerkorde".

10. ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR PREDIKANTE

10.1 Aanbeveling van KKS wat oorgestaan het by die 1989 Sinode

10.1.1 Die sinode besluit om die SKK se aanbevelings hieroor goed te keur (aangesien dit die KKS se aanbevelings bevat).

10.1.2 Die sinode bepaal dat alle dienende predikante van die AP kerke die goedgekeurde formulier sal onderteken.

10.2 'n Bylae is ook by die 1989 Sinode uitgedeel (gemerk KKS: BYLAE 2 ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR

PREDIKANTE). Dieselfde bylae verskyn onveranderd aan die einde van hierdie afdeling van die verslag as Bylae 1 van hierdie verslag.

10.3 Aanbeveling van KKS

Die aanbeveling in Bylae 2 van die 1989 Verlag dien voor die sinode, met die volgende voorgestelde veranderings:

10.3.1 In die vierde paragraaf op bl 1, wat begin met: "Indien ek later..."

10.3.1.1 Vervang die tweede "of" met "en waar van toepassing"

10.3.1.2 Vervang "ouderlingeraad/kerkraad" met "vergaderings van die ouderlinge ingevolge art 20 van die KO"

10.3.1.3 Skrap "waaraan ek verbonde mag wees".

10.3.2 Paragraaf 2 op bl 2 word uitgebrei met die volgende:

"Indien daar predikante op die Sinode van 1990 is wat beswaar het om die Ondertekeningsformulier te onderteken, wys die sinode 'n ad hoc kommissie aan om hulle staande die sinode daaroor te woord te staan ten einde enige probleme uit die weg te ruim. Die sinode handel daarna na bevind van sake".

"Indien daar van die predikante wat nie op die Sinode van 1990 teenwoordig is nie, beswaar het om die Formulier te onderteken, reël die Kuratorium met hulle onderhoude ten einde hul probleme by te lê. Sou hulle daarna steeds weier om die dokument te onderteken, handel die Sinode van 1991 verder daarmee".

11. AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN ART 13.2 VAN DIE KO

Die sinode besluit dat art 13.2 uitgebrei word deur "en ondertekende ondertekeningsformulier" in te voeg tussen "attestaat" en "by".

12. ADVIES AAN PKKEN INSAKE KARAKTER VAN DIE APK (Agenda 1989 Sinode, bl 174)

12.1 Dit is aan die PKKEN en KKS opgedra om aandag te gee aan 'n beskrywingspunt van die Ring van Klerksdorp in verband met moontlike oorblywende metodistiese, liberalistiese, humanistiese, kollegialistiese en ander ongewenste reste en invloede by die APK.

12.2 Die KKS het sy advies skriftelik in hierdie verband aan die PKKEN gegee.

12.3 Ds AJ van Niekerk het laat aanteken dat hy hom van die betrokke advies distansieer.

13. BRIEF VAN LOSMAKING

13.1 Die kommissie het kennis geneem van die behoefte aan toepaslike dokumentasie wat in die plek van 'n gewone akte van demissie gebruik kan word wanneer 'n predikant kragtens art 18 losgemaak word.

13.2 Aanbeveling

Die sinode keur die konsep-brief van losmaking goed en besluit dat dit ook as 'n bylae in die KO opgeneem word. (Kyk Bylae 2).

14. SAKE WAT OORSTAAN VIR DIE VOLGENDE SINODE

14.1 As gevolg van die lengte van die verslag van die KKS, het die kommissie besluit dat dit raadsaam is om die volgende sake te laat oorstaan:

14.1.1 Status van predikante (Acta 1989 Sinode bl 483 punt 4).

14.1.2 Lidmaatskap van die AB en Vrymesselary (Acta 1989 Sinode bl 465-466).

14.1.3 Regsadvies oor KO ten opsigte van eiendom van plaaslike kerk en naam van kerk. (Acta 1989 Sinode bl 130.1). Regsadvies is wel ingewin en kan deur die skriba van die KKS deurgegee word aan die volgende KKS.

14.2 Aanbeveling

Die sinode besluit om die sake genoem in punte 14.1.1-14.1.3 te verwys na die volgende permanente KKS.

BYLAE "1"

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

KKS: BYLAE

ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR PREDIKANTE

(Aanbevelings van die KKS aan die SKK met die oog op Sinode: 1989)

VIR GOEDKEURING

Aanbeveling: Die sinode besluit soos volg oor die Ondertekeningsformulier vir predikante:

1. GOEDKEURING VAN BEWOORDING

Onderstaande Ondertekeningsformulier vir predikante in die AP kerke (gemeentes) word goedgekeur:

ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR PREDIKANTE VAN AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE (GEMEENTES)

Ek, ondergetekende bedienaar/toekomstige bedienaar van die Goddelike Woord in 'n Afrikaanse Protestantse Kerk(e), verklaar hiermee voor die Here dat ek die leer van die AP kerke, soos saamgevat in die drie Formuliere van Eenheid, nl die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat vasgestel is op die sinode van Dordrecht in 1618-19, heelhartig onderskryf en dat ek glo dat die leer in alles met die Woord van God ooreenkom.

Ek beloof plegtig dat ek genoemde leer sal uitdra en getrou sal verdedig. Ek belowe verder dat ek geen leer strydig met of buite die leer sal preek, skrywe, onderrig of voorstaan nie.

Ek verwerp alle dwalinge wat met gemelde leer in stryd is en belowe om sodanige dwalinge te weerlê en alles wat moontlik is te doen om hulle uit die kerk te weer.

Indien ek later enige bedenking of beswaar teen die gemelde leer sou hê, belooof ek nou dat ek dit nóg openlik nóg in die geheim, mondeling of skriftelik, te kenne sal gee anders as aan die ouderlingeraad (kerkraad) waaraan ek verbonde mag wees, of aan 'n betrokke ring of 'n sinode van die Afrikaanse Protestantse kerke. Totdat so 'n bedenking of beswaar deur 'n sinode afgehandel is, sal ek dit nêrens en op geen wyse propageer nie.

Ek verklaar my bereid om deur die gemelde vergaderings daaroor ondervra te word en my aan die beslissing van die ouderlingeraad/ring/sinode te onderwerp, by gebreke waarvan ek gemeenskap met die AP kerk sal opsê, of van my diens geskors en/of afgesit sal word. Ek behou egter die reg om appèl na 'n sinode voor teen beslissinge van die kerkraad en/of ring. Voorts erken ek dat die kerkraad van die gemeente waaraan ek verbonde mag wees deur bevestiging of emeritering, 'n ring en 'n sinode van die AP kerke die reg het om te enigertyd om redes wat een of meer van hulle gewigtig mag ag, van my 'n nadere verklaring oor my eie leer te mag vra en my op die voorgeskrewe kerkordelike wyse man skors en/of uit die amp ontslaan indien dit bevind word dat ek nie een in leer met die AP kerke is nie of dat ek 'n leer buite dié van die AP kerke handhaaf deur middel van prediking of mondelinge propagering of geskrif of onderrig.

Ek onderwerp my in hierdie verband aan die huidige Kerkorde asook aan die Kerkorde soos wat toekomsstige sinodes dit mag wysig. Indien ek my aan die Kerkorde, soos deur toekomstige sinodes gewysig, nie kan onderwerp nie, sal ek dit onverwyld aan die plaaslike kerkraad en die plaaslike ring skriftelik te kenne gee, maar my aan die wysiging hou totdat 'n volgende sinode daaroor beslis het.

GEGEE EN ONDERTEKEN OP HIERDIE ..... DAG VAN

..... 19.... .

HANDTEKENING: .....

VOORLETTERS EN VAN IN DRUKSKRIF: .....

GETUIES: 1. .....

2. .....

2. <u>ONDERTEKENING DEUR HUIDIGE PREDIKANTE</u>

Alle huidige predikante van AP kerke (gemeentes) moet nog tydens hierdie sinode genoemde formulier onderteken en by die skriba van die sinode inhandig. Predikante wat nie tydens die sinode teenwoordig is nie, moet die formulier binne een maand na afloop van die sinode behoorlik ondertekend by die dienende SKK indien. Dieselfde geld vir geëmeriteerde predikante, predikante met beperkte opdrag en vir teologiese dosente.

3. KOPIEë

Die dienende SKK moet 'n kopie van elke predikant se ondertekende formulier binne twee maande na afloop van hierdie sinode aan elk van die volgende pos: die betrokke predikant en kerkraad(e); die betrokke ringskommissieskribas.

4. ONDERTEKENING DEUR TOEKOMSTIGE PREDIKANTE

Alle persone wat in die toekoms in die Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes) beroepbaar gestel word - dit wil sê predikante wat uit ander kerkverbande kom en predikantstatus ontvang, persone wat voorheen predikante was en nou in die AP kerkverband proponente word, asook teologiese studente wat proponeer - moet die Ondertekeningsformulier by geleentheid van hulle beroepbaarstelling onderteken. Geen kerkraad mag so iemand as predikant bevestig alvorens die kerkraad 'n ondertekende Onderkeningsformulier in ontvangs geneem het nie.

Na bevestiging in die amp stuur die skriba van die kerkraad 'n kopie van die ondertekende formulier aan die ringskommissie se skriba en besorg ook een aan die predikant.

5. KERKORDE

Die Ondertekeningsformulier moet as bylae in die Kerkordeboekie opgeneem word.

BYLAE "2"

KONSEP VIR VOORLEGGING AAN DIE SINODE 1990

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

BRIEF UITGEREIK NA LOSMAKING KRAGTENS ART 18 KO 1989

Hiermee verklaar die kerkraad van die AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK .....

dat ds ..... tot op .....

predikant van hierdie kerk (gemeente) was, toe die ring van ..... kragtens art 18 KO die band tussen die kerkraad en ds ..... losgemaak het.

Terwyl ds ..... tans 'n beroep afwag, bid die kerkraad dat die Here die beste oor hom sal beskik. Mag dit so wees dat hy 'n beroep na 'n ander gemeente sal ontvang waar hy met vrug en tot stigting van daardie gemeente kan dien.

Hierdie brief word uitgereik in die plek van die Akte van Demissie wat ingevolge art 13.1 van die KO 1989 by bevestiging in 'n ander gemeente ingedien moet word.

Geteken op hierdie ..... dag van ..... 19....

te ..... namens die kerkraad van die AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK .....

VOORSITTER: .....

SKRIBA: .....

Afdhby2

AFDELING I - BEGROTING

Kyk verslag van die Finansiële Kommissie.

Hiermee vertrou die kommissie dat sy werk tot bevrediging van die sinode gedoen is en tot eer van die Here.

.....

VOORSITTER: PROF DR FAH VAN STADEN

.....

SKRIBA: DS AJ VAN NIEKERK

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Vierde Sinode 17 - 22 September 1990

Verslag: KURATORIUM

1. PERSONEEL

1.1 **Lede van die Permanente Kommissie**

Di A Boshoff (Voorsitter), MC Adendorff (Ondervoorsitter), IA Brink, R Marè (Skriba), DR Schwartz, AJ Taute, AS van Jaarsveld, JJ (Jurie) Venter, drs E Friis, drr WA Burger en MFM Pretorius.

1.1.1 Nadat ds R. Marè die beroep as teologiese dosent aanvaar het, het hy kragtens sinodale besluit uit die Kuratorium getree en is hy deur die eerste sekunduslid, oudl J.J. Prinsloo vervang.

1.1.2 Dr W.A. Burger het weens ander kerklike verpligtinge tydelik aan die Kuratorium onttrek en het die tweede sekunduslid, ds N.J. Rautenbach waargeneem.

1.1.3 Die Kuratorium het na die onttrekking van prof R. Marè, prof dr F.A.H. van Staden, die Administrateur van die Kuratorium versoek om as skriba te dien.

1.2 **Amptenare van die Kuratorium**

1.2.1 Administrateur: dr F.A.H. van Staden in erehoedanigheid.

1.2.2 Sekretaresse-tikster: mev C.M. Barnard.

2. VERGADERINGS

Die Kuratorium het agt keer vergader, te wete op 3 en 6 November, 22 November 1989, 8 Januarie, 6 Februarie, 20 Maart, 1 Mei, 5 Junie en 6 Julie 1990.

3. DAGBESTUUR

Die Kuratorium het 'n **Dagbestuur** soos volg saamgestel

Di A. Boshoff (Voorsitter), M.C. Adendorff (Ondervoorsitter), D.R. Schwartz (Hulpskriba) met prof dr F.A.H. van Staden as Skriba.

4. VERGADERINGS

Die Dagbestuur het op 19 Februarie, 30 Maart en 23 Mei 1990 vergader.

5. SUBKOMMISSIES

Die Kuratorium het uit eie geledere drie Subkommissies saamgestel ten einde sy werksaamhede te vergemaklik, te wete vir

5.1 Huisvesting van studente, Studentebegeleiding, Beurse en Skakeling;

5.2 Keuring, Eksaminering, Colloquium Doctum, Statusverlening en Legitimering;

5.3 Finansies, Fondsontginning, Begroting.

Ten einde reiskoste te bespaar het die Subkommissies na behoefte op dieselfde dag as die Kuratorium vergader.

6. TEOLOGIESE DOSENTE

6.1 Raad van Dosente

Die teologiese dosente, prof dr F.A.H. van Staden (hoof van opleiding), prof (drs) H.S. Theron, prof (drs) H.C.G. Robbertze en prof (drs) R. Marè vorm 'n Raad van Dosente wat die werksaamhede aan die Teologiese Skool behartig, die studente onderrig en begelei en die Kuratorium adviseer.

6.2 Bevestiging prof R. Marè

Prof R. Marè is op 6 Februarie 1990 as hoogleraar bevestig.

6.3 Inougurale redes

Volgens sinodale besluit is die volgende reëlings getref vir inougurale redes deur die dosente:

prof Robbertze, 6 Februarie 1990, prof Van Staden, 6 Junie 1990, prof Theron met die sluiting van die Teologiese Skool einde 1990 en prof Marè met die opening van die Teologiese Skool, Februarie 1991.

6.4 Studievordering

Nadat prof Marè die doktorale eksamen in Teologie suksesvol afgelê het, beklee proff Theron, Robbertze en Marè nou al drie die status van Doktorandus in die Teologie (D.Drs) en werk al drie nou ook aan hulle proefskrifte vir verwerwing van die doktorsgraad.

6.5 Kontrole

Die Kuratorium oefen kontrole uit oor die teologiese onderrig deur onder andere die aanstelling van eksterne eksaminatore uit eie geledere en die skepping van interne teologiese werksgemeenskappe onder leiding van die dosente.

6.6 Verdere Teologiese Opleiding

Die reëling van Verdere Teologiese Opleiding, ter wille van die predikante is aan die dosente opgedra.

Aanbeveling 1

Die Sinode keur goed dat op die Begroting van die Kuratorium vir 1991 ten volle begroot word vir die voltydse dosentpos wat tans in erehoedanigheid deur prof dr Van Staden gevul word, sodat die Kuratorium voorbereid kan wees vir enige onvoorsiene gebeurlikheid ten opsigte van vervanging of vergoeding.

6.7 Die kerkregtelike posisie van die teologiese dosente (kyk Handelinge van die Sinode 1989, p. 413, punt 39.1).

Die Kuratorium het aan die hand van advies ingewin van die KKS die kerkregtelike posisie van die teologiese dosente oorweeg en doen die volgende aanbevelings

Aanbeveling 2

Die Sinode besluit om na art. 9.3 Kerkorde 1989 'n nuwe artikel 9.4 in te voeg, wat soos volg bewoord is: (die Sinode) "magtig die Kuratorium om namens die plaaslike kerke in kerkverband dosente te benoem en in diens te stel vir die leerstoele wat die sinode goedkeur".

Motivering

Die Kerkorde maak nie daarvoor voorsiening dat die Kuratorium dosente aan die Teologiese Skool kan aanstel nie. Tot op datum het die Kuratorium gehandel op die aanvaarding dat art. 9.3 dit veronderstel.

Aanbeveling 3

Die Sinode besluit om na die nuwe artikel 9.4 'n nuwe artikel 9.5 in te voeg, wat soos volg bewoord is: (die Sinode) "bepaal dat indien 'n bedienaar van die Woord die benoeming as teologiese dosent aanvaar hy volgens arts. 16.1 tot 16.3 by die Kuratorium aansoek doen vir behoud van status".

Motivering

Predikantstatus is verbonde aan die bediening in 'n plaaslike kerk, vg. KO arts. 7, 14, 16, 18. Indien 'n bedienaar van die Woord sy gemeente verlaat, behalwe ingevolge bepaling 11.6, art. 13.1 en art. 19 verloor hy sy status. Die Kerkorde maak nie van 'n teologiese dosent 'n uitsondering nie. Daar is drie moontlikhede waarvolgens 'n teologiese dosent status kan behou, naamlik aansoek by die Kuratorium volgens art. 16.1, 16.2 en 16.3, òf deur met beperkte opdrag aan sy laaste gemeente verbind te bly òf volgens die gebruik in die Nederlandse Gereformeerde Kerke en die Christian Reformed Church (VSA) waarvolgens behoud van predikantstatus gegrond word op die feit dat 'n teologiese dosent in diens staan van al die plaaslike kerke in kerkverband, ("vandaar dat het heet, dat zij geagt worden in diens te staan van die gezamentlijke kerken. Daarmede wordt de rechtsgrond aangegeven, waarom zij de eer en de naam van een dienaar des Woords mogen behouden").

Die Kuratorium verkies die moontlikheid van art. 16 waardeur alle predikante gelykwaardig behandel word.

Aanbeveling 4

Die Sinode besluit om na die nuwe artikel 9.5 'n nuwe artikel 9.6 in te voeg, wat soos volg bewoord is: (die Sinode) "bepaal dat aangesien die Kuratorium 'n teologiese dosent namens al die kerke (gemeentes) benoem, die Kuratorium die opsig oor die dosent se dienswerk behou. Dit beteken dat die Kuratorium, indien die dosent, volgens die oordeel van die Kuratorium onbevoeg geag word vir sy opdrag of as hy in leer of lewenswandel dwaal, hom summier kan stuit in sy dienswerk. Indien dit om onbevoegdheid gaan, kan die Kuratorium hom van sy pligte onthef en in die amptelike blad van die kerk beroepbaar verklaar, met dien verstande dat die Kuratorium verantwoordelik is vir huisvesting (of huistoelae) en die betaling van traktement (ingesluit pensioen- en mediese fondsbydraes) aan die bedienaar solank as wat hy nog nie 'n beroep ontvang het nie tot 'n maksimum tydperk van drie maande. Indien na drie maande geen beroep ontvang is nie, besluit die Kuratorium oor behoud van status en verdere beroepbaarstelling. Indien dit om dwaling in leer of lewenswandel gaan, moet dit eers kragtens arts. 54 en 55.4 bewys word voordat skorsing of afsetting kan volg. Die dosent moet ook volgens art. 52 reg en geleentheid vir verweer kry en reg tot appel volgens arts. 55.5 en 55.6".

Motivering

Die Sinode neem volgens art. 9.1 "volle verantwoordelikheid vir die dosente" en stel volgens art. 9.3 'n Kuratorium aan "wat alle belange ten opsigte van opleiding... behartig". Daarom is dit nodig dat die Kuratorium wat dosente benoem, opsig oor die dienswerk moet uitoefen. Daarvoor moet voorsiening gemaak word.

Aanbeveling 5

Die Sinode besluit om na die nuwe art. 9.6 'n nuwe artikel 9.7 in te voeg, wat soos volg bewoord is: (die Sinode) bepaal dat 'n teologiese dosent deur 'n kerkraad met uiters beperkte opdrag beroep kan word, met dien verstande dat met die Kuratorium onderhandel word oor die omvang van die opdrag.

Aanbeveling 6

Die Sinode besluit om art. 37.2 van die KO 1989 soos volg te wysig: (SINODE Samestelling "Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: 37.1 uit elke kerk (gemeente) die bedienaars van die Woord...;)
Art. 37.2: 'n teologiese dosent moet in adviserende hoedanigheid sitting neem tensy hy met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens art. 37.1 deur die kerkraad afgevaardig word.

7. STUDENTE

7.1 Vir die studiejaar 1990 het drie teologiese studente en dertien admissante geregistreer:

7.1.1 **Teologiese studente:** A. Boshoff (sesde jaar), H.F. Jooste (vyfde jaar) en P. Janse van Rensburg (vierde jaar).

7.1.2 **Admissante:** D. Stoltz (derde jaar UP), J.M. de Wet (derde jaar UOVS), W.A. Burger (tweede jaar UP), H. Kahts (tweede jaar UP), J.D. Jansen van Rensburg (tweede jaar UP), E.A. Claassen (tweede jaar UNISA), J. Rossouw (tweede jaar PU vir CHO), C.J.H. van Wyk (eerste jaar UP), D.W. Hofmann (eerste jaar UP), C.J. Bezuidenhout (eerste jaar UOVS), P.J. van der Nest (eerste jaar PU vir CHO), G.R. Bester (eerste jaar UNISA) en W.A. Retief (eerste jaar UNISA.)

8. PREDIKANTSTATUS

Die Kuratorium het tien aansoeke vir die toekenning van predikantstatus ontvang, waarvan agt toegestaan is, te wete aan ds M.J. de Kock (emeritus), propp J.H. de Jager, J.M. Cronje, E.G. Mouw, R.M.J. Britz, G. Smit, (dr) E.M. Viljoen en S.J. Gouws.

8.1 Aanbeveling 7

Die Sinode besluit dat ooreenkomstig die bepalings van arts. 8 en 9 van die Kerkorde 1989 net die Kuratorium bevoegdheid het om proponent- en predikantstatus te verleen.

Motivering

Toekenning van status aan predikante is in beginsel en kerkordelik 'n saak van die Kuratorium;

predikante met status in ander kerkverbande van Gereformeerde belydenis wat na die Afrikaanse Protestantse kerkverband oorkom, verloor hulle status sodra hulle as lidmate bedank om lidmaatskap in 'n Afrikaanse Protestantse plaaslike kerk aan te vra, aangesien predikantstatus 'n suiwer kerklike reëling en toekenning is, wat nie oordraagbaar is na 'n ander kerkverband en daar dus nie sprake kan wees van "met status oorkom" nie;
predikante wat uit ander kerkverbande van Gereformeerde belydenis lidmaatskap in 'n Afrikaanse Protestantse plaaslike kerk verkry, moet daarom de novo aansoek doen om status ten einde aan die bepalings van die Kerkorde te voldoen.

9. OEFENAARS

9.1 Die Kuratorium het die oefenaars P.J. Retief, Z.J. van Rensburg, P.S. van Heerden en M.J.G. Botes persoonlik vir 'n onderhoud ontmoet met behandeling van die vertroulike verslae van kerkrade ontvang en die vordering van hulle studies.

9.2 Die Kuratorium het besluit om al vier se oefenaarskap vir 1990 te kontinueer.

9.3 Die Kuratorium sal DV einde 1990 weer die oefenaars ontmoet en besluit oor hul oefenaarskap op grond van vordering met hul studies.

9.4 Die Kuratorium het dit aan die Raad van Dosente opgedra om intussen die teologiese studiebestek, wat van die oefenaars vereis word om te voltooi, met die oefenaars te reël.

9.5 Aangesien die oefenaars eintlik studente is en sukses met hul studie nie net belangrik is vir die kontinuering van hul oefenaarskap nie, maar veral vir legitimasie en beroepbaarstelling het die Kuratorium die kerkrade waar die broeders werksaam is, beleefd versoek om hul werksprogram so te reël dat hulle genoegsaam studiegeleentheid sal hê.

10. LASGEWING

10.1 Die Kuratorium het sy lasgewing, wat deur die Sinode 1989 as riglyn aanvaar is en terugverwys is na die Kuratorium vir hersiening én voorlegging aan die Sinode 1990 vir goedkeuring, in behandeling geneem.

10.2 Die lasgewing is soos volg

10.2.1 Die sinode besluit dat die reglement van elke permanente kommissie minstens Bepalinge 1 tot 10 sal bevat.

10.2.2 Die sinode besluit dat die volgende PKKEN en die volgende KKS die hieropvolgende konseplasgewing moet bestudeer met die oog op die samestelling van finale lasgewing wat deur die sinode 1990 finaal gekeur moet word. Intussen dien dit as riglyne vir permanente kommissies tot by die volgende sinode.

10.2.3 Die sinode keur die hieropvolgende konseplasgewing vir elke kommissie goed.

10.2.4 Die sinode besluit dat hierdie lasgewings alle vorige sinodebesluite wat hiermee in stryd is, vervang.

10.3 Bepalings vir elke permanente kommissie van die sinode

10.3.1 Opdraggewer en samestelling

Die kommissie ontvang slegs opdragte van 'n sinode van die APK, wat die grootte van die kommissie bepaal en die lede met sekundi benoem.

10.3.2 Advies

Wanneer ander permanente kommissies of kerkrade of ringe of lidmate dit versoek, mag die kommissie aan hulle advies aanbied. Sodanige advies sal egter altyd slegs aanbevelings wees en mag nooit as voorskrifte aangedien of aanvaar word nie.

Wanneer die kommissie 'n advies oor 'n saak lewer waaroor geen sinode van die APK nog 'n uitspraak gelewer het nie, moet die Kommissie dit duidelik in sy advies vermeld. Die kommissie mag nie oor sodanige saak 'n standpunt namens die APK stel nie. Slegs 'n sinode van die APK kan uitsprake namens die APK doen. Die Kommissie mag wel bestaande standpunte van 'n sinode deurgee.

10.3.3 Interpretasie

Die Kommissie het die reg om sinodebesluite oor sake rakende die terrein van die Kommissie te interpreteer en sodanige interpretasie as advies te gee. Slegs 'n sinode van die APK mag egter 'n sinodebesluit gesaghebbend en finaal interpreteer of wysig of herroep.

10.3.4 Binding

Die Kommissie is gebind aan die Belydeniskrifte en Kerkorde van die APK asook aan sinodebesluite.

10.3.5 Rappport

Die Kommissie word deur 'n sinode van die APK saamgestel en moet gevolglik van al sy werksaamhede aan die volgende sinode skriftelik rapport lewer. Die Kommissie rapporteer nie aan 'n ander kommissie nie en is nie bevoeg om as regter tussen kommissies op te tree nie.

10.3.6 Openbare optrede

Die Kommissie mag homself nie aandien as "die APK" of as "die sinode" nie. Die Kommissie kan nooit as 'n sinode tussen verskillende sinodes funksioneer nie. Desnieteenstaande mag die Kommissie standpunte van sinodes oor sy werkterrein in die openbaar (oor die radio, op TV en in die pers) via die kommissie wat die mandaat daartoe van 'n sinode ontvang het, stel indien dit nodig en gewens mag wees.

10.3.7 Beskrywingspunte

Beskrywingspunte vir 'n sinode, wat op die terrein van die Kommissie val, word deur die Kommissie voor die sinode bestudeer sodat die Kommissie se aanbeveling saam met die beskrywingspunt op die sinode kan dien. Die Kommissie moet hom daarvan vergewis of vorige sinodes van die APK reeds besluite geneem het wat die beskrywingspunt raak. Indien die Kommissie oordeel dat 'n beskrywingspunt by 'n ander kommissie tuishoort, verwys hy dit direk na daardie kommissie en rapporteer aan die volgende sinode oor die verwysing.

10.3.8 Indeks

Die Kommissie stel 'n indeks van alle sinodebesluite wat op sy terrein val, op en bring die indeks jaarliks op datum. Hierdie indeks vorm nie deel van sy rapport aan die sinode nie, maar moet wel deur die Kommissie vir die sinode beskikbaar gehou word.

10.3.9 Sakelys van Kommissie

Die Kommissie hanteer slegs sake wat op sy terrein val en waartoe hy van 'n sinode volmag ontvang het.

10.3.10 Lasgewing

Die Kommissie

10.3.10.1 word deur die persoon wat deur die sinode as sameroeper aangewys is, byeengeroep, met die oog op die verkiesing van 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en ander funksionarisse wat die Kommissie nodig mag ag;

10.3.10.2 besorg op sy eerste vergadering 'n kopiè van sy eie lasgewing aan elke lid van die Kommissie, en dra sorg dat elke lid met die inhoud daarvan vertroud is;

10.3.10.3 vergader minstens een keer per jaar. Wanneer 'n vakature ontstaan, word die sekundus opgeroep;

10.3.10.4 hou notule van al sy vergaderinge;

10.3.10.5 stel 'n rapport vir die volgende sinode op. Hierdie rapport moet die riglyne vir rapport, wat deur die sinode vasgestel is, volg - dit sal gevolglik 'n begroting en konseplasgewing vir die te-benoemde Kommissie bevat;

10.3.10.6 doen by sinodes aanbevelings ten opsigte van wysigings aan hierdie lasgewing.

10.4 Die Kuratorium

10.4.1 Die Kuratorium

10.4.1.1 stel 'n dagbestuur saam;

10.4.1.2 wys subkommissies aan soos hy dit van tyd tot tyd nodig ag;

10.4.1.3 behartig die redaksie en uitgawe van 'n Teologiese Blad;

10.4.1.4 meubileer die Teologiese Skool en dosentekantore, in oorleg met die RKA;

10.4.1.5 stel personeel vir die kantoor aan en besluit oor hulle diensvoorwaardes, salarisse en ontslag;

10.4.1.6 bestuur en beheer die Teologiese Skool. Dit sluit ook die uitvoering en toepassing van Kerkorde art. 8 en 9.3 in;

10.4.1.7 oefen beheer uit oor die fondse van die Kuratorium en Teologiese Skool (waaronder die belê van fondse, besteding daarvan, boekhouding, ouditering, ens.);

10.4.1.8 implementeer die besluite van en oor die Kuratorium as regspersoon vir solank die Kuratorium 'n regspersoon is;

10.4.1.9 skakel met die betrokke gemeente(s) wat by die beroeping van teologiese dosente betrokke is (kyk goedgekeurde beroepsprosedure);

10.4.1.10 oorweeg aansoeke van persone wat tevore reeds maar wat tydens datum van aansoek nie meer bedienaar van die Woord was nie. Indien 'n aansoek slaag, word aan die persoon proponent-status toegeken (hy word gelegitimeer) en word hy beroepbaar gestel;

10.4.1.11 bedien sinodes met advies ten opsigte van die volgende:

wysiginge in leerplanne van teologiese studente;

wysiginge in toelatingsvereistes vir teologiese studente;

10.4.1.12 administreer beurse en lenings van voorbereidende en teologiese studente; dit sluit die beslissing oor aansoeke, invordering van leningskuld ens. in;

10.4.1.13 behartiging van ooreenkomste met oefenaars. Die Kuratorium bepaal hoedanig die jaarlikse vordering van oefenaars ten opsigte van die verwerwing van die nodige kwalifikasies moet wees. Indien vordering nie volgens die reëling van die Kuratorium geskied nie, kan die oefenaarskap deur die Kuratorium beëindig word;

10.4.1.14 oefen beheer uit oor die Biblioteek van die Teologiese Skool;

10.4.1.15 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kuratorium mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

10.5 Aanbeveling 8

Die Sinode keur die inhoud van die lasgewing goed met die volgende wysiginge:

10.5.1 Wysig: RKA by 10.4.1.4 word BRKA

10.5.2 Voeg in by 10.4.1.5 na die woord "ontslag" "in samewerking met die BRKA"

10.5.3 Voeg in by 10.4.1.7 in die eerste reël tussen die woorde "die" en "fondse" "besteding van die en skrap al die woorde tussen hakies.

10.5.4 Skrap 10.4.1.9 aangesien dit nie besluit is nie.

11. TEOLOGIESE TYDSKRIF

11.1 Die Sinode - 1989 het die publikasie van 'n teologiese tydskrif, waarvan die kernredaksie die teologiese dosente is goedgekeur, dog nie daarvoor begroot nie, sodat publikasie nie kon voortgaan nie.

11.2 Aanbeveling 9

Die Sinode begroot op die Begroting van die Kuratorium 1991 vir die publikasie van ten minste een uitgawe van 'n teologiese tydskrif.

12. BYBELVERTALING

Volgens sinodale besluit (1989) moes die Kuratorium en SKK die Bybelvertalingskommissie met ses lede aanvul. Die Kuratorium het die volgende genomineer: dr F.A.H. van Staden, prof R. Marè, prof P.F.D. Weiss, prop M.J. Eilers, di A.S. van Staden, A. Boshoff, A.S. van Jaarsveld en dr M.F.M. Pretorius.

13. BEHOEFTES VAN DIE KURATORIUM

13.1 Die Kuratorium het met die oorname van sy eiendom deur die BRKA op grond van die getal dosente en groeiende getal studente, die biblioteek en ander wat gehuisves moet word 'n onmiddellike en geprojekteerde behoeftebepaling vir die Teologiese Skool gedoen.

13.2 Die Kuratorium het dit aan dr Van Staden opgedra om 'n memorandum op te stel en dit is aan die BRKA voorgelê.

14. TEOLOGIESE DAE

Die Kuratorium het twee teologiese dae gereël vir die predikante, studente en belangstellende lidmate en wel op 7 Februarie en 6 Junie 1990 by welke geleenthede respektiewelik gehandel is oor die "Prediking" en die "Roeping van die Kerk in 'n krisistyd soos hierdie".

15. BESLUITE VAN SINODE 1989

Alle sinodale besluite met opdragte aan die Kuratorium is uitgevoer, vgl. punte 6.3, 6.5, 6.6, 10 en 12. Die opdragte wat nie hierbo genoem is nie, is die volgende: jaarlikse verslag van kerkrade aangevra oor elke teologiese student, opleiding van ouderlinge en oorweging van Afrikaans I as admissie vak. Eersgenoemde sal jaarliks uitgevoer word, die ouderlingopleiding is ingewerk in die ouderlinghandleiding, vgl. verslag van Sinodale Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap en laasgenoemde geniet aandag.

16. BESKRYWINGSPUNTE VIR SINODE 1990

Geen beskrywingspunte is ontvang nie.

17. BEGROTING 1991

15.1 Die Kuratorium het in onderhandeling met die Finansiële Kommissie besluit om die volgende begroting aan die Sinode voor te lê vir goedkeuring.

Totale vergoedingspakket vir 3 dosenteposte	R289 500,00
Totale vergoedingspakket vir 1 dosentepos	R 96 500,00
Reiskoste (vir dosente)	R 32 000,00
Reiskoste vir Kommissie (daggelde)	R 20 000,00
Biblioteek/Tydskrifte	R 12 000,00
Teologiese Tydskrif	R 4 000,00
Onderrighulpmiddels vir die Teologiese Skool	R 12 000,00
Gebeurlikheidsfonds	R 1 000,00

5.2 Aanbeveling

Kyk vir aanbeveling by die Verslag van die Finansiële Kommissie.

DS A BOSHOFF
VOORSITTER

PROF DR FAH VAN STADEN
SKRIBA

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME

1. PERSONEEL

Lede van die Permanente Kommissie:

Di. MP Taute (Voorsitter), AS van Staden (Skriba), IA Brink, PR Jonker, PK Roodt, WJ van der Merwe, Dr AG Burger, Oudle.MC Botha en MJ Cornelius.

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het twee keer vergader, nl. op 7 Februarie 1990 en 7 Junie 1990.

3. SAKE DEUR VORIGE SINODE VERWYS NA DIE PKKEN

3.1 Vervanging van "neergedaal ter helle" met "na die doderyk" in die Twaalf Artikels (Agenda 1989 p 146).

3.1.1 **Aanbevelings:**

3.1.1.1 **Die Sinode besluit dat die huidige bewoording behou word.**

3.1.1.2 **Die Sinode besluit dat 'n voetnota toegevoeg word: "Dit beteken dat Hy helse smarte gely het en nie dat Hy letterlik in die hel was nie. (Vergelyk Heidelbergse Kategismus Sondag 16, Vraag en antwoord 44; die Geloofsbelydenis van Nicea.)"**

3.2 Lasgewing Permanente Kommissies

3.2.1 Algemene bepalings

3.2.1.1 Opdraggewer

3.2.1.1.1 Die kommissie ontvang slegs opdragte van 'n Sinode van die AP Kerk.

3.2.1.1.2 Die Sinode bepaal die grootte van die kommissie en benoem lede met secundi.

3.2.1.1.3 Die kommissie mag kundige lede koöpteer om in adviserende hoedanigheid die kommissie van advies te bedien.

3.2.1.1.4 Met die samestelling van die kommissie word in ag geneem die samestelling van die Sinode, d.w.s. die verhouding in getalle tussen leraars en ouderlinge. (Vgl. die samestelling van die RKA).

3.2.1.2 Advies

3.2.1.2.1 Die kommissie mag advies aanbied aan ander

kommissies, kerkrade, ringe of lidmate indien daartoe versoek. Sodanige advies sal egter altyd aanbevelings wees en mag nooit as voorskrifte aangedui of aanvaar word nie.

3..2.1.2.2 Wanneer die kommissie 'n advies oor 'n saak lewer waaroor geen Sinode van die APK nog uitspraak gelewer het nie, moet die kommissie dit duidelik in sy advies vermeld.

3.2.1.2.3 Die kommissie mag nie oor sodanige saak, standpunt namens die APK stel nie. Slegs 'n Sinode van die APK kan uitsprake namens die APK doen.

3.2.1.2.4 Die kommissie mag wel bestaande standpunte van die Sinode deurgee.

3.2.1.3 Interpretasie

3.2.1.3.1 Die kommissie het die reg om Sinodebesluite oor sake rakende die terrein van die kommissie te interpreteer en sodanige interpretasie as advies te gee, met dien verstande dat slegs 'n Sinode van die APK vorige besluite gesaghebbend en finaal mag interpreteer of wysig of herroep.

3.2.1.4 Binding

Die kommissie is gebind aan:

3.2.1.4.1 Die Woord van God.

3.2.1.4.2 Die Belydenisskrifte. (Kerkorde Artikel 1).

3.2.1.4.3 Die Kerkorde.

3.2.1.4.4 Vorige Sinodebesluite.

3.2.1.5 Rapport

3.2.1.5.1 Die kommissie word deur 'n Sinode van die APK saamgestel en moet gevolglik van al sy werksaamhede aan die volgende Sinode skriftelik rapport lewer.

3.2.1.5.2 Hierdie rapport moet die riglyne vir die rapport wat deur die Sinode vasgestel is, volg. Dit sal gevolglik 'n begroting en konsep-lasgewing vir die te-benoemde kommissie bevat.

3.2.1.5.3 Die kommissie rapporteer nie aan 'n ander kommissie nie en is nie bevoeg om as regter tussen kommissies op te tree nie.

3.2.1.6 Openbare optrede

3.2.1.6.1 Die kommissie mag homelf nie aandien as "die APK" of as "Sinode" nie. Die kommissie kan nooit as 'n sinode tussen verskillende sinodes funksioneer nie.

3.2.1.6.2 Indien dit nodig en gewens mag wees, mag die kommissie standpunte van die Sinodes oor sy werksterrein in die openbaar (oor die radio, TV en in die pers), via die kommissie wat die mandaat van 'n Sinode daartoe het, stel.

3.2.1.6.3 Die kommissie rapporteer aan die volgende Sinode oor genoemde openbare optrede.

3.2.1.7 Beskrywingspunte

3.2.1.7.1 Beskrywingspunte vir 'n Sinode wat op die terrein van die kommissie val, word deur die kommissie voor die Sinode bestudeer sodat die kommissie se aanbevelings saam met die beskrywingspunt op die sinode kan dien.

3.2.1.7.2 Die kommissie moet hom daarvan vergewis of die vorige Sinodes van die APK reeds besluite geneem het wat die beskrywingspunte raak.

3.2.1.7.3 Indien die kommissie oordeel dat 'n beskrywingspunt by 'n ander kommissie tuishoort, verwys hy dit direk na daardie kommissie en rapporteer aan die volgende Sinode oor die verwysing. Sorg moet gedra word dat sodanige beskrywingspunte wel op die volgende Sinode aandag geniet.

3.2.1.8 Indeks

3.2.1.8.1 Die kommissie stel 'n indeks van alle Sinodebesluite op wat op sy terrein val en bring die indeks jaarliks op datum.

3.2.1.8.2 Die indeks vorm nie deel van sy rapport aan die Sinode nie, maar moet wel deur die kommissie vir die Sinode beskikbaar gehou word.

3.2.1.9 Sakelys van die kommissie

3.2.1.9.1 Die kommissie hanteer slegs sake wat op sy terrein val en waartoe hy van 'n Sinode volmag ontvang het.

3.2.1.10 Toegang van die kommissie tot kerkrade en gemeentes

3.2.1.10.1 Die kommissie skakel met die plaaslike kerkraad (m.a.w. nie direk met die gemeentes nie) indien hy dit nodig ag in die uitvoering van sy opdrag en dan wel d.m.v. die Direkteur van Kerkadministrasie.

3.2.1.10.2 Die kommissie skakel met ander kommissies (t.o.v. advies en inligting) d.m.v die Direkteur van Kerkadministrasie indien hy so sou verkies, maar bly steeds self verantwoordelik vir die aanbeveling by die volgende Sinode.

3.2.2 ALGEMENE LASGEWING

Die kommissie

3.2.2.1 word deur die persoon wat deur die Sinode as sameroeper aangewys is, byeen geroep, m.d.o. op die verkiesing van 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en ander funksionarisse wat die kommissie nodig mag ag;

3.2.2.2 Besorg op sy eerste vergadering 'n kopie van sy eie lasgewing aan elke lid van die Kommissie en dra sorg dat elke lid met die inhoud daarvan vertroud is;

3.2.2.3 vergader minstens een keer per jaar;

3.2.2.4 roep 'n secundus-lid op as daar 'n vakature ontstaan;

3.2.2.5 hou notule van al sy vergaderings;

3.2.2.6 doen by die Sinodes aanbevelings van wysigings van hierdie lasgewing.

3.2.3 SKK (Sentrale Kerkekommissie)

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die SKK.)

Die kommissie

3.2.3.1 stel 'n dagbestuur saam;

3.2.3.2 bepaal die tyd en plek van die volgende Sinode van die APK en roep die Sinode betyds op;

3.2.3.3 beveel by elke Sinode die tydsduur van die Sinode aan;

3.2.3.4 stel die konsep-sakelys vir die volgende Sinode op;

3.2.3.5 tref alle praktiese reëlings vir die hou van 'n Sinode, bv. die reëlings van verblyf en etes van afgevaardigdes;

3.2.3.6 ontvang geloofsbriewe van afgevaardigdes na 'n Sinode en rapporteer ter vergadering daaroor;

3.2.3.7 dra verantwoordelikheid vir die publiseer en verspreiding van die handelinge van die Sinodes;

3.2.3.8 gaan die statistiek van ringe na (soos jaarliks na die Argief deurgestuur) en rapporteer globaal daaroor aan elke Sinode;

3.2.3.9 oorweeg aansoeke van persone wat predikante in die APK wil word, en wat tydens aansoek bedienaar van die Woord in ander kerkverband is; 'n persoon wat so toegelaat word, kan deur die SKK in reisende diens in die kerke in kerkverband gebruik word. In sodanige geval ontvang die persoon sy opdragte van die SKK en word hy deur lg. getrakteer totdat hy 'n beroep aanvaar (lees hiermee saam die besluite oor reisende leraars);

3.2.3.10 dien as skakel t.o.v. interkerklike verhoudinge, maar voer in die hoedanigheid slegs sinodebesluite uit. Alleen 'n Sinode kan besluit of daar enige korrespondensie met 'n ander kerkverband mag bestaan;

3.2.3.11 wys jaarliks 'n redaksiekommissie vir Die Boodskapper aan. Die redaksiekommissie werk onder toesig van die SKK;

3.2.3.12 doen aanbevelings aan kerkrade t.o.v.nasionale dae van verootmoediging;

3.2.3.13 stel jaarliks 'n gemeentelike statistiekvorm vir verpligte voltooiing deur ringe op, asook 'n gemeentelike verslagvorm vir vrywillige gebruik deur ringe;

3.2.3.14 hanteer alle voorkomende sake wat nie op die terrein van enige ander permanente kommissie val nie, en ook nie hierbo gedek is nie. Die hantering geskied altyd met inagneming van die volgende:

* sake wat by die plaaslike kerk alleen tuishoort, word nie behandel nie;
* sake wat by 'n ring tuishoort, word daarheen verwys;
* die sweem mag nie bestaan dat die SKK as "sinode" of as "hoofkommissie" fungeer nie;
* oor kontensieuse sake word geen besluite geneem nie, maar dit word na die volgende Sinode verwys.

3.2.3.15 die dagbestuur van die SKK funksioneer as kommissie vir mediaskakeling;

3.2.3.16 behartig skakeling namens sinodes met die owerheid ooreenkomstig K.O. art. 57.5;

3.2.3.17 behartig interkerklike verhoudinge;

3.2.3.18 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die SKK mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3.2.4 Die Kuratorium

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kuratorium.)

Die Kuratorium

3.2.4.1 stel 'n dagbestuur saam;

3.2.4.2 wys subkommissies aan soos hy dit van tyd tot tyd nodig ag;

3.2.4.3 behartig die redaksie en uitgawe van 'n Teologiese Blad;

3.2.4.4 meubileer die Teologiese Skool, dosentekantore en kantore vir kantoorpersoneel van die Teologiese Skool in oorleg met die RKA;

3.2.4.5 stel personeel vir die kantoor aan en besluit oor hulle diensvoorwaardes, salarisse en ontslag;

3.2.4.6 bestuur en beheer die Teologiese Skool. Dit sluit ook die uitvoering en toepassing van K.O. Art. 8 en 9.3 in;

3.2.4.7 oefen beheer uit oor die fondse van die Kuratorium en Teologiese Skool (waaronder die belê van fondse, besteding daarvan, boekhouding, ouditering, ens.);

3.2.4.8 implementeer die besluite van en oor die Kuratorium as regspersoon vir solank die Kuratorium 'n regspersoon is;

3.2.4.10 oorweeg aansoek van persone wat tevore reeds predikante was en nou predikante in die APK wil word maar wat tydens datum van aansoek nie meer bedienaar van die Woord was nie. Indien 'n aansoek slaag, word aan die persoon proponentstatus toegeken (hy word gelegitimeer) en word hy beroepbaar gestel;

3.2.4.11 bedien sinodes met advies t.o.v. die volgende:

* wysiginge in leerplanne van teologiese studente;

* wysiginge in toelatingsvereistes vir teologiese studente;

3.2.4.12 administreer beurse en lenings van voorbereidende en teologiese studente; dit sluit die beslissing oor aansoeke, invordering van leningskuld ens. in;

3.2.4.13 behartig ooreenkomste met oefenaars. Die Kuratorium bepaal hoedanig die jaarlikse vordering van die oefenaars t.o.v. die verwerwing van die nodige kwalifikasies moet wees. Indien die vordering nie volgens die reëling van die Kuratorium geskied nie, kan die oefenaarskap deur die Kuratorium beëindig word;

3.2.4.14 oefen beheer uit oor die biblioteek van die Teologiese Skool;

3.2.4.15 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kuratorium mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3.2.5 Argief, Video's en Foto's

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir die Argief, Video's en Foto's.)

Die Kommissie

3.2.5.1 versamel en bewaar alle argiefmateriaal;

3.2.5.2 stel 'n behoorlike indeksstelsel op wat die argiefstukke vir navorsers toeganklik maak;

3.2.5.3 beheer die toegang tot en gebruik van argiefmateriaal op so 'n wyse dat dit nie verlore of beskadig raak nie;

3.2.5.4 reël dat foto's en video's by geskiedkundige geleenthede geneem word en dat dit in die argief opgeneem word;

3.2.5.5 beywer hom vir die daarstelling van 'n veilige en brandvaste bergplek vir argiefmateriaal;

3.2.5.6 skakel voortdurend met ringe, kerkrade en permanente kommissies m.d.o. op 'n argiefbewustheid;

3.2.5.7 reël by geleentheid uitstallings en bekendstellings bv. tydens byeenkomste waar alle predikante of kommissies byeen is;

3.2.5.8 bedien kerkrade en ringe met advies t.o.v. die inrigting van hul eie argiewe;

3.2.5.9 hou rekord van versoeke wat aan kerkrade en ringe gerig is, en volg korrespondensie op indien nodig;

3.2.5.10 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing;

3.2.6 Barmhartigheidsdienste

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Barmhartigheidsdienste).

Die Kommissie

3.2.6.1 voorsien kerkrade op versoek van advies m.b.t. barmhartigheidsdienste, maar skryf nooit voor nie;

3.2.6.2 tree as skakel op wanneer die AP Kerke 'n gesamentlike barmhartigheidsinrigting loods;

3.2.6.3 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan hierdie kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3.2.7 Finansies

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Finansies.)

Die Kommissie

3.2.7.1 pas begrotingsbeheer oor die finansies van sinodes (insluitende kommissie van sinodes) toe;

3.2.7.2 kontroleer maandelikse inbetalings van gemeentes;

3.2.7.3 lê aan elke sinode 'n begroting voor met inagneneming van sinodale inkomste en uitgawes sedert die vorige sinode;

3.2.7.4 adviseer die SKK en Kuratorium t.o.v. die besteding van hul sinodale fondse;

3.2.7.5 lewer finansiële advies aan ringe en kerkrade wanneer ringe en kerkrade daarom vra;

3.2.7.6 gaan die geouditeerde finansiële state t.o.v. die SKK, RKA en Kuratorium na en adviseer sinodes in dier voege;

3.2.7.7 gaan besteding deur alle permanente kommissies na en wys alle oorbesteding uit. Die FK rapporteer hieroor aan die eersvolgende sinode;

3.2.7.8 verleen advies aan alle permanente kommissies sodat uitgawes aangepas word by inkomste;

3.2.7.9 herinner kerkrade wat hulle oorbetalings nie betyds aan die kerkkantoor stuur nie, aan betrokke sinodebesluite en rapporteer daaroor aan die eersvolgende sinode;

3.2.7.10 beplan en implementeer dokumentasie wat nodig is vir die vlot hantering van sinodale fondse;

3.2.7.11 adviseer die sinode t.o.v. riglyne vir sinodale begrotings (kyk besluite van sinode van 1988);

3.2.7.12 hersien jaarliks die traktementskaal van predikante; dit word as riglyn aan gemeentes deurgegee;

3.2.7.13 besin van tyd tot tyd oor reiskostetariewe. Die kommissie besluit oor die tarief vir alle permanente kommissies, maar doen slegs aanbevelings aan ringe en kerkrade;

3.2.7.14 hanteer alle sake rakende die pensioenfonds vir predikante, dosente en kantoorpersoneel; verder skakel die kommissie met die mediese skema;

3.2.7.15 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aandie FK mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3.2.8 Formuliere en Liturgie

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewings, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Formuliere en Liturgie.)

Die Kommissie

3.2.8.1 dra sorg vir die opstel van 'n Kerkboek soos deur die sinodes goedgekeur en behartig alle gewysigde en ongewysigde herdrukke;

3.2.8.2 bestudeer alle besware teen en beskrywingspunte oor die liturgie en formuliere m.d.o. op advies aan die volgende sinode;

3.2.8.3 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3.2.9 Getuienis en Dissipelskap

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing vir die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap.)

Die Kommissie

3.2.9.1 bring onderwerpe waaraan behoefte vir publikasie is, onder die aandag van sinodes;

3.2.9.2 organiseer die totstandkoming van preekbundels, dagboeke, Bybelstudiehandleidings en evangelisasie- en sendinglektuur; behartig die keuring daarvan en stuur dit deur na die RKA wat as uitgewer optree;

3.2.9.3 organiseer die daarstelling en publikasie van lektuur wat in hospitale gebruik kan word;

3.2.9.4 adviseer kerkrade via sinodes oor die hantering van kerkloses en kerklosses;

3.2.9.5 stel jaarliks 'n boodskapreeks vir die pinksterweek aan kerkrade beskikbaar wat dit mag gebruik na goeddunke;

3.2.9.6 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3.2.10 Jeug en Verbondsonderrig

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig.)

Die Kommissie

3.2.10.1 is verantwoordelik vir die opstel van handboeke vir verbondsonderrig;

3.2.10.2 adviseer kerkrade via sinodes t.o.v. registers, kaartstelsels en diplomas wat by verbondsonderrig gebruik kan word; ook t.o.v. toerusting van verbondsonderrigonderwysers, handleidings vir onderwysers, ens.; (*)

3.2.10.3 sorg vir die opstel van belydenisafleggingsafleggingkaarte, verbondsonderrigdiplomas, -registers, -kaarte, -seëls, ens. wat kerkrade mag benodig;

3.2.10.4 adviseer sinodes op versoek van kerkrade t.o.v. gemeenskaplike aangeleenthede; (*)

3.2.10.5 voorsien die SKK van wenke m.b.t. vrae oor die jeug wat in die gemeentelike verslagvorm opgeneem kan word;

3.2.10.6 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing.
(*) 3.2.10.2 en 3.2.10.4 is adviese en moet nie as voorskrifte beskou word nie.

3.2.11 Kapelaansdienste

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Kapelaansdienste.)

Die Kommissie

3.2.11.1 dien as skakel tussen die APK, die beskermingsdienste en nywerheidsbediening;

3.2.11.2 bedien kerkrade van inligting t.o.v. diensplig-tiges en kapelane;

3.2.11.3 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing.

3.2.12 Kerkleer en Etiese Norme

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme.)

Die Kommissie

3.2.12.1 bestudeer, doen uitvoerige navorsing en doen aanbevelings aan die Sinode na aanleiding van

3.2.12.2 beskrywingspunte, briewe, besluite van sinodes en ander dokumente wat betrekking het op

3.2.12.3 die belydenisskrifte, leerstellinge, etiese, morele en ander aktuele sake wat

3.2.12.4 op 'n kerkordelike wyse na die kommissie verwys is;

3.2.12.5 skakel ten nouste met die PKKS waar besinning ook kerkregtelike implikasies het;

3.2.12.6 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing. Sorg moet gedra word dat sulke opdragte nie op die terrein van ander kommissies tuishoort nie.

3.2.13 Kerksang en -musiek

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Kerksang en -musiek.)

Die Kommissie

3.2.13.1 stel hom ten doel om uiteindelik 'n eie sangbundel vir die APK daar te stel vir gebruik in die plek van die huidige Psalm- en Gesangeboek;

3.2.13.2 werk intussen saam met die ander drie Afrikaanse Kerke aan die hersiening van die Psalms;

3.2.13.3 koöpteer kundiges met o.a. musiek- en letterkundige agtergrond;

3.2.13.4 lê van tyd tot tyd gekeurde liedere aan gemeentes voor vir toetsing en kommentaar aan die kommissie;

3.2.13.5 bekom die nodige kopiereg voordat 'n lied uit 'n ander bundel in ons eie bundel opgeneem word;

3.2.13.6 lê sy produk aan die sinode van die APK voor vir goedkeuring;

3.2.13.7 bied via sinodes leiding aan orreliste(s) in die plaaslike kerke;

3.2.13.8 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee as deel van hierdie lasgewing.

3.2.14 KKS (Kommissie vir Kerkregtelike Sake)
(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. KKS)

Die Kommissie

3.2.14.1 adviseer sinodes oor enige beskrywingspunt, beswaar of versoek wat met die Kerkorde, bepalinge, ordereëls, vergaderingprosedures en ander kerkregtelike sake te doen het;

3.2.14.2 adviseer sinodes by die hantering van appèlle en by kondonerings sake;

3.2.14.3 adviseer lidmate (insluitende kerkraadslede), kerkrade, ringe en permanente kommissies t.o.v. kerkregtelike sake slegs indien advies gevra word;

3.2.14.4 lewer insette t.o.v. die kerkregtelike korrektheid van kerklike dokumente (bv. briefhoofde, doopsertifikate, attestate, aktes, ens.);

3.2.14.5 kan gebruik maak van 'n regsadviseur wat deur 'n sinode goedgekeur is;

3.2.14.6 dien die sinode met advies oor die uitleg en toepassing van die Kerkorde, bepalings van die KO, ordereëls en besluite van die vorige sinode;

3.2.14.7 doen aanbevelings aan die sinodes t.o.v. die hersiening van die KO, bepalings van die KO en ordereëls vir kerklike vergaderings, insluitende wysigings aan verdere artikels, bepalings en ordereëls wat meegebring kan word deur die sinode se wysigings van 'n KO-artikel, bepaling en ordereël; die kommissie behartig ook die redaksionele versorging van genoemde stukke asook die spoedige publisering daarvan ná 'n sinodale vergadering;

3.2.14.8 gee voorligting waar 'n lid van die moderamen vi 'n sinode of 'n lid van 'n tydelike en/of 'n pe- nente kommissie van 'n sinode of 'n amptenaar van die kerkkantoor of Teologiese Skool a.g.v. sy/haar ampspligte betrokke raak by gemeenregtelike sake of 'n hofgeding;

3.2.14.9 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3.2.15 Onderwys en Opvoeding

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1. tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding.)

Die Kommissie

3.2.15.1 adviseer sinodes (en daarmee kerkrade) t.o.v. Christelik-nasionale onderwys;

3.2.15.2 moedig via sinodes ouers, onderwysers, opvoedkundiges en vakspesialiste aan om 'n wakende oog te hou oor opvoedingsinhoude en leerplanne en handboeke in alle vakgebiede, maar veral in Bybelonderrig, Bybelkunde, Geskiedenis en letterkunde;

3.2.15.3 gee lidmate en kerkrade via sinodes leiding om volkseie skole (insluitende bewaarskole en pre-primêre skole) te handhaaf en te bevwer vi volkseie tersiêre inrigtings;

3.2.15.4 doen langer-termyn beplanning m.d.o. op eie tersiêre onderwys (kollege en/of universiteit), moontlik op die Vaalterrein;

3.2.15.5 dien as skakel tussen die sinodes en onderwysinstellings en -owerhede;

3.2.15.6 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3.2.16 Sending

(Behalwe bg. Algemene Bepalinge en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing t.o.v. die Sendingkommissie.)

3.2.16.1 neem as vertrekpunt KO Art. 46;

3.2.16.2 bring van tyd tot tyd praktiese riglyne onder die aandag van kerkrade wanneer deur sinodes versoek;

3.2.16.3 evalueer die gemeenskaplike sendingsituasie gedurig m.d.o. op aanbevelings aan sinodes;

3.2.16.4 identifiseer binne- en buitelandse sendingvelde;

3.2.16.5 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee,as deel van hierdie lasgewing.

3.2.17 Redaksie van Die Boodskapper

(Behalwe bg. Algemene Bepalings en Algemene Lasgewing, d.w.s. 3.2.1 tot 3.2.2.6, dien die volgende as spesifieke lasgewing vir die Redaksie van Die Boodskapper.)

Die Kommissie is verantwoordelik vir

3.2.17.1 die gereelde verskyning van Die Boodskapper;

3.2.17.2 die insameling, keuring en plasing van leesstof;

3.2.17.3 werwing van adverteerders om so die koste te besnoei;

3.2.17.4 werwing van intekenaars, met die ideaal dat by elke besoekpunt in elke gemeente 'n Boodskapper besorg word;

3.2.17.5 versending van eksemplare aan die kerkkantoor van die Gereformeerde Kerke, Hervormde Kerk en NGK, aan ons eie argief en aan strategiese punte in die beskermingsdienste;

3.2.17.6 uitvoer van ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee en beskou sodanige opdragte as deel van hierdie lasgewing.

3.2.18 **Aanbevelings:**

3.2.1.8.1 **Die Sinode keur die lasgewing vir elke permanente kommissie soos hierbo uiteengesit, goed.**

3.2.18.2 **Die Sinode besluit dat hierdie lasgewing alle vorige sinodebesluite wat hiermee in stryd is, vervang.**

3.3 Die Vrou in die amp

Prof HS Theron het die Kommssie gedien met 'n breedvoerige verslag oor die vrou in die ampte. (Kyk Bylae 1 by hierdie verslag.)

3.3.1 **Aanbevelings:**

3.3.1.1 **Die Sinode neem kennis van die verslag in sy geheel.**

3.3.2.2 **Die Sinode aanvaar die volgende Skrifbeginsels as riglyne m.b.t. die vrou in die besondere ampte en dit word saamgelees met die voorgestelde wysiging van KO Art. 32:**

3.3.2.3 In die amp van gelowige het Christus deur die werking van die Heilige Gees die vrou die gelyke van die man gemaak (Gal. 3:28; HK Sondag 12 Vr. 31 en 32)

3.3.2.4 Die Skeppingsordinansie dat die man die hoof van die vrou is, is nie opgehef nie. Dit beteken daar is 'n verdeling van terreine waar die man en vrou elkeen in eie reg langs mekaar funksioneer tot opbouing van die Liggaam van Christus. (Gen. 2:18; 3:16; 1 Tim. 2:12-14; Ef. 5:22-24; 1 Kor. 11:3 1 Kor. 14:34-35; Kol. 3:18)

3.3.2.5 Die Sinode aanvaar die beginsel dat die regerende/ lerende amp van die ouderling en leraar nie vir die vrou toeganklik is nie. (1 Tim. 2:11 -15; 1 Kor. 14:34-35)

3.3.2.6 Die Sinode aanvaar die beginsel dat die vrou wel onder sekere omstandighede 'n stigtelike woord mag spreek: (Hand. 18:26; Fil. 4:2-3; Hand. 21:19; 2 Kon. 22:44; Ex. 15:30; Rigt. 4:4) e.a. Sulke omstandighede is waar geen man is nie en tydens 'n bidstonde of Bybelstudie waar spesifieke boodskappe tot stigting van die gemeente sal wees.

3.3.2.7 In die lig van die Skrifgetuienis word aanvaar dat die vrou mag dien in 'n besondere werksterrein in die gemeente. Hierdeur word die Skrifbeginsel van verdeling van werksterrein sowel as die skeppingsordinansie van die man as hoof, gehandhaaf. Derhalwe aanvaar die Sinode die beginsel dat die vrou onder spesiale omstandighede mag dien as diaken. (Rom. 16:1; Hand. 21:9; 1 Tim. 5:9-10; Tit. 2:4).

3.3.2.8 Die Sinode beklemtoon dat die vrou as diaken nie maar net nog 'n kollektant is nie, maar dat sy 'n besondere dienswerk in die gemeente sal lewer volgens haar aard: nl. die versorging van die weduwees en siekes sowel as algemene barmhartigheidsdiens en enige spesifieke diens wat by die aard van die vrou tuishoort.

3.4 Die Islam- en Hindoegeloof

3.4.1 Die Islam.

3.4.1.1 Godsbegrip: Die Moslem glo in Allah, monoteïstiese god, en dat Mohammed sy profeet was. Islam verwerp Christus as Seun van God. In die Koran, die heilige boek van die Moslems, word die Christendom pertinent as 'n valse godsdiens afgemaak. (Sura 18) In Sura 19 van die Koran kom die uituitspraak: "Diegene wat sê: 'Die Heer van genade het 'n seun verwek', verkondig so 'n monsteragtige valsheid dat die hemele moet skeur, die aarde moet oopbreek en die berge tot stof moet verkrummel." Islam verwerp die kruisdood van Christus (Crucifixion or Crucifiction Ahmed Deedat, Islamic Propagation Centre International, Durban).

Islam verwerp die opstanding van Christus (Resurrection or Resuscutation - Ahmed Deedat, ibid). Islam dryf ernstig spot met die God van Christene (The God that never was - Ahmed Deedat ibid). Uit die openbaaring van die Bybel en ververklaring van ons belydenisskrifte moet ons dus aanvaar dat alle Moslems 'n valse god aanbid met die naam "Allah" (2 Joh. 1:7; NGB Art. 36; Joh. 5:23).

3.4.1.2 Islam minag die Bybel

Die Moslem plaas 'n neerhalende artikel in die Sunday Tribune van 1986.02.23 onder die opskrif: "Ban this dirty Bible".

3.4.1.3 Islam is 'n militante beweging

Moslem radikalisme lewer 'n toenemende inset in wêreldrewolusie en het tydens die onluste in Kaapstad ook sy kop uitgesteek in Suid-Afrika. Die doelwit van hierdie internasionale beweging is om die hele wêreld aan die heerskappy van Allah te onderwerp soos dit uitdruklik in die Koran voorgeskryf word: "En gaan voort om hulle te beveg totdat daar geen opstand en onderdrukking meer is nie en volkome geloof in Allah oral heers." Moslems word aangemoedig om tot militante optrede oor te gaan ten einde die wêreld vir Allah te verower. Alle nasies wat nie Moslemregerings het nie, word in die "huis van oorlog" geklassifiseer en as deel van die vyand beskou wat oorwin moet word. "Wat die uiterlike jihad betref, was dit 'n plig wat op die gemeenskap gerus het. Die doel daarvan was om die ganse aarde onder die politieke en militêre bestuur van Islam te bring. Solank dit nie gebeur het nie, word die aarde verdeel in Dar-es-Islam (gebied van Islam en Dar-al-harb (krygsgebied). Die oorspronklike gedagte was dat daar met die maghehebbers van die laaste nie 'n duursame vrede gesluit mag word nie - wel 'm wapenstilstand. Die Shari-a het spesiale bepalinge oor oorlogsreg en buitverdeling.")Die Godsdienste van die wêreld, p. 73 G.C. Oosthuizen.)

3.4.1.4 Aanbevelings:

3.4.1.4.1 Die Sinode wys sy lidmate op die gevare en verderflike invloed van die Islam.

3.4.1.4.2 Die Sinode versoek kerkrade om hulle lidmate te waarsku teen die verderflike invloed van die Islam as 'n valse, heidense en gevaarlike godsdiens; Christus as enigste Verlosser te bely en te let op die magsuitbreiding van die Islam.

3.4.2 Hinduïsme

Hinduïsme is 'n valse godsdiens. Dit hou groot gevaar in met sy leer van reïnkarnasie, tegnieke van joga, en

transendentale meditasie en ander okkulte praktyke wat streng verband hou met die wêreld van magie. Die gevaar lê daarin dat westerlinge en selfs gelowiges met van hierdie tegnieke gemoeid raak terwyl hulle onbewus is dat hulle daardeur in die giftige dampkring van die duistere wêreld getrek word. Die Hinduïsme dien ook as een van die kanale ter bevordering van die New Age Beweging. Die volgende aanhaling uit "Godsdienste van die wêreld" deur G.C. Oosthuizen gee 'n goeie waardebepaling van Hinduïsme:

"1. Hindoeïsme is 'n doolhof van godsdienstige opvattinge wat wyd uiteenlopend is soos hierbo aangedui. Daar is geen vaste belydenisskrif nie. Dit is die sameflansing van godsdienstige uitgangspunte wat soms onversoenbaar is. Dit huïsves ateïsme, agnostisisme, deïsme, panteïsme, teïsme, politeïsme en nog wat. Die naturalistiese nomisme onderliggend aan alles, is 'n basiese begrip wat verskillend geïnterpreteer word. Waarheid is nie die basiese beginsel nie maar eenwording rig die mens tot sy ware bestemming. Verskillende belydenisse kan langs mekaar bestaan.

2. Die heelal bestaan ewig en het geen begin of einde nie. Die skeppingsgedagte is futiel en die woord skepping is afwesig in sanskrit. Wat skepping genoem word, is bloot die transformasie van energie. Op hierdie wyse word die Skepper uitgeskakel sodat so 'n gedagte eintlik minderwaardig is - 'n gebrek aan insig toon. Dit is natuurlik direk teen die Christelike opvatting van 'n persoonlike God wat Skepper en Onderhouer is van die heelal.

3. Die panteïstiese opvattinge is strydig met die diepe eerbied wat die Christendom teenoor God openbaar, soos Hy Homself in Christus Jesus geopenbaar het en soos Hy te bespeur is, alhoewel vaag, in die werke van sy hande. Die werke is nie deel van sy wese nie. Hy bly uniek al werk Hy direk in op die wêreld.

4. Waar alle wesens siele het - ook diere - en die siel (Atman) hom moet verenig met die "Absolute Alheid", staan dit teenoor die Christelike opvatting van die mens wie se siel voor God rekenskap moet gee vir sy dade. Die siel is nie 'n refleksie van die wêreldsiel nie, maar 'n entiteit op sigself. Verlossing is antroposentries - die mens strewe deur verskillende metodes om die eenwording met die "Absolute Werklikheid" te bereik terwyl die verlossing vir die Christen alleen moontlik is op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. Sonde is vir die Hindoe aan onkunde te wyte weens die feit dat die mens 'n vermenging van materie en gees is. Net soos deugde word morele skuld magies begryp. Sonde is as't ware 'n stof wat die oortreder besmet en hy aan ander oordra. Deur rituele wassinge en reiniging kan hy dit verwyder. So nie, loop dit

uit op siekte en ongeluk. Die opvatting dat die "self" bestaan, is die wortel van al die mens se probleme. Hier is sonde nie rebellie teen God nie, maar die resultaat van "eksugtigheid" en die ekbewustheid wat 'n illusie is. Om uit hierdie toestand te kom, word werke benadruk soos hierbo aangedui. Geloftes word teenoor die gode gemaak en verskillende rituele handelinge word uitgevoer. Alleen deur kennis waarin die mens die soeker is, kan hy verlos raak van sy beperkinge en op die wyse sy siklus van hergeboortes (sansara) tot 'n einde voer of in 'n hoër klas, kaste of toestand hergebore word. Hy egter wat die siel van'n eend het, sal die volgende keer weer 'n eend wees. Die proses van hergeboortes is 'n lang en troostelose een wat miljoene jare kan duur voordat die siele verlos is en een word met die "Absolute Realiteit". Verlossing van begeerte is die groot geheim van verlossing. Vandaar die passiewe houding van die diepste vorme van Hindoeïsme teenoor die wêreld. Niemand sal egter verlore gaan nie. Almal sal ewentueel met die onpersoonlike goddelikheid verenig.

5. Die klasse- en kastestelsel wat deur Hindoeïsme gesanksioneer is, maar wat deur die regering van Indië gelyke regte voor die gereg verkry het, het deur die eeue sosiale mobiliteit en vooruitgang gestrem. Waar onderskeid gemaak is tussen morele kodes van die klasse- en kastes het dit morele standaarde geaffekteer soos die hoër- en laer moraliteit in Rooms-Katolisisme. T.s.v. die feit dat die Hindoe 'n refleksie van die onpersoonlike goddelikheid in alle mense sien, maak hy nogtans geweldige verskil tussen mense - liefde teenoor 'n naaste word gesê is eintlik liefde teenoor jouself. Oortredinge, waarby 'n Brahmaan die slagoffer was, was strawwer gevonnis as dié waar 'n ander klas of kaste by betrokke was. Sekere etiese opvattinge is hoogstaande, maar ander affekteer dit weer negatief. Wanneer oor die linga, fallus van Sjiwa, by die tempeloffer botter uitgestort word, het dit magiese betekenis, nl. dat die landbou, veestapel en werkende gemeenskap geseën sal word tot groter vrugbaarheid. Daar is egter veel wat erotiese ontroeringe opwek soos dit weerspieël word by die digters. Ook vind gode en godinne in bloedige offers en selfs menseoffers behae.

Die politeïsme van die Vedas en van ander vroeë heilige geskrifte is in werklikheid nooit oorkom nie. Daarby het selfs die gode beperkinge soos hierbo aangedui en het sommige selfs aan ernstige menslike swakhede gely. Ook hulle gode is onderhewig aan die wet van Karma en kan dus sterwe en hergebore word. Hulle het bloot 'n funksionele waarde. Hulle is eerder instrumenteel om aan die versoek te voldoen, as vereer te word.

6. As 'n natuurgodsdiens het Hindoeïsme 'n sterk

antroposentriese grondslag. Hier is religie en magie deurmekaar gemeng terwyl magie die prominente rol inneem. In magie is dit die mens wat wil beheer en deur sy toedoen wil ontvang. Nie alleen doen die mens dit alles self en stem hy die gode tot goedgesindheid nie, maar sy hoofdoel is eie-bevrediging, eie-belang. Uit die sansara-siklusse, gebaseer op karma, moet die mens uitbeweeg totdat hy moksja bereik. Die moderne Hindoejeug het groot probleme met die ingewikkelde Hindoeritualisme vanweë sy eise en sy bonatuurlike wêreld in 'n snel bewegende sekularistiese milieu. Of Hindoeïsme met sy vernuwing in staat is om dit te ontmoet sal die tyd nog leer. In sy suiwere vorm het Hindoeïsme diep geestelike waardes wat alle vorme van materialisme konfronteer.

3.4.2.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode versoek kerkrade om lidmate te waarsku teen die valse leer van die Hindoeïsme en die skynbaar onskuldige gebruikmaking van die okkulte, meditasie en joga.

3.5 Bevrydingsteologie met verwysing na Swart teologie

'n Verslag is van Ds IA Brink ontvang en deur die Kommissie goedgekeur. (Kyk Bylae 2 by hierdie verslag.)

3.5.1 **Aanbevelings:**

3.5.1.1 **Die Sinode neem kennis van die verslag. (Kyk Bylae 2.)**

3.5.1.2 **Die Sinode besluit dat Bevrydingsteologie en sy stalmaat Swart teologie 'n gevaarlike en Bybelsvreemde denkrigting is wat sterk afgekeur moet word.**

3.5.1.3 **Die Sinode besluit dat die Bevrydingsteologie nie binne die geledere van die APK verdra of gepropageer mag word nie.**

3.6 Duidelik omskrewe karakter van die APK

3.6.1 Beskrywingspunt

"Die Ring van Klerksdorp beveel by die Sinode aan dat die APK dit as sy dringende doelwit stel om sy duidelik omskrewe karakter in alle opsigte gestand te doen, nl. om 'n waarlik Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners te wees, d.w.s. volgens suiwer Calvinistiese beginsels - en sonder versuim alles wat moontlik is, te doen om gesuiwer te word van enige oorblywende metodistiese, liberalistiese, humanistiese, kollegialistiese en ander ongewenste reste en invloede - en dat hierdie dringende doelwit verwesenlik word deur 'n sinodale kommissie ad hoc te benoem wat:

277

1. sodanige reste en invloede duidelik identifiseer;
2. hulle ontstaansgronde en geestelike milieu indringend kontroleer;
3. sodanige praktyke en standpunte volgens Skrif en belydenis evalueer en
4. oor die metode van eliminering adviseer.

3.6.2 Aanbevelings:

3.6.2.1 Die Sinode neem hierdie beskrywingspunt ter vergadering in behandeling.

3.6.2.2 Die Sinode gee aan die verteenwoordiger(s) van die Ring van Klerksdorp geleentheid om die beskrywingspunt te motiveer.

3.7 Onderskeid tussen die begrippe "Geloofsvryheid" en "Godsdiensvryheid"

3.7.1 Begripsomskrywing

Geloof:

Geloof is 'n bepaalde vorm waarin enige individu sy persoonlike godsdienstige oortuigings uitleef en beleef. Binne die Christelike Godsdiens beteken dit 'n seker kennis van en 'n vaste vertroue in die Christelike waarhede soos vervat in die Woord van God.

Godsdiens:

Godsdiens is die aanbidding van 'n god. Dit is die gesamentlike plegtighede waardeur, en leerstellinge waarbinne 'n kerkgenootskap 'n god vereer. Godsdiens is dus die wyse waarop 'n bepaalde geloof beoefen word.

Geloofsvryheid:

Die voorreg wat elke individu het om sy geloof volgens sy eie oortuiging te beoefen.

Godsdiensvryheid:

Die reg wat 'n land se owerheid erken dat enige godsdiens in die openbaar bely en beoefen mag word en dat 'n eie erediens binne die perke van openbare orde gehou mag word.

3.7.2 Aanbeveling:

Die Sinode besluit dat die verskil tussen die begrippe soos volg daar uitsien: Geloofsvryheid is 'n vryheid wat God verleen binne die Christelike Kerk. Dit was juis een van die hoekstene van die Reformasie. In sy Gereformeerde Dogmatiek (DI. 1 par. 125, p. 445) wys Bavinck daarop dat die Reformasie juis leer dat die kerk as instituut nie die enigste uitlegger van die Skrif is nie, maar dat die Heilige Gees in elke individu woon en werk. Daarom glo die Gereformeerdes dat daar vryheid van geloof bestaan. Hierdie vryheid het

dan juis daartoe gelei dat daar verskillende interpretasies van die Skrif binne Gereformeerde geledere bestaan wat op sy beurt aanleiding gegee het tot die verskillende denominasies in Gereformeerde geledere. Godsdiensvryheid daarteenoor is 'n reg wat 'n burgerlike regering verleen aan die inwoners van 'n land om hulle godsdienste te mag beoefen volgens elke geloof se voorskrifte. Dit is dus 'n on-Bybelse vryheid wat ook aan die heidene die reg verleen om heidense godsdienste te beoefen. Hieroor laat die NGB Art. 36 hom soos volg uit: "Die amp van die owerheid is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris ten gronde te rig en die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie oraals te laat preek sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in Sy Woord beveel." Geen burgerlke regering nie, maar veral nie 'n Christelike regering, behoort dus ware godsdiensvryheid te verleen nie, aangesien dit in stryd is met sy opdrag om in diens van God te wees. Geloofsvryheid daarteenoor mag weer nie deur 'n burgerlike regering verbied word nie, aangesien God in Sy genade dit so gewil het dat elke gelowige hom moet voeg by die vergestalting van die Kerk van Jesus Christus waar hy tuishoort. Hieroor spreek die NGB in Artikel 38 soos volg: "...dit is die amp van alle gelowiges om ... hulle te voeg by hierdie vergadering (die kerk), op watter plek God dit ook gevestig het, al sou ook die owerheid en verordeninge van vorste daarteen wees en al sou die dood of lyfstraf daarmee verbonde wees.

3.8 Satanisme en Demonie

'n Verslag deur ds PR Jonker oor Satanisme en Demonie word in Bylae 3 weergegee.

3.8.1 Aanbevelings:

3.8.1.1 Die Sinode neem kennis van Bylae 3.

3.8.1.2 Die Sinode besluit dat kerkrade 'n intensiewe pastorale sorg gerig op huwelike en gesinsbou moet beoefen teenoor Satanisme.

3.8.1.3 Die Sinode besluit om aan die SKK opdrag te gee om die toenemende okkultiese bedrywighede as bron van groot kommer deur die Kerk onder die aandag te bring van die onderwysdepartemente, SAUK, TV en die Publikasieraad.

3.8.1.4 Die APK dra via die SKK sy volle steun op aan die SAP in sy poging om wetgewing deurgevoer te kry om die bestaan van satanskultusse in al sy fasette en nuanses te verbied in ons land.

3.8.1.5 Die Sinode versoek kerkrade om die jeug by verbondsonderrig en jeugbyeenkomste in te lig oor die gevaar en aktualiteit van Satanisme.

3.9 Die gee van Tiendes

3.9.1 Die Ou Verbond.

Bydraes is in natura of kontant na die heiligdom gebring. (Deut. 12:6; 11-14; Lev. 27:30-33; Mal. 3:10). Dit was 'n weerspieëling van oorgawe, dankbaarheid en mededeelsaamheid. Dit was nie toelaatbaar om met leë hande voor die Here te verskyn nie. (Ex. 34:20; Deut. 16:16). Die volgende voorbeelde kan aangehaal word:

* Kain en Abel: Van die vroegste dae of het die mens offers van dank aan God gebring (Gen. 4:3-5). Die Here het Abel en sy offer aangeneem en Kain en sy offer nie. Dit wys daarop dat die gewer en sy offer onlosmaaklik aan mekaar verbonde is.

* Saul: Saul wou sy ongehoorsaamheid aan God met 'n offer verbloem. Hierdie gebeure wys ons daarop dat God nie alle offers aanvaar nie.

* Skynoffers: God aanvaar nie offers wat met 'n skyn van godsdiens gepaard gaan nie. Sodanige gewers verbeur dan ook die seën van die Here. (Jes. 1:13-15; Hand. 5:1-16).

* Die gesindheid: Die regte gesindheid wat ons offers voorafgaan is liefde, ootmoed (Miga 5:9) en 'n gebrokenheid oor ons sondige toestand (Ps. 51:18,19).

* Goeie offers: Die offers wat ons aan die Here bring moet goeie offers wees. (Lev. 22:21, 22; Deut. 15:21, 17:1; Mal. 1:7-9). Gebrekkige offers het vir God geen waarde nie. (Mal. 1:10).

* God is die eienaar van alles: Ons is net rentmeesters en bestuurders van dit wat aan God behoort, want alles behoort aan die Here. (Ps. 24:1) God deel sy gawes uit soos Hy wil. (Ex. 3:17; Deut. 8:18). Soms skenk Hy met 'n ongelyke hand (1 Sam. 2:7) sodat die gawe van mededeelsaamheid tot uitdrukking kan kom. (Ex. 16:18; Spr. 21:13). Die Here kan alles van ons wegneem as dit Hom sou behaag. (Job 1:21)

3.9.2 Die Nuwe Verbond

Christus het die Wet vervul. Elkeen gee nou sy bydrae soos hy hom in sy hart voorgeneem het. Dit geskied nie met droefheid of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. (2 Kor. 9:7). Die gee van hierdie gawes word geïnspireer deur "Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai." (2 Kor. 9:6) Die volgende voorbeelde kan aangehaal word:

* Die arm weduwee: Almal het uit oorvloed iets ingegooi, maar hierdie weduwee het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het; alles waarvan sy moes

lewe. (Mark. 12:42, 44) Dit was haar hele dag se salaris. 'n Werklike offer is iets wat jy voel dat jy dit gee.

* Ons besittings: Die Here maak soms van ons besittings gebruik sonder om ons toestemming te vra, (Luk. 5:1-3) maar nooit sonder dat Hy ons oorvloedig daarvoor beloon nie. (Luk. 5:1-9).

* Die bron van inkomste: Die gelowiges het in die nuwe verbond opsy gesit, gespaar en gegee na hulle vermoëns. (Hand. 6:1-6). Die kerk het dus bydraes ontvang net soos wat Christus en sy dissipels dit gedoen het (Luk. 8:3, Fil. 4:16 - 18).

* Onaanvaarbare bydraes: Die kerk kan bydraes ook weier. Toe Simon die towenaar aan die apostels geld aangebied het in ruil vir die bevoegdheid sodat elkeen wat hy die hande oplê die Heilige Gees kan ontvang, het Paulus vir hom gesê: "Gaan na die verderf met jou geld en al! Dink jy, jy kan die gawe van God met geld koop?" (Hand. 8:18-20)

* Hoeveel moet ek bydra? Paulus het die Korinthiërs aangespoor tot oorvloedigheid in die gee van offergawes. (2 Kor. 8:7)

* Evangeliedienaars: Hulle lewe van die evangelie. (1 Kor. 9:1-14) So word almal wat bydra ook medearbeiders in die evangelie.

3.9.3 Aanbevelings:

3.9.3.1 **Die Sinode versoek kerkrade om lidmate aan te spoor om steeds mildelik by te dra tot die uitbreiding van die evangelie.**

3.9.3.2 **Die Sinode vermaan kerkrade en lidmate om te waak daarteen om nie in die versoeking te val om geld met behulp van lotery in te samel nie. (Jes. 65: 11-12)**

3.10 <u>Beoordeling van boeke</u>

Die Kommissie kon nie uitvoering gee aan die opdrag van die vorige Sinodes om 'n oordeel uit te spreek oor die twee boeke "Verboten" deur Thomas O'Brien en "S.A. - die land oorkant die Riviere van Kus" deur Robert Hayes nie.

3.10.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode verwys hierdie saak na die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme vir 'n aanbeveling in hierdie verband.

3.11 <u>Sondagheiliging</u>

Ten opsigte van die oorsprong van die Sabbat bestaan

daar uiteenlopende menings. Sommige plaas die oorsprong van die Sabbat buite Israel en sommige beskou die Sabbat as 'n instelling eie aan Israel. Diegene wat die Sabbat beskou as afkomstig buite Israel, ken aan die Sabbat 'n Babiloniese of 'n Kanaänitiese of Kenietiese oorsprong toe. Tereg stel De Vaux dit dat, ongeag die oorsprong van die Sabbat, dit 'n instelling is met besondere betekenis en eiesoortige karakter wat dit eie aan Israel maak. Die eiesoortige karakter van die Sabbat is nie in die herhalende frekwensie geleë nie, ook nie in die uitsonderlike opdrag van rus of die opskorting van normale aktiwiteite nie, aangesien dit tot 'n mindere of meerdere mate ook in ander beskawings voorkom. Die uitsonderlikheid van die Sabbat en die heiligheid van die Sabbat is geleë in die Sabbat se verband met die Heilige en met die God van die Verbond. Trouens, die Sabbat is deel van hierdie Verbond. Dit is waarom die Gebod van die heiliging van die Sabbat aangetrêf word by geleenthede waar die Verbond bevestig word soos in Ex. 20:8, 23:12 en 5:12-14.

Die Sabbatsgebod is ook naas die Tweede Gebod, die uitvoerigste Gebod van al die gegewe Gebooie en die Gebod wat die meeste herhaal word. Dit beklemtoon onder meer die belang van hierdie Gebod, sonder om dit van die ander Gebooie uit te sonder. Saam met die Gebod van die onderhouding van die Sabbat, word 'n motivering vir, sowel as die implikasies van die Gebod gegee. Die Sabbat is gegrond in die rus van God - die motivering in Ex. 20:11. Die sosiale implikasies - "jy of jou seun, of jou dogter of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdelik wat in jou poorte is nie". Die Gebod raak nie net die Israeliete nie, maar elkeen met wie die Israeliete in aanraking kom.

Die rus van die Sabbat is 'n aangeleentheid wat deur die Christen van vandag maklik misverstaan of misbruik word. Vir Israel was die Sabbat inderdaad 'n dag van rus waarop werk (Ex. 23:12; 34:21; Jer. 17:22), geldelike transaksies (Amos 8:50, reise en sake (Jes. 58:13) verbied was. Maar dit was ook 'n blye feesdag waarop die volk na die heiligdom gegaan het. (Lev. 23:3, Jes. 1:13) Dit was nie 'n dag van totale rus nie, wel tog 'n dag van arbeid - arbeid vir die Here. Die dag het vereis dat daar nie niks moes gebeur nie, maar dat daar 'n wisseling in die patroon van lewe en arbeid moes plaasvind. Deur die Sabbat en ander verbandhoudende feeste soos die fees van ongesuurde brode, die fees van weke (Ex. 34:22) en die Huttefees (Deut. 16:13) moes God geheilig word, na die heiligdom gegaan word om na die Wet van God te luister en om deel te neem aan die offerande en om die Naam van die Here aan te roep. Na die vernietiging van die tempel en die Ballingskap het die ander feeste verdwyn, maar die Sabbat het nuwe belang gekry. Na die terugkeer het Jode die Sabbat as dag van toewyding gesien en beleef. (Jes. 58:13 "'n verlustiging"). Dit is ook hierby waar die Nuwe Testamentiese Sabbatsbeskouing sterk aansluiting vind. Die Christelike rusdag sowel as die Joodse Sabbat vind aansluiting in die rusdag by die

skeppingsordinansie. Dit, sê Calvyn, is 'n eis wat "vir alle mense van alle tye van krag bly".

Alhoewel die Fariseërs in die Nuwe Testamentiese tyd mense verbied het om 'n bed te dra (Joh. 5:10, om 'n siek persoon te versorg (Mark. 3:2; Luk 13:14), om koring te pluk (Matt. 12:2) of om verder te gaan as 'n Sabbatsreis (Hand. 1:12), het Jesus die beginsel van die Sabbat geëer, maar kleinlike en wettiese interpretasies daarvan verwerp. (Luk. 4:16; Matt. 24:20). Die oorgang en die opname van die Sabbat na Sondag, vind vir die Christen in Jesus Christus plaas, sonder dat die Christelike Sondag eenvoudig 'n verlengstuk van die seremoniële Joodse Sabbat is. Teksgedeeltes soos Mark. 2:27: "En Hy sê vir hulle: Die Sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die Sabbat nie" asook Matt. 5:17: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie, maar om te vervul. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." en veral Mark. 2:28: "Daarom is die Seun van die Mens Here ook van die Sabbat" bevestig dat Christus die Sabbat opgehef het en Sy Godskap oor die dag bewys het deur Sy oorwinning oor die dood. Die opstanding was die eindpunt en vervulling yan die ware rus, waarvan die ou Sabbat 'n afskaduwing was. Die Sondag is weer op sy beurt, of behoort dit te wees en te blyk uit Sondagviering, van die komende rus 'n afskaduwing.

Vir Sondagviering vandag, is dit nodig om kennis te neem van al die elemente van die Sabbat en die Sondag deur die lig wat die Evangelie daarop wil laat val. Kwelvrae daaroor is altyd min of meer in dieselfde trant: Geld die vierde Gebod nog vir ons? Mag 'n Christen op Sondae werk? Mag hy ontspan en aan sport deelneem? Die antwoorde op hierdie vrae oor Sondagviering kom alleen maar met oortuiging deur, en onder die leiding van die heilige Gees.

Enkele aspekte wat uit die Vierde Gebod en die Nuwe Testamentiese Sondag na vore kom, is die volgende:

Rus se ekwivalent is nie "niks doen" of ledigheid nie. Hoe noodsaaklik rus ookal mag wees - daarin gaan die betekenis van die Sondag nie op nie. Die rus van Sondag beteken nie uitrus nie, maar 'n arbeidsverandering, patroonverandering, lewensgangverandering. Dit is tegelyk ook aktiewe rus in gemeenskap met die Skepper.

* Onderhouding van die Sondag beteken ook die instandhouding van die Sondag. Die Heidelbergse Kategismus bely dat die kerkdiens onderhou moet word, dat die gemeente "veral op die Sabbat, d.i. die rusdag", moet vergader, dat "ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, en so die ewige Sabbat in hierdie lewe begin." (Sondag 38).

* Die Kategismus se belydenis van "al die dae van my lewe" en die siening van Calvyn dat die Sondag nie heiliger is as ander dae nie, behoort nooit van hulle

grondgedagtes in die Skrif losgemaak te word nie. Die Here wat Here van die Sabbat is, is ook Here van die lewe van die Christen. Daar moet teen gewaak word dat die Sondag nie 'n dag word waarin die Here meer Here van my lewe is as Maandag tot Saterdag nie. Omdat alle dae vir die gelowige heilige dae is, omdat almal Godgegewe is en aan God behoort, is die Sondag heilig omdat dit 'n kulminasie is van en die heiligheid van die ander dae juis tot openbaring kom by die dag wat gekenmerk word deur aktiwiteite van God. Andersom: As al die ander dae nie heilig is nie, sal die Sondag dit ook nie wees nie.

* Die Sondag is by uitstek 'n dag van ontmoeting met die Here. Daarom is dit nie maar net 'n herhaling van die vorige dag of twee nie. 'n Kriterium vir die Sondag sal ook wees hoe my betrokkenheid by en verlossing deur Jesus Christus in die viering van die dag tot uitdrukking kom. Die lewe en belydenis van die kind van God konkretiseer vir die toeskouers en meelopers van die weeksdae ook sigbaar en in 'n hoogtepunt op Sondae.

* Dit kom aan op 'n kwalitatiewe lewenstyl en lewenshouding en nie op 'n eindelose lys van mag en magnies en moets en moenies nie. Daarvoor is die lewe gans te geskakeerd. Die Sondag is vir die mens: nie die rigoristiese en seremoniële nie wel vir die vrygemaakte. Dit is alleen die in-Christus vrygemaakte mens wat die Sondag vryelik kan geniet. Buite-om Christus is dit die dag van rus vir die bandelose mens.

3.11.1 Aanbeveling:

3.11.1.1 **Die Sinode besluit dat ernstig besin moet word in elke gemeente oor die instandhouding van daardie aktiwiteite wat in ooreenstemming is met die geopenbaarde Wil van God-Drie-enig soos opgeteken in sy onfeilbare Woord.**

3.11.1.2 **Die Sinode besluit om alle lidmate ernstig te vermaan om hulle doelbewus te onthou van enige vorm van Sondagontheiliging.**

3.11.1.3 **Die Sinode besluit om die owerheid (regering van die dag) dringend te versoek om 'n voorbeeld te stel aan alle landsburgers wat die heiliging van die Sondag betref, o.g.v. NGB Art. 36.**

3.11.1.4 **Die Sinode besluit om die SAUK as aanbieder van inligting dringend te versoek om sy programme oor beide radio en beeldradio so saam te stel dat die godsdienstige karakter van die Sondag behoue sal bly.**

3.12 <u>Pinksterbidure</u>

Twee verslae het voor die Kommissie gedien. Beide word hier weergegee soos deur die Kommissie besluit:

3.12.1 <u>Verslag deur Ds WJ van der Merwe</u>

3.12.1.1 Stelling

Die Pinksterbidure, soos in die gebruik by die NG Kerk sowel as die reste daarvan in ander kerke, is 'n uitvloeisel van die Arminianisme, die Wesleyanisme en in Suid-Afrika die navolgers van di. Van der Lingen en Murray. Bg. groepering kan getipeer word as die Metodisme.

3.12.1.2 Geskiedkundige agtergrond

1. John Wesley (1703 -1791)

Hy word algemeen aanvaar as die vader van die Metodisme en is gebore uit 'n geslag wat groot erns gemaak het met die belewing van hulle godsdiens. Sy vader, Samuel, rektor te Epworth het die Calvinisme van sy vaders versaak en hom meer aangetrokke gevoel tot die Arminianisme. Volgens die Arminianisme kies God vir Hom kinders uit o.g.v. 'n vooruitgesiene geloof en kan die mens God se genade weerstaan. In 1720 is John na Oxford Universiteit waar hy 'n M.A.-graad verwerf het en in 1725 tot priester geordeen is. In die geselskap van die "Holy Club", 'n organisasie buite die kerk, waarvan hy leier was, het Wesley bevrediging gevind uit sy strewe na mistisisme en asketisme. Dit kom by hom tot uiting in die kruisiging van sy vlees en afsondering van die wêreld. In die verband het die "Holy living and dying" van ene Taylor wat openlik die leer van die uitverkiesing verwerp het en Thomas a Kempes se "Imitatio Christi" groot invloed op hom uitgeoefen. Groter was egter die invloed van William Law, die "grootste misteriosoof" wat hom die asketisme maar veral die mistisisme geleer het (Du Toit, J.D. "Die Metodisme" p 42) Wesley se neiging tot mistisisme en asketiese wetsheiliging om sy siel te red (sic), sy verbintenis met die "Holy Club", 'n organisasie buite die kerk as instituut, het die persoon en werk en daaruit voortvloeiende Metodisme blywend gestempel. Die reëls vir die lede van die "Holy Clubs" of geselskappe, kan onder drie hoofpunte saamgevat word:

* Verwydering van die bose.
* Doen van goeie werke in liggaamlike en geestelike sin. Dit moet uitkom in bewys van barmhartigheid, selfverloëning en 'n vrywillige dra van die smaad van Christus.
* Die gebruik van die genademiddele van Woord en Sakramente, aangevul deur vaste openbare bidure en vas volgens 'n vaste program.

3.12.1.3 Metodisme: Gereformeerd beoordeel

1. Die Wesleyaanse metode verwerp die leer van die uitverkiesing. In 1765 verklaar Wesley dat hy dit as sy plig geag het "to oppose Predestination with our whole strength, not as an opinion, but as a dangerous mistake, which appears to be subversive

of the very foundation of Christian experience and which has, in fact, given occasion to the most grievious offences." (S. Andrews. Methodism and Society. p. 62)

2. Die Skrifleer van die genadeverbond bly by die Metodisme in die slag

Die Heilige Skrif leer dat dit nie losstaande enkelinge is wat asof uit die stroom van die verderf opgevis word nie, maar dat 'n liggaam behou word. (K. van Dyk. Van Eeuwigheid Verkoren. p. 150) J.D. du Toit wys daarop, in sy werk: "Het Metodisme", p. 148, 149, dat die Metodisme hom toespits op vondelinge in plaas van bondelinge, eenlinge i.p.v. eenheid, die menigte i.p.v die gemeente.

3. Wesleyaanse Metodisme is Arminiaans

Dit het leerstellig die gereformeerde Calvinistiese spoor vaarwel gesê en openlik, onder andere met die oprigting van Arminian Magazine in 1778 die Arminianisme gepropageer. "Wat die heilsorde aanbetref, is die Metodisme in sy historiese wording antropologies en nie teologies nie" (J.D. du Toit. A.w. p. 137) M.a.w. in die verlossing gaan dit in die eerste plek om die mens en nie om God wat verlos nie. Die mens staan sentraal i.p.v God. Dit is lynreg in stryd met ons belydenis. (Dordtse Leerreëls 1. Verwerping 6 van dwaling).

4. Die Metodisme leer dat die afval van die heilige moontlik is. "Hy ag dit helemaal gebeurlik dat 'n mens vandag kind van God kan wees en more 'n kind van die duiwel." (Stevens op cit 11 p. 155. Verhoef, P.A. Sê my dominee. p. 39)

5. Die Metodisme glo aan volkome heiligheid op aarde. Wesley en Fletcher het bg. stelling in 'n studiestuk breedvoerig uitgewerk. (C.N. Impeta. De leer der heiliging en volmaking by Wesley)

6. Metodisme gaan gepaard met Godsdienstige opwinding. Gevoel ontvang by die Metodisme 'n oorbeklemtoonde aksent. 'n Gevoel van sonde, oordeel, verdoemenis en ook vertroue in Christus en oorgawe aan God, bekeringsekerheid, wedergeboorte, ens. Die Heidelbergse Kategismus leer dat geloof kennis en vertroue is, 'n ewewigtige balans van jou kille verstand en jou hart (gevoel). Kennis is nodig om te vertrou en hoe meer en beter jou kennis is, hoe sterker is jou vertroue. Die balans mag nie versteur word nie. "Die verwaarlosing van die kennis van God en die vooropstel van subjektiewe gevoel het 'n oppervlakkige mistiek tot gevolg." (Encyclopaedie van het Christendom p. 568) Die reformatore het 'n reformasie beoog met die behoud van die "forma" van die

kerk. Die Metodisme het die kerk prysgegee. "Dit het gelei tot talle sektevormings, met geesdrywery van opwekkingsdienste en geprogrammeerde bidure afgestem op geestelike opwarming en bedes vir 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees." (P.J. Coetzee. Wetenskaplike bydraes Geesteswetenskappe. p. 34) Dit het verder gelei tot 'n belydenislose godsdienstigheid, sonder konfessionele diepgang en belyndheid. Die belydenis moet die eenheidsband vorm. (1 Tim. 3:15) Die APK moet haar eie identiteit openbaar d.m.v. die toets van die Heilige Skrif en die belydenis, gedagtig aan die spreuk "ecclesia reformata semper reformanda". Gevolgtrekking: Bidure kom uit 'n agtergrond van verwerping van die uitverkiesing, verbond en kerk, en uit 'n agtergrond van gevoelsdrywery en konfessionele vervlakking waar die mens sentraal staan.

3.12.1.4 Metodisme en invloede in die RSA. Omdat dit in hierdie studiestuk nie gaan om bepaalde kerke nie, maar om 'n geestestroming naamlik die Metodisme, is dit nodig dat die Sinode van die APK kennis neem van die agtergrond waaruit die Pinksterbidure ontstaan het en hoe dit neerslag gevind het in Suid-Afrika. John Wesley, die vader van die Metodisme is in 1791 in Engeland oorlede. Dit was vier jaar voor die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795. "Kontak tussen die lidmate van die Kaapse Kerk en hulle Engelse medeburgers is gestimuleer deur die verengelsingspolitiek van Lord Charles Somerset." (P.W. Buys. Wetenskaplike Bydraes) "Engels was die taal in die skole. Kennis van Engels was 'n deurslaggewende faktor by aanstellings en verplasings van predikante, die Catechismus (sic) is in Engels vertaal en Engels het 'n vaste plek verower op die kansels en in alle gemeentelike lewe. Dit is hierdie algemene verengelsing wat die weg van die Metodisme so voorspoedig gemaak het. Langs hierdie indirekte weg het die Metodisme sy greep op ons volkslewe gekry, en des te gemakliker kon dit, omdat die Imperialisme die Metodisme so heerlik kon gebruik om die godsdienstige Afrikaner van sy Christelik-Nasionale weg af te trek." (J.D. Vorster: Die Metodistiese invloed in ons volkslewe. In "Koers in die Krisis" III p. 191) In Amerika was daar in 1857/1858 'n ernstige insinking in die ekonomie. 'n Lekewerker, Lamphier, het in New York tussen 12:00 en 13:00 daagliks begin bidure hou vir sakemanne. Dit het 'n veldbrand geword. 'n Briefskrywer het daaroor soos volg geskryf "Ik geloof vast dat wij eene uitstorting van Gods Heiligen Geest in het land beleven" ('n Brief in Evangelical Christendom, aangehaal deur o.a. P.W. Buys. Wetenskaplike Bydraes.) D.J. Keet beskryf hoedat kinders en grootmense uit alle klasse van die samelewing aangegryp is "deur 'n verbasende erns, skuldgevoel en verlange na verlossing, gepaard met groot emosionele spanning - by sommige was daar so 'n angstoestand dat hulle vir dae nie

kon werk nie - selfs geen voedsel gebruik het nie. Op groot skaal het daar bekerings plaasgevind. (D.J. Keet. Herlewing in die Geskiedenis van die Kerk. p. 10, 11) "'n Kenmerkende verskynsel van die Opwekkinge was die sg. 'aandoeninge'. Mense het oral slagoffers geword van geestelike en liggaamlike oorspanning. Dieselfde uitspattige en neurotiese verskynsels wat hul by die bekeringsveldtogte van Wesley voorgedoen het." (J.D. du Toit. a/w/ p. 144 en 145) "Die idee van 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees is natuurlik radikaal in stryd met wat die Skrif aangaande die eenmaligheid van die Pinkstergeskiedenis verhaal. Net so min as wat daar 'n herhaling van die Kersgebeure, die opstanding of hemelvaart van Christus kan plaasvind, net so min sal die Heilige Gees weer uitgestort word." (P.W. Buys. Art in Wetenskaplike Studies Geesteswetenskappe 1975 p. 44) Hierdie "herlewing" het veral sy beslag gevind in Suid-Afrika a.g.v. die merkwaardige verhaal van wat met Ds GWA van der Lingen gebeur het. "Tussen hemelvaart en Pinkster het, tydens 'n bidstond wat a.g.v. die opwekkingsgeleenthede bepaal was, met hom, volgens prof. FJM Potgieter, die volgende gebeur: hy het in 'n soort van verrukking van sinne geraak en onder 'n vloed van trane iets uitgeroep wat niemand kon verstaan nie. Later het hy verduidelik wat daar gebeur het. Dit was asof hy sneeuvlokke sien opstyg na die hemel en asof weerligstrale uit die troon voortkom om die vlokke af te weer, totdat 'n gedaante in met bloedgeverfde mantel hom stel tussen die sneeuvlokke en die troon om die weerligstrale te stuit. Meteens word dit vir hom duidelik (so vertel hy later) dat die gedaante die Heer Jesus is, wat die vernietigende strale van Gods troon van sy volk afwend, sodat hulle gebede (die sneeuvlokke) die genadetroon kan bereik." (D.J. Keet: Herlewing in die Geskiedenis van die Kerk. p. 15) Hierdie visioen van ds v.d. Lingen word al- gemeen aanvaar as aanleiding tot die instelling van die Pinksterbidstonde". Hoe rym dit met die leer van die genoegsaamheid van die Heilige Skrif soos vervat in Art. 7 van die NGB? In hierdie artikel word alle buite-Bybelse openbaringe im- plisiet van die hand gewys. Ons aanvaar tog die belydenisskrifte <u>omdat</u> hulle in ooreenstemming is met die Heilige Skrif en nie <u>in soverre</u> as wat hulle met die heilige Skrif ooreenstem nie. As die visioen van ds v.d.Lingen vir die kerk aan- leiding was.om die Pinksterbidure in te stel, wat moet dan die antwoord wees aan die sektes wat hulle vir hulle doen en late veelvuldiglik op sulke visioene beroep? Ds TN Hanekom stel in sy "Die liberale rigting in Suid-Afrika" p. 258 soos volg: "Die bondgenootskap met die Metodisme het die Kerk duur gekos, nie alleen het dit meer as iets anders die kerklike bewussyn verswak en die Christelike beginsel uit die lewe geweer en ons volkskoers

verander nie, maar veral toe in die twintigste eeu, die liberalisme weer 'n aanslag op ons kerklike lewe maak, het dit in die Metodisme 'n bondgenoot gevind teen die Calvinisme." Dat die Metodistiese opwekkinge in die twintigste eeu desondanks in kerklike kringe naleef, blyk uit die feit "dat die dankbare herdenking van genoemde herlewinge en die eeufees van die Pinksterbidure een groot gebeurtenis en geleentheid gemaak is." (WA Alheit. Eeufees van ons bidure. Die Kerkbode 35(19): 689, 1960) en dat die Eeufees van die opwekkinge in Suid-Afrika luisterryk herdenk is in 'n feesprogram "wat feitlik oor twee jaar" gestrek het. (Ibid) Die invloed wat Andrew Murray gehad het in die opwekkinge en Pinksterbidure, is emosioneel gewaardeer, verstommend. Na die voorafgaande Metodistiese indoktrinasie het hy 'n teelaarde gehad wat welig gegroei het. Sy agtergrond, opleiding en Metodistiese aanslag het getier. Murray was "niet slechts een stem, maar een kracht, hij oefende niet slechts een invloed, hij schiep een dampkring. In het land sijner geboorte drukte zijn persoonlykheid zich op allen, die niet met hem omgang hadden. Zeer diepgrijpend was vooral de invloed die hij over zijn broeders in die evangeliebediening uitoefende.". J. du Plessis. Het leven van Andrew Murray p. 446, 447) "Die dampkring wat Andrew Murray geskep het, was Metodisties en het weinig of niks van die tipies Calvinistiese Gereformeerde Skrifbeskouing nie" (P.W. Buys: Wetenskaplike Studies.)

.12.1.5 Oorskatting van Pinkstergebeure: Alle feesdae hou groot heil vir die kerk van Christus in. Op Kersfees word die Verlosser gebore; op Goeie Vrydag ly Hy helse smarte en sterf Hy vir die sonde van God se kinders; op Paasfees oorwin Hy die dood; op Hemelvaart bestyg Hy Sy troon en neem die menslike vlees as pand die heerlikheid in; op Pinksterdag stuur die Vader en die Seun die Heilige Gees. Om 'n week van bidure te reël voor Pinksterdag, het geen Bybelse grond nie. Met die bidure word soveel van een van die kerklike feesdae gemaak dat Pinkster bo al die ander verhef word, asof dit belangriker as al die ander sou wees.

3.12.2 Verslag van Ds MP Taute

Motivering vir die behoud van Pinksterbidure

In Matt. 18:19 en 20 staan: "As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde." (Ons kom later na die heerlike betekenis hiervan terug). In Lukas 1:10 lees ons dat toe die priester Sagaria besig was om die reukoffer te brand, was

die hele volk buite, "besig om te bid op die uur van die reukoffer." Dit was 'n biddende skaar in gesamentlike gebed, wie se gebede soos reukwerk opgestyg het voor God. In Hand. 1:14 word gemeld dat die apostels na Jesus se hemelvaart "almal eendragtig volhard het in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en sy broers." Op die dag van die Pinksterfees was hulle weer almal "eendragtig bymekaar". (Hand. 2:1) Hand. 4:24 vertel vir ons dat toe die gemeente hoor hoe die priesters en owerstes Petrus en Johannes ondervra en bedreig het, "het hulle eendragtig die stem tot God verhef." Vers 31 lui: "En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek." Toe die eerste Christelike gemeente in Jerusalem se vervolging toeneem, (Jakobus onthoof en Petrus in die gevangenis) het hulle hul toevlug tot gesamentlike gebed geneem. Ons lees in Hand. 12:5 "So is Petrus dan in die gevangenis bewaak; maar daar het 'n aanhoudende gebed deur die gemeente vir hom opgegaan." In Hand. 12:12 word vertel dat Petrus na sy loslating uit die gevangenis, by die huis van Maria gekom het "waar baie in die gebed bymekaar was." Hand. 20:36 vertel dat toe Paulus van die ouderlinge in Efese afskeid geneem het, "het hy neergekniel en met hulle almal saam gebid." In Hand. 21:5 sien ons weer dat Paulus, toe hy vanaf Tirus moes vertrek, vergesel was van "almal, met vroue en kinders wat ons tot buitekant die stad begelei het; en ons het op die strand neergekniel en gebid." In Jak. 5;14 sê die apostel: "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep en laat hulle oor hom bid." In vers 16 sê hy: "Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." In Heb. 10:25 word ons vermaan om "ons onderlinge byeenkoms nie te versuim nie."

Bostaande aanhalings uit die Skrif bewys bo enige twyfel dat saambid nie net alleen gereeld in Bybelse tye plaasgevind het nie, maar dat kinders van die Here beveel word om dit te doen. Lidmate van ons kerke het nie net behoefte aan die eensame gebed van die binnekamer nie, maar ook aan die openbare, gemeenskaplike gebed. Ons word met 'n intieme band aan God verbind, maar ook aan ons medemens. "My Vader" is ook "Ons Vader". Kinders van dieselfde huisgesin praat nie net altyd elkeen in afsondering met hul vader nie, maar deel saam in sy liefde. Gelowiges kan nie die volle seën van die Heilige Gees ondervind, indien hulle dit nie gesamentlik soek en ontvang nie. Die Skrif bewys dat die Gees sy volle krag openbaar deur die vereniging en gemeenskap van die gelowiges. In Matt. 18:19 en 20 leer ons baie duidelik die kenmerke van die ware gemeenskaplike gebed ken:

1. Daar moet ooreenstemming wees oor wat gevra

word. Dis nie 'n byeenkoms waar elkeen oor sy eie behoeftes bid nie, maar oor 'n bepaalde saak van gemeenskaplike belang.

2. Die samekoms moet in die Naam van Jesus geskied. Sy Naam is die verenigingspunt van die gelowiges. "Waar twee of drie vergader in my Naam, daar is Ek onder hulle."

3. Die gemeenskaplike gebed (gebede) sal sekerlik verhoor word. "Dit sal hulle ten deel val van my Vader."

As ons in die geloof en liefde en in die Gees saamstaan, dan word die krag van die Naam en die teenwoordigheid van Jesus meer sigbaar en die antwoord en verhoring van ons versugtinge en gebede is verseker. Die Skrif vra in Matt. 18:19 en 20 dat ons in elke biduur die saamkom in die Naam van Jesus, die geloof in sy teenwoordigheid en die verwagting van 'n antwoord, op die voorgrond moet stel. Indien ons hieraan gehoorsaam is, word ons gebede die krag waardeur Satan oorwin word. Dit stel die kragte van die hemelse wêreld tot beskikking van die kerk op aarde, want Jesus het deur sy belofte elke byeenkoms in sy Naam gewy om te dien as 'n poort van die hemel, waar die bidders bewus moet wees van sy teenwoordigheid en krag, wat die Vader beweeg om ons begeertes te vervul. Daarom pleit ek in die Naam van die Here, wat self gemeenskaplike bidbyeenkomste ingestel het, om tog nie hierdie geseënde gebruik om Pinksterbidure te hou, uit ons APK te verban nie, want sonder bidure sal ons gemeentes ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak voor ons Skepper te staan kom. (Openb. 3:17) Mag die Here dit verhoed!

3.12.3 **Aanbevelings:**

3.12.3.1 Die Sinode besluit dat die APK (gemeentes) hulle as bruid van Jesus Christus hou aan die Skrif as die Woord van God en die Drie Formuliere van Enigheid wat in ooreenstemming is met die Woord van God.

3.12.3.2 Die Sinode besluit dat die APK (gemeentes) hulle as Calvinistiese Gereformeerde Kerke onder blanke Afrikaners sal betuig as Ware Kerk, wat Ware Skrifverklaring, Ware Sakramentsgebruik en Tuguitoefening volgens die Woord van God beoefen.

3.12.1.3 Die Sinode besluit dat die APK-predikante die leer van die uitverkiesing soos in die Dordtse Leerreëls vervat, onvervals en op 'n gereelde basis sal uitdra in die prediking en huisbesoek.

3.12.1.4 Die Sinode besluit dat die APK (gemeentes) hulle eie identiteit hoe langer hoe meer sal uitwerk -

getrou aan die Skrif en die Drie Formuliere van Eenheid en los van alle bevraagtekenbare elemente uit die verlede.

3.12.1.5 Die Sinode besluit dat Pinkstersondag in die "kerklike jaar" in die APK herdenk word soos die ander kerklike feesdae, soos Goeie Vrydag, Hemelvaartdag en Kersfees.

4. **BESRYWINGSPUNT**

4.1 Karate

4.1.1 Beskrywingspunt

Die Ring van Morgenzon versoek vriendelik dat die Sinode standpunt sal inneem teen alle vorms van karate vanweë die feit dat dit 'n Oosterse en mistieke verbintenis het en dat kinders wat daaraan deelneem geplaas word op 'n definitiewe pad van Zen-Boeddhisme, al doen hulle aan die begin net die oefening. Die oefening is onlosmaaklik van die okkulte omdat geen karateklub kan bestaan sonder affiliasie met Japan nie - en dat die argument van oefening alleen dus geen grond het nie omdat sommige karatika indien hulle gevorderd raak bo-natuurlike vermoëns ontwikkel wat nie Bybels gegrond is nie. Dieselfde geld vir Yoga en Transendentale Meditasie.

4.1.2 **Aanbeveling:**

Die Sinode verwys die Ring van Morgenzon na hierdie kommissie se verslae oor Hindoeïsme en Satanisme sowel as na 'n verslag van Dr. Andries Gouws: "Perspektief op Satan en sy werkinge; Joga, Transendentale Meditasie en Karate."

4.2 Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 4

4.2.1 Beskrywingspunt

Navrae het gekom vanaf 'n finalejaar katkisant by name Lizelle von Wielligh m.b.t. die NGB Art. 4 Die Kanonieke Boeke van die Heilige Skrif. 1). Die totale boeke naamlik 66 word nie genoem nie. 2). Die naam Klaagliedere van Jeremia word nie genoem nie. Daarom versoek die Ring van Migdol die Sinode dat hierdie twee veranderinge t.o.v. hierdie artikel aangebring word in die uitgawe van die Belydenisskrifte wat so spoedig moontlik sal verskyn, in opdrag van die 1988 Sinode.

4.2.2 **Aanbeveling:**

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

4.3 Die Nuwe Suid-Afrika

4.3.1 Beskrywingspunt

Die Ring van Dendron versoek die Sinode om leiding te

gee t.o.v. 'n haalbare en etiese alternatief vir die "Nuwe Suid-Afrika"

4.3.2 **Aanbeveling:**

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien die saak nie op die terrein van die kerk val nie.

4.4 Halaal-produkte

4.4.1 Beskrywingspunt

Die Sinode besluit om gemeentes te versoek om lidmate op te roep om nie gebruik te maak van Halaal-produkte nie.

4.4.2 Motivering

Slegs as daar landwyd eenvormig opgetree word sal die uitslag effektief wees. As Christen-Afrikaners moet ons lidmate leiding neem t.o.v. die eer van die Drie-enige God. Ons as Christene adverteer in ons huise 'n valse godsdiens, indien ons voortgaan om die produkte te koop. Die Christen mag nie passief raak net omdat hy nie onpopulêr wil wees nie. Die Halaal-teken op die produkte beteken dat die besondere produk aan Allah gewy is. Ongeveer 350,000 Moslems in S.A. is besig om ons as Christene se godsdiens te ondermyn. Deur ons getuienis as Christene kan ons keer dat die Islam in S.A. so vinnig groei soos in ander Westerse lande. Indien ons hierdie Halaal-produkte net so aanvaar, word ons samelewing daartoe gekondisioneer dat alle godsdienste gelyk is - ook 'n valse godsdiens. Ons jeug word "mak" gemaak vir die Islam.

4.4.3 **Aanbeveling:**

Die Sinode steun die beskrywingspunt en verwys in hierdie verband na vorige besluite oor hierdie saak.

4.5 Standpunte oor beginselsake

4.5.1 Beskrywingspunt

Die Sinode 1990 wys ('n) ad hoc permanente kommissie aan om Skriftuurlike riglyne op te stel oor die volgende sake en dit aan die volgende Sinode voor te lê vir oorweging:

1. Volkereverhoudinge (Dit sluit in: die voortbestaan al dan nie van volkere, rasseverhoudinge; die skepping van volke; volkseie kerke; is daar in die Bybel verskil tussen "volk" en "nasie"? ens.)

2. Geregtigheid.

3. Kerklike eenheid. (Dit sluit o.m. in: bestaan daar, Bybels gesien, so iets as 'n verskeidenheid

van kerke binne een volk tussen gelowiges met dieselfde taal, kultuur en belydenisskrifte; moet die eenheid in Christus tussen verskillende kerkverbande sigbare gestalte vind

4. Die verhouding tussen kerk en owerheid.

5. Ander beginselsake wat die ad hoc kommissie(s) aan die volgende sinode wil voorlê.

4.5.2 Motivering

1. Dit is dringend noodsaaklik dat 'n sinode van die APKerke eksplisiet oor hierdie sake standpunt inneem.

2. Dit is gebiedend noodsaaklik dat al ons predikante, kerkrade en lidmate oor hierdie aangeleenthede uit een mond spreek.

3. Deur oor sodanige beginselsake standpunt in te neem, sal leiding aan al ons lidmate gegee word. Hierdie sake raak die ontstaan, bestaan en voortbestaan van ons kerke in kerkverband.
Geteken: R Marè en JA du Plessis.

4.5.3 **Aanbeveling:**

Die Sinode besluit om die beskrywingspunt te steun en beveel Prof R Marè, Dr CI van Heerden en Ds. JA du Plessis as lede van so 'n kommissie aan.

4.6. Chiliasme

4.6.1 Beskrywingspunt

Die Sinode besluit dat die bewoording van die verwerping van Chiliasme, soos weergegee in die uittreksel van die notule van die Sinode in sitting gedurende November 1989, met die volgende bewoording vervang sal word. "Na grondige ondersoek en bespreking het dit duidelik geword dat die meerderheid sinodegangers anti-Chiliasties in oortuiging is, en word bepaal dat Chiliasme nie van die kansel af gepreek sal word, of in enige amptelike hoedanigheid as leer van die APK voorgehou of geleer sal word nie. Aangesien die Sinode egter bewus is van 'n beduidende element van Chiliasme onder die lidmate van die Kerk, en dat die meeste van hierdie lidmate meelewend en aktief is, word erkenning aan Chiliasme as alternatiewe oortuiging verleen solank dit net nie amptelik gepropageer word nie. Oortuigde Chiliaste sal nie as gevolg van hul oortuiging, of die verdediging daarvan in privaat gesprekke tugwaardig wees nie, en daar word nie van hulle verwag om hulle Chiliastiese oortuiging prys te gee om lidmate van die APK te bly nie.
Of
Die Sinode verklaar dat die amptelike leer en beleid van die APK anti-Chiliasties is en dat dit so deur die meerderheid op die Sinode bevestig is, en so in alle

amptelike hoedanighede verkondig en/of geleer moet word. Die Sinode is egter bewus van 'n beduidende element van Chiliasme onder die lidmate van die APK, en dit word dus as alternatiewe oortuiging aanvaar solank dit net nie amptelik verkondig of geleer word nie. As private oortuiging sal dit egter nie tugwaardig wees nie.

4.6.2 Motivering

Die bewoording soos dit tans staan, is onnodig skerp en nydig en los 'n beduidende deel meelewende lidmate van die APK in onsekerheid of hulle nog welkom is in die Kerk. Met bestaande twee alternatiewe bereik die Sinode in elk geval nog sy doel en word die wat in Chiliasme glo nie onnodig seergemaak anie.
Insender Kerkraad Brits.

4.6.3 **Aanbeveling:**

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

4.7 Toesighoudende taak van ouderling

4.7.1 Beskrywingspunt

Die Ring van Moot-Sentraal, versoek die Sinode om deur sy Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme die kerke te dien met 'n prinsipieelbegronde studiestuk om die toesighoudende taak van die ouderlinge (kerkraad) t.o.v. die gebruik van die sakrament van die Nagmaal. In die studiestuk moet die gereformeerde standpunt oor geslote kommunie duidelik gestel word.

4.7.2 Motivering

Onder lidmate bestaan daar soms die standpunt dat die ouderlinge se toesighoudende taak nie strek oor die toelating tot die tafel van die Here nie. Om die sakrament van die doop te laat bedien, meld lidmate vooraf aan wanneer in 'n ander gemeente gedoop word. Met die nagmaal aanvaar lidmate soms dat hulle eie gewete die enigste "toesighouer" is.

4.7.3 **Aanbeveling:**

Die Sinode steun die beskrywingspunt en verwys dit na die PKKEN.

4.8 Verassing

4.8.1 Beskrywingspunt

Die Sinode besluit om die Kommissie vir Kerkleer en Beleid te vra om 'n studie te maak van verassings met die oog daarop dat die Sinode later 'n besluit hieroor sal kan neem.
Insender Ring van Vereeniging.

4.8.2 **Aanbeveling:**

Die Sinode neem kennis van hierdie beskrywingspunt aangesien die saak op ringsvlak afgehandel kan word.

4.9 Benaming van PKKEN

4.9.1 Beskrywingspunt

Die Sinode veander die benaming Kerkleer en Etiese Norme na Kerkleer en Aktuele Sake.

4.9.2 Motivering
Laasgenoemde omskryf die saak/sake waaroor dit werklik gaan baie duideliker.
Insender Ring van Mooinooi.

4.9.3 **Aanbeveling:**

Die Sinode neem kennis van die besluit.

4.10 Geslagsvoorligting op skool

Die Kommissie het 'n skrywe ontvang van broer J.F. du Plessis oor bg. onderwerp, maar het geoordeel dat sy skrywe nie ontvanklik is nie en dit na hom terugverwys.

4.11 Alternatief vir karate

4.11.1 Beskrywingspunt

Die Ring versoek vriendelik dat die Sinode alle vorms van karate sal verwerp en die skepping van 'n alternatief sal aanmoedig wat op 'n Christelike grondslag kan funksioneer.

4.11.2 Motivering

Karate het 'n Oosterse en mistieke verbintenis en kinders wat daaraan deelneem word geplaas op 'n definitewe pad van Zen-Boeddhisme, al doen hulle aan die begin net die oefeninge. Die oefeninge is onlosmaaklik van die okkulte omdat geen karateklub kan bestaan sonder affiliasie met Japan nie en dat die argument van oefening alleen dus geen grond het nie, omdat sommige karatika, indien hulle gevorderd raak, bo-natuurlike vermoëns ontwikkel wat nie Bybels gegrond is nie. Dieselfde geld ook vir Yoga en Transendentale Meditasie.
Insender Ring van Morgenzon.

4.11.3 **Aanbeveling:**
Die Sinode steun die beskrywingspunt en verwys dit saam met die verslag deur Oudl. Dr. G Nel na die PKKEN.

5. **Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag tot bevrediging van die Sinode uitgevoer het.**

Ds MP Taute (Voorsitter) Ds AS van Staden (Skriba)
kerketie/eties.dox/rm

1.3 "DIE VROU IN DIE AMPTE"

deur Prof. H S Theron

1.3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

1.3.1.1 SCOPUS

Die strydgesprek rondom die vrou in die ampte het begin met die vraag of die vrou in die amptelike hoedanigheid mag dien as diaken. Toe al meer algemeen aanvaar is dat die vrou as sodanig toegelaat mag word, is die vraag tereg gevra: maar wat van die ampte van regerende en lerende ouderling?

Aangesien die APK hom nog nie duidelik uitgespreek het in 'n amptelike standpunt oor die saak nie, is die opdrag aan hierdie kommissie gegee om die Sinode van advies te bedien. Die doel van hierdie stuk is dan ook om aan die kommissie die nodige agtergrond te gee waarteen aanbevelings geformuleer kan word om die Sinode te lei in sy beslissings.

Omdat die een saak noodwendig lei tot die ander, is die hele strydvraag rondom die diakens en ouderlinge amp in behandeling geneem.

1.3.1.2 BRONNE GERAADPLEEG

Daar is weinig of geen verwysings in hierdie stuk na welke bronne geraadpleeg is nie. Die rede hiervoor is eenvoudig dat ons ons vandag midde in die stryd binne die geledere van ander kerke rondom dieselfde kwessie bevind. En so is noodwendig uitvoerige verslae met uitgebreide dokumentering gebruik asook weldeurdagte beswaarskrifte met die nodige verwysings. Al die voor- en teenargumente word volledig in hierdie stukke behandel. Daarom het ek van hierdie gegewens gebruik gemaak om tyd te bespaar en het dit toe ook nie nodig geag om elke keer na reël of punt onder bespreking te verwys nie.

Enkele artikels het ook in die verband verskyn en word ook in aanmerking geneem. Daarom wil ek graag erkenning gee aan o.a. AKLAS van NG Kerk wat oor 'n tydperk van meer as 10 jaar 'n indringende studie van die saak gemaak het. Artikels soos dié van mev. Hymne Weiss en onlangs nog van Prof. J J de Klerk, was ook van hulp gewees.

Ek herhaal dat daar geen aanhalings of direkte verwysings verskyn nie, ter wille van beknoptheid, sonder om volledigheid in te boet.

1.3.1.3 ALGEMENE OPMERKINGS OOR DIE VROU IN DIE KERK

Hoewel die indruk bestaan dat die gelowige vrou in die godsdienstige handelinge van die O.T. effens op die agtergrond staan, neem sy steeds 'n baie belangrike plek in. By die formele van die godsdienstige handelinge, d.w.s. waar die amptelike op die voorgrond is, merk ons dat die vrou daar uitgelaat is. Maar in die huis en met die opvoeding van die kinders beklee die vrou juis 'n belangriker posisie as die man. Daar is egter ook enkele kere opgeteken waar die vrou meer prominent na vore kom wanneer omstandighede dit vereis, soos byvoorbeeld met Mirjam, Debora en die profetes Hulda, om enkeles te noem.

Ons kry egter verder die indruk dat in die N.T. Christus die vrou op 'n gelyke basis met die man behandel. So laat Christus vroue toe om Hom te volg, en telkens is die vrou op die voorgrond tydens sy bediening. Dit bring mee dat die vrou in die vroegste gemeentes 'n al meer verantwoordelike rol speel.

In die boek Handelinge word verskeie vroue genoem wat belangrike dienste verrig aan die gemeentes. Liefdesdiens is volop in die geledere van die vroue, sommige tree selfs in leidende hoedanigheid op, andere lees selfs uit die Skrif, en sommige beskik oor profetiese gawes.

Die problematiek lê egter hierin opgesluit: of die vrou in die N.T. ooit, en dan wanneer, in een of ander AMP funksioneer. As ons hieroor duidelikheid het, kan ons kyk in hoeverre dit op ons huidige tyd van toepassing gemaak kan word.

1.3.2 DIE AMPTE SOOS IN OU EN NUWE TESTAMENT OMSKRYF

1.3.2.1 AMPTE IN DIE OU TESTAMENT

Hier word veral die priesterskap, die koningskap en ook die profeet in amptelike hoedanigheid genoem. Hulle word op besondere wyse afgesonder, geroep en in die ampte bevestig. In elkeen van hierdie ampte word slegs mans bevestig en word die vrou nooit in oorweging geneem nie.

Die priester word aangestel kragtens sy afkoms en bepaalde reëls. Die vrou word nie in hierdie amp oorweeg nie omdat sy as vrou en moeder nie aan die praktiese eise van die amp kan voldoen nie.

Tradisioneel moes die koning in die ou tyd 'n man wees, en is die vrou nie toegelaat om oor die man te heers nie.

Dieselfde geld vir die profete-amp. Die Here het self sy profete geroep en toegerus vir die amp. Vroue het nooit in amptelike hoedanigheid as profete opgetree nie.

Ons lees wel van Mirjam (Exodus 15:20) van wie slegs 'n lied genoem word, en ook van Debora (Rigters 4:4), wat 'n profetes genoem word, hoewel haar taak was om as arbiter in geskille op te tree. Ons lees nêrens dat hulle 'n profetiese rol vervul het nie. Met Hulda (2 Konings 22:14) is dit egter anders. Sy spreek wel 'n profetiese woord (vers 15 vv), maar tree op omdat daar blykbaar geen profeet van naam in Jerusalem was nie, want hulle is waarskynlik gedood deur die koning Manasse (21:16). Hoewel sy dus profetes genoem word en as sodanig optree, was sy 'n gewone huisvrou, die vrou van Sallum die klerebewaarder (22:14) en nie amptelike profeet nie.

Daar bly egter nog een belangrike instelling oor, naamlik die ouderling of oudste. Hierdie "amp" het 'n baie belangrike plek in die O.T. ingeneem, en was beperk tot die familiehoofde, en ook hierin is nooit 'n vrou aangewys nie. Volgens tradisie het die ouderlingsamp in die N.T. sy oorsprong uit hierdie gebruik gehad (vergelyk formulier vir die bevestiging van ouderlinge).

In hierdie verband kan nog na een Ou Testamentiese voorbeeld verwys word, naamlik: die voorspelling in Joël 2:28. Dit gaan hier egter oor die optrede van die gelowige in sy amp as gelowige, wat deur die Heilige Gees geroep word om 'n profetiese getuienis te lewer (soos die vrou hierbo genoem).

1.3.2.2 DIE AMP VAN OUDERLING IN NUWE TESTAMENT

Voordat ons by die ouderlingsamp kom moet ons let op wat een van die voorlopers was met betrekking tot ouderlingskap, naamlik die apostelamp. Die taak van die apostel het later op die evangeliste se skouers gaan rus (2 Tim 4:4) en is na mate daar meer bestendigheid in die gemeentes gekom het, deur die ouderlinge oorgeneem. Die amp van die lerende ouderling het hieruit ontwikkel.

Die apostels is as groep deur Jesus self geroep en om Hom versamel. (Mat 4:15 vv, Luk 5:1-11, 6:12-16).

Selfs wanneer iemand in die plek van Judas aangewys moet word, geskied dit op besondere wyse uit 'n spesiale groep mense (Hand 1:21-22). Hoewel Paulus weer op 'n totaal ander wyse geroep word, beskou hy homself ook as 'n volwaardige apostel (Hand 9:1-18), (1 Kor 15:7-10, vergelyk Gal 2:7-9). Die besondere roeping as gestuurde van Jesus Christus was die kwalifikasies. Die aard van hul opdrag met die eise wat dit gestel het, het dit ontoeganklik vir die vrou gemaak.

Wanneer die uitbreiding van die kerk op dreef kom en al meer gemeentes word gestig, is die behoefte aan leiding dadelik aangevoel. Daarom vind ons dat Paulus spoedig in elke gemeente ouderlinge aanstel (Hand 14:23). 'n Verdere ontwikkeling is dat binne die een amp daar verdeling van pligte en verantwoordelikheid gekom het.

Sommige ouderlinge het al meer hul toegespits op die verkondiging van die Woord en op die onderrig van die gemeente en kinders (1 Tim 5:17). Die ander ouderlinge het meer hul toegewy aan die toesig van die gemeente, en is dan ook opsieners (Episkopoi) genoem (vergelyk Hand 20:28, 1 Pet 5:1-4).

Betekenisvol is die feit dat tot op hierdie stadium die betrokke ampte slegs deur mans beklee is en daar is GEEN getuienis dat 'n vrou ooit vir een hiervan oorweeg is nie.

1.3.2.3 DIE AMP VAN DIAKEN IN DIE NUWE TESTAMENT

1.3.2.3.1 TERME OM DIAKENSKAP UIT TE DRUK

Die diakensamp word veral, sou ons verwag, deur drie woorde omskryf, DIAKONEIN die werkwoord, DIAKONIA en DIAKONOS.

Wat die werkwoord betref, naamlik om te dien, kom dit dikwels voor in die N.T., maar dan in die betekenis van bedien, om iemand te dien (veral met betrekking tot God en Christus), om na iets om te sien, om iemand te help of te ondersteun, en slegs in 1 Tim 3:10 en 13 van die diens as diaken. Wat hier in die bepaalde konteks baie interessant is, is dat in vers 11, d.w.s. binne die gesprek oor die diakens (in vers 10, 12 en 13), verwys word na die vroue wat aan bepaalde vereistes moet voldoen. En hier word nie 'n verbindingswoord gebruik asof vers 11 'n tussen-sin, dus 'n opmerking wat tussen in kom, is nie.

Maar die gedagtegang vloei voort oor die onberispelikheid van die diakens (in vers 8 word eers die SEMNOS = van goeie karakter) gebruik, net soos in vers 11) en dit lyk asof die "vroue" en die "diakens" bymekaar hoort, dus asof die vroue ook tot die besondere amp behoort. As dit NIE die geval is nie, pas vers 11 glad nie hier in die verband in nie. Veral die woord vertaal met "net so" verbind die sin beslis aan die vorige, met die implikasie dat hier dieselfde dienswerk en die wat dit moet uitvoer, bespreek moet word.

Die tweede woord, DIAKONIA wat die "diens" aandui kom ook baie voor in die N.T. Dit dra die betekenis van "diens" (= service), en slegs in Ef 4:12 kan dit op die amptelike dienswerk slaan. Verder beteken dit die voorbereiding met die oog op die bediening van 'n maaltyd, dan 'n bepaalde dienswerk soos die van profeet of apostel, in Rom 12:7 veral ook van diaken, dan onder toestemming van iemand. Van belang is hier dus net Ef 4:12 en Rom 12:7. In die

eerste genoemde teks word op dienswerk in die algemeen gewys, wat ook diakenswerk kan insluit, maar nie spesifiek hier genoem nie. Ook in Rom 12:7 word van "diens" in 'n baie algemene term gepraat. Dit sien dus nie direk op die amp as diaken nie. Dus beteken hierdie woord wel DIENS, maar dit slaan nie direk op die amp van diaken nie.

Die derde woord is natuurlik die belangrikste, naamlik DIAKONOS, dus diaken, of dienskneg. Hierdie woord het in die N.T. die volgende betekenisse: 'n dienskneg van iemand of m.b.t. iets (soos in meeste gevalle waar dit voorkom), dan beteken dit ook helper of selfs iemand wat iets aanhelp, en ten slotte word dit die ampstitel vir die amp van diaken.

Ongelukkig kom dit in hierdie sin slegs voor in 1 Tim 3:8 en 12, Tit 1:9 en dan in die vroulike vorm in Rom 16:1 en ook in Fil 1:1 waar bloot van die diakens as saam met die ouderlinge melding gemaak word. Dus hoewel die saak van die diens aan die Here dikwels genoem word, is verwysing na die AMP baie skaars. Behalwe die ongeveer vier plekke waar dit genoem word, is daar een plek (Rom 16:1) waar uitdruklik na die vrou as diaken verwys word. En hier word in geen onduidelike taal van haar gepraat nie as: "ons suster Febe wat diaken is in die gemeente in Kenchréë".

Wanneer ons dan die gegewens van die N.T. saamvat, blyk dit dat die saak van diens aan God, aan Christus, aan die medegelowiges, dikwels genoem word, maar daar is slegs enkele verwysing na die amp van diaken, en dan word dit ook nie duidelik omskryf nie. Slegs in een geval word die diakens saam met die ouderlinge genoem. In nog 'n geval word van die vrou as diaken gemeld, en in 1 Tim 3:11 word die vroue genoem in dieselfde asem as die mans, wat ons kan laat verstaan dat daar ook vroulike diakens was.

1.3.2.3.2 DIE DIAKEN IN DIE NUWE TESTAMENT

Ons moet hier bely dat hoewel die diakensamp bekend is sedert die vroegste Bybelse tye, word daar baie min oor gesê wat aan ons duidelike riglyne kan gee, veral m.b.t. die vraag of die vrou in die amp kan toegelaat word. Daar word algemeen aanvaar dat ons in Hand 6 die instelling van die amp het. So kom dit voor in die bevestigingsformuliere wat by die bevestiging van diakens gebruik is sedert die vroegste tye. Vandag word dit nie meer so algemeen aanvaar nie. Daar is veral twee ernstige vrae, naamlik eerstens is die probleem waarom word die sewe manne wat gekies is NOOIT diakens genoem nie? En die tweede vraag is dat hulle later, of dan sommige van hulle, reeds buite hul aanvanklike opdrag opree, en ook self buite die stad Jerusalem?

Stefanus word 'n bekende Prediker, en Filippus tree op in Samaria as 'n evangelis van formaat. Ons hoor nooit weer van die ander vyf nie. Ons lees in Hand 15 van die gemeente, die apostels en die ouderlinge en Jerusalem, maar daar word nie weer van diakens melding gemaak nie.

'n Verdere probleem is dat ons lees dat Paulus in die nuutgestigte gemeentes ouderlinge aanstel, maar nie diakens nie (vergelyk Hand 14:23). Dat daar wel diakens was, is duidelik in o.a. Fil 1:1, waar die hele gemeente gegroet word en spesiaal verwys word na die ouderlinge en diakens. Dus moet ons aanneem dat die diakens gekies is deur die gemeente. En dit is dan ook in lyn met die voorskrifte wat Paulus aan Timotheus deurgee in 1 Tim 3:8-13. Dat daar dan ook vroue gekies word, lyk baie goed moontlik in die lig van 1 Tim 3:11 en Rom 16:1.

Daar is verder ook geen getuienis dat diakens saam met die ouderlinge 'n raad gevorm het in die gemeentes nie. Ons moet natuurlik in gedagte hou dat in die kerklike strukture in die Bybelse tyd baie verskil het van ons huidige.

En so was die diaken se taak meer gerig op die uitdeling van die dinge wat nodig was vir die versorging van die armes. Ons kan geen Skrifgegewens kry wat daarop dui dat die diakens saam met die ouderlinge in 'n regerende hoedanigheid opgetree het nie. Dit moet 'n later ontwikkeling wees.

1.3.3 DIE SKRIF OOR DIE VROU IN DIE AMP

1.3.3.1 DIE OUDERLINGSAMP

Ons het gesien dat die apostelamp later oorgegaan het op die profete en evangeliste, d.w.s. mense wat klaarblyklik onder leiding van die Heilige Gees aan die gemeente besondere openbaringe kon meedeel (vergelyk 1 Kor 12:8, 29, 14:29-33, Ef 4:11-12). Hierdie ontwikkeling het uiteindelik oorgegaan tot die ouderlingsamp met sy onderskeie verantwoordelikhede van herders (opsieners) en leraars (die wat arbei in die Woord en die leer).

Nooit is vroue verkies of aangewys om ouderlinge te wees nie. Hoewel daar baie vroue was wat as helpers in verskillende hoedanighede opgetree het, word vroue nooit as ouderlinge aangestel nie. Vroue soos Priscilla kan aan Apollos die Skrif verduidelik (Hand 18:26), Euódia en Síntiché kon saam met Paulus stry vir die Evangelie (Fil 4:2-3), die vier dogters van Filippus kon oor die gawe om die boodskap van God te verkondig, beskik (Hand 21:9), maar hulle het nie een in amptelike hoedanigheid kon optree nie. Die vroue is dus uitgesluit van die lerende en regerende amp. Hieroor is daar vandag nog 'n groot mate van eenstemmigheid onder Skrifverklaarders.

1.3.3.2 DIE DIAKENSAMP

Hoewel by die diakensamp die klem val op die man, lyk dit tog of die vrou nie uitgesluit is uit hierdie amp nie. Sy het waarskynlik as hulp vir die diakens opgetree, maar dan nie as ondergeskikte nie, maar as gelyke van die man. So sou sy seker veral die siek vroue versorg en ook in ander behoeftes onderskraag waar dit prakties onmoontlik of moeilik vir die man sou wees om op te tree. Fébé word in Rom 16:1 hoog aangeslaan as diaken, en miskien was Trifene en Trifose in 'n soortgelyke dienswerk betrokke.

Ons merk uit 1 Tim 5:9-10 dat selfs weduwees oor die 60 jaar oud ook 'n besondere plek in die gemeentelike aktiwiteit ingeneem het. Ook sy het waarskynlik hulpdiens saam met die diakens verrig.

Oor een saak is daar egter onsekerheid, en dit is of die diaken, en saam met hom die vroulike diaken, in 'n raad of bestuursliggaam toesig oor die gemeente gehad het. Daaroor is in die Skrif geen uitspraak nie.

1.3.3.3 DIE SKRIF OOR DIE DIENENDE VROU

In Godsdienstige opsig is die vrou die gelyke van die man. Daarom is sy ook gelykwaardig in die uitoefening van die amp van die gelowige. So word die vrou nie van die gemeente uitgesluit nie, maar deel in al die aspekte van die gemeentelike lewe. Dog dit word baie duidelik gestel dat die vrou nie bestem is vir die openbare lewe nie, maar haar bedieningsterrein is rondom haar huwelik en gesin. En selfs in haar dienswerk in die gemeente bly dit die arbeidsveld, naamlik ook die gesinslewe van die ander in die gemeente.

Sy mag wel bid in die openbaar, en selfs profeteer (1 Kor 11:5) ook in ander opsigte haar diensbaar maak, byvoorbeeld as diaken, as helper m.b.t. die Evangelie se bevordering, as leermeesteres van ander (Hand 21:9; 1 Tim 5:9-10), en nog ander, soos die versorging van die medegelowiges wat in diens van die Evangelie op reis was (vergelyk 1 Tim 5:10; 2 Joh verg 5-8). Sy is vennoot van die man, daar is gelyke status, maar tog verdeling van die diens en verdeling van die werksterrein. Sy lê haar toe op die werk wat die beste by haar aard en binne haar vermoë is (1 Tim 5:13-14); Tit 2:4).

1.3.3.4 DIE SWYGGEBOD (1 KOR 14:34-35 EN 1 TIM 2:11-12)

Daar is veral twee standpunte rondom die sg. swyggebod wat in die bostaande Skrifgedeeltes na vore kom. Aan die een kant word dit gesien as 'n baie duidelike uitspraak van die Skrif dat die vrou ten minste hier uitgesluit word van die leer- en regeeramp. En dit word gegrond op die

skeppingsordinasie soos deur Paulus verwoord in 1 Tim 2:13-15. As ons dit saamlees met Ef 5:22-24, moet hierdie argument van Paulus deeglik in aanmerking geneem word. Selfs die feit dat Christus die vrou gelyke erkenning gee met die man, hef die ordinasie nie op nie. Ook in 1 Kor 11:3 beklemtoon Paulus dit ook dat die man die hoof van die vrou is en dat dit ook in die erediens gerespekteer moet word.

Daarteenoor word die klem gelê op die gelykheid van die man en die vrou, veral in die lig van Gal 3:28.

Dan word geredeneer dat wat Paulus met die swyggebod bedoel, maar 'n praktiese ordereëling vir 'n bepaalde tydsgebonde situasie is, maar dit sluit nie die deur vir die vrou met betrekking tot die lerende en regerende amp nie. Christus het deur die gawe van die Heilige Gees aan beide man en vrou, die onderskeid opgehef en alle deure vir die vrou binne die kerklike samelewing oopgemaak.

Die eerste dringende vraag is dan nou: wat is die werklike betekenis van Gal 3:28? As Paulus sê: "In Christus Jesus is julle almal een", beteken dit dat hy bedoel nou is almal eenders, d.w.s. dat alle onderskeid daarmee opgehef word? Een ding is seker, naamlik dat EEN hier presies net dit beteken: wat eers meer as een was, het nou EEN geword as 'n hegte eenheid in Christus. Maar dit hef beslis die onderskeide wat daar bestaan het, nie op nie. Die Jode bly Jode, die Grieke bly Grieke, en die slawe bly slawe, ens., maar in Christus kom hulle in 'n nuwe verhouding tot mekaar te staan. Almal word nou kinders van God, en word nou een groot huisgesin van God, wat almal dieselfde erfenis sal ontvang (vers 29).

Maar een gesin is nog lank nie almal eenders nie. Daarom sal mans nog mans bly en vroue nog vroue. Op ander plekke soos o.a. Ef 5:22-23 stel Paulus dit tog baie duidelik. Dus is die trefkrag van hierdie Skrifgedeelte nie so groot dat ons hierin 'n allesoorheersende gelykmakingsproses kan aflees nie.

Met betrekking tot 1 Kor 14:34-35 kan ons wel aflei dat hier meer die aandag op die praktyk gevestig word met die behoefte om 'n ordelike reëling te tref op die voorgrond. Die vrou moet in die byeenkomste swyg, d.w.s. nie praat nie. Die vrou word volgens 1 Kor 11:5 nie verbied om te profeteer nie, maar sy mag nie die gemeente ontstig deur te praat of deur vrae te vra wat net sowel tuis gevra kon gewees het nie. Hier word dus nie na enige beginsel verwys nie, maar die gebruik soos deur al die gemeentes toegepas, word hier net herhaal.

Wanneer ons egter by 1 Tim 2:12-15 kom, het ons met 'n ander geval te doen. Hier word die LEER en die REGEER (gesag uitoefen) van die vrou uitdruklik verbied. En die

skeppingsordinasie word hier as deurslaggewende argument gebruik. Ek glo nie dat ons hierdie uitspraak te swaar sal laai as ons beweer dat hier uitdruklik die LEER (DIDASKEIV) en die REGEER (AUTHENTEIN) deur die vrou verbied word nie. Die meeste verklaarders, selfs uit die vroegste tye, stem met hierdie uitleg saam.

1.3.4 DIE VROU IN DIE EERSTE EEUE VAN CHRISTENDOM

As ons kyk na die posisie van die vrou in die kerk van die eerste paar eeue, dan is daar skynbaar niks nuuts onder die son nie. Hierdie vraagstuk het die kerk vir eeue lank besig gehou. Selfs dieselfde Skrifbewyse word deur voor- en teëstanders gebruik as vandag. So het die Montanistiese sekte, wat die vrou in die amp gestel het, hulle graag op Hand 21:29 (die vier dogters van Filippus wat die profetiese gawe besit het) en op 1 Kor 11:4 en 5 beroep, terwyl die kerk weer onversetlik vasgehou het aan 1 Kor 14:34-35 en 1 Tim 2:11-12.

Heelwat word in die vroeë kerklike literatuur en andersins gesê oor die vrou in die kerklike lewe. POLICARPUS en TERTULLIANUS maak gewag van 'n orde van weduwees (1 Tim 5:9), en die rol wat sulke vroue gespeel het, word ook deur Justinus die Martelaar, Clemens Alexandrinus (ALEXANDRINUS) en ook HIERONYMUS vermeld. Selfs PLINIUS doen aan die keiser TRAJANUS verslag omtrent hul aktiwiteite. Die vrou tree op in die amp van die diaken en speel ook 'n groot rol in die verkondiging van die Evangelie. Dit gebeur ook dat die vrou in sekere sektariese groepe (MONTANISTE en sekere GNOSTISISTIESE rigtings) 'n baie prominente rol speel (aldus EUSEBIUS). So beland die rol van die vrou in die kerk in die stryd van die offisiële kerk teen die ketters. Uiteindelik word op die Konsilie van ORANGE (441) bepaal dat die vrou selfs nie as diaken kan dien nie. In die Oosterse kerk het die vrou egter nog in die diakensamp gedien tot ongeveer 1200. Onder die invloed van die heersende asketisme en die siening oor huwelik en seksualiteit word die vrou steeds as minderwaardig gesien (o.a. THOMAS). Alleen t.o.v. die kloosterlewe (meditasie, onderrig en armeversorging) kry die vrou nog erkenning.

1.3.5 STANDPUNTE SEDERT DIE REFORMASIE

Wat hieronder volg, is eintlik meer vir interessantheid daarvan bygevoeg en nie as deel van die beredenering bedoel nie.

Tydens die Reformasie en daarna kom 'n kennelike omswaai om meer en meer erkenning aan die vrou in die kerk te gee. Die opvatting van die huwelik verander en dit gee aan die vrou ook 'n plek in die burgerlike lewe. Dit besorg egter nog nie aan die vrou toegang tot die ampte nie.

Hoewel Luther praat van 'n "algemene priesterskap" van alle gelowiges (ook die vrou) beteken dit vir hom nie toelating van die vrou tot die amp nie, behalwe in noodsituasies waar geen man teenwoordig is nie.

Ook Calvyn oordeel dat dit onbehoorlik is om die vrou wat ondergeskik aan een lid (die man) die hoof van die liggaam te maak. Tog is hierdie fundamentele ondergeskiktheid van die vrou vir hom nie in stryd met die toelating van die vrou tot die diakensamp nie (Just IV, 3.9 vgl ook sy kommentaar op Rom 12:8 en 1 Tim 5:9, en Int. IV, 13,19). Hy kwalifiseer egter die toelating tot die diakensamp deur die vrou te beperk tot die versorging van die siekes en hulpverlening aan die armes. Sy mag egter nie in die regeeramp opgeneem word nie en sy mag nie die doop bedien nie.

Op die voetspoor van Calvyn het die Konvent van WESEL (1568) nog sekere toegewings gedoen oor die vrou in die amp, maar vanaf Middelburt (1581) word die vrou op grond van veral praktiese oorwegings uit die amp geweer. Sy kan hoogstens nog funksioneer as "BEHULPSEL" by die amp.

VOETIUS handhaaf die ondergeskiktheid van die vrou aan die man, hoewel daar geen verskil tussen man en vrou is in die geestelike verbande van die mistieke liggaam van die kerk nie. (Gal 3:28). In die sigbare kerk mag sy nie spreek nie, hoewel hulle miskien meer Godsdienstig as die man is. Voetius erken dat daar in apostoliese tye vroue in die diakensamp opgetree het om na siekes, armes, gevangenes, ens. om te sien en verklaar dat dit in sy tyd onder sekere omstandighede (die eise van die praktyk), nog geldig is. Hy lê veral groot klem op die feit dat die situasie dit soms wel deeglik mag vereis, in welke gevalle hulle offisieel gekies en bevestig moet word. Tog wil dit lyk asof hy dan die vrouediakens steeds sien slegs as hulp vir die diakens.

Nader aan ons tyd is dit interessant om kennis te neem van die besluite van die GES wat in 1972 geneem is. Hiervolgens lyk dit asof alles in ag genome daar nie probleme is wat betref die opneem van die vrou in die amp van die diaken nie. Dit kan uit die N.T. en die gebruik in die vroegste Christelike gemeentes geregverdig word. Toelating van die vrou tot die lerende en regeeramp is egter problematies.

Die Hervormde Kerk in Nederland het die vrou sedert ongeveer 1968 reeds toegelaat as ouderling, diaken en in sekere gevalle as predikant. Ook in S.A. word dit so gedoen.

Die Gereformeerde Kerk in Nederland het sy besluite gegrond op die opvatting dat volgens Gal 3:28 die Gees van Christus die vrou volkome herstel tot gelykwaardigheid met die man,

en so word sy ten volle opgeneem in die bediening van die opbou van die kerk. Dus is al die ampte van die kerk vir die vrou toeganklik. T.o.v. die leraarsamp is daar egter die beperking dat sy in die reël 'n besondere opdrag sal ontvang, en hoewel dit haar nie uitsluit van die gewone vervulling van die amp nie, moet rekening gehou word met die feit dat sy gewoonlik ongetroud sal wees, en dat indien sy sou trou, sou daar ook komplikasies intree. Haar huwelik sou soms daartoe kan lei dat sy nie langer haar opdrag kan nakom nie.

Ons kan kortliks ook nog let op die verslag van AKLAS van die Ned. Geref. Kerk wat in 1982 voor die Sinode gedien het. Daar was verskil van opinie binne die geledere van die kommissie, eerstens dat sommige meen Paulus se "swyggebod" veral na aanleiding van 1 Tim 2:12 'n altyd geldende verbod is wat vir die kerk te alle tye geld, dus ook vir vandag; hierteenoor is daar die gedagte dat ons hier met 'n verbod te doen het wat ons binne 'n bepaalde kulturele situasie moet sien, maar dat daar namate die evangelie deurwerk, 'n ander verhouding tussen man en vrou ontstaan en dat tans die skeppingsordening in die lig van die geestelike gelykheid van die man en vrou in die gemeente van Christus anders as in 1 Tim 2:12 gekonkretiseer kan word. Daar was ooreenstemming met die moontlikheid dat vroue in die amp van diaken mag dien. Die onsekerheid het dan ook bly voortbestaan oor die posisie van die vrou m.b.t. die leer- en regeeramp. Die Sinode het dan ook besluit om die amp van die diaken vir die vrou oop te stel.

Ten slotte nog word verwys na 'n artikel van Prof J J de Klerk in Die Kerkbode van 10 Februarie 1989. Hy het dit naamlik oor die kwessie van die toelating van die vrou tot die leraars- en ouderlingsamp. Hy pleit vir die behoud van die Skrifbeginsel soos in 1 Tim 2:12 duidelik uitgespel word. Om die gelykheid van die vrou te grond op Gal 3:28 tot so 'n mate dat dit die skeppingsordinasie sou ophef, is nie vir hom aanvaarbaar nie. Indien die vrou wel toegelaat sou word, voorsien hy vele praktiese probleme.

1.3.6 GEVOLGTREKKINGS

1.3.6.1 Volgens die O.T. was geen vrou ooit aangewys as koning, priester of profeet nie.

1.3.6.2 Waar die vrou tog optree as profeet of as rigter, was dit omstandighede wat dit vereis het en was daar op daardie tydstip geen man beskikbaar gewees nie, en was die vroue verplig om op te tree. Dit was egter nooit in amptelike hoedanigheid nie.

1.3.6.3 Ook m.b.t. die oudste as familiehoof met sekere verantwoordelikhede in breër verband, is vroue nooit oorweeg nie.

1.3.6.4 In die N.T. weet ons net van manlike apostels, profete en evangeliste. Ook word slegs mans as ouderlinge aangestel, en kry ons net mans as die wat arbei in die Woordverkondiging en in die toesighoudende verantwoordelikheid.

1.3.6.5 Vroue tree op in die werk wat nodig is vir die bevordering van die Evangelie, en kan selfs die Skrif uitlê en verkondig, maar doen dit nooit in amptelike hoedanigheid nie.

1.3.6.6 M.b.t. die diakensamp lyk dit of dit wel vir die vroue toeganklik kan wees. So weet ons dat Fébé 'n diaken was.

1.3.6.7 Diakens is deur die gemeentes gekies, en vroue kon dus gekies gewees het.

1.3.6.8 Die vrou se verantwoordelikheid in die diakensamp was beperk tot versorging van siekes en hulpverlening aan armes.

1.3.6.9 Hoewel die vrou as hulp vir die diakens aangewys is, was sy nooit ondergeskik aan die man nie, maar het as gelyke op haar eie terrein gewerk.

1.3.6.10 Daar is egter geen getuienis in die Skrif dat die vrou ooit in 'n raad saam met ander (ouderlinge) gedien het as regeerliggaam in die gemeente nie.

1.3.6.11 Selfs aan weduwees bo 60 is bepaalde dienswerk toegesê wat vir 'n lang tyd in die gemeentes volgehou is.

1.3.6.12 Dwarsdeur die Skrif word die gesinslewe as die vrou se belangrikste arbeidsterrein, ook binne die gemeente, beskou.

1.3.6.13 Die "Swyggebod" deur Paulus beteken volgens 1 Tim 2:12 vv dat die vrou van die leer- en regeeramp, d.w.s. as ouderling en leraar, uitgesluit word.

1.3.6.14 Dit blyk uit die geskiedenis dat vroue in die vroegste tye in gemeentes toegelaat is om as diakens te dien, maar haar taak is beperk tot versorging van siekes en hulpverlening aan die armes.

1.3.6.15 Sedert die Reformasie is die vrou we toegelaat tot die diakensamp maar nie a ouderling nie.

1.3.6.16 Die vrou is egter in alle opsigte die gelyke van die man in die amp van die gelowige.

1.3.6.17 Sedert die sestigerjare word aan die vrou absolute gelykheid met die man toegeken a.g.v. Gal 3:28. Daarom word die ampte van diaken, ouderling en leraar vir haar oopgestel.

1.3.6.18 Hoewel die NG Kerk die diakensamp vir die vrou toeganklik gemaak het, is daar nog onduidelikheid met betrekking tot die amp van ouderling en leraar.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie studie en al wat nou oorbly is om enkele rigtinggewende aanbevelings aan die Sinode te doen. Om die kommissie te help doen ek die volgende aan die hand:

1.4 **DIE KERKRAAD EN DIE VOORGESTELDE (DEUR KKS-1989) WYSIGING VAN ARTIKEL 32 VAN K.O.**

1.4.1 Met die hele beredenering sover blyk dit dat die vrou nie in die ouderlingsamp behoort te dien nie, veral waar dit in die amp gaan om die regering en toesighouding in die gemeente.

1.4.2 Die huidige (minstens in die praktyk) kerkraadstelsel is sodanig dat die ouderlinge <u>saam</u> met die diakens in die kerkraad 'n toesighoudende en regerende taak in die gemeente uitoefen.

1.4.3 Dit skep veral met die beredenering, asook met die voorgestelde beskrywingspunt (sien onder goedkeuring) enkele probleme, tensy ons noukeurig let op wat reeds deur die KKS voorgestel is, maar wat nie by die Sinode (1989) behandel is nie.

1.4.4 **VOORGESTELDE WYSIGING K.O. ART. 30 DEUR KKS-1989)**

Die KO artikel ter sprake is KO artikel 30 wat sou verander na 33, maar let op die beginsel hier ter sprake wat baie nou aansluit en in 'n ruim mate bevestig wat Prof Theron in sy studiestuk uitwys:

Ek verwys na bl. 277 van die Agenda vir die Sinode 1989 en haal woordeliks aan (vanaf 1.4.4.1).

1.4.4.1 KO artikel 30 word 33;

1.4.4.2 Artikel 33 word soos volg gewysig:

"Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Die ouderlingsraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge. Die diakonie bestaan slegs uit die diakens. Die ouderlingsraad en die diakonie vergader ook afsonderlik om besondere werksaamhede betreffende die onderskeie ampte te behartig;

1.4.4.3 'n Nuwe bepaling word onder artikel 33 bygevoeg:

1.4.4.3.1 **BEPALING 33.1**

Die kerkraad (as ouderlingsraad) handel oor alle sake wat die kerkregering, opsig en tug raak (vgl. "nuwe" Art 21) sonder dat enige diaken op die vergadering teenwoordig is. Dit behels onder andere die volgende:

- behandeling van attestate; aansoeke om lidmaatskap;
- doopaansoeke; aansoeke om as gaste saam nagmaal te gebruik;
- verbondsonderrigaangeleenthede;
- sustersaangeleenthede;
- kerkjeugaangeleenthede;
- erediensaangeleenthede;
- verslae van die Diakonie;
- ouderlingswyksverslae;
- hantering van alle aanklagte teen lidmate en teen ampsdraers;
- hantering van besware teen beroepe en teen verkose ampsdraers;
- verkleining van groslyste;

- hantering van alles wat met tug te doen het (w.o. vermaning t.o.v. kerklike bydraes).

MOTIVERING

1.4.4.3.2 Tans is dit nie vir kerkrade duidelik wat presies op die terrein van die amp van die ouderling val en watter sake by die vergadering van die ouderlinge en diakens gesamentlik hoort nie. Kerkrade weet nie altyd wat die praktiese toepassing van Artikels 18 en 52 (KO 1988) is nie.

1.4.4.3.3 Dat kerkregering, opsig en tug by die ouderlinge alleen tuishoort, blyk uit die volgende tekste:

- Mat 28:12 - Die owerpriesters vergader saam met die ouderlinge om teen Jesus op te tree (daar was toe nog nie diakens nie);

- Hand 4:8 - Petrus rig hom tot die regeerders van die kerk: "owerstes" ... en ouderlinge ..." (daar was nog nie diakens nie);

- Hand 11:30 - Daar word besluit om hulp (finansieel) na Judas te stuur. Dit word aan die ouderlinge gestuur (nou het die diakensamp reeds bestaan - maar die hulp word nie aan hulle gestuur nie);

- Hand 15:2 - Toe daar oor die besnydenis beslis moes word, word 'n afvaardiging na die apostels en ouderlinge (nie diakens nie) gestuur. Daarna het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit (vs. 22). Dat die amptelike besluit dié van die apostels en ouderlinge was (en nie ook van die gemeente nie - blykbaar is die gemeente tog in die saak geken) blyk uit vs. 23 waar eintlik staan: "die apostels en ouderlinge as broeders", vgl. Grosheide in Korte Verklaring (hier NAV beter as OAV).

- Hand 16:4 - Paulus en Silas gee die verordeninge van die ouderlinge deur op hulle reis; dit is die ouderlinge wat dus "verorden" - nie die diakens of saam met die diakens nie;

- Hand 20:17 - As Paulus 'n amptelike verteenwoordiging van Efese wil ontmoet, vra hy vir die ouderlinge en nie die ouderlinge en diakens nie. Waarom? - omdat die ouderlinge die kerkraad vorm;

- Hand 21:18 - Slegs die ouderlinge figureer namens die gemeente;

- Hand 22:5 - Paulus noem die raad van ouderlinge sy getuies;

- Titus 1:5 - Dis belangrik dat ouderlinge van stad tot stad aangestel word waar kerke tot stand kom.

GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat die ouderlinge namens die gemeente optree, 'n raad vorm, gewigtige besluite neem, verordeninge daarstel, en aangestel moet word sodra 'n gemeente gestig is. In die Bybel is die "kerkraad" (ouderlingsraad) dus die vergadering van die ouderlinge, sonder die diakens.

1.4.4.3.4 Regering en tug is werk van die ouderlinge:

- 1 Tim 5:17 - Daar is twee groepe ouderlinge: die wat regeer (ouderlinge) en die wat arbei in Woord en leer (bedienaars van die Woord);

- 1 Tit 1:9, 10, 11 - Die ouderlinge moet vermaan volgens/met die gesonde leer (vs. 9). Hulle moet teen die tugteloses optree (dus: tug) (vs. 10), en hulle die mond stop (vs. 11);

- 1 Pet 5:1-3 - Die ouderlinge moet toesig hou oor die kudde, alhoewel nie as heersers nie;

- 1 Ts 5:12,13 - Die gemeente moet diegene wat hulle vermaan (dus die bedienaar van die Woord en die ouderlinge - vgl. al die ander tekste hierbo) erken en hoogag;

- Hand 20:28 - Die Heilige Gees stel self ouderlinge aan om opsieners te wees oor die kudde, asook herders om die gemeente te versorg;

- Hand 24:1 - Ananias kla Paulus aan en gebruik daartoe o.a. die ouderlinge;

In geeneen van hierdie tekste word die diakens eers genoem nie.

- 1 Tim 3:4,5 - Ouderlinge moet die huise en gemeente goed regeer (sorg dra), maar diakens (vs. 12) hoef slegs eie huise goed te regeer.

GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat die ouderlinge regeer, vermaan, tug, toesig hou, opsieners is en met aanklagte werk. Diakens word nooit aan hierdie take gekoppel nie. Ons bevestigingsformuliere sluit hierby aan.

1.4.4.3.5 Verhouding van Skrif, belydenis en praktyk: Alhoewel die kerkraad deur art. 30 NGB beskryf word as die vergadering van die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens, moet die volgende in gedagte gehou word:

1.4.4.3.5.1 die belydenisskrifte is Skriftuurlik gefundeer;

1.4.4.3.5.2 die Heilige Skrif onderskei tussen die bevoegdhede en funksies van die drie onderskeie ampte;

1.4.4.3.5.3 net nadat die NGB die 3 ampte in die kerkraad saam groepeer, stel hy in die sin wat onmiddellik daarop volg die onderskeie bevoegdhede en funksies van die ampte afsonderlik. Verder wys die NGB dan eksplisiet na die voorskrifte van 1 Tim 3 (vgl. laaste teks hierbo);

1.4.4.3.5.4 ons eie Kerkorde bepaal reeds van die eerste Sinode af (kyk artikels 18 en 19 van K.O. 1988) dat die onderskeie ampte ook onderskeie bevoegdhede en funksies behels;

1.4.4.3.5.5 juis op grond van die feit dat die Skrif die diaken by die kerkregering uitsluit, het die Gereformeerde canonici (ou kerkregtelikes) oor die eeue heen tussen die sg. "smal" en "breë" kerkraad onderskei;

1.4.4.3.5.6 een van die basiese eienskappe van 'n Calvinis - en dus van Gereformeerde Kerke, soos die AP Kerke - is dat hy staan en val by wat God se Woord leer. Wanneer dit blyk dat 'n gebruik/tradisie geyk geraak het, maar nie met die Skrif ooreenstem nie, moet daardie gebruik/tradisie reggestel word. Die praktyk

moet dus met die beginsel ooreenstem, en nie andersom nie.

1.4.4.3.6 Samevattende gevolgtrekkings:

1.4.4.3.6.1 Die amptelike verteenwoordigers vir die kerk (gemeente) is die ouderlinge.

1.4.4.3.6.2 Die ouderlinge is wesentlik die enigste raad van die kerk, dus behoort die "kerkraad" eintlik net uit ouderlinge te bestaan.

1.4.4.3.6.3 Hierdie kerkraad handel oor alles wat met regering van die gemeente en tug te doen het.

1.4.4.3.7 Al die sake in die nuwe bepaling 33.1 het met regering, opsig en (minstens potensiële) tug te doen.

1.5 DIE BELYDENISSKRIFTE

Die belydenisskrifte laat hulle nie spesifiek uit oor die vrou in die amp nie behalwe m.b.t. die amp van die gelowige in Sondag 12 vraag 31 en 32 van die HKS.

Hierdie is nie 'n volledige studie oor Bevrydingsteologie nie, dit sou 'n hele biblioteek omvat. Hierdie is slegs enkele kenmerke om te help om die gevare van die beweging te erken en te identifiseer. (Opgestel - I.A. Brink 01344 x 31494).

BEVRYDINGSTEOLOGIE MET VERWYSING NA SWART TEOLOGIE

1. WOORDOMSKRYWING

a. Bevrydingsteologie

Hierdie teologie sou ons kan definieer as 'n beweging onder Protestantse en Katolieke kerkleiers en lidmate wat daarop ingestel is om die Christelike geloof te versoen met die Marxistiese ideologie. Kommunistiese oorheersing van volke oor die wêreld heen sou volgens hulle vrede op aarde bring en vrede op aarde is immers die teken van die koms van die Koninkryk van God. So word twee, op die oog af, uiteenlopende denkrigtings, saam verbind tot 'n nuwe beweging wat 'n gemeenskaplike doel nastreef.

b. Swart Teologie

James Cone verklaar in sy boek "Swart Teologie en Swart Mag" dat Swart Teologie 'n Bybelse Teologie is wat aan die onderdruktes nuwe waardes en uitsig wil gee binne hulle benarde lewensituasie (aangehaal uit Boshoff "Swart Teologie").

Crafford, wat skryf oor die Swart Teologie in die Ned. Geref. Kerk in Afrika, in 'n boek "Swart Teologie", sien dit weer as swart reaksie, 'n verset van die swartman teen die heersende rasse-situasie in ons land. Hierdie verset word dan vanuit die Bybel ondersteun en dit roep om bevryding. Bevryding van die onderdrukte swartman wat deur die witman uitgebuit en onderdruk word.

2. ONDERLINGE VERBAND

Uit 'n studie van die twee rigtings is dit duidelik dat ons te doen het met twee kante van dieselfde muntstuk. Sommige geleerdes en ondersteuners van Swart Teologie sien hierdie teologie as situasie gebonde terwyl Bevrydingsteologie volgens hulle 'n baie wye en omvattende begrip is. Beide het egter as doel 'n bevryding van sg. onderdruktes deur magte wat voortspruit uit imperialisme en eertydse sending-aksies; bevryding wat hulle vanuit die Bybel motiveer en begrond. Volgens hulle het Jesus Christus, as self 'n arm

man Hom met die armes geïdentifiseer en hulle van die magte oor hulle kom bevry. So sien hulle die Bybel binne bevrydingslyne: Kaïn moet veg teen Abel; Israel in stryd met Egipte en later ander wêreldmoonthede soos Babel en Rome; Jesus en die Joodse Raad. Altyd val die klem op onderdrukking en die redding daaruit. Dit is die bevryding waarop hulle die klem plaas en waarvoor die Bybel aangewend moet word. Beide die twee denkrigtings beklemtoon dieselfde probleme en regverdig hulle vanuit die Bybel met dieselfde argumente.

3. ONTSTAANSGESKIEDENIS

A. Bevrydingsteologie

Die ontstaan van Bevrydingsteologie kan teruggevoer word na die optrede van 'n groep Protestantse teoloë in Latyns-Amerika wat gepoog het om die Kerk se verantwoordelikheid op sosiale gebied te omskrywe. Hulle stig 'n organisasie "Church and Society in Latin-America" onder beskerming van die Wêreldraad van Kerke. Hierdeur wou hulle die optrede van die Kerk in Latyns-Amerika ten opsigte van menslike lyding omskrywe. In 1968 het 'n groep Katolieke Teoloë ook ingeval by hulle Protestantse kollegas toe hulle die sosiale probleme van die mens probeer verklaar vanuit die Marxisme. Die Marxisme wat maatskaplike probleme as 'n gevolg van kapitalisme en die klasseverskil tussen mense verklaar. Baie gou was dit hierdie mense se boodskap dat die armoede, gebrek aan onderwys, honger en onreg, wat die mense in Amerika gely het, deur revolusie verwyder moet word. Hierdie revolusie was vir hulle die uitdrukking van wat die Bybel leer oor liefde teenoor jou naaste. U kan uself indink hoe logies die eenwording van hierdie gedagte is met die optrede van revolusionêre Marxistiese versetbewegings, onder mense in Amerikaanse state met sosiale probleme. 'n Oor en weer bevrugting van gedagtes moes noodwendig volg.

Binne die teologiese wêreld het daar nog ander belangrike ontwikkelinge gekom, waaruit Bevrydingsteologie voortgespruit het. Vanaf ongeveer 1950 het daar 'n teologiese denkrigting ontstaan met Paul Tillich aan die spits, wat gepoog het om God te degradeer tot 'n wêreld-gelykvormige wese. Hy is nie meer gesien as die Verhewene wat gans anders en Almagtig is nie, nee, nou was Hy gesien as 'n god wat op aarde ingewoon het. Van hier het die denke spoedig gegroei tot die geloof dat God geen beheer oor die toekoms het nie, so deel is Hy van die wêreld. Kenneth Hamilton sê dat God self oppad is na die toekoms. Hy bepaal dit nie, want dit het die verantwoordelikheid van

die mens geword. Hierdie denke kan ook gekoppel word aan Jurgen Moltman en sy teologie van hoop. Dis duidelik dat hierdie mense hulle hoop gesien het in die mens en sy prestasies. Ja, selfs hulle redding was nou geleë in die vermoë van die mens om los te kom van die strukture waarin hy hom bevind het. Strukture soos die regering en Kerk wat hulle geoordeel het, besig was om hulle te onderdruk. Hieroor sê Kennith Hamilton dat 'n "nuwe god" ontstaan het, wat in die mens gebore is en wat geen mag oor die mens kan verdra nie. Dit is dus te verstane dat bevryding verkry moet word van die strukture en magsinstelling waaronder die mens moes lewe.

Tesame met hierdie ontwikkeling op teologiese gebied het die Marxisme ook baie veld gewen. Veld gewen as 'n bondgenoot van die teologie ten einde revolusie aan te blaas. Want deur politieke bevryding (losmaking ook van magstrukture soos die staat) deel te maak van die redding van die mens is Marxisme en Christenskap finaal verbind.

Reeds so vroeg as 1962 leer ene Paul Lehmann dat daar 'n band bestaan tussen Christendom en Marxisme. In 1964 het die "Student Christian Movement" hulle verbintenis tot Marxisme openlik verklaar. In dieselfde jaar verklaar Ruben Alves, 'n Brasiliaan, dat God die Marxistiese revolusie steun. Die impak van hierdie alliansie kom in 1966 op die voorgrond toe 'n guerrillapriester ene Camilo Torres deur Colombiaanse soldate doodgeskiet word. By woorde het dit dus nie gebly nie, die Kerk en die Marxis was nou een in hulle stryd. Iets wat baie gou momentum gekry het in Nicaragua waar 'n rebellie uitbreek teen die regering, en Roomse kerklui sy aan sy veg met kommuniste soos Manuel Ortega. Die Bevrydingsteologie was nie meer iets om oor te praat nie, dit was nou 'n volwaardige bevrydingsbeweging wat aktief aan die werk was. 'n Uiteensetting van wat hulle glo word dan ook in 'n boek, "A Theology of Human Hope" deur Ruben Alves, in 1969, uitgegee. Vandag word hierdie Teologie baie wyd in Amerika as Protestante en Roomse Teologiese skole geleer.

B. Swart Teologie

Die eerste Negers is vanaf 1619 as slawe van Afrika na Amerika geneem. As slawe was hulle verdruk en het geen regte gehad nie, met die gevolglike verlies aan kultuur en volksidentiteit. Hierdie toestand sou so voortduur tot in 1861 toe die slawe na die burgeroorlog hulle vryheid gekry het. Hier het 'n nuwe gewaarwording by hulle posgevat. 'n Gewaarwording om vry te wees, om algaande erken te word en deel te word van die gemeenskapslewe. Nogtans was hierdie deelname nie sonder agterdog en teenkanting van die blanke Amerikaners nie. Die swart weerstand het egter nie uitgebly nie en organisasies soos die "Niacra Movement" en die "National Association for the Advancement of Colored People" word in 1905 - 1909 gestig. Hierdie organisasies

het hulle beywer om regte vir die swartmense te verkry.

Dit is egter eers na die tweede wêreldoorlog dat die Negers met wetsbepalings erkenning gekry het. Hiervandaan sou hulle steeds agiteer vir 'n beter bedeling. Massa-betrokkenheid en demonstrasies word gebruik ten einde verandering te bewerkstellig. Vanuit hierdie optrede het daar o.a. 'n bewussyn van mag ontstaan wat meegebring het dat die optrede van die mense al meer gewelddadig en revolusionêr geword het.

Op die stadium begin swart teoloë toetree tot die stryd om bevryding van die swartes in Amerika en ontwikkel hulle 'n teologie om by die situasie te pas. So praat Albert Cleage al van 'n Swart Messias.

Eric Lincoln leer dat Swart Teologie sy oorsprong het in die stryd in die geskiedenis van die swartman om van 'n slaaf te vorder tot 'n vryman. 'n Stryd om bevryding van alles en almal wat hom onderdruk het.

James Cone skrywe in sy boek "Liberation, a Black Theology of Liberation 1970": Daar kan geen sprake van 'n swart teologie wees sonder die ervaring om swart te wees nie. En hierdie ervaring beteken om onderdruk, verslaaf en arm, te wees. Maar dit beteken ook dat daar 'n strewe is om bevry te word van hierdie oorheersing. Hy sê dat God juis hierin betrokke is. Betrokke is soos Hy dit was in Egipteland toe Israel uitgered was. God is daar ter wille van die onderdruktes.

Swart Teologie was nou reeds 'n groeiende geloof onder swartmense waarmee rekening gehou moes word.

4. GEBEURE IN EUROPA

Alhoewel die Bevrydingsteologie goed ingegrawe is in Latyns-Amerika, is dit so dat die teoloë wat verantwoordelik is vir die denkrigting meestal uit Europa afkomstig is.

Met manne soos Jurgen Moltman en Ernst Bloch het daar 'n nuwe dimensie in die Christelike denke ingesluip. Bloch skryf 'n boek "Principal of Hope" waarin hy sekere parallelle trek tussen die Marxisme en die Christendom. Dit geld ook die boek van Moltman "A Theology of Hope" wat as die begronding van Bevrydingsteologie gesien word.

Die eintlike krag van Bevrydingsteologie is egter gesetel in die Wêreldraad van Kerke en dele van die Rooms-Katolieke Kerk. Veral die organisasies wat spesifiek te doen het met sosiale opheffingswerk. Volgens hulle is Bevrydingsteologie die antwoord op die probleme van die derde wêreldlande. Tog het dit ook betrekking op Europa self waar Westerse regerings aan bewind is en kapitalistiese stelsel in gebruik is.

Die WRK is dan ook besig om via een van sy liggame, die "Programme to Combat Racism", menige Marxistiese geondersteunde bewegings te finansier. Vanuit veral Wes-Duitsland word groot somme geld oorbetaal aan die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) wat 'n radikale teenstander van die beleid van aparte ontwikkeling in Suid-Afrika is. Die WRK het in 1967 'n bedrag van 110,000 dollar aan die ANC geskenk vir hulle stryd teen die regering in Suid-Afrika. 'n Kerklike organisasie begeef hom dus op die terrein van die politiek, ten einde verandering in 'n land se regering te bewerkstellig. Hierdie optrede van die WRK het daartoe gelei dat verskeie Kerke in Suid-Afrika hulle verbintenisse met die organisasie verbreek het.

Gelukkig is daar ook diegene wat waarskuwende klanke laat hoor het soos Rupert Hofmann wat sê dat Bevrydingsteologie 'n "anti-teologie" is, met heidense trekke, aangesien dit 'n ideologiese sambreel vir Marxisme is. Hy gaan verder en sê dat namate Bevrydingsteologie nader beweeg aan Marxisme sal dit al meer ekstremisties word want enige iemand wat hulle teenstaan sal volgens hulle 'n vyand wees van die Koninkryk van God, en dit kan tog nie geduld word nie.

5. GEBEURE IN SUID-AFRIKA

As daar oor Bevrydingsteologie in Suid-Afrika gepraat word, dan moet gepraat word oor "The Institute for Contextual Theology". Hierdie instituut is in 1981 gestig en word finansieel gedra deur die S.A. Raad van Kerke en die Suid-Afrikaanse Biskoppe Konferensie. 'n Naam wat in hierdie verband genoem word as 'n leidende figuur tydens die stigting van die instituut is Allan Boesak, 'n predikant in die Ned. Geref. Sending Kerk. Hulle doel is om 'n teologie te skep wat sal lei tot 'n nuwe, vrye en regverdige Suid-Afrika. Hulle het veral drie teologiese terreine uitgewys wat van belang is. Die Bevrydingsteologie self en dan Swart Teologie en Vroueregte Teologie. Al drie hierdie rigtings is volgens hulle "politieke" teologiese rigtings.

Hierdie instituut met sy duidelike beweging in die rigting van Marxisme het 'n aantal boeke die lig laat sien. Almal met die doel om mense oor te haal tot die aanvaarding van Bevrydingsteologie en sy handlanger die Marxisme. So word die bekende Kairos dokument aan hulle toegedig, alhoewel dit onder die handtekening van 156 teoloë uit verskillende denominasies verskyn het. Later volg die boek: "The Unquestionable Right to be Free". Weer eens met die doel om die band tussen die Bybel en die bevryding van mense op politieke terrein te motiveer. Die boek "The Road to Damascus" is 'n verdere werk wat die Bevrydingsteologie verkondig. Dit is wel so dat die boek vanuit die buiteland afkomstig is, maar dit word beslis ook op Suid-Afrika van toepassing gemaak. Die boek word uitgegee deur die Instituut vir Kontekstuele Teologie en het in 1989 verskyn.

Die argumente in die boek toon baie ooreenkoms met die Kairos dokument wat in 1985 verskyn het. Die boek tref 'n vergelyking tussen Paulus se bekering, as 'n sogenaamde ontdekking dat hy aan die verkeerde kant geveg het, en na die Damaskuspad gebeure, skaar hy hom by die onderdrukte gelowiges. God se ingrype waardeur 'n sondaar tot sondebesef en verlossing gekom het speel in hulle argumente geen rol nie. Die boek is nog 'n bewys van die miskenning en verdraaiing van God se almag en genade wat die bevrydingsteologie so gevaarlik maak. Die tydskrif "Signposts" vol 8, van 1989, skryf dat die boek besig is met bedrog want hulle vervals die Woord van God. Hulle verkondig 'n bekering wat niks met sondebevryding te doen het nie. Nee, hulle verkondig bekering as 'n oproep tot opstand en geweld teen die owerheid.

'n Bekende in Suid-Afrika, Frank Chikane, was die algemene sekretaris van die instituut vanaf 1983 tot 1987. Terselfdertyd was hy ook vise-president van die United Democratic Front in Transvaal, waarna hy sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) geword het. Heel onlangs was dit juis hierdie man wat in Brittanje gepleit het vir die verskerping van die sanksieveldtog teen ons land. Dit is tog duidelik dat ons hier met 'n vermenging van belange te doen het of anders die nastrewing van dieselfde belang, maar die bevordering daarvan op meer as een lewensterrein. Dit beteken dat die Kerk nog 'n instrument is om 'n politieke verandering binne Suid-Afrika te bereik.

Die volgende gebeure wys onteenseglik op die groei van die beweging in Suid-Afrika:

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke begin homself al duideliker bewys as 'n organisasie wat Bevrydingsteologie voorstaan. Hulle het al meer op die politieke terrein beweeg. Hulle president, Peter Storey, het verklaar dat hulle intense meegevoel het met almal wat betrokke is by guerillaoorlogvoering. In 1987 het hulle geld bewillig om advertensies te plaas waarin die ontbanning van die ANC bepleit word. Duidelik het hulle die Bevrydingsteologie, as toekomsrigting, hulle eie gemaak.

Op die Nasionale Konferensie van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke van Junie 1989 het hulle algemene sekretaris, Frank Chikane, die volgende te sê: "We must dramatically increase our support for the people's struggles to end apartheid ... We must continue to explore every possible avenue to carry out the activities which the regime has banned, insofar as we believe that these activities, as church leaders said in their February 1988 statement, are mandated by the Gospel" (aanhaling geneem uit die nuusbrief "Ucanuus" 17/89). Dit is tog openlike steun aan die bevrydingstryd waartoe sekere magte in Suid-Afrika hulle verbind het. Magte wat op daardie stadium nog verbode

organisasies was, soos die ANC en die SAKP. Die gevaar van Bevrydingsteologie is groter as wat dit op die oog af lyk. Veral as 'n mens hulle oogmerke van die verlede vergelyk met die ontwikkelinge die afgelope tyd in Suid-Afrika. Was hulle beplanning so goed of het hulle invloedryke bondgenote? Is die vraag wat by 'n mens opkom.

Daar was egter al vroeër soortgelyke klanke. In 1980 vra Oliver Tambo, die leier van die African National Congress (ANC) in 'n toespraak voor die Wêreldraad van Kerke dat kerke moet veg vir die onderdruktes in Suid-Afrika sodat hulle bevry kan word van die regering van die dag.

In 1982 word 'n begin gemaak met die skryf van die Belhar Belydenis. 'n Belydenis wat in die Ned. Geref. Sending Kerk ontstaan met duidelike klanke van die Bevrydingsteologie daarin.

Hierna sou die Kairos dokument verskyn en sou ook die Harare deklarasie volg. Hierin word 'n beroep gedoen op kerke om die ANC en die Pan African Congress in hulle stryd teen die regering te ondersteun.

Die ANC self het in 1986 'n "Department of Religious Affairs" in die lewe geroep en 'n Anglikaanse priester as hoof aangestel. Hierdeur het hulle nou die hand na die kerk uitgesteek om as bondgenoot hulle stryd teen die regering te voer.

1987 het die Wêreldraad van Kerke 'n konferensie in Lusaka gehou waarheen verskeie kerke uitgenooi was. Die doel was om die besluite van die Harare verklaring nou daadwerklik te implementeer. Hier was egter ook teenwoordig 'n aantal vakbondleiers, opvoedkundiges en jeugleiers. Oliver Tambo, die leier van die ANC, het o.a. as spreker opgetree. Hulle besluit tydens die byeenkoms dat vrede slegs verkry kan word as vryheidsbewegings, soos die ANC en SWAPO ondersteun word deur die kerke in Suid-Afrika.

'n Baie belangrike tendens word uitgewys deur P.D. Strauss in sy boek "Van Moses tot Marx" wat ook vermelding verdien. Hy wys op 'n klemverskuiwing wat waarneembaar word in die agendas van die sendingvergaderings van die Ned. Geref. Kerk. Hy skryf op bl. 38, "So het dit skynbaar mode geword om sendingvergaderings te laai met sake soos gesamentlike aanbidding, oop-en-toe-deure, kerklike eenheidstrukture en menseverhoudings". Met ander woorde, ook hier word die sosiale posisie van mense die motivering vir die doen van sendingwerk en nie die behoefte aan die Kruisevangelie nie. Daar word gekonsentreer op maatskaplike toestande en dit word die bepalende faktor vir optrede. As 'n mens die dinge lees dan vra jy noodwendig na die verband tussen die tendens soos deur Strauss gediagnoseer en die ontstaan van die beleidstuk van die Ned.

Geref. Kerk, "Kerk en Samelewing". Die situasie in Latyns-Amerika kom in die gedagte op waar die sosiale posisie van mense die dryfkrag geword het vir Kerk en Versetbeweging om tot geweld en revolusie oor te gaan.

Die hegte band wat bestaan tussen teologie en revolusie kom verder na vore in 'n artikel deur 'n Anglikaanse priester, Michael Worsnip, wat hy in "New Nation" publiseer. Die artikel verskyn onder die titel "The Two South African Churches". Hierin gee hy eers 'n beskrywing van die kerk soos dit na vore kom in 'n vaste struktuur en soos dit al die jare geken was. Daarteenoor skets hy die nuwe kerk as een wat bestaan uit almal wat bereid is om te veg vir regverdigheid. Dit maak nie saak of dit Christene, Moslems, Jode, politikus, ateïs of aktivis is nie.

Gebeure die afgelope paar jaar het duidelik getoon hoe kerkleiers al meer op die voorgrond begin tree in die revolusionêre stryd in Suid-Afrika. Mense soos Boesak, Tutu, Beyers-Naudé, Frank Chikane en Denis Hurley is manne wat openlik saam met die Marxistiese beweging werk om 'n gewapende politieke stryd binne Suid-Afrika van stapel te stuur. Geen wonder dat 'n vorige Staatspresident van die RSA van Desmond Tutu sê dat hy sy opdragte van die ANC kry en 'n instrument van die Marxis en ateïs is.

Alhoewel die Bevrydingsteologie 'n redelike nuwe ontwikkeling binne Suid-Afrika is, is dit baie duidelik dat die Teologie en Marxisme hier plaaslik karperde geword het.

Seker die bekendste werk oor Swart Teologie wat in Suid-Afrika verskyn het, is die boek van Allan Boesak: "Farewell to Innocense, A social-ethical Study of Black Theology and Black Power". Van hierdie boek skryf Prof. Boshoff in sy boek "Swart Teologie" op bladsy 108 dat Boesak probeer om met sy boek die swart bevolking van Suid-Afrika op te roep tot ontwaking en bevryding. Basil Moore sê in sy boek: "Black Theology, the South African Voice", dat die swart bevolking van sy politieke leiers beroof is deurdat hulle óf in die tronk óf in ballingskap is. Daarom is hulle enigste platform die preekstoel.

Dit is duidelik uit Boesak se boek af te lei dat Swart Teologie onlosmaaklik aan Bevrydingsteologie verbonde is. Die hele eerste hoofstuk is 'n bespreking oor die noodsaaklikheid van 'n Swart Teologie van Bevryding. Deur Swart Teologie moet die wêreld van die swartman verander word. Vgl. 'n aanhaling op bl. 18 van sy boek: "the central message of the Bible is liberation" en op bl. 113 staan: "total liberation ... it focus on the dependency of the oppressed and their liberation from dependency in all its dimensions, psychological, cultural, political, economical and theological. It express the belief that because Christ's liberation has come, the total liberation of man can no longer be denied". Onteenseglik die

verkondiging van Bevrydingsteologie.

Die twee rigtings kan dus binne die Suid-Afrikaanse konteks in dieselfde asem genoem word.

6. ENKELE KENMERKE

Ons het reeds gesê dat Bevrydingsteologie 'n huwelik is tussen die Marxistiese ideologie en die boodskap van die Bybel. Hieroor is 'n enkele opmerking nodig.

Die moderne neiging is om te redeneer dat kommunisme 'n uitgediende stelsel is wat oor die wêreld heen besig is om te misluk. Dit mag wel waar wees dat kommunisme misluk as 'n ekonomiese stelsel, maar dit is alles behalwe waar van die ideologie van Marxisme. So beweer P D Strauss in sy boek "Van Moses tot Marx" dat mens nie Marxisme met Rusland se kommunisme moet verwar nie. Die Bevrydingsteologie pas Karl Marx se leerstellinge toe soos dit hulle doel pas. So bly die Marxisme nog net so lewendig as toe dit die dag uitgedink is. Dit bly 'n teologie wat stryd voer teen God en teen Sy Kerk op aarde. Marx was uitgesproke in sy teenkanting van God, soos blyk uit 'n gedig wat hy geskrywe het. Hier aangehaal uit 'n artikel deur Richard Wurmbrand geskryf, onder die titel: "Karl Marx's Ties with Satanism". Hy skryf: "I will avenge myself against the One who rules above" en verder skryf hy ook, "Every word of mine is fire and action. My breast is equal to that of the Creator". Dit is tog duidelik dat iemand wat sulke dinge skryf, homself verhef ten koste van die Almag van God. Van so iemand kan tog nie 'n Bybels-gefundeerde boodskap kom nie. Wurmbrand gaan voort en skryf dat kommunisme nie bloot gerig is op die anneksasie van lande nie, maar as doel het om deur die inname van lande, vir God te onttroon, en vir Satan in Sy plek te stel.

As ons die Bybelse boodskap stel teenoor die leerstellinge van Marx, dan is dit duidelik dat ons met twee onversoenbare boodskappe te doen het. Tog het dit gebeur dat die strewes van Marx deur baie mense gevul is met 'n Bybelse inhoud en betekenis. Daar word selfs na Karl Marx verwys as sou hy 'n Christen gewees het. Jose Miranda, 'n bekende Bevrydingsteoloog in Amerika, skryf in 'n boek "Communism in the Bible", dat mense Marx net reg moet verstaan dan sal dit duidelik wees dat Marx 'n gelowige mens was. Dit is wonderlik wat 'n mens kan lees as jy dit deur 'n bepaalde bril wil lees.

Dit is dieselfde Marx wat skryf in "The Communist Manifesto 1848", dat alle euwels teruggevoer kan word na 'n klassestryd in die wêreld. 'n Klein groepie bevoorregtes in die wêreld onderdruk die groot stemlose massas van die wêreld, daardie mense wat geen regte en beskerming het nie. By hierdie gedagte sluit Bevrydingsteologie aan, want volgens hulle praat die Bybel ook van 'n klasseverskil

tussen mense. Hier is ook sprake van uitbuiting en onderdrukking deur sekere mense van die groot massa wat geen regte het nie. So was die Israeliete deur die Egiptenare onderdruk en later ook deur die Romeinse magte, maar het God hulle hiervan bevry.

Marx gaan voort om privaátbesit te veroordeel as 'n verdere middel wat die wetgewer gebruik om ander mee uit te buit. Die armman deel nie in hierdie voorreg nie. Die veroordeling van kapitalisme deur die voorstanders van Bevrydingsteologie moet vanuit hierdie ideologiese gedagte verstaan word. Vir hulle is kapitalisme die kern en oorsaak van alle sosiale euwels in die wêreld vandag.

Om hierdie onreg uit die weg te ruim, het Marx rebellie voorgestaan. Deur rebellie sou die minderbevoorregtes die juk van onderdrukking en uitbuiting van hom kon afgooi. So sou nuwe mense gebore word wat met nuwe hoop vervul sou wees vir die toekoms. 'n Toekoms waar 'n klaslose gemeenskap sou leef. Bevrydingsteologie bly egter nie agter nie en verkondig 'n aanvaarding van rebellie ten einde die mens vry te maak van sy onderdrukkers. Die kerk moet die hulpelose mens ondersteun, selfs langs die weg van geweld. So bewys die kerk dat hy die mens lief het en propageer hy wat liefde is. Uit hierdie stryd sal nuwe mense na vore kom wat alle selfsugtigheid en eie belange ter syde sal stel.

Uit wat tot hier gesê is, is dit duidelik dat ons hier te doen het met 'n humanistiese denkrigting. 'n Horisontale manier van redeneer waarin daar geen plek gelaat word vir God en Sy gebod nie. Hulle bedink alles vanuit die mens se sogenaamde regte en ontberinge. En voer alles terug na die gemak en bevrediging van die mens.

Volgens hulle interpretasie word die boodskap van die Bybel aangepas om bevryding te verkondig as die afwerping van gesag en nie as redding deur Jesus Christus van sondeskuld nie. Vergelyk Exodus 3:7-8.

"Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is, en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smart. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaaniete ..."

Hierin regverdig hulle hul eie stryd in Suid-Afrika. Hulle word onderdruk, en bevryding is om van hierdie omstandighede los te kom. 'n Bevryding waarmee God hulle help. Van God se genadige verkiesing van Israel as verbondsvolk en Sy handelinge met hulle, wil hulle niks weet nie. Hulle misken God se dade, daardie wonders waardeur Hy redding bewerk, en hulle sien dit slegs as

motivering om self tot die stryd oor te gaan.

Jesus word gesien en verkondig as 'n rebel wat in opstand gekom het teen die owerhede van Sy dag. Hy het opstand aangewakker en het kapitalisme verwerp as 'n euwel. So het Hy armoede beveg en mense gelyk gestel aan mekaar. Van die redding van sondeskuld wat Jesus Christus gebring het, is daar geen sprake nie. Vir hierdie rigting gaan alles oor 'n humanistiese denkwyse, waar die mens bevryding kry van wêreldse strukture en persone.

Die boodskap van die Bybel word met 'n politiek-revolusionêre bril gelees en dien slegs as motivering vir gewelddadige optrede. Hier word die mens nie deur die Woord hanteer nie maar is dit die mens wat die Woord hanteer en laat sê wat hy wil hoor. Hier staan die mens in die sentrum en alles draai om hom en sy behoeftes.

'n Bespreking van die kenmerke van Swart Teologie sal dieselfde sake na vore bring as wat reeds hier bespreek is.

Volgens Swart Teologie is dit die taak van die kerk om redding te verkondig as sosiale verandering, en die verbetering van die lewensomstandighede van die mens wat sogenaamd onderdruk word. Maatskaplike veranderinge vorm die vertrekpunt om tot teologie te kom. Van die situasie word na die Woord beweeg en nie andersom nie. Dit is juis hierin wat grootliks gedwaal word. Daar moet van die Woord beweeg word na die daaglikse lewe want die Woord het 'n boodskap vir my, wat betrekking het op my lewe elke dag en in alle situasies.

'n Besondere kenmerk binne Suid-Afrika is juis dat Swart Teologie 'n stryd voer tussen blank en nie-blank. 'n Stryd teen die aparte ontwikkeling van volke en die apartheids-wetgewing. Die optrede van 'n Tutu en Boesak in hierdie verband is duidelik bewys hiervan. 'n Klassestryd wat kenmerkend van Marxisme is, is hier vervang met 'n rassestryd. Juis omdat die stryd vir jare gevoer is ook op die politieke terrein van Suid-Afrika, het kerkleiers se optrede baie prominensie verkry en aanhang van die kant van liberale politieke leiers. So is hulle nou bondgenote in 'n stryd teen die regering. Later sal Swart Teologie nie die liberale blanke aanvaar nie want hulle is deel van die mense van wie bevryding gesoek word, die witman. En dan sal ook hulle moet besef hulle is vyande en nie bondgenote nie.

Ons het reeds gesê dat Swart Teologie vanuit 'n situasie na die Woord beweeg. So vorm die lewenstoestande van die swartmense die sleutel vir die verstaan van die Woord. Mitchells Plain en Soweto se plakkerprobleem word byvoorbeeld gebruik as sleutel om die Bybel mee te verstaan. Om hiervan bevry te word, om onrus te stook en geweld te regverdig, word vir hulle die Bybelse weg van

verlossing.

Die probleem om Jesus as weg en waarheid en lewe aan 'n swartmens te verkondig is geen maklike taak nie. Veral as hierdie mens werklik arm is en in haglike toestande lewe. Maar dan mag eie reg steeds nie die hantering van die Woord bepaal nie. Dan moet die Heilige Gees steeds die mens gebruik om ware verlossing in Jesus Christus te verkondig. Om toe te gee aan die dwaling speel in die hande van die Marxis en anti-christelike magte. Die sentrum vir Reformatoriese en Kontemporêre studies skryf in hulle lyfblad dat die SAKP reeds beweer dat hulle alleen met behulp van kerksteun, hulle bevrydingstryd kan voer. Met die hulp van kerkgangers sal hulle die regering van die dag omverwerp. Die kerke moet beswaar maak teen nasionale diensplig. Hulle moet burgerlike ongehoorsaamheid bevorder en in hulle boodskap die stryd aanwakker, aldus Serkos in Oktober 1986.

Die ware Christen in Suid-Afrika sal moet besef dat die ideologie van Marxisme 'n lewendige gevaar is vir die Kerk van Christus. Dr. Jan du Plessis skrywe in sy boek "Kommunistiese Vrede of Christelike Stryd", dat daar nooit sprake van vrede kan wees solank kommunis en Christen in een land saam woon nie. Die kommunis poog om 'n alternatief te stel vir geloof in God en dit kan dus nooit verdra word nie. Nou sal elke gelowige des te meer op sy hoede moet wees want baie kerkleiers het reeds die ideologie van die Marxis versoen met eie geloofsoortuiging en verkondig hierdie teologie met groot ywer.

Die eis wat dit stel aan elke gelowige spreek vanself: algehele oorgawe en toewyding aan Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker, getrouheid in Bybelstudie en gebed, gehoorsaamheid aan die Heilige Gees en 'n bereidheid om te gaan waar Hy lei. As ouers moet ons weer ons verbondseise ter harte neem en ons kinders leer en voorlewe om Jesus Christus te ken en lief te hê. Met geloof in God sal ons ook hierdie duiwelse aanslag teen ons en ons kinders kan oorwin. Laat ons ag gee op dit wat Samuel aan die volk gesê het in 1 Samuel 7:3:

"as julle met jul hele hart julle tot die Here bekeer, verwyder dan die vreemde gode en die Astartes onder julle uit, en rig julle hart op die Here en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne".

8. BRONNE

1. Boshoff C W H — Swart Teologie

2. Du Plessis J — Kommunistiese Vrede of Christelike Stryd

3. Strauss P D — Van Moses tot Marx

4.	Boshoff C W H, Smith P E S, Crafford D	Swart Teologie
5.	Verskeie outeurs	The Road to Damascus
6.	Boesak A	Farewell to Innocence

Artikels

1.	MellHany W	The WCC A Haven for Marxism
2.	Evans G	Liberation Theology vs Traditional Biblical Views
3.	Morecraft J	The Roots of Liberation Theology
4.	Nash R H	Liberation Theology: Will it liberate or enslave
5.	De Koster L	Liberation Theology Adopts Marxism
8.	Wurmbrand R	Karl Marx's Ties with Satanism
7.	Wielbalck G	European Application of Liberation Theology
8.	Tanner D	The Rise of "Comrad Jesus" Theology
9.	Serkos	Oktober '46, 1986
10.	Signposts	Die Kairos Dokument en U Vol 5 1986
11.	Serkos	Maart 1986
12.	Signposts	Volume 8 1989
13.	Ucanuus	Nuusbrief van "United Christian Action" 17/89

BYLKEN2/mca/cc

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

DIE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME

1. OPDRAG

Die Sinode dra dit aan die PKKEN op om 'n studie oor Satanisme en Demonie te maak, en aan die volgende Sinode te rapporteer. (Handelinge van die Sinode pp 471.)

2. KADER VAN BESINNING

2.1 Die weg wat gevolg is, is om 'n skriftuurlik-praktiese studie aan te bied.

2.2 Die studie van Satanisme en Demonie is so omvangryk dat dit haas onmoontlik is om 'n volledige beeld daarvan weer te gee en terselfdertyd binne die opdrag van die SKK aan permanente kommissies te bly, naamlik om kort verslae in te dien of 'n verslag indien moontlik te laat oorstaan tot die volgende jaar. Mag dit wat wel aangebied word u inspireer om self verder te lees oor hierdie saak. Daarom word 'n bronnelys vir u gerief ook voorsien aan die einde van hierdie studie-opdrag.

3. WAT IS SATANISME EN DEMONIE?

Die vraag na Satanisme of duiwelaanbidding en Demonie of demoniese besetenheid hou vervband met die vraag; bestaan die duiwel werklik, want slegs dan is duiwelaanbidding en demoniese besetenheid hoegenaamd moontlik.

Onlangs is die volgende deur teoloë beweer: Die bose is in werklikheid maar net 'n mense wat hulle self daarvan weerhou om gelukkig te wees, daar is nie in God se skepping plek vir 'n duiwel nie, die bose bestaan net as 'n mens aan hom mag gee, die bose bestaan nie, dit is die mens self wat selfvernietigend is. Smalend word geskimp op predikante wat hulleself ophou met 'n middeleeuse voorstelling van die duiwel.

Hierdie "nuwe insigte" is niks nuuts nie. Volgens Hand 23:8 het die Sadduseërs al die bestaan van bose geeste verwerp. Geleerdes soos Jung en Freud sê dat beide God en die duiwel projeksies van die mens is, kinders of volwassenes. Vir ons as Christene en Calviniste is ons enigste maatstaf die Bybel, omdat die Bybel objektief is, maar ook die waarheid is. (Joh 17:17).

3.1 Is daar 'n duiwel - wat sê die Ou Testament?

In die Ou Testament vind ons nie so baie oor die duiwel nie, omdat die Bybel nie primêr oor die duiwel praat nie, maar oor God. Tog spreek die volgende getuienis duidelik:

1. Rigt 9:23 God het 'n bose gees gestuur.

2. Sag 13:2 Wanneer die Here sy volk reinig, sal Hy die onreine gees uit die land laat wegtrek.

3. 1 Sam 16:14 Maar die Gees van die Here het van Saul gewyk, en 'n bose gees, deur die Here gestuur, het hom verskrik.

4. Alhoewel die naam "Satan" ook aan mense toegedig word, dui dit onteenseglik op die duiwel in die volgende gevalle:

4.1 Sag 3:1-2 Satan kla die hoëpriester by die Here aan, en die Here bestraf die Satan. Satan beteken dus hier teëstander, vyand, aanklaer.

4.2 Job 1:6-12 Die Satan voer 'n gesprek met die Here. (Ook volgende verse 13-19).

4.3 1 Kron 21:2 Die Satan hits Dawid aan.

3.2 Wat sê die Nuwe Testament?

Die Nuwe Testament bevat meer getuienis oor die duiwel. Hiervoor het Jesus juis gekom om die werke van die duiwel te verbreek. (1 Joh 3:8). Die duiwel word met baie name in die N.T. beskrywe, satan, duiwel, Beëlsebul (Matt 12:24), Belial (2 Kor 6:15), die ou slang (Openb 12:9), die draak (Open 12:9), die owerste van hierdie wêreld (Joh 12:31), owerste van die mag van die lug (Efes 2:2), vader van die leuen, mensemoordenaar van die begin af (Joh 8:44), god van hierdie wêreld (2 Kor 4:4), die bose (Matt 13:38), die versoeker (1 Thess 3:5) en die aanklaer van die broeders (Open 12:10). Die naam satan (satanas in Grieks) kom 35 keer as naam van die duiwel in die N.T. voor. Die naam beteken teëstander, vyand, aanklaer. Hy staan God en die kinders van God teë. (Vgl. Matt 4:10, Hand 5:3). Duiwel kom ongeveer net soveel keer as satan in die N.T. voor. Die naam beteken lasteraar, aanklaer, verbreker. Hy wil dit wat bymekaar hoort uitmekaar dryf (l.w. die mens van God wegdryf). Daartoe gebruik hy alles denkbaar: voorspoed, teëspoed, wettisisme, valse leer, die Bybel self, ens. Hy wil die geloof verbreek deur God se werk te

ontken.

Die duiwel word ook genoem owerste van hierdie wêreld (Joh 12:31), die god van hierdie wêreld (2 Kor 4:4), die verleier (Open 12:9), die versoeker (Matt 4:3), vader van die leuen (Joh 8:44), ens. Die duiwel is nie 'n projeksie van die mens nie, maar die Bybel praat in 2 Petrus 2:4 en Judas 6 van die duiwels en bose geeste as spesifieke wesens.

3.3 Die duiwel is die versoeker (Matt 4:1-11)

Wie beweer dat die versoeking slegs in Jesus se gedagtes was, dat Hy Hom dit verbeel het, tree godslasterlik op, maak Jesus 'n leuenaar en maak 'n karikatuur van Jesus se oorwinning oor die Satan.

3.4 Die duiwel val aan

Openbaring 12 bevestig dat die duiwel (die draak) die kind (Jesus) wou verslind. Toe hy dit nie kon regkry nie het hy die vrou en haar volgelinge aangeval. (Vers 13). As die duiwel dus slegs in ' mens se gedagtes bestaan sou hy Jesus nie wou verslind nie, want Jesus het tog nie sondige gedagtes nie.

4. SATAN IS 'N WERKLIKHEID

Hierdie waarheid waarteen die Bybel ons waarsku is onlangs baie duidelik bevestig deurdat o.a. die SAP in Oos-Kaapland en die Kaapse Skiereiland makabere perverse bedrywighede van duiwelaanbidders oopgevlek het. Duiwelaanbidding en demoniese besetenheid is dus 'n verskriklik werklikheid wat skynbaar onrusbarend toeneem in ons land.

5. DEMONIE EN DEMONIESE BESETENHEID

Uit die Skrif is dit duidelik dat die satan 'n werklikheid is, maar nooit self op die voorgrond tree nie. Hy werk deur die owerhede, die magte, die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu. (Efes 6:12). By magte bedoel die Bybel bose magte en dus ook bose geeste. Wie die werklikheid van bose geeste wil aflag, moet opnuut gaan kyk na die Bybelse getuienis dat hulle wel bestaan. (Deut 32:17, Ps 106:36+37, Lev 17:7, 2 Kron 11:15, Jes 13:21 en 34:14, Matt 12:26, Matt 25:41, Lukas 4:23 + 9:42, 1 Tim 4:1, Jak 2:19 en Open 9:11+20).

5.1 Wat is demoniese besetenheid?

Dit is 'n volkome liggaamlike en sielsbenouende beheersing van die mens deur 'n bose gees of geeste sodat hy onbekwaam is tot selfstandige denke, spreke en handel. Bose geeste kan ook van diere besit neem en meer as een bose gees kan van dieselfde mens besit neem. (Matt 8:28-34, Luk 8:12).

5.2 Toon die Bybel werklike gevalle van besetenheid vir ons aan?

Die Bybel vertel ons van (1) die besetene van Gadara (Matt 8:28-34, Mark 5:1, Lukas 8:26), (2) die genesing van die maansieke kind (Matt 17:14-21, Markus 9:14-32, Lukas 9:37-45), (3) die vrou met die gees van krankheid (Lukas 13:10-17), (4) die meisie met die waarsêende gees (Hand 16:16-20).

5.3 Wat is die simptome van duiwelbesetenheid?

5.3.1 Waar duiwelbesetenheid wel voorkom, woon daar werklik bose geeste in so 'n persoon. Markus noem hulle onreine geeste. Hierdie verskynsel is die teendeel van die inwoning van die Heilige Gees.

5.3.2 Buitengewone krag word deur die besetene ten toon gestel (die besetene van Gadara wat die voetboeie breek).

5.3.3 Die persoon openbaar 'n sigbare innerlike konflik.

5.3.4 Die persoon openbaar 'n openlike weerstand teenoor God, Christus, die Christelike geloof en geestelike dinge. Die skooldogters wat Bybels in hul skool in P.E. stukkend geskeur het, is hiervan 'n goeie voorbeeld. Hulle kan gewoonlik ook nie sover kom om na die bloed van die Here Jesus te verwys in 'n gebed nie.

5.3.5 Sommige duiwelbesetenes beskik oor helder-siendheid waar die besetene sekere magte en kennis het waaroor hy normaalweg glad nie beskik nie. Hulle kan ook dikwels met stemme praat wat nie hul eie is nie.

5.3.6 So 'n mens raak gewetenloos, het geen wil van sy eie meer nie, het geen beheer oor homself nie en luister dan na geen rede of gewete nie.

5.4 Kan 'n Christen duiwelbesete raak?

Judas se geskiedenis toon dat Jesus vir hom wat 'n dissipel was, 'n duiwel noem. Daardeur bedoel Jesus dat hy hom geheel en al in diens van die Satan gestel het en met hom saamwerk. In hom het die Satan 'n aanknopingspunt of 'n werktuig gevind. By die ander dissipels kon hy egter geen aanknopingspunt vind nie. By hulle was nie verraad nie, maar geloof wat nie wou toegee nie. Dit is waarskynlik die verskil tussen mense wat besete raak en ander nie. Christene wat hul sondes bely en vergifnis ontvang het,

maar nie hulle lewe volkome aan Christus en Sy Heilige Gees oorgegee het nie kan aan uiterste vorms van versoeking deur die Satan blootgestel word. Die Satan het miskien die mag om die kaf en die koring van mekaar te skei, maar hy het beslis nie mag oor die lot van die koring nie. Watter heerlike boodskap. (Vgl. Joh 10:28, 1 Joh 5:18, Open 20:4, Dordtse Leerreëls; Vyfde leerstuk). Wie dus vir elke sonde 'n duiwel in die mens sien, verstaan nie genoegsaam die stryd in die gelowige teen die vlees en die ou mens nie. Aan die anderkant moet ons die groot gevaar besef dat jong kinders wat nog nie 'n selfstandige geloofskeuse gemaak het nie, asook skyngelowiges, as 'n maklike prooi vir die vyand dien. Daarom konsentreer sataniste veral op die werwing van jong kinders in die ouderdom tien tot sestien jaar.

6. WAARMEE HOU SATANISTE HULLE BESIG?

6.1 Bose magte en gewoontes

Dat opregte duiwelaanbidders werklik oor bose magte beskik, is nie sommer wensdenkery nie. Hulle glo en beoefen dinge soos spiritualisme, die oproep en materialisering van geeste, voorbodes, voorspellings, goëlery, handpalmlesing, sterrewiggelary, okkultisme, astrale projeksie, toordery, vervloeking en plasing van 'n vloek op iemand. Dinge wat gewone mense soos ons na asem laat snak.

6.2 Die Satansgebooie

Vir die getroue en opregte duiwelaanbidder is daar nege gebooie wat hy moet onderhou.

1. satan eis bevrediging van jou vleeslike luste en verag geheelonthouers.

2. Seksenergie is die grootste mag wat Satan jou geskenk het en jy moet voortdurend daaraan uiting gee.

3. Satan verteenwoordig onbesmette wysheid en verag skynheilige selfbedrog.

4. Dis jou voorreg om weerwraak te neem as iemand sy hand teen jou optel.

5. Die sewe dodelike sondes (hoogmoed, luiheid, gulsigheid, vrekkigheid, afguns, toorn en wellus moet deur elke mens geniet word, want jy doen niemand kwaad nie).

6. Satan is die beste vriend van die Christelike Kerk, want dit is net deur sy toedoen dat die kerk deur die eeue staande gehou is (sien bron no. 4).

6.3 Die Satansbybel; opgestel deur ene La Vey, verklaar

1. Mens en dier ken net een drang - om jou vlees te bevredig.

2. Satan is jou enigste persoonlike verlosser en saligmaker. God bestaan wel, maar is net 'n universele krag wat geen belang by die mense se lewe of dood het nie.

3. Die mens is inherent gierig en selfsugtig, maar hoef nie daaroor skuldig te voel nie.

4. Vir die satanis is daar geen hemel of hel nie, en ook nie 'n lewe na die dood nie, al hemel wat die satanis ken is vleeslike genot.

6.4 Satanskerk en byeenkomste

Die sataniste hou jaarliks vier groot byeenkomste:

1. 2 Februarie en dit staan bekend as Kersmis.

2. 30 April - Walpurgisnag of Kruisnag.

3. Aan die einde van die winter vier hulle die Fees van die Koringoes (Lammas-dag).

4. 31 Oktober, die hoogtepunt van duiwelaanbidding, die Fees van die Allerheiligste Nag.

Hierdie feeste begin gewoonlik omstreeks elfuur die nag en duur dikwels tot en met dagbreek.

Die ritusse volg 'n vaste patroon

1. Dit begin met sensuele danse waarin die vroue swart drag dra om die mans uit te lok.

2. Hierdie danse gaan gepaard met dwelmgebruik soos heroïn en LSD.

3. Daarna word 'n bloedoffer aan die satan gewy. Honde, katte en selfs babas word op gruwelike wyse aan satan geoffer. Jong kinders word gedwing om self die offerdiere dood te maak.

4. Om middernag volg die Fees van Vrugbaarheid, 'n ongelooflike seksorgie wat tot dagbreek voortduur.

In die Satanskerk is geen banke nie, die vloer is gewoonlik besaai met gebreekte grafstene en wit kopbene. Oral teen die muur hang grieselrige wydingsimbole - die heksepoot, die Egiptiese kruis, dooie slange en 'n onderstebo-kruis.

'n Klipaltaar bedek met swart lanfer staan in die westelike hoek van die tempel met op die voorgrond die magiese sirkel wat met die tekens van die diereriem (die Zodiak) aangedui word. Twee swart kerse word weerskante van die altaar aangebring. Die hoëpriester maak sy verskyning wanneer sy magister (hoofouderling) 'n silwer klok lui. Hy is slegs gekleed in 'n swart frok en 'n silwer ster om sy nek as teken van die universele mag van die satan. Die hoëpriester dra tydens belangrike feeste of as nuwe lidmate voorgestel word 'n bokkop met 'n vyfpuntige ster.

7. WIE WORD SATANISTE?

'n Mens kan maklik die fout maak om te dink dat Sataniste net mense "uit die onderdorp of agterstraatjies" van stede is. Nee, hulle kom uit alle lae van die lewe, selfs vooraanstaande mense soos dokters, prokureurs, professore, ens. volgens SAP-ondersoeke.

8. OP WATTER VERSKILLENDE MANIERE WORD SATANISME BEVORDER IN ONS LAND? WAARVOOR MOET ONS IN DIE PRAKTYK UITKYK EN OP ONS HOEDE WEES?

8.1 Pop- en Rockmusiek

Die doelstellings met hierdie Godonterende musiek is almal destruktief en benadeel die luisteraar, naamlik, seksuele perversie, dwelmmisbruik, rebellie en satanisme.

1. Die groep Santana se album "Abrascans" verwys na een van die magtigste demone in heksekultusse.

2. 'n Gewese satanspriester, John Todd, vertel hoe meesterbande van pop- en rockmusiek tydens 'n spesiale byeenkoms (voodoorituеel) deur satanspriesters en hekse besweer word. Satan word tydens hierdie ritueel versoek om alle kopieë van die meesterband te vervloek sodat mense wat dit besit of daarna luister okkulties gebind word. Die Rolling Stones en Fleetwood Mac doen soortgelyke dinge. Dwelms, seks en drank speel 'n groot rol om nuwe lede vir die Satanskerk te werf. Dit trek al hoe meer skoliere, omdat die dinge wat hulle wil hê by die Satanskerk en byeenkomste "gratis" is.

8.2 Infiltrasie van die Kerk

Sataniste spioeneer op Kerke en gebruik 'n spesiale 8-punt plan om Kerke binne te dring. Hulle woon selfs kerkdienste by en spreek dan vloeke uit oor die prediker en gemeente in hul gedagtes.

8.3 Sataniste bid en vas in groepe en probeer so huwelike opbreek, vyandskap tussen egpare en tussen ouers en hul kinders te bewerkstellig.

Self- en gesinsmoorde beskou hulle dan as 'n sogenaamde voltooide sirkel.

8.4 Suid-Afrikaners ontvang aansoekvorms van sataniste deur die pos. Op die aansoekvorms verskyn die bokkop en vyfpuntster duidelik. Ledegeld is so min dat baie mense nuut aansluit. Beloftes van rykdom, allerhande magte en kragte waaroor mense sal kan beskik soos transendentale meditasie (die siel kan glo selfs die liggaam verlaat en weer terugkeer), die voorspelling van die toekoms, ens. word gemaak.

8.5 Tydens voodoorituele word spelde in klein poppies gedruk, 'n demoon opgeroep en dan uitgestuur om mense skade aan te doen in wie se omgewing die poppies deur sataniste begrawe word.

8.6 Skoolkinders word geleer hoe om geeste op te roep deur 'n glas. So word hulle gebreinspoel om later self seances by te woon. Kinders word dan as mediums ingespan om hul maats as nuwe lede te werf.

8.7 Pornovideos word deur sataniste vervaardig om die jeug se morele waardes te rysmier.

8.8 Sommige kinderspeletjies soos "He-man", dungeons and dragons, ens. word ook ingespan. In Dungeons and dragons word van deelnemers verwag om sekere filosofiese godsdienstige en morele besluite te neem. In die Dungeon Masters Guide-handboekie is daar haas geen bladsy wat nie na heksery, okkultiese simbole, ens. verwys nie. Daar is selfs aanwysings hoe om met dooies te praat.

8.9 In Amerika kry die lidmate van die satanskerk spesiale belastingkortings omdat die kerk as godsdienstige liggaam geregistreer is. Suid-Afrikaners kan dus in versoeking kom om sataniste te word ter wille van belasting-kortings, indien die Amerikaanse gebruik hierheen sou oorwaai. Op 13 Februarie 1989 was daar alreeds ongeveer 90,000 sataniste in Suid-Afrika.

8.10 Die vernaamste "tempels" kom op die volgende plekke voor: Johannesburg, Durban, Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, Pretoria en Pietersburg.

8.11 Pasop vir dokters (en toordokters - 'n toenemende tendens van besoeke aan hierdie mense kom voor) wat okkultiese praktyke gebruik op hul pasiënte byvoorbeeld refleksologie, iridologie, hipnose, akupunktuur, alternatiewe geneeskunde en

holistiese medisyne, ens.

8.12 Handoplegging en die metodiek van geloofsgenesing in Charismatiese kerke kan okkultiese bindinge tot gevolg hê. Van ons lidmate besoek die kerke "uit nuuskierigheid".

8.13 Gesondheidswinkels en homeopate is dikwels by heksery betrokke.

8.14 Sataniste versprei tans op groot skaal dwelmmiddels deur bekende karakters soos Superman, Mickey Mouse, Donald Duck wat deur aanraking oorgedra kan word. Simptome by kinders na besmetting is hallusinasies, aanhoudende braking, onbeheersde lagbuie, blitsvinnige gemoedsverandering, ens.

9. BEARBEIDING VAN SATANISME

9.1 Deur die leraar en kerkraad

1. Deut 18:9-14 verbied die kind van die Here om met satanisme en okkultiese dinge te heul.

2. Sekere kerke en geestelikes beoefen 'n klakkelose duiweluitdrywing deur hulle te beroep op Hand 19:13-16. Jesus en sy dissipels het egter duiweluitdrywing as deel van 'n volledige pastoraat beoefen. So het sataniste 'n langdurige volle pastorale sorg nodig om staande te bly anders val hulle terug en word weer 'n prooi van die vyand.

9.2 Deur die lidmaat

'n Gesonde huwelik en gesinslewe gebou op die Woord van God is en bly die fondament waarna ons opnuut moet terugkeer.

BRONNELYS

1.	Burger W A	Satan se stryd deur die bose geeste teen die Koninkryk van God
2.	Gous A C S	Die Satan en sy werke - verslag SKLAS.
3.	Koch K	The Devils Alphabet
4.	Snyman A A	Die Duiwelaanbidders
5.	Huisamen E	Demoniese Besetenheid
6.	Van den Bergh	Duiwelskunste en die Bybel
7.	Zeeman M T S	Satan, sy trawante en sy werke
8.	Maré R	Die Duiwel - bestaan hy werklik? Die Boodskapper Mei 1990

BYLKEN3/mca/cc

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: KOMMISSIE VIR FINANSIES

1. PERSONEEL

Die lede is di. A.J. Taute (voorsitter), C.F. Swart (ondervoorsitter), oudle. C.C. du Preez, H.J. Claasen, B.J.M. Rossouw, D.J. Venter en ds. L.D. Pienaar (skriba). Die kommissie het br. C.J. de la Rey (rekenmeester) gekoöpteer.

2. VERGADERINGS

Die volgende vergaderings is gehou: 22 November 1989, 5 Februarie 1990, en 9 Junie 1990. Op 20 Maart 1990 het die FK saam met die SKK, Kuratorium en Vaalterrein-kommissie beraadslaag.

3. OPDRAGTE

Die kommissie het sy werk aan die hand van die lasgewing, soos die Sinode 1989 as riglyn gegee het, gedoen:

3.1 Begrotingsbeheer

Dit is gereeld by die kwartaallikse vergaderings gedoen. Alle oorskrydings is aan SKK en Kuratorium, en later BRKA, uitgewys en verduidelikings is gegee en/of gevra.

3.2 Inbetalings van gemeentes

Die Kantoorpersoneel is gevra om gemeentes gereeld te herinner. Geen onoplosbare probleme het voorgekom nie.

3.3 Begroting - sien punt 10.

3.4 Advies BRKA, SKK en Kuratorium

Dit is gedoen, waar nodig.

3.5 Finansiële advies

Geen ring of kerkraad het advies gevra nie.

3.6 Geouditeerde finansiële state

Sien onder begroting (punt

3.7 Besteding van permanente kommissies

Dit kon nie in 1989 behoorlik gedoen word nie. Vanaf Januarie 1990 met die makliker en eenvoudiger manier waarop die boekhouding gedoen word, is hieraan aandag gegee.. Sover bly kommissies binne hul begrotings.

3.8 Advies aan kommissies

Dit was nie nodig nie.

3.9 Sien 3.2.

3.10 Dokumentasie

Die kantoorpersoneel hanteer dit uitstekend.

3.11 Riglyne vir sinode

Die bestaande riglyne funksioneer goed.

3.12 Traktementskaal vir predikante

Sien punt 4.

3.13 Reiskostetariewe

Sien punt 5.

3.14 Pensioenfonds

Sien punt 6.

3.15 Ad-hoc opdragte

13.5.1 Notule bls. 481: "Die Sinode besluit dat die verdere en meer spesifieke verdeling van fondse deur die RKA, SKK en Kuratorium en FK gesamentlik gedoen word."

Die FK het 'n veranderde verdeling van fondse uitgewerk, dit met die Dagbesture van die SKK en Kuratorium bespreek en dit is só aanvaar.

3.16 Lasgewing (besluit sinode 1989)

Die kommissie beveel die volgende wysiging aan:

(sien agenda 1989 bls. L)

2.3.5.2 kontroleer maandelikse inbetalings van gemeentes.

2.3.5.4 adviseer die BRKA, SKK...

4. TRAKTEMENTSKAAL VIR PREDIKANTE

4.1 Die Sinode 1989 het besluit dat aanbevelings met finansiële implikasies voor die end Oktober van elke jaar aan kerkrade voorgelê moet word. Die kommissie het na breedvoerige bespreking bevind dat dit eintlik onmoontlik is om voor Oktober aanbevelings oor traktement te maak. Derhalwe is besluit om 'n nuwe aanbeveling aan die sinode voor te lê.

4.2 Aanbeveling:

4.2.1 Die Sinode versoek kerkrade om by die opstel van 'n begroting voorsiening te maak dat die inflasiekoers in berekening gebring word by die traktement van leraars vir 'n nuwe boekjaar. 'n Persentasie kan as beraming bygevoeg word.

4.2.2 Die Sinode gee aan die FK opdrag om voor einde Februarie van elke jaar, indien enigsins moontlik, aanbevelings aan kerkrade te besorg vir aanpassing van die traktement van leraars, met inagneming van faktore soos die inflasiekoers en besoldiging by ander instansies en kerke.

5. TARIEWE VIR REISKOSTE

5.1 Die kommissie het die tabelle van motorkoste van die AA deurgegaan (Februarie 1990) en besluit om die volgende aan te beveel:

5.2 Aanbeveling:

5.2.1 Reiskoste of reistoelae vir leraars in gemeentes vir 1991.

5.2.1.1 Vir motors met 'n masjieninhoud van minder as 2 000 c.c. (aankoopprys bereken tussen R28 000 en R30 000): 60 sent per km.

5.2.1.2 Vir motors met 'n masjieninhoud van 2 000 c.c. en meer (aankoopprys bereken tussen R40 000 en R45 000): 70 sent per km.

5.2.2 Reiskoste vir sinodale werk:

Die kommissie beveel by die sinode aan dat, met huidige toestande as uitgangspunt, reiskoste vir 1991 op 65 sent per km gestel word. As pryse en uitgawes aan motorkoste drasties verander sal 'n nuwe aanbeveling gemaak word aan die BRKA.

6. PENSIOENFONDS

6.1 Die FK het gereeld aandag aan die Pensioenfonds gegee, volgens die lasgewing, pt. 2.3.5.14 en veral aan die groei van die fonds en die pensioen. (Opdrag Sinode, Notule, bls. 496).

6.2 Die FK het kennis geneem dat Sanlam gedurende Julie en Augustus 1990 die gewone driejaarlikse aktuariële waardering van die Pensioenfonds maak.

6.3 Die resultaat van dié waardering sal DV teen einde Augustus beskikbaar wees en dit sal of by wyse van 'n aanvullende verslag óf deur die Tydelike Kommissie vir Finansies aan die Sinode voorgelê word.

6.4 Trustees vir Pensioenfonds - Aanbeveling:

Om die bestuur en hantering van die belange van die Pensioenfonds te vergemaklik, word die volgende aanbeveling aan die Sinode voorgelê:

Die Sinode besluit dat die Trustees van die Pensioenfonds uit die lede van die Finansiële kommissie benoem word wat die reg ontvang om hoogstens twee lede te koöpteer, indien nodig.

6.5 APK-Trustfonds

6.5.1 Aangesien hierdie fonds gestig is om aan sekere leraars wat voor 31 Desember 1987 tot die bediening in die APK toegetree het en hulle pensioenvoordele verloor het, hulp te verleen, word dit onder die hoof Pensioenfonds behandel.

Aan die end van 1988 is 'n skrywe aan alle kerkrade gerig waarin hulle gevra is om maandeliks tot hierdie fonds by te dra, sodat 'n belegging van R4 000 per maand gemaak kon word.

In hierdie brief het br. C. du Preez dit bestempel as 'n morele plig wat op die kerk rus. Tot dusver het kerkrade nog nie die volle R4 000 per maand bygedra nie. Die rekenmeester-afdeling het wel R4 000 per maand oorbetaal en die SKK en BRKA het goedkeuring verleen dat dit uit surplus fondse aan die APK-Trustfonds "geleen" word. Sodra die bydraes van kerkrade R4 000 per maand oorskry, sal hierdie lening afgewerk word.

6.5.2 Aanbeveling:

Die FK beveel die volgende aan:

Die Sinode doen weer 'n ernstige beroep op kerkrade om gereeld maandeliks hul bydraes t.o.v. die APK-Trustfonds in te betaal volgens die riglyn van bydraes wat in November 1988 aan kerkrade gestuur is.

7. BESKRYWINGSPUNTE

Die volgende beskrywingspunte is behandel:

7.1 Versorging van weduwees van afgestorwe leraars. (Ontvang van kerkrade van Kathu, Olifantshoek en Kuruman, die Ring van Olifantshoek en 'n bladsy sonder naam).

7.1.1 "Die Sinode besluit dat wanneer 'n voltydse dienende predikant te sterwe kom, sy weduwee vir 'n tydperk van ses maande steeds haar man se huistoelae (of gebruik van pastorie) van die betrokke kerkraad/kombinasie van kerkrade sal ontvang. Sy sal ook steeds haar man se volle basiese traktement ontvang tot haar pensioen in werking tree, vir 'n tydperk van hoogstens ses maande."

By een stuk word die motivering gegee: om te voorkom dat 'n weduwee op 'n stadium gelyktydig traktement en pensioen sal ontvang.

7.1.2 Aanbeveling van die FK:

7.1.2.1 Die Sinode volstaan met die besluit wat in 1988 geneem is. (Notule bls. 395) (Die Sinode besluit dat wanneer 'n voltydse dienende predikant te sterwe kom, sy weduwee vir 'n tydperk van ses maande steeds haar man se volle basiese traktement en huistoelae (of gebruik van pastorie) van die betrokke kerkraad/kombinasie van kerkrade sal ontvang. Indien dit vir 'n kerkraad onmoontlik blyk te wees om aan die besluit uitvoering te gee, kan die SKK vir hulp genader word).

7.1.2.2 Die Sinode vestig kerkrade se aandag daarop dat hulle met versekeringsmaatskappye kan onderhandel om 'n polis te bekom wat sulke uitbetalings kan dek.

7.2 Verandering van 15% bydrae aan kerkkantoor

7.2.1 "Die Sinode besluit om t.o.v. die 15% bydrae wat aan die SKK oorbetaal word, die volgende uitsonderings te maak:

1. By gemeentes wat minder as 50 lidmate het, word die 15% vir 'n jaar nie gehef nie.

2. By gemeentes wat tussen 50 en 75 lidmate het, word die 15% vir 'n jaar lank vasgestel op 'n verminderde 7,5%.

3. Bo 75 lidmate geld die normale heffing van 15%". (Ds. P.W. Botha, Gemeentes Viljoenskroon en Bultfontein, RIng van Graniet).

7.2.2 Aanbeveling van die FK:

Die Sinode handhaaf sy besluite tot dusver oor sinodale bydrae en bly dus by die reëling dat 15% van gemeentelike inkomste oorbetaal word. Die Sinode onderskryf ook die FK se standpunt dat die stelsel van sinodale bydraes so eenvoudig moontlik moet wees sonder onnodige uitsonderings.

7.3 Vermindering van 15% bydrae

7.3.1 "Die Ring van Memel versoek die sinode om die 15% verpligte oorbetaling van gemeente-inkomste te verminder na 12%".

7.3.2 Aanbeveling:

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

7.3.3 Motivering van FK:

Die uitbreiding van die kerklike administrasie laat 'n vermindering nie nou toe nie, soos uit die begroting van 1991 blyk.

7.4 Sertifisering van 15%-bydrae

7.4.1 "Die Sinode besluit om die spesifieke sertifisering van die 15% oordrag aan die SKK deur die ouditeur weg te laat."

GEMEENTE KROONSTAD, RING VAN GRANIET

7.4.2 Motivering:

1. Die Ring het 'n volledige finansiële staat en 'n addisionele sertifikaat is nie nodig nie.

2. So 'n sertifikaat kan die indruk skep dat die kerkraad nie vertrou word nie.

7.4.3 Aanbeveling van die FK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

7.4.4 Motivering van FK:

Die Ring behoort die Sinode se besluit te sien as deel van sy taak van toesighouding of visitasie.

7.5 Terugbetaling van fondse oorskrydend die begroting

7.5.1 Die Sinode besluit dat aan die einde van die finansiële jaar wanneer waarvoor begroot is en 'n bepaalde bedrag in die reserwefonds gestort is, die oorgeblewe fondse van die oorbetaalde 15% van kerke se bydraes tot die Raad vir Kerkadministrasie pro rate aan kerke (gemeentes) terugbetaal word.

7.5.2 Motivering:

'n Baie konserwatiewe begroting opgestel en ingedien deur die Finansiële Komitee berus op die vorige jaar se inkomste en hou nie rekening met die groei in inkomste per jaar nie. Derhalwe sal die reële inkomste heelwat groter wees. Baie kerke in verskillende fases van bou en beplanningsprojekte dikwels klein in lidmatetal, kan die gelde goed benut wat anders as oorskot in die sentrale fonds van die RKA gestort word. Die wyse waarop die kerke die gemeenskaplike werk doen en in die behoefte voorsien is goed. Dog die behoefte plaaslik, is eweneens belangrik en daarom moet dankofferinkomste nie onder 'n maatemmer geberg word nie, maar in koninkryksbelang gebruik word.

KERKRAAD VAN NABOOMSPRUIT

7.5.3 Aanbeveling van die FK:

Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

7.5.4 Motivering van FK:

1. Op die oomblik is hierdie voorstel nie prakties uitvoerbaar nie.

2. Om dit toe te pas, sal addisionele personeel benodig word. Met die huidige werklas, kom die personeel net die mas op.

3. Die betrokke kommissies probeer om met die minimum personeel die administrasie so goed moontlik te behartig met die oog op besparing.

4. Die Sinode het dit in vooruitsig gestel om so gou moontlik werklik kontant te werk; daarom poog ons om die Reserwefonds (waarvan die naam hopelik verander word) so veel moontlik te versterk, ook uit oorskotte op die begroting.

5. Sodra dit prakties moontlik is, sal die bydraes van gemeentes in die begroting aangepas word.

7.6 Vergoeding aan gemeentes vir kommissiewerk van predikante:

7.6.1 i Die Sinode besluit dat Gemeentes, van wie predikante op permanente kommissies van die Sinode dien, vergoed word vir die dae wat sulke predikante uit hulle gemeentes afwesig is om op die kommissies diens te verrig.

ii Dat die vergoeding verreken word teen die 15% bydrae van sodanige gemeente.

iii Dat die vergoeding vasgestel word op 'n billike bedrag per dag. (bv. R100 per dag)

iv Dat die Sentrale Kerkkantoor op vorm F1 voorsiening maak vir sodanige aftrekking.

v. Dat die huidige stelsel van reiskoste onveranderd bly.

7.6.2 Motivering:

i 'n Gemeentepredikant word deur die Kerkraad besoldig en hulle het eerste aanspraak op sy dienste.

ii Predikante wat op permanente kommissies dien, werk tot voordeel van al die Plaaslike Kerke.

iii Dit is net billik dat almal saam sal dra aan die kostes.

iv 'n Stelsel soos voorgestel sal geen direkte ekstra las op enige Plaaslike kerk plaas nie.

v Die betaling van daggelde kan op die manier ondervang word en die Gemeente wat reeds die predikant se traktement betaal word dan vergoed.

vi Indien die bedrag waarop besluit word minder is as wat die normale traktement, teen 'n daaglikse tarief bereken, is, kan die etes wat deur die Sentrale Kerkkantoor voorsien word steeds gefinansier word.

vii 'n Besluit soos hierdie sal 'n predikant en ook sy Kerkraad meer vrymoedigheid gee met die hantering van sulke diens.

INGESTUUR DEUR DIE KERKRAAD APK CAROLINA

7.6.3 <u>Aanbeveling van die FK</u>:

7.6.3.1 Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

7.6.3.2 Die Sinode besluit dat 'n leraar op nie meer as twee kommissies van die Sinode sal dien nie.

7.6.4 **<u>Motivering van FK:</u>**

1. Die voorstel sal tans moeilik in die praktyk toegepas kan word, o.a. a.g.v. die ekstra werk wat dit vir die administrasie sal meebring.

2. So 'n voorstel sal meebring dat in die begroting vir meer uitgawe voorsiening gemaak moet word. Bydraes van gemeentes sal dus verhoog moet word.

3. Die vraag ontstaan of die ouderlinge op kommissies dan ook ingesluit sal moet word: hulle moet verlof neem om kommissievergaderings by te woon.

4. Uitgaande van dié motiverings oordeel die FK dat die aanbeveling 7.6.3.2 tot groot mate dié probleem sal oplos. Daar is nou voldoende leraars in die kerk om die sinodale werk te help dra.

7.7 Hulpfonds

7.7.1 "Dat in die lig van die stryd wat vir ons volk voorlê en waar manne en vroue 'n hoë prys sal moet betaal vir die behoud van waardes wat vir ons kosbaar is, wil ons hiermee versoek dat 'n fonds gestig word om te sorg vir die agtergeblewenes van sulke mense."

C.C. KIESSIG, GOUDVELD-SENTRAAL, RING VAN GRANIET

7.7.2 Aanbeveling van die FK:

Die Sinode dra dit aan 'n kommissie op om die saak volledig te ondersoek.

7.7.3 Motivering van FK:

Die voorstel is nie duidelik geformuleer nie - bv. wie is die "agtergeblewenes"? Die FK staan simpatiek teenoor die saak, maar oordeel dat 'n ondersoek nodig is.

8. FINANSIËLE STATE 1989

Die FK het die state van 1989 behandel en dit voorgelê aan die SKK en die Kuratorium. Tot 31 Des. 1989 is die fondse van die SKK en Kuratorium nog apart hanteer. Die volledige finansiële state is by die rekenmeester beskikbaar.

8.1 Kuratorium:

'n Opsomming van die Kuratorium-fonds is:

	1989	Begroting 1989	1988
Totale inkomste	R541 028		R400 762
Gemeente-bydraes (5%)	R519 250	R302 500	R378 727
Totale uitgawe	R286 221	R302 500	R198 733

Opmerkings:

1. As deel van die uitgawe het Dosentevergoeding R162 456 bedra en Salarisse: Administrasie R60 216

2. Die oorskot van 1988 is aangewend om die gebou aan te koop sowel as R51 720 uit die oorskot van 1989.

3. Van die oorskot van 1989 is R50 000 oorgeplaas na die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.

4. Aankoop van Meubels, Toerusting en Boeke het R18 443 bedra.

8.2 SKK

8.2.1 'n Opsomming van die SKK-fondse lyk so:

	1989	Begroting 1989	1988
Totale inkomste	R1 085 742		797 295
Gemeente-bydraes (10%)	R1 038 500	605 000	757 454
Totale uitgawe	R 722 734	605 000	668 201

(Dit beteken dat die totale inkomste van gemeentes R10 385 000 was in 1989 teenoor R7 574 540 in 1988).

8.2.2 Van die uitgawe is R283 288 aan bedieningsuitgawes R235 251 aan salarisse, R56 149 aan kommissies bestee.

8.2.3 Vir die verdere behandeling van fondse het die FK die bedrae bymekaar getel en behandel soos in die hersiene begroting vir 1990.

8.2.4 As gevolg daarvan is besluit om die Reserwefonds (Bedryfsfonds) te verhoog na R500 000. Aan die rekenmeester is opdrag gegee om alle beskikbare fondse teen die besmoontlike rentekoers te belê (tans word 19,2% verdien). Dit bring mee dat die ideaal van werklike kontantwerk vinniger nader kom.

8.2.5 Volgens sinodebesluit is die oorskot van Boekverkope na die Publikasiefonds oorgedra wat tans R70 768 bedra.

Opmerkings:

1. As deèl van die uitgawe het Dosentevergoeding R162 456 bedra en Salarisse: Administrasie R60 216

2. Die oorskot van 1988 is aangewend om die gebou aan te koop sowel as R51 720 uit die oorskot van 1989.

3. Van die oorskot van 1989 is R50 000 oorgeplaas na die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.

4. Aankoop van Meubels, Toerusting en Boeke het R18 443 bedra.

8.2 SKK

8.2.1 'n Opsomming van die SKK-fondse lyk so:

	1989	Begroting 1989	1988
Totale inkomste	R1 085 742		797 295
Gemeente-bydraes (10%)	R1 038 500	605 000	757 454
Totale uitgawe	R 722 734	605 000	668 201

(Dit beteken dat die totale inkomste van gemeentes R10 385 000 was in 1989 teenoor R7 574 540 in 1988).

8.2.2 Van die uitgawe is R283 288 aan bedieningsuitgawes R235 251 aan salarisse, R56 149 aan kommissies bestee.

8.2.3 Vir die verdere behandeling van fondse het die FK die bedrae bymekaar getel en behandel soos in die hersiene begroting vir 1990.

8.2.4 As gevolg daarvan is besluit om die Reserwefonds (Bedryfsfonds) te verhoog na R500 000. Aan die rekenmeester is opdrag gegee om alle beskikbare fondse teen die besmoontlike rentekoers te belê (tans word 19,2% verdien). Dit bring mee dat die ideaal van werklike kontantwerk vinniger nader kom.

8.2.5 Volgens sinodebesluit is die oorskot van Boekverkope na die Publikasiefonds oorgedra wat tans R70 768 bedra.

9. OORSIG VAN FINANSIES 1987-1989

Ter wille van duidelikheid word die volgende bedrae weergee.

	Begroting	Werklike uitgawe	Inkomste	Bydrae uit gemeentes
1988	R1 080 000	R 866 934	R1 198 057	R1 136 181
1989	R 952 500	R1 008 955	R1 626 770	R1 557 750
1990	R1 350 000			

10 BEGROTING 1991

10.1 In die opstel van die begroting is die volgende riglyne in ag geneem.

1. Die beginselbesluit van die sinode 1987 om op kontantbasis te werk en om uitgawes aan te pas by inkomste

2. Die uitgangspunt moet behou word dat die administrasie wel uitbrei, maar dat gemeentes nie onnodig belas moet word nie.

3. Die sinodale fondse is geheel afhanklik van gemeente-bydraes.

4. Die sinodale begroting word nou as 'n eenheid hanteer, nie meer aparte SKK-fondse en Kuratoriumfonds nie.

10.2 Berekening van inkomste 1991

10.2.1 As uitgangspunt word geneem dat die totale inkomste van gemeentes R10 385 000 was in 1989.

10.2.2 'n Vergelyking tussen die beskikbare ontvangste van Januarie - Maart 1989 en Januarie - Maart 1990 toon 'n styging van 22,6%:

Januarie - Maart 1989 R315 200
Januarie - Maart 1990 R386 509

10.2.3 Op grond van bogenoemde het die FK besluit om te beraam vir 20% styging op die inkomste van gemeentes d.w.s.
R10 385 000 + 20% - R12 462 000. Daarvan word begroot vir 'n sinodebydrae vanuit gemeentes van
R1 800 000. (teenoor R1 350 000 in 1989).

10.2.4 Aanbeveling:

Die Sinode keur goed dat begroot word vir 'n beraamde inkomste van R1 800 000.

10.3 Berekening van uitgawe 1991

Van al die kommissies is begrotings ontvang, sommige nie gemotiveerd nie. Nogtans kan die FK 'n beeld kry van die behoeftes in die verskillende afdelings van die sinodale werksaamhede. Die begroting word voorgehou onder die volgende hoofde: BRKA (wat alle administrasie insluit), SKK, Kuratorium (wat slegs teologiese opleiding behels), ander kommissies. Met die totstandkoming van die BRKA is die begroting en boekhoustruktuur aansienlik vergemaklik - daarom word die bogenoemde 4 hoofde gebruik.

10.3.1 BRKA

Die volgende poste word deur die BRKA beheer en soos volg daarvoor begroot:

		1990	1991
1. Administrasie:	Salarisse	R335 000	470 000
	Reiskoste	18 000	20 000
	Posgeld	7 000	12 000
	Skryfbehoeftes	23 000	23 000
	Telefoon	13 000	15 000
	Oudit	1 500	2 000
	Verversings	3 500	3 000
Eiendom:	Huur van Toerusting	4 000	4 000
	Instandhouding	12 000	15 000
	Munisipale koste	4 000	5 000
	Versekering	4 000	5 000
	Verbetering gebou	12 000	15 000
	Meubels en Toerusting	32 500	15 000
Spaarplan:	Leraars	13 000	13 000
Diverse		-	5 000
Reiskoste, vergaderings		35 500	34 000
Vaalterrein-Kommissie		-	11 000
		R518 000	R667 000

2. Opmerkings:

2.1 Salarisse:

In die syfer van R470 000 is voorsiening gemaak vir normale jaarlikse verhogings sowel as 'n moontlike 15% - aanpassing. Die moontlikheid van 'n pos vir Administrateur of iets dergliks is ook in berekening gebring.

2.2 Reiskoste:

Hieronder is reeds in die begroting van 1990 voorsiening gemaak vir Motorververvangingsfonds.

2.3 Eiendom:

Meubels en Toerusting: Met die uitbreiding van administratiewe personeel is dit ook nodig dat meubels, ens. voorsien word. Ook toerusting wat die argief mettertyd sal benodig, sal hieruit voorsien word.

2.4 Die FK het besluit dat die bedrag begroot vir verbetering van gebou in 'n fonds omskep word, sodat die geld steeds beskikbaar sal wees.

10.3.2 SKK

	1990	1991
1. Uitgawe sinode	R 24 000	R 30 000
Amptelike blad	R 80 000	R120 000
Bedieningsuitgawe	R300 000	R350 000
Reiskoste, vergaderings	R 30 000	R 35 000
	R434 000	R535 000

2. Opmerkings:

2.1 Amptelike blad:

Die SKK het 'n aansienlike verhoging aangevra, sodat die redakteurspos moontlik 'n voltydse pos kan word en die blad meer dikwels kan verskyn. Die Sinode van 1988 het reeds besluit dat die Redakteur so gou moontlik 'n voltydse pos moet word.

2.2 Die FK het ook kennis geneem dat intekengeld aansienlik gestyg het.

10.3.3 KURATORIUM

	1990	1991
1. Drie dosente	R225 000	R289 500
Vierde dosent	-	R 96 500
Reiskoste: Dosente	R 45 000	R 32 000
Kuratorium		R 20 000
Biblioteekfonds	R 12 000	R 12 000
Teologiese Blad	-	R 4 000
Onderrighulp-middels	-	R 12 000
	R312 000	R466 000

2. Opmerkings:

2.1 Vierde dosent:

In oorleg met die Kuratorium is besluit dat vir die 4e pos begroot moet word. 'n Oorskot op dié pos word dan in die Bedryfsfonds (Reserwefonds) gestort.

2.2 Biblioteekfonds:

Die FK het besluit om die bedrag reeds begroot vir "Boeke" in 'n Biblioteekfonds te omskep, sodat die geld steeds beskikbaar is.

2.3 Teologiese Blad:

Die Sinode 1989 het die uitgee van 'n teologiese blad goedgekeur, maar daar kan nou eers (1991) daarvoor begroot word.

10.3.4 Ander kommissies

1. Van al die kommissies is begrotings ontvang. Ongelukkig het sommige motiverings ontbreek. Uit die beskikbare fondse beveel die FK die volgende aan: (dit word aangebied onder die hoofde: begroting van 1990, soos die kommissie aangevra het, en die aanbeveling van die FK vir 1991).

		Begroot 1990	Aangevra 1991	Aanbeveel 1991
1.	Argief (reiskoste)	R 7 400	R 2 000	R 2 000
2.	Barmhartigheids-diens	R 3 500	R 3 500	R 4 000
3.	Bybelvertaling: Reiskoste	R 5 100	R 12 000	R 12 000
	Boekery	-	3 000	-
4.	Finansies	R 6 000	R 7 000	R 7 000
5.	Getuienis en Dissipelskap	R 4 500	R 6 000	R 6 000
6.	Jeug: Reiskoste		R 5 720	R 6 000
	Jeugbood-skapper }	R 9 800	R 5 520	R 5 500
	Inligting-stukke		R 2 000	R 2 000
	Hersienings-kommissie		R 1 000	R 1 000
7.	Kapelaansdienste	R 2 500	R 6 000	R 6 000
8.	Kerkleer en Etiese Norme	R 7 000	R 7 000	R 7 000
9.	Kerkmusiek: Reiskoste		R 6 000	R 6 000
	Inligtings-kursusse	R14 900 (totaal)	R 3 000	R 3 000
	Kursusmateriaal		R 800	R 1 000
	Proefbundel		R 2 000	R 2 000
10.	Kerkregtelike Sake	R 8 800	R 9 000	R 9 000
11.	Liturgie en Formuliere	R 5 000	R 6 000	R 6 000
12.	Opvoeding en Onderwys: Reiskoste	R 3 500	R 5 000	R 5 000
	Pamflette	-	R 5 000	R 5 000
13.	Sending: Reiskoste	R 8 000 (totaal)	R 5 500	R 5 500
	Tentaksie	-	R100 000	R -
		R86 000	R213 040	R101 000

2. Opmerkings:

2.1 Argief:

Die kommissie kan nog nie vir 'n bedrag begroot vir Toerusting wat nodig is nie. Die FK het besluit dat dit gedek kan word onder die item Meubels en Toerusting (BRKA).

2.2 Bybelvertaling:

Die FK beveel aan dat die R3 000 aangevra vir Boekery nie hier goedgekeur word nie. Hulle aankope kan gedoen word uit die Biblioteekfonds (Kuratorium) sodat die boeke ook wyer gebruik kan word.

2.3 Jeug:

2.3.1 Die FK beveel aan dat die R1 000 aangevra vir toekennings uit die Publikasiefonds voorsien word, aangesien dit verhaal kan word.

2.3.2 Die kommissie het 'n bedrag vir onvoorsiene uitgawes aangevra. Die FK kan dit nie aanbeveel nie.

2.3.3 Die Kommissie begroot ook 'n addisionele bedrag van R20 000 vir die druk van handboeke. In 1989 het die kommissie reeds R80 000 vir dié doel aangevra, wat alles verhaalbaar is. Die FK het reeds in 1989 geoordeel dat sulke drukwerk uit die Publikasiefonds gedoen kan word. Sou die Jeugkommissie self die druk en uitgee wil behartig, oordeel die FK dat dit in samewerking met die Publikasie kommissie uit die Publikasiefonds gedoen kan word. Alle publikasies ressorteer dan onder één fonds.

2.4 Sending:

2.4.1 Die kommissie vra weer soos in 1989 R100 000 aan vir 'n tentaksie. Die FK beveel die bedrag nie aan nie.

2.4.2 Aanbeveling:

Die FK beveel aan:

Die Sinode spreek hom uit oor die beginsel dat 'n kommissie van die Sinode 'n werksaamheid soos 'n tentaksie of die oprig van 'n inrigting aanpak.

Motivering:

1. Tot dusver is die beginsel van die Sinode dat werk deur 'n kerkraad of gemeente in die eerste plek gedoen word.

2. Sulke werksaamhede deur die Sinode of 'n kommissie begin, kan "sneeubal" en 'n groot finansiële las vir die Sinode word.

3. Volgens die sendingbeleid wat in 1988 aanvaar is, word die beginsel neergelê dat sending-werk in eerste plek verant-woordelikheid van die plaas-like kerk (gemeente) is. Eers daarna kom 'n ring en die Sinode te sprake.

10.4 **Opsomming**

10.4.1 **Inkomste**

15% van totale inkomste van gemeentes, bereken op R12 000 000 — R1 800 000

10.4.2 **Uitgawe**

	1990	1991
BRKA	R 518 000	R 667 000
SKK	R 434 000	R 535 000
Kuratorium	R 312 000	R 466 000
Kommissies	R 86 000	R 101 000
Bedryfsfonds (Reserwefonds)	-	R 31 000
	R1 350 000	R1 800 000

10.5 **Aanbevelings:**

10.5.1 Die Sinode besluit om die benaming Reserwefonds te verander na Bedryfsfonds.

Motivering:

Bedryfsfonds gee die idee en doel van die fonds beter weer. Dis nie 'n reserwe nie, dis slegs fondse wat vooraf geïn word om op kontantbasis te werk).

10.5.2 Die Sinode besluit om vir 1991 slegs R31 000 vir die Bedryfsfonds te begroot en nie 'n bedrag gelykstaande aan een maand se bydrae van gemeentes (volgens besluit 1988) nie.

Motivering:

Dringende werksaamhede moet nou voorrang geniet i.v.m. die begroting. Die Sinode het wel ook besluit dat die oorskot van 'n jaar in hierdie fonds gestort word).

10.5.3 Die Sinode keur die begroting van inkomste en uitgawe goed (sien bls ... tot ...).

10.5.4 Die Sinode spreek sy opregte dank uit:

1. teenoor die hemelse Vader wat geldelike middele voorsien het aan lidmate, gemeentes en die sinodale fondse;

2. teenoor kerkrade en kassiere wat getrou die nodige oorbetaling van fondse gedoen het sodat die teologiese opleiding en die administratiewe werk kan voortgaan;

3. teenoor die personeel in die Kerkkantoor wat met soveel blymoedigheid en toewyding die verskillende werksaamhede behartig.

11. SLOT

Dit was vir die FK aangenaam om hierdie taak die afgelope jaar te behartig. Die kommissie vertrou dat die taak na behore uitgevoer is. Die Sinode word 'n baie geseënde sitting toegebid.

_____ _____

VOORSITTER SKRIBA

VKFIN/ldp/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder) blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE: 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG

1. PERSONEEL

Di. P.W.Botha
C.N. Coetzee (skriba)
J.N. Joubert
S.D. Nel
O.D. Scheuer
P.G. Stans
P.L. Storm
A.P. Viljoen (Voorsitter)
Oefenaar M.J.G. Botes
Ouderlinge O.F. Jeffrey
W.C. Jones

2. VERGADERINGS

Die kommissie het twee keer vergader, t.w. 5 Februarie 1990 en 7 Junie 1990.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 Sake deur Sinode van 1989 verwys

3.1.1 Hersiening van Verbondsonderrighandboeke
(bladsy 484 - Handelinge van die derde Sinode - punt 1.1)

Die Hersieningskommissie bestaande uit di. O.D. Scheuer (voorsitter), A.J. van Niekerk (onder-voorsitter) en A.P. Viljoen (skriba) het reeds op 23 November 1989 vir die eerste keer vergader ten einde te begin met hierdie groot taak aan hom opgedra. Behalwe die hersiening van elke boek, het ook ander sake deur die derde Sinode van 1989 na hom verwys aandag geniet:

* 'n tweede voorskoolse handboek
* die ontstaangeskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerk in die standerd 5 - 7 handboeke
* handleidings vir voorgangers

Die kommissie het so spoedig moontlik die nodige skrywers aangewys en met hulle in verbinding getree en ook gereeld as kommissie vergader. Daar is ook met die drukker onderhandel. Die SKK het die kwotasie aanvaar van 'n oplaag van 3 500 handboeke per standerd en 500 per standerd vir die handleidings.

As gevolg van die predikante wat met die hersiening behulpsaam is se druk werksprogramme in hulle gemeentes sowel as kommissiewerk blyk dit asof al die handboeke nie teen einde 1990 afgehandel sal wees nie. Hierdie feitlike situasie is aan die SKK op 'n vergadering van 22 Junie 1990 voorgehou en daar is toe besluit dat die Hersieningskommissie die handboeke vanaf voorskool tot standerd 5 vir die einde van 1990 gereed moet kry terwyl die handboeke vir standerd 6 - 9 vir nog 'n jaar oorstaan.

(Ten tye van die opstel van hierdie verslag - 2 Julie 1990 - is daar nog net twee boeke se manuskripte ontvang).

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank kennis van die groot werk reeds gedoen en sien met verwagting uit na die ingebruikneming van die hersiene handboeke.

3.1.2 Handleidings vir Verbondsonderrigpersoneel
(bladsy 484 - Handelinge van die derde Sinode punt 1.2)

Soos deur die derde Sinode versoek het die Hersieningskommissie deeglik aandag aan die saak geskenk en elke skrywer is opdrag gegee om so 'n handleiding saam te stel. Hierdie handleidings sal dan saam met die hersiene boeke vroeg in 1991 beskikbaar wees.

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank kennis van hierdie handleidings en glo dat dit met groot vrug deur die voorgangers gebruik sal kan word.

3.1.3 Toekennings vir leerkragte (bladsy 484/5 - Handelinge van die derde Sinode - punt 1.3)

'n Pragtige sertifikaat wat kan dien as erkenning aan voorgangers by die Verbondsonderrig is deur di. J.N. Joubert en P.L. Storm ontwerp en deur die Jeugkommissie goedgekeur. Hierdie sertifikate sal reeds einde 1990 beskikbaar wees en kan by die Jeugkommissie se uitstalling besigtig word.

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank kennis van die sertifikaat.

3.1.4 Aandenkingskaart/boekie ten opsigte van doop (bladsy 485 - Handelinge van die derde Sinode - punt 1.4)

Die Jeugkommissie het dit aan ds. O.D. Scheuer opgedra om so 'n aandenkingskaart/boekie te ontwerp. Die kommissie het die ontwerp by sy laaste vergadering goedgekeur en van die aandenkingskaarte is reeds beskikbaar en kan ook by die Jeugkommissie se uitstalling besigtig word.

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank hiervan kennis en glo dat dit vir baie dopelinge nog 'n kosbare kleinnood sal word.

3.1.5 Handleidings vir Jeugaksies (bladsy 485 - Handelinge van die Derde Sinode - punt 1.5)

Die volgende aktuele handleidings is deur die kommissie opgestel en sal moontlik reeds voor die aanvang van die Vierde Sinode aan gemeentes gepos word.

* Handleiding vir staptoere
* Handleiding vir jeugkampe
* Handleiding vir vakansie-aksies

* 'n Aantal programsketse vir jeugbyeenkomste.

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank hiervan kennis.

3.1.6 Adreslys van blanke kampterreine (bladsy 492 - Handelinge van die derde Sinode - punt 4.1.2)

'n Aantal adresse van beskikbare kampterreine is bekom en is saam met die handleidings (punt 3.1.5) aan gemeentes gestuur.

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank hiervan kennis.

3.2 Nuwe sake

3.2.1 Toekennings vir voorskoolse kinders

As gevolg van geweldig baie navrae in die verband het die kommissie dit aan ds. A.P. Viljoen opgedra om so 'n toekenning te ontwerp. Die ontwerp is op die laaste kommissievergadering goedgekeur en sal reeds die einde van 1990 beskikbaar wees. Dit kan ook by die Jeugkommissie se uitstalling besigtig word.

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank kennis van hierdie sertifikaat.

3.2.2 Studentebearbeiding

As gevolg van die toenemende aantal studente wat hulle by die Afrikaanse Protestantse Kerk aansluit en in die lig van die unieke pastorale bediening wat dit verg om dié mense te bereik is die Jeugkommissie van mening dat hierdie saak indringend ondersoek moet word.

Aanbeveling: Die Sinode stel 'n kommissie saam bestaande uit alle leraars binne wie se gemeentegrense daar 'n universiteit, kollege of technikon is ten einde die Afrikaanse Protestantse Kerk se studentebearbeiding indringend te bespreek en by die volgende Sinode verslag te lewer.

3.2.3 Bybelkennis van Verbondsjeug

Daar bestaan by die Jeugkommissie groot kommer oor die gebrek aan Bybelkennis by die Verbondsjeug. Die kommissie is van mening dat hierdie saak dringende aandag moet geniet.

Aanbeveling: Die Sinode beveel dit baie sterk by kerkrade aan om toe te sien dat die jeug van die Afrikaanse Protestantse Kerk die Bybelgeskiedenis, Bybelse waarhede en selfs ook Skrifgedeeltes deeglik ken. Hierdie ideaal kan bereik word deur Bybelvasvrae in gemeente- en ringsverband te hou.

3.2.4 Uitstalling van Jeugkommissie by Vierde Sinode

Die kommissie is van mening dat daar vele lidmate in die Afrikaanse Protestantse Kerk is wat nie op hoogte is van al die arbeid wat hierdie jong kerk die afgelope drie jaar ten opsigte van sy jeug verrig het nie.

Aanbeveling: Die Sinode neem met dank kennis van die Jeugkommissie se "uitstalling" by hierdie Vierde Sinodesitting en dank die Here vir alles wat al in belang van ons jeug gedoen is.

3.3 **Beskrywingspunte:**

3.3.1 Beskrywingspunt: Verbondskinders in ander AP Kerke
Ring van Naboomspruit

Beskrywingspunt: Die Sinode besluit dat Kerkrade wat die verantwoordelikheid van verbondsonderrig van kinders uit ander AP Kerke behartig, kwartaaliks verslag sal doen aan die betrokke Kerkrade van waar die kinders kom deur middel van aanvaarbare evaluering.

Motivering: Dit bly die plaaslike Kerkraad se verantwoordelikheid om toe te sien dat verbondskinders onderrig word. Deur verslag te doen aan die Kerkraad, deur die Kerkraad waar die kinders verbondsonderrig ontvang kan die plaaslike Kerkraad sy opdrag van toesig uitvoer.

Aanbeveling: Die Sinode verwys hierdie aangeleentheid na die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

3.3.2 Beskrywingspunt: Twee onderwys modelle
Ring van Vereeniging

Beskrywingspunt: Die Ring versoek die Sinodale Jeugkommissie om aan ons lidmate duidelike leiding te gee i.v.m. die twee nuwe onderwys modelle.

Motivering: Geen

Aanbeveling: Die Sinode verwys hierdie aangeleentheid na die Tydelike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding.

3.3.3 Beskrywingspunt: Program - "Gesinsvoorligting". Dagbestuur van die Kerkraad van Roodepoort.

Beskrywingspunt: Die Sinode wys 'n komitee aan om deeglike ondersoek in te stel, na 'n program, genaamd "Gesinsvoorligting", wat tans deur die Transvaalse Onderwysdepartement by skole aangebied word, dit so spoedig moontlik op te volg en aanbevelings te doen.

Motivering: Bestuursraadslede van skole het geen reg om te besluit oor vakke wat aangebied word nie.

Aanbeveling: Die Sinode verwys hierdie aangeleentheid na die Tydelike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding.

3.3.4 Beskrywingspunt: Ontstaansgeskiedenis van die APK Ring van Beaufort-Wes

Beskrywingspunt: Die Sinode besluit dat die ontstaansgeskiedenis van die AP Kerk as 'n spesiale les nie net in die handboek van die belydenisklas sal verskyn nie, maar ook in die handboeke van al die jaargange binne die bevatlikheidsvermoë van die kind.

Motivering: Baie kinders en jongmense is nie in staat om hul self te verweer wanneer hulle gekonfronteer word oor die ontstaan van die AP Kerk nie.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien hierdie aangeleentheid reeds by die Derde Sinode (1989) bespreek is en daar ook 'n besluit geneem is dat die ontstaansgeskiedenis ook in die standerd 5 - 7 boeke opgeneem moet word. (bls. 493 - Handelinge van die Derde Sinode - punt 4.2)

3.3.5 Beskrywingspunt: Toelating van voornemende lidmate tot die aflê van belydenis van geloof.

Kerkraad van Biesiesvlei.

Beskrywingspunt: Die Sinode besluit dat daar ooreenstemmende optrede in gemeentes sal wees betreffende die toelating van voornemende lidmate tot die aflê van belydenis van geloof. Die Sinode vestig die aandag op die "Reëls bedoel as riglyne" vir die Verbondsonderrig wat deur die Sinode in 1988 goedgekeur is, en beklemtoon dat katkisante in die belydenisklas eers tot belydenisaflegging toegelaat word na grondige onderrig gedurende een volle jaar, m.a.w. aan die einde van November of aan die begin van die matriekjaar.

Motivering: In sommige gemeentes word die belydenisaflegging reeds gedurende Oktober of September en selfs so vroeg as April (na vier maande) afgehandel. Die gevolg is dat katkisante in naburige gemeentes ontevrede word en hulle dan op dieselfde reëling geregtig wil wees.

Aanbeveling: Die Sinode besluit dat daar gevolg gegee word aan die beskrywingspunt.

4. BEGROTING

1991

Item	Nie verhaalbaar	Verhaalbaar
1. Reiskoste	R5 750-00	
2. Hersiening van Verbonds-onderrigboeke		R1 000-00
3. Jeugbood-skapper	R5 520-00	
4. Toekennings		R1 000-00
5. Inligtingstuk-ke	R2 000-00	
6. Diverse	R4 730-00	
		R2 000-00

Aanbeveling: Die Sinode keur die begroting goed en bid die kommissie die seën van die Here toe op sy werksaamhede.

5. SLOT

Die kommissie spreek sy dank en waardering uit vir die vertroue in al sy lede gestel om die afgelope jaar op die jeugakker van die Afrikaanse Protestantse Kerk te kon arbei en vertrou dat hy die werk aan hom toevertrou tot eer van God afgehandel het.

DS. A.P. VILJOEN
(Voorsitter)

DS. C.N. COETZEE
(Skriba)

VKJENV/apv/aa

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: KOMMISSIE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS

1. PERSONEEL

1.1 Lede van Permanente Kommissie

Oudl. TL le Roux (Voorsitter), dr. JA Scholtz (Skriba), di. JH Theron, LH Jacobs, oudle, CC Joubert en JPT Simpson.
Ad-hoc-Lede : Proff JJ Pienaar en A Swart.

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het een keer vergadering, t.w. op 8 Junie 1990.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 Die beginsels Christelik-nasionale onderwys en Christelik-volkseie onderwys.

Die term "nasionale" onderwys verwys tans na 'n algene onderwysstelsel vir al die inwoners van die RSA se kinders en dui dus op 'n geïntegreerde onderwysstelsel wat nie vir die APK aanvaarbaar is nie.

3.1.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode besluit dat die APK hom in die toekoms sal beywer vir Christelik-volkseie onderwys i.p.v Christelik-nasionale onderwys.

3.2 Kommissie vir Opvoeding en Onderwys vir elke Kerkraad.

Aangesien die onderwys op die oomblik in die brandpunt staan en dit in die toekoms 'n groot rol sal speel in die behoud van die Afrikanervolk, sal dit nodig wees dat elke gemeenskap jaloers sal moet waak dat Christelike volkseie onderwys in elke gemeenskap tot sy reg sal kom. Daarom is dit noodsaaklik dat elke kerkraad 'n Kommissie van Opvoeding en Onderwys sal hê.

3.2.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode beveel by kerkrade aan om 'n plaaslike Kommissie van Opvoeding en Onderwys saam te stel, waar dit enigsins moontlik is, om plaaslik te waak oor onderwysbelange.

3.3 Pamflette vir inligting.

Die ouers is oor die algemeen oningelig oor die nuwe tendens in die onderwys wat afstuur op geïntegreerde skole. Pamflette wat die nuwe rigting in die onderwys

verduidelik en wenke aan die hand doen, sal die ouers beter toerus om die regte besluite te kan neem. Dit kan dien as wisselwerking tussen die Sinodale Kommissie van Opvoeding en Onderwys en die plaaslike Kommissie van Opvoeding en Onderwys.

3.3.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode versoek die Permanente Kommissie van Opvoeding en Onderwys om 'n inligtingspamflet, wat die onderwysbeleid van die regering met sy moontlike gevolge verduidelik en wenke aan die hand doen, saam te stel en aan gemeentes deur te stuur.

3.4 Opdrag van die Sinode van 1989: Die Kommissie word versoek om skole wat leegloop, in die oog te hou vir die gebruik deur die APK.

Die Kommissie rapporteer dat 'n berig aan "Die Boodskapper" gestuur is waarin gemeentes aangemoedig word om skole wat leegloop en goedkoop te koop is, aan te koop vir die gebruik van die APK.

3.5 Opdrag van die Sinode van 1989: Die Kommissie word versoek om aandag te gee aan die gebruik van die Vaalterrein.

Die Kommissie rapporteer dat 'n skrywe gerig is aan die Kommissie van die Vaalterrein met die versoek dat hulle in hulle makrobeplanning aandag sal gee aan die oprig van 'n skool met koshuisgeriewe vir moontlike leerlinge van buite die gebied.

3.6 Privaatskool Moria, Outjo.

Die Kommissie het kennis geneem van die Privaatskool Moria, Outjo. Die Kommissie het ook kennis geneem dat die SKK hierdie aangeleentheid sal hanteer.

3.7 Begroting vir 1991

Daar word vir 1991 soos volg begroot:

3.7.1	Reiskoste vir twee vergaderings:	R 5 000.00
3.7.2	Pamflette vir inligting en met die verdere doel om die ware betekenis van Christelik-volkseie onderwys aan ouers duidelik te stel en die nodige motivering te doen.	R 5 000.00
	TOTAAL	R10 000.00

3.7.3 **Aanbeveling:**

Die Sinode keur die bedrag van R10 000.,00 goed vir 1991.

3.8 SLOT:

Hiermee vertrou u Kommissie dat hy sy taak volvoer het en wens die Sinode die kenlike leiding van die Heilige Gees toe.

Voorsitter: Oudl TL le Roux .....

Skriba: Dr JA Scholtz .....

3.9 Beskrywingspunte.

Die volgende vier beskrywingspunte is ontvang en in behandeling geneem.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE-KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

3.9.1 BESKRYWINGSPUNTE
1

3.9.1.1 Die Sinode besluit dat Provinsiale Onderwysdepartement en ander instansies wat gemoeid is met die keuring van voorgeskrewe boeke versoek sal word om 'n herhaling van sedeondermynende boeke (soos BONGA en ELSA JOUBERT) wat vir skool-, kollege- en Universiteitsstudente voorgeskryf word, onmiddellik gestaak word.

3.9.1.2 Ring van Beaufort-Wes

3.9.1.3 Aanbeveling:

Die Sinode besluit dat Provinsiale Onderwysdepartemente en ander instansies wat gemoeid is met die keuring van voorgeskrewe boeke, versoek sal word om 'n herhaling van sedeondermynende boeke wat vir skool-, kollege- en Universiteitstudente voorgeskryf word, onmiddellik te staak.

3.9.2 BESKRYWINGSPUNT

3.9.2.1 Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir skakeling met die Regering op om op die hoogste vlak die handhawing van Christelik-nasionale opvoeding in alle opvoedingsinrigtings in ons land as 'n hoë prioriteit te beoefen.

3.9.2.2 Motivering

Die nuwe strominge in Suid-Afrika het die uiters gevaarlike stroping van alle Christelike waardes en opvoeding in die oog.

3.9.2.3 Ring van Beaufort-Wes.

3.9.2.4 Aanbeveling:

Die Sinode versoek die SKK en alle Kerkrade om 'n skrywe aan die Regering te rig met die versoek dat Christelik-volkseie onderwys aan alle opvoedkundige inrigtings in ons land gehandhaaf sal word.

3.9.3 BESKRYWINGSPUNT

3.9.3.1 Die Sinode dra dit op aan die Kommissie vir Opvoeding en Onderwys om dringende leiding aan kerkrade te gee met betrekking tot die stigting van private, blanke kerkskole met 'n Christelik-nasionale karakter.

3.9.3.2 Motivering

In die "Nuwe Suid-Afrika" sal ons die verbondskinders van ons kerk nie kan toevertrou aan gemengde staatskole of private skole met 'n Multi-kulturele Onderwysstelsel nie.

3.9.3.3 Kerkraad van Biesiesvlei

3.9.3.4 **Aanbeveling:**

Die Sinode verwys na die besluit van die Sinode van 1989 dat die APK betrokke raak by en steun gee aan ondernemings wat gerig is op Christelik-volkseie onderwysvoorsiening.

3.9.4 BESKRYWINGSPUNT

3.9.4.1 Die Sinode van die Afrikaanse Protetantse Kerk spreek hom ondubbelsinnig uit ten gunste van volkseie moedertaalonderrig waarin die Protestantse Christelike karkater van ons volk beskerm en uitgebou moet word. Enige model vir onderwysvoorsiening wat nie hiervoor voorsiening maak nie, is op grond van die verbondsbelofte deur ouers afgelê, nie te rym met Gods Woord nie en sal daarom nie gesteun kan word nie.

Indien die Owerheid 'n ander model vir onderwysvoorsiening sou voorstaan wat dit vir ons ouers onmoontlik sou maak om ons kinders na daardie skole te stuur, sou dit deur die kerk vertolk word as sou die Owerheid sy plig en taak volgens die Woord (Artikel 36, NGB) versuim het.

3.9.4.2 Ring van Moot-Sentraal

3.9.4.3 **Aanbeveling:**

Die Sinode spreek hom ondubbelsinnig uit ten gunste van volkseie moedertaalonderrig waarin die Protestants-Christelike karakter van ons volk beskerm en uitgebou moet word.

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Vierde sinode 17 - 22 September 1990.

Verslag: Kommissie vir Kapelaansdienste.

1. PERSONEEL

Di	M.J. Hartzenberg	(Voorsitter)
	S.W. van Wyk	(Sekretaris)
Dr	J.D. Malan	
Oudle	J.L. du Preez	
	A. Goosen	
	J.E. Swarts	

1.1 Aanbeveling:

Die sinode wys die lede van die permanente kommissie tans teenwoordig aan as kern van die Tydelike Kommissie.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het twee telefoonvergaderings gehou, tw op 5 Februarie 1990 en op 26 Junie 1990, dié datum waarop die voorsitter die lede telefonies gekontak het en die verslag met hulle bespreek het.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 SAW

3.1.1 Skrywe aan gemeentes

Die kommissie besluit om 'n brief aan gemeentes te stuur en gemeentes waarbinne daar 'n weermageenheid/hede is te versoek om asseblief aan die kommissie 'n naamlys van diensdoenende NDP's deur te stuur.

Die kommissie wag op u reaksie.

3.1.2 Skrywe aan Kapelaan-Generaal

Skrywe moet aan die Kapelaan-Generaal van die SAW gerig word waarin hy versoek word dat ons as 'n afsonderlike kerk erken en behandel word en dat ons nie as 'n deel van bv die pinkstergroepe gesien word nie.

Die brief is gerig.

3.2 Gevangenisbearbeiding

'n Wenk van ds Bezuidenhout van Kroonstad in bogenoemde verband sal ook per omsendskrywe aan die gemeentes bekend gemaak word.

4. BESKRYWINGSPUNTE

4.1 Van die Ring van Moot-Sentraal

4.1.1 Beskrywingspunt

Die sinode versoek sy Kommissie vir Kapelaansdienste om die moontlikheid te ondersoek dat van ons teologiese studente wat in die toekoms afstudeer en nog militêre diens moet doen, aan gemeentes gekoppel sal word waar daar 'n sametrekking van diensplig tiges is.

Aan die begin waar ons studente nog min is, kan genoemde gemeentes jaarliks om die beurt gehelp word.

4.1.2 Motivering

Ons afgestudeerde studente sal waarskynlik, vanweë weermagsbeleid, slegs lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk mag bedien. Verder sal hulle met klerikale werk besig gehou word. In 'n gemeente soos Verwoerdburg kan so 'n man onder toesig van die kerkraad tussen al die basisse beweeg om ons manne te bedien - en daarmee produktief in diens van ons kerk staan. Die werk word tans deur die plaaslike leraar behartig en neem 'n ruim deel van sy tyd in beslag.

4.1.3 Beredenering

4.1.3.1 Die sinode se uitgangspunt sedert ons eerste sinode 1987 was dat kapelaanswerk gemeentelik gedoen moet word en nie kollektief nie.

4.1.3.2 Vrae wat egter ontstaan is of jong afgestudeerdes as leraars of as proponente of net as teologies opgeleides moet werk.

4.1.3.3 En gesien in die lig van die feit dat hulle net as Administratiewe Assistente aangewend sal word, vir die afsienbare toekoms, het ook finansiële implikasies.

4.1.3.4 Die Kommissie vir Kerkregtelike Sake sal wel deeglik ook by hierdie aangeleentheid geken moet word.

4.1.3.5 Ideaal sou wees dat jong afgestudeerdes as leraars kon werk in die onderskeie kerke (gemeentes), maar hulle werk is tydelik van aard om twee redes, tw

1. Hulle doen net vir 'n bepaalde tyd diensplig (1 of 2 jaar). As die jaar om is en hy kry nie dadelik 'n beroep nie wie sorg dan vir hom?

2. Hy is in die eerste plek 'n dienspligtige en dus in diens van die SAW. Sy kerklike werk kan hy net na ure doen. Hoeveel kan hy dan doen?

4.1.3.6 Om as 'n ongelegitimeerde te werk plaas ons manne in 'n slegter posisie as hul eweknieë uit die ander drie Afrikaanse Gereformeerde kerke.

4.1.4 <u>Aanbeveling</u>

Die sinode besluit dat die Kommissies vir Kapelaansdienste en Kerkregtelike Sake hierdie saak grondig ondersoek en aan die volgende sinode verslag doen.

4.1.5 <u>Moontlike riglyne</u>

4.1.5.1 Dat jong afgestudeerdes as gelegitimeerdes diens doen.

4.1.5.2 Dat hulle dit doen waar daar 'n sametrekking van dienspligtiges is, waar ons wel 'n AA.KD pos kan kry.

4.1.5.3 Dat hulle omdat hulle daar domisilieer nie alleen as lidmate van die gemeente werk nie, maar dat hulle as ouderlinge van daardie gemeente gekies word.

4.1.5.4 Dat die moontlikheid van 'n finansiële bydrae vir die broeders vir hul dienste na ure oorweeg word.

4.1.5.5 Dat die implikasies van ons aanbevelings vir gemeentelike bediening getoets moet word, veral met die oog op moontlike latere voltydse bediening. Onthou, "Wiens brood 'n mens eet, diens woord 'n mens spreek". 'n Kapelaan is 'n staatsamptenaar.

5. BEGROTING

Die reiskoste vir een vergadering van hierdie kommissie beloop ongeveer R1 600,00. Dus twee vergaderings plus administrasie beloop ongeveer R3 500,00 per jaar.

Baie dankie vir u vriendelike aandag.

M.J. HARTZENBERG (DS)
(VOORSITTER)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus
onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG : ARGIEFKOMMISSIE

1. PERSONEEL

Dr. MFM Pretorius (Voorsitter), Ds WM Grové (Skriba) en oudle. AHP Louw en HLF de Wet.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het slegs een telefoonkonferensie gehou - 28/06/1990

3. RIGLYNE VIR DIE ARGIEF

3.1 By die vorige twee Sinodes is riglyne goedgekeur en in die Handelinge opgeneem.

3.2 Uit beginsels wat by hierdie Sinode goedgekeur mag word, kan aanvullende riglyne spruit wat by die bestaandes gevoeg word.

3.3 Voornoemde riglyne word ná hierdie Sinode aan elke gemeente volledig uitgestuur.

. ARGIEFBELEID VIR DIE VOORSIENBARE TOEKOMS

.1 Sentrale doop- en lidmaatregister op rekenaar.

Dit is nie uitvoerbaar nie a.g.v. die koste daaraan verbonde en die menslike faktor.

4.1.1 **Aanbeveling:**

Die Sinode besluit om nie 'n sentrale register vir doop- en belydende lidmate te skep nie.

4.2 Afskrifte van registers

4.2.1 **Aanbeveling:**

Geen verdere fotokopie is aanvaarbaar nie.

4.3 **Doopregister vir lidmate**

'n Volledige doopregister (soortgelyk aan die lidmateregister) van dooplidmate in die gemeente wat met die kom-en-gaan van dooplidmate tred hou, is in 1988 reeds afgestem en die Sinode bly daarby.

4.3.1 **Aanbeveling:**

4.3.1.1 **Die Sinode handhaaf sy vorige besluit om geen volledige dooplidmaatregister in elke gemeente in te stel nie.**

4.3.1.2 Dooplidmate wat in 'n ander kerkverband gedoop is en vir wie nie 'n doopseel gekry kan word nie, word as nuwe inskrywing in die register van die plaaslike kerk gedoen nadat aanvaarbare getuienis aan die kerkraad voorgelê is soos een of twee getuies, en/of 'n aandenkingskaart of -boek wat by die doop van die betrokkene gegee is.

4.4 Gemeenteverslag (visitasie)

4.4.1 Aanbevelings:

4.4.1.1 Die visitasiedeel van hierdie verslag wat in 1989 goedgekeur is, dien as aanbeveling vir ringsververgaderings.

4.4.1.2 Hierdie verslae van plaaslike kerke word in die ring se argief bewaar totdat meerdere wysheid en/of ruimte daarvoor by die kerkargief beskikbaar is.

4.4.1.3 Slegs die statistiek en formele gegewens van afdelings A en B van die 1990 uitgawe is vir die Sentrale Kerkkantoor nodig. Nadat dit op rekenaar geplaas is, word die verslae gebêre in die argief vir solank ruimte beskikbaar is.

4.5 Gehalte papier

4.5.1 Aanbevelings:

4.5.1.1 Die vorige besluit word uitgebrei dat dit 78 of 80 gram bond papier of gelykwaardige gehalte moet wees vir verslae en notules.

4.5.1.2 Registerpapier moet deurgaans dieselfde gehalte en gewig wees as die eerste velle wat gedruk is.

4.6 Kerklike publikasies

4.6.1 Aanbeveling:

Twee eksemplare van elke publikasie word in die argief bewaar.

4.7 Aard van bewaringsmateriaal (Medium)

Deur baie eeue was papier die gewaardeerde medium. Dis nog steeds 'n uiters goeie medium. Beperkte en uiters duur bergingsruimte bring papier in gedrang. Die materiaal van die moderne elektroniese tegnologie is besonder kompak en ontsluit vanweë sy opset, die gegewens makliker en gouer vir die gebruiker. Die slapskyf, mikrofilm en apparaat daarvoor is by die Sentrale Kerkkantoor en Teologiese Skool beskikbaar.

4.7.1 Aanbevelings:

4.7.1.1 Die Sinode besluit om argivale inligting op harde/slapskyf en/of mikrofilm te berg.

4.7.1.2 Die geskrewe bron word in die argiefkluis bewaar vir solank ruimte beskikbaar is en later daaroor besluit kan word.

4.7.1.3 Voor- en met-stigtingstukke word net in geskrewe vorm in die argief bewaar.

5. BESKRYWINGSPUNTE EN VRAE

5.1 Antwoorde op vrae van die Ring van Lichtenburg.

5.1.1 Fotokopie: Elders in die verslag word aanbeveel dat dit nie meer aanvaar is nie.

5.1.2 Gegewens op die gemeente se rekenaar.

Dit is enige gemeente se goeie reg vir eie gebruik. Die Sinode het reeds op geskrewe doop- en lidmate-registers op papier en gebundel, besluit. Dit bestaan in die gemeente naas die rekenaar omdat laasgenoemde se bewaring kwesbaarder is as die register op papier.

5.1.3 Soort en grootte papier vir registerafskrifte

U gebruik dieselfde velle (blaaie) as vir die oorspronklike register. U skaf dit aan vanaf die Sentrale Kerkkantoor.

5.1.4 Getik of handgeskrewe

Dis u keuse. Die riglyne vra net dat dit in swart ink of tiklint en duidelik leesbaar moet wees.

5.2 Ring van Graniet (Gemeente Bultfontein)

5.2.1 Volledige doopregister invoeg by omslag van lidmate-register: kyk punt 4.3 van hierdie verslag.

6. VEILIGE BEWAARPLEK

Die Sinode neem met dank kennis van die ruimte wat - hoewel heel beperk - deur die Raad vir Kerklike Administrasie geskep gaan word vir veilige bewaring van ons Kerk se kosbare feitelike nalatenskap.

7. BEGROTING

7.1 Aanbevelings:

7.1.1 Die Sinode hou verlede jaar se gevraagde bedrag vir rakke, dose, ens. in trust vir wanneer dit benodig gaan word.

7.1.2 Vir vergaderings keur die Sinode R1500 goed vir reis- en/of ander kostes.

Seën word die Sinode toegebid.

....

DR MFM PRETORIUS
VOORSITTER

DS. WM GROVÉ
SKRIBA

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 TOT 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR SENDING

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Ds CJJ van Rensburg (Voorsitter)
Ds JJ Roodt (Skriba)
Ds OD Scheuer
Ds HJ Liversage
Ds J Visser
Oudl DPJ Botes
Oudl CJ van Helsdingen

1.2 Vergaderings

Twee vergaderings is gehou nl. op 7 Februarie en 7 Junie 1990.

1.3 Sake Behandel

1.3.1 Tentevangelisasieprojek - Daar is lofwaardige vordering gemaak sodat hierdie visie 'n werklikheid kan word binne die afsienbare toekoms.

1.3.2 Terreinafbakening en Begripsbepaling.

1.3.3 Praktiese Sending en die Sendingopdrag.

1.3.4 Berging van Bybels.

1.3.5 Geestelike pamflette en traktaatjies.

1.3.6 Die plaaslike Kerk en die Sendingbeleid van die APK.

1.3.7 Begroting (Sien Verslag FK).

2. VIR GOEDKEURING

2.1 Geen Beskrywingspunte is ontvang nie

2.2 Aanbevelings

2.2.1 Die Sinode beveel aan dat Kerkrade van plaaslike gemeentes Bybels aankoop, en berg in onopsigtelike stoorplekke in die lig van 'n moontlike toekomstige Kommunistiese Regering.

2.2.2 Die Sinode onderneem om die amptelike Sendingbeleid soos deur die Sinode goedgekeur weer aan alle gemeentes te stuur vir kennisname.

2.2.3 Die Sinode besluit dat die terreinafbakening van die Kommissie vir Sending voortaan soos volg omskryf word: Die arbeid onder alle persone wat buite die lewende Kerk van Jesus Christus staan, dit wil sê alle kerkloses, afvalliges, vervreemdes en heidene. Die A-Verbondsmens (as "Voorwerp" van Evangelisasie) en/of die Heiden (as "Voorwerp" van Sending) val dus albei binne die arbeidsterrein van die Kommissie, aangesien genoemde persone almal buite die gemeentelike terrein van opsig, tug en opbou (of Dissipelskap) van die Verbondsmens binne die Verbondskring staan.

2.2.4 Die Sinode keur die Naamsverandering (in die lig van 2.2.3) van die Kommissie vir Sending na die Kommissie vir Getuienis goed.

2.2.5 Die Sinode beveel aan dat plaaslike Sendingkommissies traktaatjies wat deur hierdie Kommissie goedgekeur is aankoop en aan lidmate en jeugaksies beskikbaar stel vir verspreiding as een metode van getuienislewering.

2.2.6 Die Sinode keur die Wenke vir Sendingkommissies van plaaslike Kerkrade goed. (Sien bylae A).

BYLAE A

1. WENKE VIR SENDINGKOMMISSIES VAN PLAASLIKE KERKE

1. TAAK VAN DIE KOMMISSIE

1.1 Die kommissie soos saamgestel deur die Kerkraad moet hom beywer om plaaslike sendingbehoeftes te identifiseer.

1.2 Nadat die behoeftebepaling gemaak is, moet oorgegaan word tot die praktyk.

2. TERREIN VAN DIE KOMMISSIE

2.1 Sendingwerk moet gedoen word in ooreenstemming met die sendingbeleid van die APK soos goedgekeur deur die Sinode.

2.2 Sendingwerk kan gedoen word onder alle kerkloses, nie-meelewendes en heidene.

3. METODIEK VAN SENDINGWERK

3.1 Die metode van Sendingwerk sal met inagneming van plaaslike omstandighede en beskikbare bronne kan verskil van gemeente tot gemeente.

3.2 Indien die arbeidsveld geleë is in 'n gebied met baie heidene, kan dienste in 'n groot tent gehou word. Indien die arbeidsveld in 'n plaasgemeenskap is behoort lidmate geaktiveer te word om self dienste te hou vir hulle werknemers.

3.3 Bekeerlinge kan inskakel by huisgemeentes of Protestantse Kerke van hul eie keuse, wat die nouste aansluit by hulle godsdiensbelewing en kultureel-etniese agtergrond. Indien 'n groot aantal bekeerlinge saamgroepeer, kan oorgegaan word tot die stigting van 'n eie kerk. So 'n kerk moet onmiddellik selfregerend, selfonderhoudend en selfuitbreidend wees.

3.4 Lidmate moet persoonlik betrokke raak en wel op 'n praktiese wyse bv. die verspreiding van Bybels en/of traktaatjies.

Traktaatjies en enige ander geestelike leesstof moet deur die Kommissie goedgekeur word.

3.5 Waar die omvang van die werk dit vereis kan twee of meer kerkrade ooreenkom om so 'n projek gesamentlik te onderneem.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE : 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG : KOMMISSIE VIR GETUIENIS EN DISSIPELSKAP

1. PERSONEEL

1.1 Lede van Permanente kommissie:

Di. WA Jooste
MG Fourie
LH Jacobs
Dr. WA Burger
Di. RJH Pottas (Skriba)
JP Bezuidenhout
Oudle: DA Combrink
G Stassen
LR Treurnich

2. VERGADERINGS

2.1 Die kommissie het drie keer vergader en wel op 6 November 1989 en 7 Februarie 1990 en 8 Junie 1990.

2.2 Weens normale werksaamhede t.o.v. hul dagtaak kon geen ouderling die laaste twee vergaderings bywoon nie.

3. SAKE DEUR VORIGE SINODE VERWYS

3.1 Verhouding: Evangelisasie/Sending (Sakelys 1989: p. 299, Bylae A van Sendingverslag)

3.1.1 Hierdie saak is ondersoek aan die hand van die genoemde Bylae tot die Sendingverslag, asook 'n onafhanklike ondersoek en studie. (Sien Bylaag A: Terrein en Begripsverkenning in die roeping van die gemeente van Christus.)

3.1.2 Samesprekings is gehou met die Sendingkommissie aan die hand van genoemde studiestukke.

Hieruit is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

3.1.2.1 Daar is saamgestem dat die terreine prinsipieel as volg afgebaken word: nl. die funksionering van die gemeente na binne; en die funksionering na buite (wat die bereiking van alle nie-kerklikes en ongelowiges insluit.)

3.1.2.2 Dit bring mee dat die tradisionele terrein van Sending en Evangelisasie saamgegroepeer word as taak van die Sendingkommissie.

3.1.2.3 Dat die funksionering en opbou van die gemeente na binne die taak van Getuienis en Dissipelskap sal wees. 'n Meer omskrywende naam vir hierdie kommissie sal gevind moet word.

3.1.3 U kommissie bevind ook dat die toepassing van die tug 'n sleutelrol speel in die ontstaan van 'n "grys gebied" binne die gemeente.

3.1.4 Aanbevelings:

3.1.4.1 Die Sinode aanvaar die volgende terrein-en-begripsbepaling t.o.v. die roeping van die gemeente van Christus:

Uitgaande van die basiese roeping van die mens om God te verheerlik (Matt. 28 : 19; Efes. 4 : 11 - 16) word twee terreine onderskei in die bereiking van hierdie doël, nl.

1. Die gemeentelike terrein na binne: die opbou, toerusting, opsig oor en pastoraat aan die gelowige deur die besondere ampte aan die amp van die gelowige, asook onderling aan mekaar. Dit is die terrein vir gemeentelike versorging.

2. Die wêreldlike terrein na buite: die bring van die Evangelie aan ongelowige mense wat nog nie (of nie meer) ingeskakel is by die gemeente nie. Dit geskied deur getuienisse, prediking of enige ander evangeliseringsmetode deur die besondere- en/of algemene amp. Hierdie terrein vir Evangelisering word onderverdeel t.o.v. die benaderingswyse van die objekte, nl. die buitekerklike, en die heiden.

3.1.4.2 In die lig van pt. 3.1.4.1, besluit die Sinode om die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap se naam te verander na : "Kommissie vir Gemeentelike Versorging" (G.V.K.)

3.1.4.3 In die lig van pt./ 3.1.4.1, besluit die Sinode om die Kommissie vir Sending se naam te verander na: "Kommissie vir Evangelisering" (E.K.)

3.1.4.4 Die Sinode verwys hierdie nuwe afbakening tussen Gemeentelike Versorging en Evangelisering en benaming, na die Kuratorium om hul vak aanbieding in die Teologiese Skool ensiklopedies hierby aan te pas.

3.1.4.5 Die Sinode verwys Art. 45 en 46 van die Kerkorde na die tydelike kommissie vir Kerkregtelike Sake om dit in lyn te bring met die besluite in pt. 3.1.4.2/3.

3.2 Lasgewing van Kommissie

Hier is Bylaag A, pt. 3.1 van toepassing.

3.2.1 Aanbeveling:

Die Sinode besluit op die volgende lasgewing vir die Kommissie vir Gemeentelike Versorging:

1. Die gee van leiding aan gemeentes t.o.v. gemeentelike versorging met die oog op die bereiking van die Skriftuurlike doel van die gelowige, nl. die verheerliking van God.

2. Hierdie leiding geskied o.a. t.o.v.:
die opbouing van die gelowige in sy verhouding tot God en naaste;
toerusting van die besondere ampte in hul roeping om die gemeente toe te rus;
toerusting van die amp van die gelowiges in hul roeping tot dienslewering in diens van God;
algemene en besondere pastoraat aan gelowiges;
die toepassing van tug in die gemeente;
enige ander saak wat deur verwysing, of regstreeks, onder die kommissie se aandag kom wat op die gemeentelike versorgingsvlak lê.

3.3 Lidmaatskapkaart vir lidmate wat oorkom van ander kerke.

Nadat sinvolle kommentaar van gemeentes ontvang is, is 'n nuwe kaart saamgestel. (Sien Bylaag B).

3.3.1 Aanbeveling:

Die Sinode aanvaar die aanbevole lidmaatskapkaart vir nuwe lidmate uit ander kerke en besluit verder:

1. Dat die formaat so verklein sal word dat dit in 'n Bybel sal inpas;
2. dat die konsep na die Publikasiekommissie verwys word vir spoedige publisering;
3. dat kerkrade so ver moontlik van die kaart gebruik sal maak (dis egter nie verpligtend nie.)

3.4 Pinksteronderwerpe

Genoemde onderwerpe is aangebied. Dank aan Ds L Pienaar daarvoor. Dit is egter met teleurstelling dat gemeld moet word dat die vertraagde publikasie van "Die Boodskapper" baie vakante gemeentes in die verleentheid gelaat het t.o.v. Boodskappe vir Pinkster.

3.5 Handleiding vir Ouderlinge en Diakens en riglyne vir leesdienste.

Dr Burger het reeds die ouderlinge se handleiding saamgestel en dit is ter perse. Die Diakens se handleiding behoort tydens die Sinode gereed te wees vir druk.

3.6 Vorige Sinodale besluite:

3.6.1 Klank- en Videobande - die Sinode verneem graag of daar videobande beskikbaar geword het.

3.6.2 Handleiding vir Kerkrade en Kerklike administrasie :- Die Sinode verneem graag van die vordering met hierdie handleiding.

3.6.3 Hulp aan predikantlose gemeentes.

Kerkrade met gevulde predikantsposte word weer eens versoek om hul leraars van tyd tot tyd af te staan vir kleiner predikantlose gemeentes.

4. BESKRYWINGSPUNTE

4.1 <u>Kategismus-preekbundel</u>

Die Ring versoek die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap om dringend aandag te gee aan 'n Kategismus-preekbundel geskryf deur een of meer van ons APK leraars.

Daar is 'n dringende behoefte aan so 'n preekbundel.

Ring van Vereeniging

4.1.1 **Aanbeveling:**

Dat die versoek van die Ring aan die Sinode voorgelê sal word om te verneem of daar nie iemand is wat bereid sal wees om so 'n taak te onderneem nie.

4.2 <u>Toerusting van lidmate</u>

Die Ring versoek die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap om aandag te skenk aan kursusse soos gemeentebou, huweliksverryking ens. wat vir die geestelike opbou in die gemeente gebruik kan word.

Ring van Vereeniging

4.2.1 **Aanbeveling:**

Dat op die Sinode 'n versoek gerig sal word dat persone wat kursusse vir die geestelike opbou van die gemeente kan skrywe, hulle name aan die Kommissie sal voorsien.

4.3 Statistiekbladsy in die Ringsverslag

Die Sinode besluit dat die statistiekbladsy in die Ring se verslagvorm soos volg daar sal uitsien.

		B/L	D/L	Totaal
1.	Op vorige jaar se verslagvorm aangedui (A)	.....		
2.	Groei gedurende verslagjaar:			
2.1	Met attestaat opgeneem uit ander APK's	.....		
2.2	Met bewys van lidmaatskap uit ander kerke	.....		
2.3	Opgeneem na evangelisasie	.....		
2.4	Belydenis afgelê. (Tel by B/L)	.....		
2.5	Kinders gedoop.	.....		
TOTAAL	(B)	.....		
3.	Vermindering gedurende verslag-jaar:	.....		
3.1	Met attestaat na ander APK's vertrek	.....		
3.2	Gemeenskap opgesê. (Bedank)	.....		
3.3	Afgesny deur ban	.....		
3.4	Lidmaatskap verval a.g.v. verhuising en versuim om attestaat binne 6 maande aan te vra.	.....		
3.5	Lidmate oorlede	.....		
3.6	Lidmate vertrek sonder attestaat	.....		
3.7	Dooplidmate belydenis afgelê.	.....		
TOTAAL	(C)	.....		
4.	Statistiek vir verslagjaar:			
TOTAAL A - Vorige verslagjaar		.....		
+ TOTAAL B - groei in verslagjaar		.....		
SUBTOTAAL		.....		
- TOTAAL C - Vermindering in verslag-jaar		.....		
TOTAAL VIR VERSLAGJAAR.		.....		

Motivering

Soos dit tans in die Ringsvorm verskyn is dit nie baie werkbaar nie.

Ds. PL Storm.

Aanbeveling:

Die Sinode besluit om te volstaan met Bep. 36 7 en 8.

4.4 Een kommissie

Die Sinode besluit dat die twee kommissies van die Sinode, naamlik die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap en die Kommissie vir Sending, voortaan een kommissie sal vorm met die naam: Die Kommissie vir Getuienis, Dissipelskap en Sending. Die taakomskrywing van die een kommissie sal dan dienooreenkomstig uitgebrei moet word. Die personeel sal dieselfde kan wees as die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap plus twee lede.

Motivering

* Die arbeidsterrein van die twee kommissies lê so naby mekaar dat die opdrag tot getuienis (na binne en na buite) goedskiks behartig sal kan word deur een gesamentlike kommissie.

* Dit sal vir die Sinode koste bespaar.

* Weens die diepgewortelde vooroordeel teen Sending sal 'n sendingwerk deur 'n afsonderlike kommissie vir die Sending, moeilik op dreef kom. As 'n afdeling van die Kommissie vir Getuienis sal die saak beter slaag.

Ds OD Scheuer, leraar van Biesiesvlei, Ottosdal en Delareyville.

4.4.1 Aanbeveling:

Die Sinode besluit om te volstaan met pt. 3.1.4.1 t.o.v. terrein- en begripsbepaling.

4.5 Bidure

Die Sinode besluit om die gebruik van bidure soos oorgeneem uit die gebruik van die Ned. Gereformeerde Kerk in die lig van die Skrif en die Belydenisskrifte te beoordeel ten einde tot sinvolle besluitneming te geraak.

Motivering

Tans word uitgegaan van die veronderstelling wat nog nie aan die Skrif of Belydenisskrifte getoets is nie, dat dit gewens of aangeprys word.

Kerkraad van die AP Kerk Naboomspruit.

4.5.1 Aanbeveling:

Die Sinode verwys hierdie saak na die Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme.

4.6 Huwelike

Dat die Sinode punt 6 bladsy 4 van die Ringsverslagvorm sal wysig dat dit lui:

Aantal huwelike van lidmate in plaaslike kerk bevestig.

Motivering

Die huidige bewoording kan verwar word deurdat al die huwelike wat die predikant bevestig het, genoem word.

Ds PL Storm.

4.6.1 Aanbeveling:

Die Sinode besluit om in die lig van Bep. 36 8 die saak na die Ringe te verwys.

4.7 Herderlike werk

Die Sinode versoek predikante van die AP Kerk om vier maal per jaar skriftelik van hulle bediening aan hul kerkrade verslag te doen.

Dit sluit die volgende in (formele sowel as materiële inligting is belangrik):

1. Prediking
1.1 Ou Testament
1.2 Nuwe Testament - hoeveelheid en temas
1.3 Belydenisskrifte

2. Huisbesoek - hoeveelheid en temas

3. Siekebesoek - hoeveelheid, tuis en in hospitaal.

4. Bybelstudie - onderwerpe

5. Verbondsonderrig - volwasse en jeug

6. Evangelisasie - hoeveelheid en resultate

7. Kerklike aktiwiteite - die aard daarvan

8. Jeugaksies

9. Bejaardeversorging.

10. Rousmart

11. Doop en huweliksonderrig.

12. Vergaderings gehou, ens.

Motivering

1. Dit gee aan die kerkraad geleentheid om goed toesig te hou oor die bediening. (Sien bevestigingsformulier vir predikante)

2. Dit hou die kerkraad op hoogte van hulle predikant se werksaamhede.

3. Dit bied aan die predikant die geleentheid om probleem-situasies aan die kerkraad op gereelde grondslag uit te lig.

4. Dit skep kwartaalliks die geleentheid aan predikante en kerkraad om die bediening intensief te evalueer.

Ds WJ van dr Merwe

4.7.1 Aanbeveling:

Die Sinode besluit om in die lig van Bep. 36 7 en 8 die saak na die Ringe te verwys vir oorweging.

BEGROTING

Kyk aanbeveling van Finansiële Kommissie.

6. SLOT

Hiermee vertrou u kommissie dat hy sy taak volvoer het en bid die Sinode die verdere leiding van die Heilige Gees toe.

....

DS JP BEZUIDENHOUT
VOORSITTER

DS RJH POTTAS
SKRIBA

BYLAAG A

BEPALING IN DIE ROEPING VAN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

1. INLEIDING

Dit is voorwaar tragies dat daar nog soveel verwarring en misverstand heers ten opsigte van die terreinverdeling in die roeping van die gemeente van die Here met die oog op: Sy roeping tot verheerliking van God as gemeente; Sy roeping tot diesulkes wat in praktyk nie meer tot die gemeente behoort, maar binne die invloedsfeer van die Evangelie leef; en diegene wat nog nie die Evangelieboodskap gehoor het nie en as heidene beskryf kan word.

Hierdie verwarring kan onder andere toegeskryf word aan 'n gebrek ten opsigte van 'n gemeenskaplike Skriftuurlike uitgangspunt vir die bepaling van hierdie terreine en begrippe. Wanneer opnuut na hierdie saak gekyk word, is dit dus noodsaaklik om Skriftuurlik te gaan kyk na die roeping van die mens in gemeenteverband.

2. ROEPING VAN DIE MENS IN GEMEENTEVERBAND

2.1 As beelddraer van God is die mens geskape met die doel om God te verheerlik in sy lewe.

2.2 Die sondeval verydel hierdie doel en plaas hom in die hande van Satan as instrument om hóm te verheerlik.

2.3 Jesus Christus se soenverdienste aan die kruis herstel die mens se verhouding met God. Deur die geloof aanvaar die mens hierdie versoening en stel homself weer in diens van God om Hom te verheerlik as verbondskind.


2.4 Gelowiges groëpeer saam as gemeentes om binne die gemeenskap van die heiliges "tempel van God" of "liggaam van Christus" te wees. Die opbou en toerusting van, asook die opsig oor en pastoraat aan die gelowige vind hier binne die raamwerk van die gemeente plaas om die een doel te bereik, nl. om God te verheerlik en gereed te wees as bruid wanneer Hy weer kom.

2.5 Maar die gemeente is nie selfgesentreer nie, asof hy niks met die wêreld rondom hom te doen het nie. Nee. Omdat God die hele wêreld lief het en Sy Seun tot verlossing gestuur het, word die gemeente gedring om die Verlossingsboodskap ook aan diesulkes te bring - of hulle reeds kennis dra van die Evangelie (maar nie in belydenis en/of belewenis deel het aan die gemeente nie, die "a-verbondskind"), en of hulle nog glad nie die Evangelies gehoor het nie (die heiden).

2.6 Dit is dus duidelik dat daar basies twee terreine is waarop die doel van die mens bereik moet word, nl.

<u>na binne</u> in sy eie funksionering en opbou, en
<u>na buite</u> in die bereiking van die wêreldlinge met die Evangelie van Jesus Christus sodat hulle hul oorspronklike doel kan bereik. Op hierdie terrein <u>onderskei</u> ons dan tussen diegene vir wie die Evangelie nie vreemd is nie, en diesulkes vir wie dit heeltemal vreemd is.

Skematies kan dit as volg voorgestel word:



3. **TERREIN- EN BEGRIPSBEPALING**

Na aanleiding van pt. 2.6 hierbo, kan die terreine as volg omskrywe word:

3.1 <u>Die Gemeentelike terrein</u>

Die gemeente (liggaam van Christus, Tempel van God, Kudde van die Here) word versorg sodat hy lig vir die wêreld sal wees, beelddraer van Jesus Christus, beklee sal wees met Jesus Christus; instrument in die hand van God (Rom. 6).

Daarom bestaan hierdie herderlike versorging uit verskeie fasette:

1. Opbouing: Wyksbyeenkomste, bidure, gespreksgroepe.
2. Toerusting: Verbondsonderrig
   Prediking (en Bybelstudies)
   Toerustingsgeleenthede (vir Bes. Amp., algemene amp.)
3. Pastoraat: Huisbesoek, spreekkamer, ondersteuning, bystand, bemoediging.
4. Tug (dissipline) Vermaning, sensuur, afsnyding van gemeente.
5. Aanbidding: Erediens, Sang.
6. Dienslewering: Barmhartigheid.
7. Getuienis: Na binne en na buite.

391

Hierdie terrein kan ook, om hierdie versorging te behartig, toegespits word op verskillende aspekte van die gemeente, bv. Diens van Barmhartigheid, Verbondsonderrig, Besondere ampsbediening, (oudl,. diakens.) sustersaksies, Jeugaksies, getuienis, erediens, tug ens.

Daarom kan hierdie terrein bekend staan as GEMEENTELIKE VERSORGING.

3.2 Die wêreldlike terrein

Na "buite" bring die gemeente, deur getuienisse, die Evangelie aan mense wat nog nie (of nie meer nie) ingeskakel is by die gemeente nie. Hierdie hele terrein sou goedskiks bekend kan staan as: EVANGELISERING.

Die ellenktiese benadering van hierdie aangesprokenes vereis dat daar in die breë onderskei kan word tussen: die a-verbondsmens (naaste aan die gemeente) en die heiden (die verste van die gemeente af).

3.2.1 In die benadering van die a-verbondsmens word daar onder andere rekening gehou met:

1. Die feit dat hy reeds kennis dra van die Evangelies en Verbondsmilieu en kan selfs die verbondsteken dra, sonder om positief daarop te antwoord.

2. Die milieu wat hierdie toestand aangehelp het.

3. Die besondere en toegespitste benadering van hierdie mens.

Hierdie terrein, as onderafdeling van die Evangeliseringsterrein, kan dan bekend staan as EVANGELISASIE

3.2.2 In die benadering van die heiden sal onder andere aan die volgende aandag geskenk word:

1. Die godsdienstige agtergrond van hierdie mens en sy belewing daarvan binne sy kultuurverband.

2. Die aanbieding van die Evangelie teen hierdie agtergrond.

3. Die akkommodering van gelowiges wat uit hierdie Evangelie-oordrag na vore tree.

Tot nog toe het hierdie terrein bekend gestaan as SENDING. Hierdie term sou behou kon word.

3.3 SAMEVATTEND

Wanneer daar dan as gemene deler, uitgegaan word van die mens se beantwoording van God se doel vir hom, nl. die verheerliking van God, dan val die menslike bestaan in twee terreine uiteen:

3.3.1 Die verbondsmens binne gemeente-verband. Die aktiwiteit om die mens voortdurend sy God-gegewe doel te laat bereik, word genoem: Gemeentelike versorging.

3.3.2 Die mens buite die gemeente kan hoofsaaklik in twee groepe geklassifiseer word, nl.

1. Die a-verbondsmens. Die aktiwiteit in die bring van die Evangelie aan hom word dan EVANGELISASIE genoem.

2. Die heiden. Die aktiwiteit aan hierdie mens word dan as SENDING omskryf.

3.4 OPSIG EN TUG

Die groot verskil met die tradisionele siening i.v.m. hierdie terreine (nl. 'n "gemeentelike-" en 'n "sending-" terrein wat albei oorvleuel word met 'n "evangelisasie-" terrein) lê daarin dat die "evangelisasieterrein buite die kerk gesien word (al lê dit die naaste aan die kerk).

Die rede vir hierdie indeling lê daarin:

1. Waar opsig en tug getrou beoefen word en waar daar 'n omsien na mekaar is, daar het jy net by geleentheid tydelike afvallige gelowiges. Aan hierdie lidmate word dan op normale wyse d.m.v. opsig en tug aandag gegee.

   Hierdie tydelike omstandighede is geen, en mag nie 'n permanente toestand word nie. Wanneer deur woord en daad getoon word dat hierdie "tydelike afvalligheid" binne redelike tyd permanent geword het, dan moet afsnyding plaasvind as voltooiing van die opsig en tug.

2. Wanneer die "tydelike" permanensie verkry, dan het 'n grys gebied binne die gemeente ontstaan en het die grens tussen die kerk en wêreld vervaag en kom die wêreld in die kerk in. Hierdie toestand verhinder duidelike grensafbakening tussen kerk en wêreld, maar kan ook 'n afwatering van die kerk se boodskap meebring. Andersins bring dit weer mee dat 'n boodskap binne die kerk gebring word asof ons met die sendingveld te doen het (in plaas van opbou, moet dan telkens fondamente gelê word).

3. Die afwesigheid van die derde pilaar van die ware kerk, nl. opsig en tug, sekulariseer die kerk. As jong kerk is dit ons roeping om van die begin af die ware kerk se kenmerke te vertoon. Getroue opsig en tug is daarom 'n sluitsteen in die omskrywing van die verskillende terreine.

4. ENSIKLOPEDIESE PLEK IN TEOLOGIE

Uit die aard van die saak het bogenoemde siening ook implikasies vir die teologiese studieveld.

Bogenoemde siening bring dus mee dat die terrein van Evangelistiek by Missiologie geïnkorporeer moet word.

Hirdie hele saak verg seker verdere besinning en uitbouing. Daarom word hiermee volstaan.

394

BYLAAG B p.1

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

.....

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Geagte Broeder/Suster

Naam .....

U aansoek om lidmaatskap is goedgekeur en die kerkraad en gemeente

HEET U
HARTLIK
WELKOM
AS NUWE LIDMAAT

in ons midde op ..... (datum)

Ons vertrou dat u verblyf in ons midde baie gelukkig, blymoedig en vrugbaar in diens van ons Drie-enige God sal wees.

BYLAAG B p. 2

1. LAAT U LEWE EN WANDEL ALTYD OOREENSTEM MET U BELYDENIS: "U is die Christus, die Seun van die Lewende God" Matt. 16:16. Laat u getuienis en belydenis immers altyd vars en soos 'n verfrissende briesie deur die gemeente van Jesus Christus waai! Trouens dit is op hierdie rots - belydenis - waarop die gemeente van Jesus Christus gebou is.

2. LAAT U OOK OPBOU: "Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is, en laat julle soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus". 1 Petr. 2 : 4-5. Kyk ook Efes. 4 : 11 - 16.

3. WANDEL SO IN HOM: "Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging." Kol. 2 : 6 - 7.

4. LEEF AKTIEF MEE: "Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle." 1 Kor. 3:9 "...maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra." 1 Kor. 12:25.

5. WEES 'N BLYMOEDIGE GEWER: "Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief. En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk." 2 Kor. 9:7-8. Bring u offers aan die Here na sy huis: "Niemand mag met leë hande voor My aangesig verskyn nie." Ex. 34:20.

6. BEREIDWILLIG TOT 'N DAAGLIKSE VOLKOME OORGAWE: "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdiens." Rom. 12:1.

7. LAAT DIE HEILIGE GEES U LEWENSWANDEL BEHEERS: "Moenie dronk word van wyn nie - daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul." Efes. 5:18 Word oomblik na oomblik - voortdurend deur die Gees beheers. "Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie." Gal. 5:16.

8. LAAT U BEGEERTE ALTYD NA DIE HUIS VAN DIE HERE WEES: "Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here om die lieflikheid van die Here te aanskou en te ondersoek in sy tempel." Ps. 27:4. "En laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim ..." Hebr. 10:25.

9. WEES NUGTER EN WAAKSAAM TEEN DIE BOSE: Jak. 4:7 "Weerstaan die duiwel" Efes. 6:11: "Staande bly teen die liste van die duiwel" 1 Pet. 5:8: "Die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind."

10. GETUIG VAN HOM: Waar die hart van vol is loop die mond van oor. Hand. 1:8: "... en julle sal krag ontvang ... en My getuies wees." Ons moet getuig:
* Van sy liefde, en van sy verlossing (1 Tim. 1:15)
* Van die vernuwing deur die Heilige Gees. (Joh. 16:8)
* Tydig en ontydig (2 Tim. 4:2)
* Deur ons woorde en dade. (Hand. 4:20).

BESONDERE SKRIFGEDEELTES

1. In tye van benoudheid: Ps. 6:22, 46; 62; 70 en 91.

2. In tye van twyfel en versoeking: moenie toegee aan die versoeking van twyfel nie! Toe die slang twyfel in die hart van Eva wou saai, het hy haar gevra: "Is dit ook so dat God gesê het ...?" Gen. 3:1; met Jesus: Matt. 4:3-4,6. Rom. 1:17; Hebr. 2:18; 7:25; Joh. 15: 1-5; 1 Kor. 10:13, Jak. 1: 1-18;; Efes. 2:8,9; 6:10-17; 1 Joh. 1:8-2:2; Rom. 10:9, 10.

3. In tye van krankheid: Ex. 15:26; PS. 38; 41; 73; 103; Jes. 53; 1 Petr. 2:24-25.

4. In tye van droefheid: Ps. 23; 34:19-23; 51:19; 147:3; Jes. 61: 1; Joh. 14:1-3; 11: 21-35; Open. 21:3-5; 1 Thess. 4:13-18.

5. In tye van Onsekerheid: Jes. 41; 43; Matt. 11:28-30; Joh. 1;1-5; 12-14; Joh. 3; 6:34-58; 10:1-29; 1 Joh. 5:9-13.

6. In tye van Dankbaarheid: Ex. 15:1-21; Ps. 40; 91; 103; Rom. 6:1-23; 8-11; 33-36; Open. 5:1-14.

7. Oor die verwagting van die wederkoms van Christus: Matt. 25:1-13; Luk. 12:35-48; 21: 34-36; Joh. 14: 1-3; 17: 24-26; Hand. 1:1-14; Rom. 8:18-31; 1 Kor. 1:7; 15; Fil. 3:20-21; 1 Thess. 1: 9-10; 2:19-20; 3:11-4:3; 4:13-18; 5:1-10; 5:23-24; 2 Tim. 3:1-5; 4:6-8; Hebr. 9:26-27; 2 Petr. 3:1-18; 1 Joh. 3;1-3; Open. 2:25-29; 3:10-13; 4;1-5; 14; 20:6; 22:6-21.

LEES daagliks die Woord van God.

BID sonder ophou!

Omdat God u liefhet, het u, deur die genade van die heilige Gees, die Here self ook lief, gee uself vir Hom, bly u by Hom dien u Hom, en getuig van Hom. Hierin wil u kerk u help!

Leraar:..... Ouderling: .....

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('N GEREFORMEERDE KERK VAN CHRISTUS ONDER BLANKE AFRIKANERS)

VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN KERKSANG EN MUSIEK AAN DIE VIERDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK IN SITTING TE PARYS OP 17 SEPTEMBER EVD 1990

---

1. PERSONEEL:

Di NJ Rautenbach (voorsitter), JH Theron, RW Louw, JJ (Koos) Venter, oudl F Swanepoel, ds DR Schwartz (skriba).

Gekoöpteerde lede: Mevv R Cloete, A Boshoff, E Rautenbach.

2. VERGADERINGS:

U kommissie het vier maal vergader: 7 November 1989 (konstituering), 9 Februarie 1990, 3 Mei 1990 en 7 Junie 1990.

3. OPDRAGTE : SINODE 1989:

3.1. Hersiening van Psalms:

3.1.1. Sinodebesluit 1989:

"Die Sinode besluit om voort te gaan met onderhandeling met die hersieningskommissie van die NG Kerk en Hervormde Kerk in verband met die Psalms vir ons nuwe bundel." (Acta 1989, bl 486)

3.1.2. Rapport:

Die Voorsitter van die SKK was met dr Daan van Wyk van die Hervormde Kerk oor hierdie saak in korrespondensie. Die Hersieningskommissie sou op 16 Maart 1990 vergader om oor die versoek van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) te besluit. Tot op datum is nog geen reaksie ontvang nie.

3.1.3. AANBEVELING:

3.1.3.1. Die Sinode neem kennis.

3.1.3.2. Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die volgende permanente Kommissie vir Kerksang en -musiek.

3.2. Proefsangbundel:

3.2.1. Sinodebesluit 1989:

"Die Sinode besluit dat die voorlopige proefsangbundel soos voorgelê en gewysig deur die Sinode op die proef gestel kan word vir ons Kerk in 1990." (Acta 1989, bl 487)

3.2.2. Rapport:

Twee eksemplare van die proefsangbundel (ook "Addendumverslag" genoem) is aan elke gemeente beskikbaar gestel vir gebruik en kommentaar.

3.2.3. AANBEVELING

Die Sinode neem kennis.

3.3. Kommentaar uit gemeentes:

3.3.1. Sinodebesluit 1989:

"Dit is net dringend noodsaaklik dat alle kommentaar en aanbevelings so gou moontlik en in elk geval voor einde April 1990 die kommissie sal bereik." (Voorwoord: Addendumverslag, punt 2)

"Die Sinode ... vra kommentaar en aanbevelings van gemeentes vir verdere verbetering aan ons proefbundel"
(Acta 1989, bl 487, punt 2.1 (c))

3.3.2. Rapport:

'n Aantal briewe van begeleiers, kerkrade of ringe is ontvang. Elke brief is genommer en in behandeling geneem.

Wat sterk opgeval het, is dat kommentaar gelewer is nadat daar baie moeite aan die kant van lidmate/begeleiers/kerkrade/ringe gedoen is.

Die kommissie oordeel dat baie lidmate nog taamlik oningelig is oor die werksaamhede van die kommissie. Daar bestaan ook nog by baie onduidelikheid oor die bedoeling met die Addendumverslag.

3.3.3. Tendense in terugvoering:

Ten einde hierdie verslag kort te hou, sal daar nie ingegaan word op alle kommentaar nie, maar die volgende tendense tree duidelik na vore:

3.3.3.1. Positiewe vooruitskouing na 'n eie sangbundel - ongekwalifiseerd.

3.3.3.2. Positief oor eie bundel, maar bloot sonder onbekende Gesange, Hallelujaliedere, Jeugsangbundelliedere of ander liedere.

3.3.3.3. Positief oor 'n eie bundel, maar dan naas die huidige Psalm- en Gesangebundel.

3.3.3.4. Positief oor 'n eie bundel, maar liedere wat nie geskik is vir "amptelike" geleenthede nie, moet agterin opgeneem word.

3.3.3.5. Weglaat van onbekende Gesange opgeneem in Addendumverslag.

3.3.3.6. Weglaat van Hallelujaliedere opgeneem in Addendumverslag.

3.3.3.7. Spyt dat so weinig Hallelujaliedere oorweeg word.

3.3.3.8. 'n Eie bundel, maar dan bloot met die invoeging van geskikte, singbare Skrifberyminge (Geref Kerke), sonder enige ander liedere.

3.3.3.9. Spyt dat 'n nuwe bundel oorweeg word - ongekwalifiseerd.

3.3.3.10. Volstaan met huidige Gesangebundel - sing slegs geselekteerde melodië.

3.3.3.11. Volstaan met bestaande bundels - sing slegs geselekteerde melodië daaruit.

3.3.3.12. Staak arbeid aan 'n nuwe, eie bundel - dis te duur; dit sal vreemd wees vir ander Gereformeerde Kerke en ons kinders wat by die skool ander liedere sing.

3.3.3.13. Kommentaar rakende toonaard van melodië, harmonisasie en beryming.

3.3.4. Slotsom: (Sien ook "Beskrywingspunte", punt 4.2, bl 9)

Die kommissie het bogenoemde kommentaar deeglik oorweeg en tot die volgende slotsom gekom:

3.3.4.1. Ander Gereformeerde Kerke:

Ander gereformeerde kerke werk tans aan hulle sangbundels om dit hersien. Kan ons nie maar wag en sien wat daarin sal verskyn nie?

Dis belangrik om te onthou dat 'n kerk se vertolking van die Woord noodwendig beslag kry in die liturgie. Hersiene gesangeboek en -beryminge kan (dis waarskynlik) beklemtoninge bevat van die "nuwere teologie", waarvan die APK hom juis wil distansieër ter wille van die suiwere gereformeerde vertolking van die Skrif. Melodieë sal hierdie hele proses seker ook nie vryspring nie.

3.3.4.2. Vooroordeel:

Sal 'n eie bundel nie die vooroordeel van die ander susterskerke teenoor die APK vergroot nie? Die teenvraag is: Bestaan daar vooroordeel teenoor die Gereformeerde Kerke omdat hulle Skrifberyminge sing? Tog seker nie. Die vooroordeel wat tans teenoor die APK mag bestaan, gaan nie oor die leer van die kerk nie (as buitestaanders eerlik wil wees, sal hulle moet erken dat ons in ons diepste wese gereformeerd is), maar teen die kerk as sodanig (die behoud van die bestaande bundel gaan nie veel aan die saak verander nie - die praktyk het dit tot op hede reeds uitgewys).

3.3.4.3. Die waarheid tot diens:

Ons roeping is nie om ons te verantwoord teenoor ander kerke nie, maar teenoor die waarheid. Ons moet dit as ons taak beskou om ook deur middel van ons sangbundel getuienis te lewer van die waarheid. Verder, wat baat dit om liedere in jou bundel te hê wat jy nie kan of wil sing nie, bloot om ander kerke daarmee tevrede te stel?

3.3.4.4. Koste:

Gaan 'n eie bundel nie duurder wees

nie? Hierdie vraag word baie gevra. Die antwoord kan as volg beantwoord word: U huidige bundel raak ook verslete sodat dit vervang moet word. Soos reeds genoem, sal ons eie bundel waarskynlik nie voor oor 'n paar jaar die lig sien nie. Kwotasies wat tot dusver ingewin is, is uiters gunstig. 'n Eie bundel sal nie meer as 'n gelykwaardige bundel van ander kerke kos nie! Dieselfde kan van die koraalboek gesê word.

3.3.4.5. Gesamentlike geleenthede:

Die vraag is ook gestel: Wat van geleenthede waar ons saam met ander kerke versamel? En wat van ons kinders in die skool? As antwoorde op hierdie vrae probleme gee, sal dieselfde gevra moet word ten opsigte van 'n eie Bybelvertaling (of selfs die Ou Vertaling wat nie meer algemeen gebruik word nie).

3.3.4.6. Eie karakter:

As die APK aan 'n eie sangbundel werk, werk ons met verantwoordelikheid: ons het verantwoordelikheid teenoor ons lidmate om aan hulle geskikte liedere te gee, wat die aard en karakter van die APK uitstraal, om die eer en lof aan die HERE toe te bring vir sy wonderlike genade!

3.3.5. AANBEVELING:

Met bogenoemde in aanmerking geneem, beveel die kommissie die volgende aan:

3.3.5.1. Die Sinode handhaaf sy besluit om 'n eie Gesangebundel daar te stel. (Wat Psalms betref is reeds besluit onder punt 3.1.3 hierbo.)

3.3.5.2. Die Sinode besluit dat die proefbundel soos goedgekeur in 1989 verder op die proef gestel word in 1990/91.

3.3.5.3. Die Sinode versoek gemeentes ernstig om nie enige liedere te sing wat nog nie in die proefbundel, of in die huidige Psalm en Gesangeboek opgeneem is nie.

3.3.5.4. Die Sinode versoek lidmate/kerkrade/begeleiers/ringe om die Kommissie vir

Kerksang en -musiek steeds te bedien met aanbevelings rakende liedere uit ander bundels (Skrifberyminge, ens), asook kommentaar te lewer vir verdere verbetering van ons proefbundel. Kommentaar/aanbevelings kan onmiddellik ingestuur word, maar moet die Kommissie nie later nie as 30 Maart 1991 bereik.

3.3.5.5. Die Sinode kontinueer sy opdrag rakende kopiéreg aan die volgende permanente kommissie vir Kerksang en -musiek.

3.4. Leiding : Kerksang en -musiek

3.4.1. Sinodebesluit 1989:

"Die Kommissie vir Kerksang en Musiek kry opdrag om wanneer daarom versoek op 'n praktiese wyse op streeksbasis leiding te gee aan kerkrade en orrelistes in verband met sake van belang vir ons kerkmusiek. Gemeentes word versoek om hulle afgevaardigdes na so 'n byeenkoms se kostes te dra." (Acta 1989, bl 487, punt 2.2)

3.4.2. Rapport:

'n Begeleierskursus is op versoek van die Kerkraad van Goudveldsentraal (Welkom) vir begeleiers/sters in daardie ring aangebied. Uit getuienis van kursusgangers, blyk dit 'n groot sukses te wees.

3.4.3. AANBEVELING:

3.4.3.1. Die Sinode neem kennis.

3.4.3.2. Die Sinode kontinueer sy besluit van 1989 aangaande leiding rakende kerksang en -musiek aan sy volgende permanente Kommissie vir Kerksang en -musiek.

3.4.3.3. Die Sinode bring die werkswyse van Goudveldsentraal onder aandag van al sy kommissies: Tydens bogenoemde kursus vir begeleiers, is tegelyk ook kursusse vir kerkraadslede, vroue, en jeug aangebied. Dit was geweldig kostebesparend en verrykend.

3.5. Sang en Musiek tydens Sinode:

3.5.1. Sinodebesluit 1989:

"Die Permanente Kommissie vir Kerksang en Musiek kry opdrag om die sang en musiek tydens die Sinode op 'n

beplande wyse te lei en aan te bied.

"Die Permanente Kommissie vir Kerksang en Musiek moet in samewerking met die kommissie wat die Sinode reël ook die reëlings tref vir die voorbereiding van musiek, musiekinstrumente, ens."
(Acta 1989, bl 494, punt 116.2.1 en 2)

3.5.2. Rapport:

3.5.2.1. Die Kommissie gee steeds uitvoering aan die opdrag om die sang op beplande wyse te lei en aan te bied.

3.5.2.2. Mnr Jan Ebersohn van die firma Musica in Pretoria het goedgunstiglik weer 'n Allen-rekenaarorrel gratis tot beskikking van die Sinode gestel.

3.5.3. AANBEVELING:

3.5.3.1. Die Sinode bedank die orrelistes wat moeite maak met begeleiding van die sang tydens die Sinode.

3.5.3.2. Die Sinode betuig sy dank teenoor Mnr J Ebersohn van Musica, Pretoria, vir die beskikbaarstelling van 'n Allen-rekenaarorrel vir gebruik tydens sang- en erediensgeleenthede.

3.6. Koorbundel:

3.6.1. Sinodebesluit 1989:

"Die Sinode dra dit aan die Permanente Kommissie vir Kerksang en Musiek op om ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n goeie koorbundel vir die Afrikaanse Protestantse Kerk die lig te laat sien."

3.6.2. Rapport:

Die Kommissie het tot nog toe nie tyd gevind om hierdie opdrag ten uitvoer te bring nie.

3.6.3. AANBEVELING

3.6.3.1. Die Sinode kontinueer sy besluit van 1989 aangaande 'n koorbundel aan sy volgende permanente Kommissie vir Kerksang en -musiek.

3.7. Lasgewing:

3.7.1. Sinodebesluit 1989:

Riglyne en besluite soos vervat in "Agenda", 1989, bl 149-151, 156 en uitgebrei deur die Sinode (Acta, 1989, bl 621) is van toepassing.

3.7.2. Rapport:

Die Kommissie het sy taak uitgevoer met die konseplasgewing soos vervat in die "Agenda", 1989, bl 149-151, 156 en uitgebrei deur die Sinode (Acta, 1989, bl 621) as riglyn.

3.7.3. AANBEVELING:

Die Sinode brei bestaande lasgewing verder uit om die volgende opdrag te bevat:

"Die Kommissie het opdrag om ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n goeie koorbundel vir die Afrikaanse Protestantse Kerk die lig te laat sien."

4. BESKRYWINGSPUNTE:

Die Kommissie het die volgende beskrywingspunte ontvang:

4.1. Ring van Heilbron:

"Die Ring het spesifiek die proefsangbundel onder die aandag van 'n kundige lidmaat gebring en bring graag op haar advies die volgende tot die aandag van die Sinode:

1. Waardering vir die poging van die nuwe bundel;

2. Leemtes soos die volgende behoort aandag te geniet:

2.1 Melodieë en Gesange wat haas onsingbaar is, moet liefs weggelaat word;

2.2 Onbekende Gesange met verdienstelike melodieë en woorde moet pertinent onder die aandag van lidmate gebring word om dit aan te leer;

2.3 Indien Jeugsangbundel liedere in die bundel opgeneem word, behoort beter toonsetting gedoen te word aangesien huidige toonsetting meer gerig is op kitaarbegeleiding."

4.1.1. AANBEVELING

4.1.1.1. Al die punte genoem in die beskrywingspunt geniet reeds die aandag van die kommissie. Die Sinode neem kennis.

4.1.1.2. Onsingbare melodieë. Die Sinode besluit:

Die onsingbaarheid van 'n melodie kan nie afhang van 'n individu nie. Persoonlike smaak van elke lidmaat kan nie geld as norm nie.

Melodieë wat uiteindelik in ons bundel opgeneem sal word, is melodieë wat vir die kerk in die algemeen aanvaarbaar sal wees.

Hoewel elke beswaar en elke stukkie kommentaar deur die Kommissie geweeg en beoordeel moet word, sal die oordeel van die Kommissie op die ou end as aanbeveling aan die sinode tog ook ernstige oorweging moet ontvang.

4.2. APK Roedtan: (Sien ook 3.3.4 hierbo):

"Die Sinode herroep sy vorige besluit om 'n eie Kerksangbundel daar te stel, en volstaan met die huidige Psalm- en Gesangbundel vir amptelike doeleindes.

"Daarnaas kan desnoods 'n kleiner bundel met aanvaarde en gekeurde liedere uit die Jeugsangbundel, die Halleluja en ander liedereskat saamgestel en uitgegee word."

Motivering:

"1. Die finansiële implikasies van 'n gewysigde liedereskat is nie deurdink nie. Die koste om 'n bundel gelykstaande in kwaliteit aan die huidige Psalm/Gesangebundel te lewer vir distribusie tussen 20 en 30,000 is nog nooit as projeksie deur die Sinode of sy Permanente Kommissie gedoen nie. Onses insiens was die besluit om 'n eie sangbundel te bekom reaktief van aard. Die koste aan 'n kleiner bundel vir ander geleenthede sal relatief laag wees in verhouding met 'n Psalm/Gesangboek.

"2. Besoekers tydens eredienste is hoofsaaklik uit die Ned Geref Kerk, Hervormde Kerk of Gereformeerde Kerke. 'n Ander liederebundel plaas dadelik die besoekers in 'n verleentheid."

4.2.1. Kommentaar:

In die lig van die bespreking en besluite onder punt 3.3.4. hierbo en in samehang met onderstaande argumente, bring die kommissie die volgende onder die sinode se aandag:

4.2.1.1. Die Psalmbundel sal wesenlik deel uitmaak van 'n nuwe bundel. Hierdie Psalms word tans deur die NG en NH kerke hersien (ons kerk het aansoek gedoen om ook op daardie hersieningskommissie te dien). Die "nuwe" Psalms sal dus, soos in die huidige bundel, apart ingebind word.

4.2.1.2. Die verskyning van eie 'n bundel sal gekoppel wees aan die "nuwe" Psalmbundel. Voor die Psalmbundel nie gereed is nie, sal 'n eie bundel waarskynlik nie uitgegee word nie.

4.2.1.3. 'n Eie bundel sal 'n lang tyd neem om persgereed gemaak te word. Kopiereg is ter sake; die toetsingsproses asook die finale keuring is nie sake wat oornag gereed gemaak kan word nie.

4.2.1.4. Teen die tyd dat 'n eie nuwe bundel in gebruik geneem sal kan word, sal huidige bundels wat deur lidmate gebruik word na alle waarskynlikheid reeds vervang moet word. Teen huidige pryse beloop dit reeds 'n aardige bedrag.

4.2.2. AANBEVELING

4.2.2.1. In die lig van bogenoemde argumente (sien ook 3.3.4 op bl 4) raai die Sinode lidmate af om nuwe kopieë van die huidige Psalm- en Gesangboeke aan te skaf.

4.2.2.2. Die Sinode handhaaf sy besluit om 'n eie nuwe sangbundel saam te stel vir gebruik in die APK (sien 3.3.5.1 hierbo).

4.3. Ring van Dendron:

"Die Ring van Dendron wil aanbeveel dat die Sinode sal besluit dat die Proefsangbundel nie 'n bundel sal wees wat die Psalm- en Gesangboek, die Halleluja, die Jeugsangbundel en Sing onder mekaar sal probeer vervang nie, maar dat die Kommissie vir Kerksang en -musiek dit eerder tot sy lasgewing sal neem om 'n APK bundel naas die Psalm- en Gesangboek daar te stel."

4.3.1. Kommentaar:

4.3.1.1. Argumente reeds onder punt 4.2.1 genoem toon aan dat die huidige Psalm- en Gesangboek reeds in hersiening is.

Oor 'n paar jaar gaan daar in elk geval 'n nuwe bundel op die mark wees.

4.3.1.2. Oorgrote meerderheid van kommentaar wat deur die Kommissie ontvang en beoordeel is, dui daarop dat die huidige Gesangebundel 'n groot aantal onsingbare melodieë bevat wat nooit gesing sal word nie.

4.3.2. AANBEVELING:

Die Sinode handhaaf sy besluit om 'n eie nuwe sangbundel saam te stel vir gebruik in die APK. (sien 3.3.5.1 en 4.2.2.2 hierbo).

4.4. Ring van Bloemfontein:

"Die Ring van Bloemfontein versoek die Sinode om aan die Permanente Kommissie vir Kerksang en -musiek op te dra om deeglike oorweging te skenk aan die Skrifberymings van die Gereformeerde Kerke vir moontlike opname van sommige in ons eie sangbundel."

Motivering:

"Hier is ook 'n kosbare skat van Gereformeerde liedere wat ons eie sangbundel kan verryk."

4.4.1. AANBEVELING:

Die Sinode gee so 'n opdrag aan die volgende Kommissie.

5. BERYMINGS:

U kommissie het aanvanklik heelwat tyd afgestaan aan die selektering van melodieë sodat die herberyming van bestaande liedere en die beryming van nuwe liedere nie volle aandag geniet het nie. Intussen is daar ook begin werk aan beryming en herberyming.

5.1. AANBEVELING:

5.1.1. Die Sinode neem kennis.

5.1.2. Die Sinode versoek kundige lidmate om die Kommissie vir Kerksang en -musiek te dien met herberyminge van bestaande liedere opgeneem in die Addendumverslag (proefsangbundel), asook ander liedere.

5.1.3. Die Sinode versoek lidmate om liedere in die Addendumverslag opgeneem krities te bestudeer vir berymingе wat na inhoud moontlik nie ooreenstem met die gereformeerde vertolking van die Woord nie, en die Kommissie vir Kerksang en -musiek met aanbevelings te dien.

5.1.4. Die Sinode versoek lidmate om die Kommissie vir Kerksang en -musiek te dien met nuwe beryminge (eie skeppings) vir oorweging. Hierdie eie skeppings sal moet voldoen aan die vereistes vir die gereformeerde kerklied.

6. SLOT:

Hiermee vertrou u kommissie dat hy sy taak na behore uitgevoer het.

AANBEVELING

6.1. Die Sinode spreek sy dank teenoor die gekoöpteerde lede uit vir krag en talente wat op hierdie wyse aan die Koninkryk en APK gewy is.

7. SEëNWENSE:

Die Kommissie wens die Sinode 'n vrugbare en geseënde sitting toe. Mag besluite wat hier geneem word alleen maar strek tot die eer van God en die heil van ons APK.

Di NJ Rautenbach (Voorsitter)
DR Schwartz (Skriba)

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Vierde Sinode 17-22 September 1990

Verslag: Kommissie vir Barmhartigheidsdienste

1.1 Personeel:

Die volgende personeel is deur die Sinode vir hierdie kommissie aangewys:

Di. J.M. Rheeder, N.R.J. van Zyl, J.A.C. Erasmus, P.B. Kotze, en A.E. van den Berg, C.J.S. Botha.

Oudle. E. Serfontein, A. Gous, L.J. Steyn. Daar is met leedwese verneem van die afsterwe van oudl. L.J. Steyn tydens die reses.

1.2 Vergaderings:

Twee vergaderings is gehou nl. 5 Februarie 1990 en 7 Junie 1990.

2. SAKE BEHANDEL

2.1 Behuising vir bejaardes. Die kommissie het weer eens die saak oor behuising vir bejaardes in behandeling geneem en 'n omsendskrywe is aan ringe en gemeentes gerig met die oog daarop om 'n behoeftebepaling te maak. Ringe in die nege streke is versoek om geskikte terreine te identifiseer vir die moontlike oprigting van tehuise vir bejaardes, tehuise vir versorging van sorgbehoewende kinders en dienssentrums. 'n Verdere versoek was dat 'n behoeftebepaling gemaak moes word van bejaardes wat belangstel om behuising te bekom op die selfboustelsel.

Slegs sewe gemeentes het reageer op die skrywe waarvan Kroonstad, Bultfontein, Graniet en Kimberley terreine geïdentifiseer het. Slegs twee persone sal moontlik belangstel in die selfboustelsel.

Die kommissie het geoordeel dat die behoefte nie van so 'n aard is dat dit op hierdie tydstip verdere aandag nodig het nie.

2.2 Klerekas vir sorgbehoewende gesinne. Die gemeente Moot-Sentraal rapporteer dat hulle 'n klerekas vir sorgbehoewende gesinne bedryf en beveel aan dat ander gemeentes ook sulke projekte begin.

'n Depot kan in groot stede begin word en vandaar kan selfs plattelandse gemeentes ook voorsien word. Die jeug kan ook betrek word deur byvoorbeeld kartonne by eredienste te voorsien waarin klere en selfs kosvoorrade geplaas word.

2.2.1 Aanbevelings

2.2.1.1 Die Sinode versoek kerkrade om, waar daar behoefte bestaan, so 'n klerekas te bedryf.

2.2.1.2 Die Sinode keur bylae KB1 goed as riglyn waarvolgens so 'n klerekas bedryf kan word.

2.3 Traktaatjies vir hospitaalbesoek. Daar bestaan 'n behoefte aan geskikte traktaatjies wat deur leraars en ouderlinge tydens siekebesoek uitgedeel kan word.

2.3.1 Aanbeveling

2.3.1.1 Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap op om te voorsien in die behoefte aan traktaatjies vir gebruik deur leraars en ouderlinge tydens siekebesoek.

2.4 Noodleniging. Die kommissie spreek sy kommer uit oor die tendens van verarming onder baie blankes en vra die vraag of gemeentes bewus is van die toestand onder lidmate wat gebrek ly.

2.4.1 Aanbeveling

2.4.1.1 Die Sinode versoek gemeentes om bedag te wees daarop dat mense wat verarm nie agterweë gelaat word nie en om voorsiening te maak vir die toekoms, omdat omstandighede steeds kan versleg.

2.5 Pastorale besoeke aan gevangenes. Dit het onder die aandag van die kommissie gekom dat daar soms van die kerk se lidmate in die gevangenis is, en dat leraars van ons kerk nie besoek daar kan aflê nie.

2.5.1 Aanbevelings

2.5.1.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om toestemming te verkry vir leraars van die APK om gevangenes op amptelike wyse te besoek waar daar 'n behoefte bestaan.

3. BESKRYWINGSPUNTE

3.1 Kerkraad van Roedtan stel voor dat bejaardesorg en bejaardetuistes in ringsverband georganiseer moet word.

3.1.1 Aanbevelings

3.1.1.1 Die Sinode neem slegs kennis van die punt aangesien die saak reeds baie aandag geniet het en die behoefte voorlopig nie verdere ondersoeke regverdig nie.

3.2 Ring van Dendron versoek dat inligting i.v.m. predikante of kontakpersone vir hospitaalbesoek in groter sentra in "Die Boodskapper" en in die Jaarboek gepubliseer moet word.

3.2.1 Aanbevelings

3.2.1.1 Die Sinode neem slegs kennis hiervan omdat dit reeds gebruik is by predikante in die groter sentra om hospitaalbesoek aan alle APK lidmate te bring en predikante se besonderhede reeds in die Jaarboek verskyn. Die SKK kan ook die nodige inligting verskaf.

4. BEGROTING

Ten einde die koste te voorsien vir 'n minimum van twee vergaderings vir die SKB word 'n bedrag van R3 250-00 begroot vir 1991.

4.1 Aanbevelings

4.1.1 Die Sinode keur die bedrag van R3 250-00 goed.

Die kommissie bid die Sinode die Here se seën en leiding van Sy Gees toe.

J.M. Rheeder
VOORSITTER

J.A.C. Erasmus
SKRIBA

VKVIRB/mca/aa

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

DOELSTELLING EN WERKMETODE APK MOOT-SENTRAAL KLEREKAS

Die Klerekas is gestig in Nov. 1987. Die bestuur bestaan uit vyf mans en sewe vroue.

Doelstellings:

Die doel is om gebruikte klere te ontvang en uit deel onder behoeftige persone: lidmate van ons eie kerk en aan blankes van ander kerke wat onder ons aandag kom.

Geen geld is hierby betrokke nie behalwe die "sente vir Barmhartigheid." Hierdie geld word gebruik om o.a. nuwe klere aan te koop vir pasgebore babas.

Dit is die ooreenkoms dat die klerekas hom onderwerp aan die Kerkraad se besluite, dat daar elke drie maande 'n verslag aan die Kerkraad gelewer sal word en dat daar ten minste een kerkraadslid wat deur die Kerkraad aangewys sal word, sal dien op die Klerekaskomitee as skakel tussen die diakonie en die klerekas.

Werkmetode:

Mettertyd kon 'n werkmetode ontwikkel word wat heeltemal bevredigend werk.

1. Daar word direk met Volkswelsyn geskakel. Daar is 'n paar werksters wat persone/gesinne direk na die Klerekas verwys. Persone word ook deur ander instansies soos die polisie, die hof, die hospitaal e.a. na Volkswelsyn gestuur wat hulle dan na die Klerekas verwys.

2. Deur bemiddeling van Bejaardesorg se groepie maatskaplike werksters word oues van dae van klere voorsien. Klere word in kartonne gepak, die maatskaplike werksters kom haal dit en deel dit na behoefte uit.

3. Deur die Departementshoofde van Opvoedkundige Leiding word die kinders in skole bereik wat hulp nodig het. Hierdie persone dra die verantwoordelikheid vir die uitdeel van klere aan skoolkinders asook voorskoolse kinders en ouers wat onder hulle aandag mag kom. Die onderwysers neem die behoefte waar en kontak die klerekas. Ook vir behoeftige St. 5 kinders wat na veldskole gaan word daar voorsiening gemaak.

4. Die klerekas het 'n breiprojek geïnisieer en dit het selfs buite ons gemeentegrense gegroei. Vrywilligers brei truie van wolskenkings en afvalwol wat ontvang word.

   Die Klerekas hoop om die projek op 'n deurlopende grondslag aan die gang te hou sodat daar dwarsdeur die jaar gebrei kan word.

   Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar gepoog word om nie op losse en ongekontroleerde grondslag klere uit te deel nie, maar dat daar met georganiseerde instansies geskakel word sodat die hulp gegee kan word waar dit werklik nodig is en misbruik tot die minimum beperk kan word.

MSBYL1/mca/aa

4/14

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING

1. PERSONEEL

1.1 Permanente Kommissie: al die leraars van gemeentes.

1.2 Vertalingskommissie:

1.2.1 O.T.: Prof. H.C.G. Robbertze, drs. E. Friis, di. C.J. Prins, J.H. van der Walt, R. Schwartz, M.J. Eilers (skriba).

1.2.2 N.T.: Proff. H.S. Theron, W.J.G. Lubbe, F.A.H. van Staden, R. Marè, drs. S. Botes (voors.), di. P.K. Roodt (ondervoors.), M.C. Adendorff, en gekoöpteer di. A. Boshoff en A.J. van Niekerk.

1.2.3 Prof. P.F. D. Weiss het om gesondeheidsredes hom aan die kommissie onttrek, en ds. S.J. Gouws het as predikant bedank.

1.3 Aanbeveling:

1.3.1 Die Sinode wys 'n kernkommissie van ses (6) broeders elk vir sowel OT as NT aan met die reg van koöptering.

1.3.2 **Die volgende name word vir oorweging voorgelê:**

O.T. - Prof. H.C.G. Robbertze, dr. W.A. Burger, drs. E. Friis, di. M.J. Eilers, J.H. van der Walt, D.R. Schwartz;

N.T. Proff. H.S. Theron, W.J.G. Lubbe, R. Marè, dr. E. Viljoen, drs. S. Botes, ds. A. Boshoff.

2. VERGADERINGS

2.1 Die gesamentlike kommissie het twee keer byeengekom, t.w. op 7 Februarie en 8 Junie 1990.

2.2 Die onderskeie seksies (OT/NT) het ook afsonderlik vergader, t.w. OT op 28 Maart, en NT op 14 Maart, 27 April en 18 Mei 1990.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 Hersiening of Vertaling

Hersiening behels weinig meer as redaksionele werk, en om werklik te hersien volgens die bedoeling van die vorige sinode (Hand. 1989, pt. 2.3.4.1, p. 447), moet vertaal word. Die kommissie is dus besig met hersiening én vertaling.

3.2 Vordering met die werk

3.2.1 Ou Testament

3.2.1.1 Om reg te laat geskied aan die opdrag van die Sinode, word die volgende terreine afgebaken: grondteks en vertaling (Prof. Robbertze en ds. Eilers); verklarende aantekeninge (ds. Friis); Afrikaanse vertaling (ds. van der Walt).

3.2.1.2 Ds. Eilers word opgedra om 'n werkswinkel na die Sinode te hou sodat die sintaktiese benadering van die Bybel bespreek kan word.

3.2.1.3 Daar word besluit om iemand van buite, moontlik van Unisa, te betrek om die vertaling te kontroleer ter wille van objektiwiteit. Die gesamentlike kommissie gaan hiermee akkoord, mits dit nie finansiële implikasies meebring nie en mits ons vertaling deur so 'n "kontroleur" as vertroulik behandel sal word.

3.2.1.4 Die kommissie het met Joël hoofstuk 1 se hersiening en vertaling begin.

3.2.2 Nuwe Testament

3.2.2.1 'n Studiestuk van Prof. Theron (Die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel uit 'n Ouer Grondteks volgens 'n Nuwe Metode) en artikels van Prof. G.J.C. Jordaan van die teologiese skool te Potchefstroom (Wat is die regte grondteks?), is aan die lede beskikbaar gestel.

3.2.2.2 Nege eksemplare elk is van die nuutste uitgawe van die Textus Receptus en van die Nestle-Aland (1988) 27ste uitgawe, en drie van die UBS teks bestel om as vertrekpunt te dien.

3.2.2.3 Prof. Theron onderneem om tekskritiese reëls vir die kommissie op te stel.

3.2.2.4 Die letterlike en dinamies-ekwivalente metode word beide gebruik sodat met hierdie middeweg so letterlik as moontlik en so vry as noodsaaklik vertaal kan word.

3.2.2.5 Markus 1 word aangepak, en die vertalingsresultaat sal beskikbaar gestel word in ooreenstemming met die sinodale besluit hieroor (Hand. 1989, pt. 2.3.4.2, p. 448).

3.2.3 Perspektief

Omdat die kommissie nog sy weg voel m.b.t. sy opdrag en lede vanweë omstandighede nie altyd voltallig by die vergaderings teenwoordig is nie, word op die oomblik baie stadig met die werk gevorder. Die kommissie vertrou dat met die aangewese personeel (pt. 1.3) en werksverdeling (pt. 3.3), daar vinniger gevorder sal word.

3.3 Werksmetode om vertaling te bespoedig

3.3.1 Twee-twee broeders sal saam afsonderlike Bybelboeke aanpak en mekaar se werk kontroleer; later rapporteer elke groep van twee aan hul volle subkommissie en lê hulle resultate vir beoordeling voor.

3.3.2 Kleiner publikasies van gedeeltes wat bymekaar pas (soos bv. die evangelies) kan van tyd tot tyd as proefvertalings die lig sien.

3.3.3 Vertalings word groepsgewys (2 persone in 'n groep, geografies gegroepeer) aangepak. Die volgende persone werk saam:

O.T.: Prof. H.C.G. Robbertze en ds. D.R. Schwartz - Haggai, Sagaria.
Drs. E. Friis en ds. M.J. Eilers - Joël, plus 'n ander boek volgens hulle keuse.
Dr. W.A. Burger en ds. J.H. v.d. Walt - Maleagi.

N.T.: Prof. W.J.G. Lubbe en dr. E. Viljoen - Mattheüs
Prof. R. Marè en ds. A. Boshoff - Markus.
Prof. H.S. Theron en drs. S. Botes - Johannes.

4. BESKRYWINGSPUNTE

4.1 Gemeente van Barkly-Oos:

Die gemeente oordeel dat die NAV nie 'n betroubare vertaling van God se Woord is nie en daarom nie ter toeligting gebruik kan word nie. Die Sinode besluit derhalwe dat die NAV glad nie by Woordverkondiging in die APK gebruik mag word nie.

4.1.1 Aanbeveling

Word nie aanbeveel nie, aangesien daar geen motivering verstrek is wat beoordeel kan word nie.

4.2 Ring van Dendron:

Beveel aan dat die sinodebesluit 2.3.3 (Hand. 1989, p. 447) herroep word en dat sowel die 1953 as die 1983 vertaling as amptelik erken moet word.

Motivering:

(i) Die sinodebesluit laat nie reg geskied aan en is strydig met die ad-hoc kommissie se verslag, wat bevind het dat geen deel of gedeelte van die NAV nie as 'n betroubare weergawe van God se Woord beskou kan word nie.

(ii) Die sinodebesluit rus nie op enige motivering nie, en wek die indruk dat emosionaliteit by die besluit betrokke was.

(iii) Die besluit hou nie rekening met die feit dat baie lidmate, ook dooplidmate, die 1983 vertaling gebruik het lank voor die stigting van die APK nie, en dit nog steeds gebruik sonder gewetensbesware, want daar bestaan geen rede daarvoor nie.

4.2.1 Aanbeveling

Die Sinode besluit:

4.2.2.1 dat kragtens Art 40.1 een of meer Bybelvertalings vir amptelike gebruik aangewys kan word;

4.2.1.2 dat 'n Bybelvertaling nie sondermeer ongekwalifiseerd verwerp kan word nie;

4.2.1.3 dat die 1983-vertaling soos ander Bybelvertalings (bv. in Nederlands of Engels) vir verduideliking gebruik kan word;

4.2.1.4 dat met die woord "toeligting" in die sinodebesluit van 1989 inderdaad "verduideliking" bedoel word;

4.2.1.5 dat die sinodebesluit van 1989 in hierdie verband dus gehandhaaf word.

5. BEGROTING 1990/1991

Reis en verblyf vir drie vergaderings	R12 000
Boekery	R 3 000
	R15 000

Die Here seën en die leiding van Sy Gees word die sinode toegebid.

wg. S. BOTES
EILERS
Voorsitter

M.J.

Skriba

VKVBYBL/mca/aa

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VIERDE SINODE: 17 - 22 SEPTEMBER 1990

VERSLAG: KOMMISSIE VIR LITURGIE EN FORMULIERE

1. PERSONEEL

Ds. J.H. Engelbrecht (voors.)
Ds. Jurie. J. Venter (skriba)
Ds. J.H.E. Adams
Ds. L. Skein
Ds. M.G. Fourie
Oudl. J.L. van der Merwe

2. VERGADERINGS

Behalwe vir die konstitueringsvergadering (tydens die vorige sinodesitting) op 6 November 1989, het die kommissie nog tweemaal vergader: op 7 Februarie en 9 Junie 1990.

3. SAKE BEHANDEL

3.1 Druk van "Die Kerkboek van die Afrikaanse Protestantse Kerk"

3.1.1 Soos per omsendbrief op 1 Mei 1990 aan alle APK-leraars meegedeel, is etlike versoeke kort ná die vorige sinode ontvang dat die Kerkboek nie gepubliseer moet word voordat die formuliere na vorm en inhoud, deeglik in die praktyk getoets is nie - o.a. met die oog op die koste-aspek aan gedurige hersiene uitgawes verbonde.

3.1.2 Alle predikante is versoek om wenke en kritiek - sowel negatief as positief - voor 25 Mei 1990 aan die Kommissie voor te lê.

3.1.3 Op 8 Junie het die Kommissie die ontvange kommentaar deeglik gekontroleer en, waar nodig, in sekere hersiene formuliere geïnkorporeer.

3.1.4 Aanbeveling: Die Sinode 1990 keur dit goed dat die Kommissie nie die opdrag uitgevoer het om voor einde 1989 die beplande Kerkboek te publiseer nie - omdat dit moontlik 'n ondoelmatige en ongewilde publikasie sou wees - maar die drukwerk tot einde 1990 uitgestel het totdat allerweë gunstige kommentaar oor (veral) die formuliere ontvang is, deurdat alle APK-leraars die geleentheid gebied is om vir oulaas wenke en kritiek te lewer.

3.2 BEGROTING

3.2.1 Aanbeveling: Die Sinode 1990 verklein die Kommissie na 6 lede en begroot in totaal R6 000-00 vir twee vergaderings gedurende 1990/1991.

3.3 ONTSTAAN EN GEBRUIK VAN FORMULIERE (Kyk Acta 1989, bl. 590)

3.3.1 Die Kommissie het die saak goed bestudeer en ook alle APK-leraars genooi om bydraes daaromtrent te lewer.

3.3.2 Aanbeveling: Die Sinode 1990 besluit dat 'n inleidende artikel in die Kerkboek die ontstaansgronde, herkoms en doel van die formuliere sal uiteensit. (kyk Bylae A), as uiters nuttige toerustingskennis vir elke lidmaat.

3.4 AANBIEDING VAN DIE FORMULIERE

3.4.1 Aanbeveling: Die Sinode 1990 besluit dat daar van elke leraar verwag word om:

formuliere altyd deeglik voor te berei;
dit gevoelvol voor te dra;
dit woordeliks voor te lees;
dit nie af te jaag nie - tot seën vir die gemeentes.

3.5 FINALISERING VAN DIE BEWOORDING VAN DIE FORMULIERE

3.5.1 Afgesien van taalkundige versorging en die verkryging van kopiereg, waar nodig, het die Sinode 1989 die formuliere afgehandel. Heelwat voorstelle ter wysiging van sekere formuliere het die Kommissie egter genoop om heroorweging aan die saak te skenk, veral met die oog op gepaardgaande leerstellige suiwerheid.

3.5.2 Aanbeveling: Die Sinode 1990 keur dit goed dat sommige formuliere se bewoording nogeens hersien is.

3.5.1 Aanbeveling: Die Sinode besluit om die formulering van die onderstaande formuliere soos volg te bekragtig (byvoegings en herformulerings is onderstreep; paragrawe is net genommer om notulering vir die sinodale skriba te vergemaklik):

1. FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN KINDERS VAN GELOWIGES

Geliefdes in die Here Jesus Christus, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en met ons hele hart daarop vertrou:

1.1 Doel van doop

Ons bedien die doop omdat die Here God 'n verbond van genade met die gelowige mens opgerig het. Reeds vir Abraham het die Here gesê: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17:7).

In die Ou Testament het die Here die besnydenis en die pasga as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie verbond in sy Persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop en die nagmaal gegee. Die doop het die besnydenis vervang en vervul, soos die nagmaal die pasga (Kol 2:11, 12; Art. 34 NGB).

Die Here Jesus Christus het voor sy hemelvaart aan sy dissipels die opdrag gegee om die doop te bedien. Hy het gesê: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:19).

Elke verbond het twee kante. So het die Here Homself deur hierdie verbond verbind om ons God te wees en ons te seën. Hy vereis egter van óns dat ons Hom in dankbaarheid en gehoorsaamheid sal dien.

1.2 Betekenis van die doop

Die doop in die Naam van die Drieënige God - Vader, Seun en Heilige Gees - het 'n ryke betekenis:

- Die Here bevestig daardeur dat Hy as Vader ons in sy verbond van genade insluit, dat Hy ons tot sy kinders aanneem en ons laat deel in al die voorregte van die verbond.

- Die Here verkondig aan ons dat ons en ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het, maar dat ons in die koninkryk van Gód kom slegs indien ons opnuut gebore word.

- Deur die doop word ons aan Jesus Christus as Seun verbind, wat al ons sondes deur sy bloed afwas. Van hierdie afwassing is die doop 'n teken en waarborg.

- Die doop verkondig dat ons ou, sondige mens saam met Christus aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons ook weer deur sy opstanding lewend gemaak is sodat ons vir die sonde dood is en vir God in Christus lewe (vgl. Rom. 6:11).

- Deur die doop word ons inlywing in die kerk van Jesus Christus bevestig, en in die kerk leef ons as lewende lidmate met Christus en met mekaar.

- As gedooptes moet ons die Here, uit dankbaarheid, met ons hele wese liefhê, vertrou en dien.

- Die Here verseker ons deur die doop dat Hy deur sy Gees in ons kom woon en ons lewens daagliks só regeer en só nuut maak dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon.

1.3 Verpligting van die doop

Die kinders van gelowiges móét gedoop word omdat God die kind van die begin af in sy verbond met die gelowige ouers insluit. In die Nuwe Testament is die hele gesinne gedoop toe die ouer(s) tot geloof gekom het.

Al verstaan die kinders die doop nog nie, verander dit niks aan die geldigheid daarvan vir hulle nie. Inteendeel, dit beklemtoon juis die feit dat dit God is wat uit vrye genade , ook in hulle geval, die verlossing aan hulle belowe.

Die doop herinner ons aan alles wat God ons deur die genadeverbond skenk en maak ons telkens bewus van hierdie vaste grond waarop ons geloof rus.

Daarom verbind die doop die ouers om hulle kinders, namate hulle groter word, oor die betekenis en eise van die genadeverbond te onderrig, 'n voorbeeld vir hulle te wees in die uitlewing daarvan en hulle op te roep om God se beloftes vir hulleself toe te eien.

1.4 Vrye gebed óf klassieke gebed

(Die doopouers word nou opgeroep en die dopeling word ingebring).

1.5 Doopbelofte

Geliefdes in die Here Jesus Christus, u het gehoor dat die doop 'n Goddelike instelling is waardeur die Here sy verbond van genade aan ons en ons kinders waarborg en aan ons ál die gawes van Christus beloof. Om te bevestig dat u die doop vir hierdie doel gebruik - en nie uit gewoonte of bygelowigheid nie - moet u opreg op die volgende vrae antwoord:

Eerstens: Bely u dat, hoewel ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus deel het aan die verbond en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?

Tweedens: Bely u dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat in ons kerk se belydenisskrifte saamgevat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is?

Derdens: Beloof u om hierdie kind, van wie u die ouer (of: die voog) is, in dié leer na die beste van u vermoë self te onderrig en te laat onderrig?

N.N., wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drieënig?

Antwoord: Ja.

1.6 Bediening

Die liturg wat die doop bedien, sê: "N.N... (volle naam en van), ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

1.7 Sang (bv. Ps. 105:5; 146:8; 128:3, 4; Ges. 318; 320; 321)

1.8 Dankgebed (Enige van onderstaande twee gebede, óf vrye gebed)

Almagtige, ewige God en Vader, ons dank U vir u genadeverbond waarin U ons en ons kinders laat deel. Ons dank U dat U ons deur die bloed van Jesus Christus van al ons sondes gereinig het. Ons dank U dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van sy gemeente ingelyf en ons tot u verbondskinders aangeneem het. Ons dank U ook dat U deur die doop hierdie waarhede aan ons en ons kinders waarborg en bekragtig!

O, Vader, regeer hierdie kind(ers) tog só deur u Woord en Gees dat hy/sy/hulle U uit dankbaarheid en met vreugde voortdurend sal dien, dat hy/sy/hulle met volharding teen die óú mens, die sondige wêreld, die duiwel en al sy magte sal stry en oorwin, totdat hy/sy/hulle eenmaal met vrymoedigheid voor u troon sal staan.

Here God, ons bring aan U die lof en dank, die aanbidding, eer en heerlikheid tot in alle ewigheid!

Al hierdie dinge vra ons in die Naam van ons Here, Jesus Christus. Amen.

Alternatiewe dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank en loof U! U het ons en ons kinders ál ons sondes vergewe deur die kosbare bloed van Jesus Christus.

U het ons en ons kinders tot lidmate van u eniggebore Seun en tot u kinders aangeneem deur u Heilige Gees! Dít alles het U aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig!

Ons bid U, deur Jesus Christus, u liewe Seun: Regeer hierdie kind(ers) altyd met u Heilige Gees! Mag hy/sy/hulle daardeur Christelik en godsalig opgevoed word, en mag hy/sy/hulle in die Here Jesus Christus groei en toeneem!

Ons bid U: Laat hom/haar/hulle u vaderlike goedheid en barmhartigheid leer ken - U het dit aan hom/haar/hulle en ons almal bewys. Laat hom/haar/hulle in alle geregtigheid lewe onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus!

Laat hom/haar/hulle moedig stry én oorwin teen die sonde en die duiwel en sy ganse ryk!

Ons bid U: Laat hom/haar/hulle U en u Seun, Jesus Christus, en óók die Heilige Gees - die ewige en waaragtige God - ewig loof en prys! Amen.

2. FORMULIER VIR DIE OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus

2.1 BEGRONDING

Om in die openbaar belydenis van geloof te doen, gee aan die verbondskind die geleentheid om voor God en die gemeente rekenskap te gee van die persoonlike geloof wat in hom/haar lewe. Dit beteken dat die verbondskind die genade wat God in die doop aan hom/haar gebied het, bewustelik deur die geloof sy/haar eie maak.

2.2 BELYDENISAFLEGGING IS 'N BELOFTE

Om in die openbaar belydenis van geloof te doen, is om 'n belofte van volle toewyding aan die Here, die Koning van die kerk, te maak. Dit beteken om te lewe volgens sy Woord, om getrou aan die erediens en die werksaamhede van die kerk deel te neem, om te volhard in die gebed en om God, deur woord en daad, op alle terreine van die lewe te verheerlik. Dit is 'n belofte om, deur die krag van die Heilige Gees, in die geloof te volhard en steeds daarin te groei.

(Voornemende lidmate word opgeroep om voor die leraar te verskyn).

2.3 BELYDENISAFLEGGING

Geliefdes in die Here,

Die kerkraad het met vreugde, daarvan kennis geneem dat u begerig en gereed is om as volwaardige, belydende lidmate van die kerk toegelaat en bevestig te word. U het in die Christelike leer onderrig ontvang en u het die kerkraad oortuig van u kennis van die Woord van God en van u voorbeeldige lewenswandel.

Om as belydende lidmaat/lidmate toegelaat te word, met volle toegang tot die sakramente, moet u opreg en bevestigend op die volgende vrae antwoord:

2.3.1 Is u daarvan oortuig dat die Bybel, as enigste en onfeilbare Woord van God, die ware en volkome leer van die saligheid is; dat niks daarby gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie; dat die belydenisskrifte van hierdie kerk, hoewel aan die Bybel ondergeskik, met die Bybel ooreenstem en daarom onderskryf moet word? Is u daarvan oortuig dat hierdie kerk, waarvan u nou 'n belydende lidmaat wil word, hierdie leer verkondig as die enigste weg van saligheid?

2.3.2 Het u hierdie leer as u persoonlike geloofsoortuiging aangeneem en beloof u om alle leringe wat daarmee in stryd is, te verwerp? Verklaar u dat dit u voorneme is om, onder leiding van die Heilige Gees, tot aan die einde van u lewe in hierdie leer te volhard?

2.3.3 Verklaar u hiermee dat u in die volmaakte soenverdienste van die Here Jesus Christus glo en dat u Hom aangeneem het as u persoonlike Verlosser en Saligmaker?

2.3.4 Beloof u om die Drie-enige God lief te hê, Hom van harte te dien, die Naam van die Here Jesus voor die mense te bely, in die krag van die Heilige Gees teen alle versoekinge te stry, en om aktief aan die werksaamhede van u kerk deel te neem?

2.3.5 Beloof u dat u uself aan die kerklike opsig en tug sal onderwerp?

BEDIENAAR: Wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drie-enig, N.N.? .... N.N.?.... N.N.? .... N.N.?....

ANTWOORD: Ja.

2.4 VERKLARING

Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die belydenis wat u so pas voor God en die gemeente afgelê het, verklaar ek, op gesag van die Kerkraad, dat u nou belydende lidmaat(e) van die Afrikaanse Protestantse Kerk .....is, met toegang tot die sakramente.

2.5 VERMANING

Geliefde broeder(s) en suster(s), God het u geroep om in die wedloop van die geloof ál u kragte in te span om die ewige lewe as prys te behaal. Volhard daarin met hart en siel en met al u kragte!

Gemeente, God het hierdie lidmate tot die gemeente toegevoeg om, as lede van sy liggaam, hulle gawes en talente aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus, te wy. Stel u gawes wat u van God ontvang het, saam met hierdie nuwe lidmate, tot beskikking van God en in diens van sy kerk. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus as band u sáámbind tot 'n getuienis in hierdie wêreld (Jh. 13:35)!

2.6 GEBED

2.7 GEPASTE GEMEENTESANG

3. FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

(Die opsionele gedeeltes kan weggelaat word met die oog op verkorting van die formulier.)

3.1 Instelling van die nagmaal

Geliefdes in die Here Jesus Christus, die Here Jesus het self die nagmaal ingestel. Daarvan lees ons in 1 Kor. 11.

Opsioneel

"Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: 'Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis'.

Net so ook die beker na die ete, met die woorde: 'Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis'.

Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom: (1 Kor. 11:23-26).

3.2 Die wese van die nagmaal

Die nagmaal is in wese 'n verbondsmaaltyd, waar die verbintenis tussen Christus en sy gemeente telkens bevestig word. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenisse:

3.2.1 DIE NAGMAAL IS IN DIE EERSTE PLEK 'N GEDAGTENISMAALTYD.

Die Here het by die instelling van die nagmaal gesê: 'Doen dit tot my gedagtenis' (Luk. 22:19). In die nagmaal oordink en verkondig ons die dood van die Here. By die gebruik van die brood en die wyn roep die gemeente hom die hele lydensweg van Jesus Christus voor die gees:

Opsioneel

- hoe Hy sy lewe gegee het:
- hoe Hy die lydensbeker leeggedrink het;
- hoe Hy van God verlate was en uitgeroep het:

"My God, my God, waarom het U my verlaat?" - sodat óns nooit deur God verlaat sou word nie;

- hoe Hy soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het

.....

3.2.2 DIE NAGMAAL IS IN DIE TWEEDE PLEK 'N WAARBORG. Daarom sê Hy: "Dit is my liggaam" en "Dit is my bloed" (Matt. 26: 26, 28). So seker as vir elkeen hierdie brood voor sy

oë gebreek word, en hierdie beker aan hom gegee word en ons dit met die mond eet en drink, só seker het ons deel aan Christus, aan sy sterwe en aan sy opstanding. Hierdeur waarborg Hy sy soenverdienste vir ons só volledig asof ons self voor God gestaan het, self die straf vir die sonde gedra het, self daarvoor gesterf en opgestaan het, en self ons geregtigheid voor God verwerf het. Die sekerheid wat hierdie waarborg ons gee, is nie gegrond op ons eie gevoelens of stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here; dit is in die Here self gevestig.

3.2.3 DIE NAGMAAL IS IN DIE DERDE PLEK 'N GEMEENSKAPSMAALTYD. Ons herdenk nl. ons gemeenskap met die Here Jesus en met mekaar. Die nagmaal verbind ons nie net met sy dood nie, maar help ons om in gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is die lewende Christus in die nagmaal by ons teenwoordig. Verder word ons deur dieselfde Gees ook weer met mekaar, as lede van een liggaam, in broederlike liefde saamverbind, soos die apostel sê: "Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1 Kor. 10:17).

3.2.4 DIE NAGMAAL IS IN DIE VIERDE PLEK 'N VERWAGTINGSMAALTYD. Ons verkondig hiermee ons toekomsverwagting. Ons het in die nagmaal die versekering dat die Here één met ons is. Tog kyk die gemeente hiermee ook vooruit na sy wederkoms, en verkondig daarmee die dood van die Here totdat Hy kom. Deur die nagmaal strek ons ons uit na die dag wanneer Christus in heerlikheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer Hy die hemel en die aarde nuut sal maak sodat geregtigheid daarin kan woon - en God alles

in almal kan wees (1 Kor. 15:28). In die nagmaal verlang die gemeente, as bruid van Christus, na die bruilofsmaaltyd van die Lam!

3.2.5 **DIE NAGMAAL IS IN DIE VYFDE PLEK 'N VREUGDEFEES.** Al spreek die tekens van die lyding en sterwe van Jesus Christus, staan die nagmaalsviering nie in die teken van rou en droefheid nie. Hoewel die gemeente die nagmaal met gewyde erns vier, is dit 'n vreugdefees, waar die Heiland op 'n besondere manier die uitdeling van die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding bevestig. In die nagmaalsfees mag die gemeente nóú reeds in beginsel die vreugde smaak wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam.

3.2.6 **UIT DIT ALLES BLYK DUIDELIK DAT DIE NAGMAAL TEN SLOTTE 'N DANKBAARHEIDSMAALTYD IS.** By die gebruik van die tekens dank ons Hom met ons hele wese en is dit ons ernstige voorneme om in dankbaarheid, met 'n vurige liefde vir God en ons naaste, ons lewe opnuut aan Hom te wy.

<u>Opsioneel</u>

3.3 Die boodskap en vrug van die Nagmaal

Christus het ons beveel om die nagmaal te vier. Wanneer ons dit doen, verseker die Heilige Gees ons dat Christus vir ons sondes gesterf het en dat ons in die geloof so met Christus verenig <u>word</u> dat dit in die oë van God is asof dit ons is wat in eie persoon alles gely en die skuld voor God ten volle betaal het. Verder voed Christus deur die nagmaal ons siele vir die ewige lewe, en verdiep ons gemeenskap met Hom en met mekaar deur die werking van die Heilige Gees.

3.4 Die voorbereiding tot die Nagmaal

Om nou die seën van die nagmaal te kan ontvang, is dit nodig dat elkeen homself in die teenwoordigheid van die Here ondersoek voordat hy van die brood eet of uit die beker drink sodat hy nie 'n oordeel oor homself eet en drink nie (1 Kor. 11:27-29). Ons word eerstens verplig om opnuut na te dink oor al ons sondes. Sonde ontstaan daar waar ons met gedagtes, met woorde of met dade oortree het. Daar is ook sondes van versuim, waar ons nagelaat het om opdragte van die Here uit te voer. Laat ons ons hieroor opreg voor God verootmoedig.

Laat ons dan tweedens vas glo dat ons oortredinge vergewe is alleen op grond van die <u>soen-verdienste</u> van die Here Jesus Christus, en dat Hy ons swakhede wat nog in ons oorgebly het, met sy lyding en sterwe bedek. En laat daar 'n ernstige voorneme by ons wees om voortaan met ons hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde teenoor Hom en ons naaste te lewe.

Mag die almagtige, barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus, deur sy Gees, ons daartoe help.

(Voordat aangesit word aan die tafel, kan die gemeente 'n gepaste lied sing).

3.5 Geloofsbelydenis

(Indien die geloofsbelydenis nie reeds vroeër tydens die erediens aan die orde was nie, word dit nóú deur die gemeente hardop uitgespreek of word die volgende hier voorgelees:)

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.

3.6 Gebed

(Onderstaande gebed kan ook met 'n vrye gebed vervang word, met of sonder die Onse Vader)

Barmhartige God en hemelse Vader

Ons dank U vir u geliefde Seun, Jesus Christus, wat ons tot die ewige lewe voed en versterk met sy liggaam wat gekruisig en met sy bloed wat vergiet is. Laat ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn vaskleef nie, maar laat ons ons harte ophef in die hemel, waar Jesus Christus ons voorspraak aan u regterhand is. Versterk ons geloof deur die werking van u Heilige Gees, tot verheerliking van u Naam en tot meerdere diens in u koninkryk.

Hoor ons as ons saam met die hele Christendom bid (Mt. 6:9-13):

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.
Want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

3.7 **UITDELING EN KOMMUNIE**

(Na die oproep tot die nagmaal, breek die bedienaar die brood en sê:)

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van ons Here Jesus Christus. Neem, eet, gedenk en glo dat sy liggaam gebreek is tot volkome versoening vir al ons sondes.

(By die skink en uitdeling van die wyn, sê die bedienaar:)

Die beker van denksegging, wat ons met danksegging seën (of: waarvoor ons God dank - N.A.V.), is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus. Neem, drink almal daaruit, gedenk en glo dat sy kosbare bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes (1 Kor. 10:16 en Mat. 26:27).

3.8 LOFVERHEFFING

(Na die bediening sê die bedienaar:)

Aangesien die Here ons nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam, met dankbaarheid, sy Naam van harte prys met dié woorde:

(Gebruik enigeen van die volgende Skrifgedeeltes)

Ps. 103:1-5 en vs. 8-13 "Loof die HERE, o my siel en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos die van 'n arend." "Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierendheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees."

of Ps. 138:1-3 en vs. 8: "Ek sal U loof met my hele hart: in die teenwoordigheid van die gode sal ek psalmsing tot u eer. Ek sal my neerbuig na u heilige paleis en u Naam loof, om u goedertierenheid en om u trou ontwil; want U het wanweë u ganse Naam u toesegging groot gemaak. Die dag toe ek geroep het, het U my gehoor, my moedig gemaak met krag in my siel ..... Die HERE sal dit vir my voleindig! U goedertierenheid, HERE, is tot in ewigheid: laat nie vaar die werke van u hande nie!"

of Rom. 8:33-39: "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."

of Openb. 1:5b en 6: "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed, en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

of enige ander toepaslike Skrifgedeelte.

3.9 Dankgebed

('n Vrye dankgebed, waarin veral voorbidding gedoen word, kan nou volg, of ná onderstaande formuliergebed.)

Barmhartige God en Vader,
Ons loof en prys U dat U uit genade u Seun as Middelaar aan ons geskenk het. Hy het deur sy kruis en opstanding die straf op ons sondes gedra en so vir ons die voedsel en drank van die ewige lewe geword. Ons dank U dat U aan ons die geloof skenk waardeur ons in hierdie weldade kan deel. Ons dank U dat ons opnuut in hierdie nagmaal in ons geloof versterk is. Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees die gedagtenis aan ons Here Jesus Christus, ook die verkondiging van sy dood totdat Hy kom, sal gebruik om ons daagliks in die regte geloof en in die innige gemeenskap met Christus te laat groei.

Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees heerlike vrugte uit hierdie nagmaalsviering in ons lewens sal laat voortkom, tot u verheerliking en tot ons saligheid. Dit bid ons in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

4. FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

(Verkose broeder(s) word opgeroep om voor die kansel te verskyn)

4.1 Inleiding

Gemeente van die Here Jesus Christus,

Volgens die Ou Testament het God sy verbondsvolk veral deur drie ampte laat bedien, naamlik profeet, priester en koning. Die Here Christus het hierdie drie ampte in Homself verenig. Kragtens ons verbondenheid aan Hom, is elke Christen in die amp van gelowige ook profeet, priester en koning.

Uit die Nuwe Testament blyk dat God steeds sy verbondsvolk deur gelowiges laat bedien wat veral op een van die drie ampsterreine funksioneer - die leraar profeties, die diaken priesterlik en die ouderling koninklik. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Efes. 4:12).

4.2 Vereistes van die amp

Uit die Bybel is dit duidelik dat 'n ampsdraer bekend moet wees as iemand met 'n lewende geloof, iemand met 'n begeerte om vir die Here te werk, een wat bekwaam is om te onderrig, wat ook gewillig is om daarvoor toegerus te word en wat die Heilige Skrif voortdurend ernstig ondersoek. Verder moet 'n ampsdraer "onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry". (1 Tim. 3:2) en in alle opsigte betroubaar (Hand. 6:3).

<u>Geliefde broeder(s), na ernstige gebed tot God is u tot hierdie amp(te) verkies</u>. Aangesien daar geen wettige beswaar teen u leer en lewenswandel ingebring is nie, gaan ons nou voort om u in u amp(te) te bevestig.

4.3 Ouderling(e)

U dra as opsiener(s) en rentmeester(s) (vgl. Titus 1:7) van die huishouding van God die verantwoordelikheid vir die opbou en geestelike versorging van hierdie gemeente. U moet toesien dat alle gemeentelede hulle in belydenis en lewenswandel soos lewende lidmate van die kerk van Jesus Christus gedra.

Volgens die voorbeeld van Christus moet u u herderlike taak dienend uitvoer. Deur voorbidding huisbesoek en siekebesoek moet u die lidmate bystaan, vertroos en in hulle geloof versterk en bemoedig. U moet ook verantwoordelikheid neem vir die dooplidmate sodat hulle gelei en geleer word om die Here te ken en te dien.

Die onordelikes en die onverskilliges moet u in liefde vermaan. Volgens die bepalings van die Kerkorde moet u teen die wat in sonde volhard, met die kerklike tug optree, sodat hulle tot bekering kan kom. Gee ook ag op mekaar, en op die leer en lewe van die bedienaar van die Woord, sodat alles tot opbouing van die kerk mag strek en geen vreemde leer voorgedra word nie. Daarvan lees ons in Hand. 20:29 waar die apostel waarsku dat goed gewaak moet word teen die wrede wolwe wat onder die kudde van Christus mag inkom.

Waak saam met die leraar oor die eredienste en sorg vir die onderhouding daarvan. Werk met ywer en oorgawe mee aan die uitbreiding van die Koninkryk. Hou toesig oor die suiwere bediening van die Woord, en dra sorg dat die sakramente nie ontheilig word nie.

4.4 Diakens

Van die instelling van die diakenamp lees ons in die Handelinge van die apostels (Hand. 4:34, 35; 6:1-6). Aan die begin het die apostels self die bediening van die armes behartig. Hulle het die gawes wat gegee is, ontvang en aan elkeen uitgedeel volgéns wat hy nodig gehad het. Maar toe sommige weduwees in die versorging oor die hoof gesien is, is daar op aandrang van die apostels manne gekies wat in die besonder die bediening van die armes moes behartig. Van dié tyd af is die diakenamp in die kerk onderhou. (Rom. 12:8; 1 Kor. 12:28).

Die diakens moet getrou en ywerig die bydraes en goedere wat gegee word, versamel en bewaar. Hulle moet ook nougeset sorg dat die middele tot ondersteuning van die armes gevind word. Hulle amp behels ook die uitdeling wat hulle met onderskeiding en versigtigheid moet nakom.

Verder is dit goed dat nie net met uiterlike gawes nie, maar ook met troostwoorde uit die Woord van God, aan die armes en noodlydendes hulp verleen word. Die diakens moet die gemeente inspireer en aanspoor om mekaar se laste te dra en getrou te wees in die diens van barmhartigheid, in navolging van Jesus Christus, die Kneg van die Here, wat ons krankhede op Hom geneem en ons smarte gedra het (Jes. 53; Mark 10:45).

Verder is die taak van die diaken om diens te verrig by die viering van die Nagmaal en by die erediens.

4.5 Bevestiging

Geliefde [illegible]der(s), [illegible] nou op die volgende vrae [illegible] antwoord sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar:

Ten eerste, is u daarvan overtuig dat God self deur sy gemeente tot hierdie besondere amp geroep het?

Ten tweede, aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die ware en onfeilbare Woord van God en in die [illegible] leer van die [illegible] verwerp [illegible] alle [illegible] in stryd [illegible] met die Bybelse waarhede, soos saamgevat in die drie Formuliere van Eenheid?

Ten derde, beloof u om u amp soos dit aan u voorgehou is, getrou te vervul: as ouderling(e) in die kerkregering saam met die bedienaar(s) van die Woord (en) as diaken(s) in die diens van barmhartigheid? Belooft u om tot eer van God te lewe en om u aan die kerklike regering, opsig en tug te onderwerp?

Bedienaar: M.N., wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drieënig?

Antwoord: Ja.

4.6 Vermaning

Geliefde [illegible]moeder(s), wees getrou in u dienswerk en in die ernstige ondersoek van die Heilige Skrifte. Wees (*n) voorbeeldige voorganger(s) vir die hele gemeente. Wees gewillig en bly moedig in die nakoming van u roeping.

En, gemeente, ontvang hierdie ampsdraer(s) as gestuurde(s) van die Here, bid vir hom/hulle en werk met hom/hulle saam. En stel usélf ook beskikbaar om toegerus te word as profete, priesters en konings in diens van Christus.

4.7 Gebed

Here God, ons aanbid U in dankbaarheid, omdat U u kerk deur al die eeue bewaar, versorg en laat groei. Ons dank U dat U ook nou weer ('n) ampsdraer(s) [illegible] op 'n besondere wyse in u gemeente [illegible]. Ons bid dat U hom/hulle elke dag deur u Gees sal lei en toerus vir die dienswerk. Help ons almal om na u stem te luister, gehoorsaam aan U te wees en dankbaar saam te werk in die opbou en uitbou van u gemeente!

Ons smeek dit alles tot u eer, in die Naam van ons Here, Jesus Christus. Amen.

5. FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIE HUWELIK

AB en CD het begeer dat u huweliksverbintenis openlik hier in die teenwoordigheid van die Here moet plaasvind. Luister daarom na dít wat God in sy Woord oor die huwelik leer.

5.1 DIE INSTELLING VAN DIE HUWELIK

God sê in Sy gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens na sy beeld geskape: man en vrou het Hy

hulle geskape" (Gen. 1:26, 27).

Uit die Bybel blyk dit verder duidelik dat hierdie verbintenis onder die seënende hand van die Here bestaan (Gen. 1:28) en dat dit 'n lewenslange verbintenis is. (Gen. 2:24; Matt. 19:5-9). Die instelling van die huwelik deur God is die diepste motief vir die bewaring en behoud van die huwelik (Gen. 2:18; 3:20; Joh. 2:1-11; Efes. 5:32). Hierdie waarheid - dat God self die huwelik ingestel het - moet tot uitdrukking kom in die eenheid van man en vrou in die huwelik.

Op die volgende maniere is hierdie eenheid van man en vrou duidelik waarneembaar:

1. in die liefde en diens wat hulle teenoor mekaar betoon (Gal. 6:2; 5:13; Efes. 5:22; Kol. 3:18);

2. in die praktiese uitlewing van hulle geloof (1 Sam. 18:18; 1 Kor. 7 :39; Rut 1:16; Ps. 105:4; Spr. 3:16);

3. in die vorming en optrede van die huisgesin as kern van die gemeente van die Here (Jos. 24:15);

4. in die uitlewing van die vreugde met mekaar en met die Here (Ps. 103:1, 2; 113:24; 65:1, 2);

5. en in die toekomsverwagting van die huwelik as beeld en teken van die bruilof van die Lam (Openb. 19:6; 21:2).

5.2 DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

Uit die Woord is dit duidelik dat die doel van die huwelik velerlei is:

1. man en vrou moet binne die huwelik tot eer en verheerliking van God lewe (Gen. 2:24; Efes. 5:28-30);

2. deur die huwelik moet die menslike geslag gebou word (Gen. 1:28; 9:1-7);

3. die huwelik moet 'n afbeelding en teken wees van die liefdesverhouding tussen Christus en sy kerk (Efes. 5:32);

4. die huisgesin, familie, gemeenskap, kerk en staat moet vanuit die huwelik gevoed word;

5. man en vrou moet mekaar altyd tot hulp wees en mekaar aanvul (Gen. 2:18; Efes. 5:28, 29).

5.3 WEDERSYDSE VERANTWOORDELIKHEID

Die man moet sy vrou liefhê soos Christus die gemeente liefgehad het (Efes. 5:25). Dit gee aan die man 'n besondere verantwoordelikheid want, soos Christus, moet die man as hoof sy vrou in liefde dien, lei en beskerm.

Soos die gemeente die Here liefhet, aan Hom gehoorsaam is en Hom dien, moet die vrou in liefde ook aan haar man onderdanig wees (Gen. 3:16; Efes. 5:22, 24), want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente (Efes. 5:23).

Tesame moet man en vrou die kinders wat God aan hulle mag gee, opvoed na die eise van sy verbond, sodat in die kinderharte die heerlike versekering kan leef: ons het saam met ons ouers deel aan die verbond met God! Verder moet die ouers die Godgegewe gesag in die gesin uitoefen volgens die riglyne van die Woord, wat in die woorde van Josua só onderneem word: " ... . maar ek en my huis, ons sal die Here dien" (Jos. 24:15).

5.4 DIE SLUITING VAN DIE HUWELIK

AB en CD, nou dat u weet wat, volgens die Woord van God, die oorsprong en aard, doel en verantwoordelikheid van die huwelik is, verklaar u dat dit u opregte voorneme is om só in die huwelik saam te lewe, en begeer u dat u nou in die huwelik verbind word?

Wat is hierop u antwoord?

ALBEI ANTWOORD: Ja

5.5 **AAN DIE BRUIDEGOM**

Verklaar u, AB, dat sover u weet, daar regtens geen beletsel is nie teen u voorgenome huwelik met die bruid, CD, hier teenwoordig, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u CD tot u wettige vrou neem?

Wat is hierop u antwoord?

ANTWOORD: Ja

5.6 **AAN DIE BRUID:**

Verklaar u, CD, dat sover u weet, daar regtens geen beletsel is nie teen u voorgenome huwelik met die bruidegom, AB, hier teenwoordig, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u AB tot u wettige man neem?

Wat is hierop u antwoord?

ANTWOORD: Ja

5.7 **DIE LERAAR SÊ AAN DIE BRUIDSPAAR:**

Mag ons die Here God die voorneme bevestig wat Hy u gegee het, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Drieënige God.

Gee mekaar nou die regterhand.

5.8 **DIE LERAAR AAN DIE BRUIDEGOM:**

AB, u het hier voor God en almal teenwoordig verklaar dat u CD tot u wettige vrou neem. Belowe u dat u haar nooit sal verlaat nie, dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en godvresende man aan sy vrou verskuldig is; dat u ook heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly, ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God?

Wat is hierop u hoorbare antwoord?

ANTWOORD: Ja

5.9 **DIE LERAAR AAN DIE BRUID:**

CD, u het hier voor God en almal teenwoordig verklaar dat u AB tot u wettige man neem. Belowe u dat u hom nooit sal verlaat nie, dat u hom in liefde sal gehoorsaam en help, soos 'n godvresende vrou aan haar man verskuldig is, dat u heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God?

Wat is hierop u hoorbare antwoord?

ANTWOORD: Ja

5.10 **DIE LERAAR AAN DIE BRUIDSPAAR:**

Gee nou aan mekaar die ringe, wat as teken dien van die verbond/verbintenis tussen u as man en vrou.

5.11 **VERKLARING DEUR DIE LERAAR AS HUWELIKSBEVESTIGER:**

Hiermee verklaar ek dat AB en CD, hier teenwoordig, regtens getroud is.

5.12 **AAN DIE BRUIDSPAAR:**

Geliefde bruidspaar, gló dat God u saamgevoeg het, aanvaar in die geloof alles wat Hy op u weg as getroudes mag bring, en verwag sy seën in alles.

5.13 **GEBED (of vrye gebed):**
(Die bruidspaar kan kniel)

Almagtige God, ons bid dat u die band wat hierdie egpaar bind, sal heilig. Laat hulle deur die krag van die Heilige Gees in 'n ware geloof en suiwer liefde lewe, en alle versoekinge oorwin. Lei hulle in voor- en teenspoed, in vreugde en droefheid, tot die einde toe. Seën hulle genadiglik en gee dat hierdie huwelik sal meewerk tot die eer van u Naam, die opbouing van u gemeente, tot uitbreiding van die heilige evangelie en tot opbou van die volk waaraan hulle behoort. Ons vra dit alles in die Naam van Jesus Christus, ons Here. Amen.

5.14 GEPASTE SANG (bv. Ps. 128:4; Ps. 134:4; Ges. 338 - Ges. 341)

5.15 SEëNBEDE (indien die egpaar kniel, mag die bevestiger sy hande liggies op hul hoofde plaas).

Mag die Here u sy genade skenk en dit so beskik dat u, in alle godsaligheid en liefde saamverbonde, klank en heilig mag lewe!

Amen.

6. BEGRAFNISFORMULIER

Geliefdes in ons Here Jesus Christus

6.1 Hy wat die sleutels van die dood en die doderyk het (Openb. 1:18), het NN die poorte van die ewigheid laat betree. Waar ons gekom het om die vergankelike liggaam toe te vertrou aan die aarde waaruit dit geneem is (Gen. 2:7; 1 Kor 15:42-50), vind ons ons diepste troos dáárin dat die wat in die Here sterwe, van hulle arbeid rus (Openb 14:13).

Opsomming.

Hoewel die dood van 'n geliefde 'n groot verlies is vanwaar ons diep bedroef word, gee die Here self sy troos en bemoediging. Jesus het immers gesê: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe" (Joh. 11:25). Deur sy opstanding het Jesus die dood oorwin! Daarom kan die gelowige uitroep: 'Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Kor. 15:55).

Daarom glo ons dat die ontslape gelowiges hulle voor die troon van God bevind en Hom dag en nag in sy tempel dien; en hy wat op die troon sit, sal by hulle bly. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors kry nie; die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie, want Christus, die ewige Herder, lei hulle na die fonteine met die water van die lewe; en God sal ál die trane van hulle óë afdroog (Openb. 7:15-17).

6.2 En eendag, wanneer Christus sigbaar op die wolke kom, sal ook hierdie liggaam in onverganklikheid opgewek en met die siel herenig word om vir ewig, saam met God, die nuwe hemel en die nuwe aarde te bewoon (1 Thess. 4:16-17; 1 Kor. 15:51-55; Open. 21).

6.3 Terwyl net Christus alleen ons so 'n onoortreflike toekomsverwagting onverdiend kan bied, laat ons onsself aan Hom toewy en met alle ywer werk aan 'n skat in die hemel (Matt. 6:19-21)! Amen.

4. OPDRAG

4.1 Die Kommissie vertrou dat die Sinode 1990 tevrede is met die arbeid wat in swakheid, maar met liefde, verrig is en bid die vergadering die Here se rykste seën en baie wysheid toe.

DS. J.J. VENTER
(Skriba)

VKVLENF/jjv/aa